# DIE STORIE VAN MY LYF

**Ilda Jacobs JCBILD001**

**A minor dissertation submitted in fulfillment of the requirements for the award of the degree of Masters in Creative Writing.**

**Faculty of Humanities**

**University of Cape Town**

**2004**

University of Cape Town

**COMPULSARY DECLARATION**

**This work has not been previously submitted in whole, or in part, for the award of any degree. It is my own work. Each significant contribution to, and quotation in, this dissertation from the work, or works, of other people has been attributed, and has been cited and referenced.**

**Signature:** Signed by candidate **Date:** 10 JANUARY 2004

*"They rushed down the street together, digging everything in the early way they had, which later became so much sadder and perceptive and blank. But then they danced down the street like dingledodies, and I shambled after as I've been doing all my life after people who interest me, because the only people for me are the mad ones, the ones who are mad to live, mad to talk, mad to be saved, desirous of everything at the same time, the ones who never yawn or say a commonplace thing, but burn, burn, burn like fabulous yellow roman candles exploding like spiders across the stars and in the middle you see the blue centrelight pop and everybody goes "Awww!"*

Jack Kerouac, *On the Road*

## DEEL EEN: HOME BASE

*"Pure and undefiled religion before God and the Father is this: to visit orphans and widows in their trouble, and to keep oneself unspotted from the world."* James 1:27

*"Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val."*
Jacobus 1:2

## HOOFSTUK EEN

1
Mei 2000
AGS Herlewings-Sentrum, Kuilsrivier, Kaapstad

Dit was soos om 'n trek te vat aan 'n joint en te voel hoe jou kop lig raak, en jou glimlag groter en groter - 'n glimlag naderhand so groot dat dit uit jou bors uit wil klim en opstyg sodat jy hoop die glimlag trek wyd oor die aardbol en bereik elke kleine mens en elke grote god.

"Staan op! Jesus breek al die bande en Hy maak jou nou vry," het die pastoor gesê. My ma het langs my pa op die blou kerkstoele gesit, die Bybel oopgeslaan oor hulle altwee se skote, hulle hande ineengestrengel. Sy het geluidloos gehuil.

"Vra die Here nou om al die bande te breek wat jou vashou!"

Orals in die kerk het mense opgestaan en ek het die stemme gehoor wat in tale praat. Die gevoel in my bors het te groot geword en ek het uit my stoel uit gelig. Die pastoor het gesê: "Sê agter my aan: Jesus, breek nou die bande wat my vashou aan hierdie wêreld."

"Liewe Jesus, breek asseblief nou die bande," het ek gefluister.

Sy het haar arms om my gesit en gebid vir haar Bybelkind Lea. Haar kykers was groot en deurskynend blou en die gleufies langs haar oë was nat en blink. Sy het geglimlag en oor en oor gesê, "Ag prys, my kind, my kind."

As sy my eers "my kind"noem; dis daardie toon in haar stem, bekommerd en aanmanend.

Ek het begin huil en ek wou terselfdertyd lag. Dit was 'n bekende gevoel, soos destyds op kerkjeugkampe waar ek op die stoele sou dans met my arms in die lug terwyl die geluk van iewers diep uit jou keel uit borrel.

*This is my story this is my song, praising my Saviour, all the day long.*

Ek kon dit daardie oggend sing met 'n ligte gevoel in my lyf. Ek kon praise en worship en lag en huil en ek sou voller word, en voller asof ek enige oomblik kon oopbreek en my blydskap sou uit my hele lyf syg.

Sy was so bly daardie oggend. Na die diens het sy my hand geneem en ons het 'n oomblik bly staan terwyl die kerkbanke rondom ons leegloop.

"Jy is vir my baie spesiaal, Liedjies. Ons vergeet nou van als wat gebeur het. Ek wil maar net hê dat jou saak met die Here reg is."

My pa was reeds in die kar toe ek en my ma uit die kerk gestap kom. Die son het geskyn en 'n mens kon die silhoeëtte van die Bolandberge in die verte sien.

"Mooiste wense vir jou, my kind," het 'n vrou gesê en ek het so skaam gekry. Ek het na al die karre op die parkeergrond gekyk. In die noordelike voorstede van Kaapstad is daar nog baie kerkgangers. Ek wou nie met enige iemand gesels nie. Dis die ding van opstaan in die kerk: dit laat jou nogal soos 'n mislukking voel; ek onthou ek het selfs op skool so gevoel en ek het nie eers enige vreeslike sonde gedoen nie. Ek het so vinnig moontlik kar toe geloop verby al die simpatieke en bemoedigende oë.

Ek kon braaivleis ruik toe ons deur Kuilsrivier se woonbuurte terug huis toe ry. Op die stuk pad tussen die AGS Kuilsrivier Herlewingsentrum en ons voorstedelike huis was daar niks om te sien nie, net middelklashuise met groen, netjies gesnyde grasperke.

Sy het saggies gesing en die hele tyd met daardie deurskynende gelukkige oë na my gekyk. Die radio het byna onhoorbaar gespeel en kort-kort het my pa die stasie verander. Niemand het iets gesê nie en ek het deur die venster gekyk na die Bolandberge en gewens sy wou nie so na my kyk nie. Vir solank as wat ek in Kuilsrivier sou bly, óf in Suid-Afrika, sou sy so na my kon kyk en sy sou altyd dwarsdeur my kon sien.

Wat het my opstaan in die kerk beteken? 'n Nuwe begin en tog het niks verander nie. Ek was op pad terug na Kuilsrivier toe en ons sou middagete eet en my ma en pa sou 'n middagslapie gaan vang en ek sou gefrustreerd in my kamer of langs die swembad lê en wonder wat ek nou eintlik met my lewe na universiteit moet maak.

Kuilsrivier is 'n vervelige klein dorpie, agter die boereworsgordyn in die noordelike voorstede van Kaapstad, omring aan die een kant deur die Boland se mooiste berge en wynplase, en aan die ander kant deur voorstede met groot tuine en wasgoedlyne. Aan die verkeerde kant van Kuilsrivier se spoorlyn grens die Kaapse Vlakte, oortrek met lelike geel Port Jacksons. Daardie oggend moes ek my oë op die berge hou. Kuilsrivier was te klein.

Ek het gehoor hoe sy haar asem diep intrek. Sy het gereed gemaak om met my te praat.

"Liedjies?" Daar was soveel huiwering in haar stem, soveel bedekte vrees dat ek begin pyn het, 'n diep seer kolletjie wat warm deur my bors trek en in my keel krap. Ek wou haar vashou en in haar nek huil en sê hoe jammer ek is.

Maar ek het nie na haar gekyk nie. Ek het stip by die venster uitgekyk. As ek na haar sou draai, sou sy net my plastiekgesig sien wat niks wys nie, my onvoorspelbare gesig. Sy was altyd so huiwerig om met my te praat, want sy het nooit geweet wat kom nie. Ek sou dalk skree of huil of haar ignoreer of iets sê wat haar laat terugkruip in haar dop. Ek sou haar patetiese vlammetjie van hoop van daardie oggend met wysvinger en duim kon doodknyp, geniepsig en oombliklik.

Of dalk sou ek net stilbly. Ek dink dit was vir haar die ergste. Ek sou stilbly en sy sou met die onseker moes saamleef. Daarom haar vrees.

"My kind, moenie vir my kwaad word nie."

Ek het myself gedwing om na haar te kyk. In die agtergrond het 'n dominee se stem oor die radio met haar gekompeteer. Ek kon vae woorde uitmaak oor vergifnis en wat die werklike betekenis van vergifnis nou eintlik is, die oorbekende sewentig maal sewe storie.

"Liedjies, ek het so baie oor die saak gebid. Ek weet die verandering is in jou omdat ek elke dag vir jou gebid het. Saam met soveel ander mense het ons jou elke dag aan die Here opgedra."

Ek kon haar saam met die klomp mense in 'n groep sien staan, hulle stemme wat boontoe trek, arms in die lug en my naam op hulle lippe. En ek het aan James gedink. James met die bruin handdoek om sy lyf op die rooi sleeper sofa in sy lounge. Ons lywe wat liggies aan mekaar raak, sy vingers om die remote, die kanaal wat verander na die advertensie vir die "Ultimate Gospel Compilation." Op die TV'tjie is 'n koor mense met hulle hande in die lug, die arms opgehef na bo in 'n lofprys-en-aanbidding-sessie.

James het hard gelag. "Oh my god, look at those people!" *Those people.* Ons was deel van those people. Happy Clappies wat in vreemde tale praat.

My ma het begin neurie aan daardie ou koortjie wat hulle altyd sing om mense in die kerk te verwelkom. Ek was net bewus van haar stem in die kar wat in elke voutjie gaan lê, elke suiwer hoë noot soos 'n lagie op my vel.

*I love this family of God. So closely knitted into one. They've taken me into their hearts and I'm so glad to be a part of this great family.*

Sy het weer haar asem diep ingetrek.

"Die diens was vanoggend spesiaal vir jou, my kind."

"Ek weet."

My stem het vreemd geklink. In 'n oogwink soos 'n wonderwerk was Lea weer haar droomkind. Sy't vergeet van haar kommer oor die dae wat ek gedrift het van musiekfees na musiekfees; sy het vergeet van Grahamstad en Georgie Lever wat dalk te hard geparty het. Sy het my vergewe vir die dae in die Kaap toe sy op my foonoproep gewag het na ek een oggend besluit het om pad te gee uit Kuilsrivier. Sy het haar trane en haar biduurgroep se eindelose ketting gebede vir jongelinge wat van die pad af gedwaal het, vergeet.

Ek wou ook vergeet. Ek wou nie meer wonder oor Georgie Lever en hoekom hy dit aan homself moes doen nie; of aan Pieter-Willem se hartseer oë dink nie. Ek wou nie meer wonder in watter klub James in sy rooi skoene die een of ander girl oorreed om saam met hom huis toe te gaan nie. Ek wou vergeet van die backpackers in Langstraat. Ek wou vergeet van die alewige vrees. Ek wou nie meer bang wees om sonde te doen of om dood te gaan of die hemel mis te loop nie.

In daardie een oggend se opstaan, daardie een oggend se kalmte, het ek skielik, weer eens, 'n nuwe lewe gehad, die blanke blad, die genesis.

*I've found a new life, I've found a new life, if anybody asks you, hey what's the matter with you, my friend, tell him that you got saved, sanctified, Holy Ghost filled, Jesus on my mind, I found a new life.*

2

1 Januarie 2000

Observatory, Kaapstad

Die selfoon het my wakker gelui; ek het dit geantwoord en nie die krakerige stem herken wat uit my keel klim nie.

"This is Lea."

"Gelukkige Nuwejaar, Liedjies. Ek en jou pa wou net gou bel om te sê ons hoop hierdie nuwe jaar gaan vir jou besonders wees."

Ek kan nie veel van die gesprek onthou nie. Dit was asof ek uit 'n droom wakker word en ek wou net slaap en slaap. Die vorige nag was soos 'n eeu gelede, 'n millennium van ligwerke terug, 'n nag soos 'n hallusinasie.

"Ek is baie moeg. Ons het niks geslaap nie, ek sal Ma en Pa weer later bel as ek wakker is."

"Ons het ook ingeslaap vanoggend. Ons was toe na die Middernagdiens. Die pastoor het so mooi gepraat."

Dit was 'n stil verwyt. Die vrees het die heeltyd aan my geknaag, die hele nag deur: gaan ek die nuwe millennium sonder God ingaan? Gaan die koms van God my oorweldig soos 'n dief in die nag waar ek metodies dans by 'n rave in die Moederstad met my oë gevestig op die seun van die mens? Het die eindtyd aangebreek?

En ek het wakker geword soos 'n pap baba; kaal op 'n couch in 'n slaapsak en dit het gevoel asof ek niks kon onthou nie. 'n Nuwe begin. Waar was James?

Ek het die wilde James van die vorige nag onthou. James het heelnag getrip op elke moontlike drug - voor die eindtyd sy verstand oorweldig, sou hy eerder sy eie brein self blaas.

"Kom jy later vandag huis toe?" het sy gevra.

"Dit hang van James af, Ma. Dit hang af wanneer hy teruggaan Zimbabwe toe."

Haar blou oë het nog tot op die laaste gevra: "Kom saam met ons na die Middernagdiens?"

Ons ry in die rooi Golf na 'n winkelsentrum. Ons stop by die rooi lig toe sy sê: "Ek kan nie dink dat jy nie die nuwe millennium saam met God wil ingaan nie."

Daarop het ek geen antwoord nie.

"Ek wil net saam met my vriende wees, ek kan nie daardie nag alleen wees nie, Ma."

Die lig slaan groen.

"Ek haat dit om alleen te wees, ek weet nie hoekom ek so is nie. Van altyd af."

Sondagmiddae as die gesin slaap. Die stilte in ons koel, donker huis. Die melankolie, die blues, wat jy dit ook al wil noem. Daardie ontevrede gevoel: 'n rusteloosheid wat vlinders maak in my ingewande. My skouers trek stywer en die maagkrampe begin. Nie skoolsiekte nie.

Verlange na 'n wêreld wat nie stil is nie.

Die winkelsentrum voor ons: ma's en dogters; mall rats; paartjies met stootwaentjies - hulle laat my ook deesdae melankolies voel. Hoekom weet ek nie. Dalk weet ek net dis nie my destiny nie: 'n bestendige lewe, veiligheidsheining, die hele lot. Almal in die sentrum is besig; doodgewone mense wat inkopies en window shopping doen. En wat gaan hulle almal Nuwejaar aanvang? Verdoemenis toe geban word omdat hulle saam met vriende is?

"Verstaan Ma dan nie?" Ek slaan die deur van die Golf toe.

"Ek sal dit nooit kan verstaan nie. Maak maar soos jy goed dink."

Sy loop voor my uit na die winkelsentrum, 'n lang, trotse, dierbare gestalte.

Maar waar James lei, sou ek volg. Ek is mos gebore en getoë om 'n goeie volgeling te wees.

3
31 Desember 1999 21:30
Cape Town's Big Nite Out

"Loony is a novice," het James gespot en die eerste lyntjie vinnig ingesnuif. "She doesn't know it yet, but she's going to schnaaf with us." James het sy ander neusgat toegedruk en weer gesnuif. "Beautiful stuff, ladies and gentlemen."

Hy het die hopies pille begin verdeel onder sy groep vriende van Zimbabwe. Two Es vir die elfie-girl - sy Zimbabwean ex met die hard body en die punk, wit gedyede hare; drie vir al die ouens at R80 a piece en, "Six for me."

"James, are you crazy?" het die elfie gevra.

"It has to be a mind-blowing experience."

Die digs in Observatory die nag, 'n crummy klein kamertjie en die spieël waarin jy jouself kan sien as jy die coke in jou neusgate insnuif. Ons was op pad na die Nuwejaarsrave by die

River Club. As ek by die venster van die digs uitkyk, kon ek reeds die ligflitse in die swart hemelruim sien. Dit het die sterre verdoof.

"You've never done any chemicals?" het een van James se vriende gevra terwyl hy sy wit poeier in 'n netjiese lyntjie bymekaar krap. My kop skud nee nee nee. Die vriend bied my 'n lyntjie aan, maar ek beduie: nee dankie, nooit nie, nie vannag nie. It might be the end of the world as we know it.

Die elfie druk haar klein gesiggie teen die spieël, grootoog toe sy die noot oprol, voor haar neusgat hou en intrek.

"You should try it," sê sy met 'n fantastiese glimlag.

"I'm a little too paranoid."

James snort weer twee lyne; sy oë half wild in hulle kasse. Hy het al vroeër ecstacy ook gevat. "It's not like the movies, Loony. It's not going to make you paranoid. Be a good girl, try some."

Ek kyk na myself in die spieël: die pikswart gedyede bob; my oë digswart omlyn en die lae glitter oor die ooglede. Ek lyk vreemd vir myself. In my vier jaar op universiteit het ek nooit harde dwelms gebruik nie. Nou hier, op die vooraand van die millennium, oorweeg ek dit omdat James dit voorstel. Wil ek coke snort of nie?

"Loony Tunes, so you'll be boozing this evening again?" sê-vra James en ek kan nie besluit of hy met my spot of nie.

"I'll rely on lots of good old booze."

"You can't booze it up at a rave, Lea. Now that's dangerous. You'll dehidrate."

Vrees, wat het ek te vrees? Curiosity killed the cat, praat die pastoor in my kop.

"You can have a line of mine," sê een van James se vriende. Dalk is dit 'n komplot. 'n Millennium-sameswering om my die hel te laat ingaan.

"I'll stick to booze," probeer ek, en klink minder seker. Die groepie smeer die fyn wit poeier aan hulle tandvleis.

"How would it feel if I rub it into my gums?"

"It's not like the movies," herhaal James. "Common Lea. This is not the Lea I know, who wouldn't say no to a new experience."

"It is subtle," pruil die elfie.

Seblief, laat ek maar probeer, sê ek braaf. Laat ek maar 'n mind-blowing experience van die New Dawn maak. 'n Bankkaart met 'n klein bietjie poeier word my aangebied en ek smeer dit aan my tandvleis. Sekondes later die prikkies oral oor, in die tande, my bolip vol naalde en spelde. My twee voortande gaan dood.

"I like the sensation."

"Do you want a line?" vra een van die Zimbabweans.

"How about two lines," vra ek en James lag tevrede.

Wat 'n manier om die ou millennium uit te gaan. My debuut op coke op 31 Desember 1999.

4

23:30

Flitsend en skitterend teen die silhoeët van Tafelberg, 20 000 mense wat polsend beweeg op die dreunende beats, weggevoer deur 'n DJ wat soos 'n spikkeltjie in die verte op die verhoog met sy tunes die skare meevoer. Dis asof hy 'n onsigbare marionettemeester is wat ons lot vir die aand bepaal. Midde-in 'n maling; sweetgaatjies wyd oop; asem in, asem uit; bly net kalm, die milde reuk van ryk lywe wat smart drienks sweet; ek rave; ek beweeg en beweeg hierdie lyf, beweeg al stadiger.

Ek staan alleen binne die blits van ligte, bang en hartseer en oorweldig. "Maybe I'm coming down," sê ek vir James. "I'm a little sad."

"Loony, just chill out, will you? Just enjoy the experience."

"Maybe I need some attention from you," wil ek sê, maar ek doen dit nie. Ek kyk hoe hy sy arms rondom die elfie slaan. Haar kakebeen is uitgehaak en hy soen die skewe mond. Ek kan nie meer vir hulle kyk nie. Ek gaan hang aan die arms van 'n Zimbabwiër.

"Her face looks all skewed to me, am I hallucinating?" vra ek hom. Ek skuur my lyf teen syne.

"You're not hallucinating. That happens to your jaw when you're on E or acid," sê die Zimbabwiër en sy hande streel oor my arms. Dis nie wat ek wou gehad het nie. Ek wou nie 'n fling hê met een van James se vriende nie; ek wou maar net by James wees. Saam met James die nuwe millenium ingaan. Ek het James immers bo God gekies as company vir die nag, volgens my ma.

Langs my het James 'n demoniese grinnik. Die elf vryf oor sy arms, hare, soen sy lippe, klou, dans, klou, beweeg, beweeg. Iemand koop 'n vrygewige rondte water en energie-drankies. Ek gryp na 'n drienk, dit help my, lewende water in my droë lyf; ek kan steeds die bitterheid iewers agter in my keel proe, coke se nasmaak.

"It's almost time!" roep James. Hy sluk sy volgende E. Binne die maling, 'n gedempte paniek iewers in my netwerk are, sweetgate, my oop kop. Wat hou die oomblik 00:00 vir my in?

23:58. Skielik het die uur aangebreek. Dis nie die laaste nie. Die lug slaan aan die brand, nie van metafisiese wondere nie; net van fireworks soos in die oë van die ravers.

5
00:30
1 Januarie 2000

Trae voete en 'n stukkende mond - glo die coke. Ek is hartseer en die hemel blits in verskillende kleure rondom my en almal grinnik en lag en dans en ek wil net huis toe gaan. Hemel ek wou hier wees, hier is ek in en hier sal ek vannag uit en nugter kan dit nie.

"James, do you have any E left?"

Die rukkende mens langs my stop vir 'n oomblik en beloon my met die eerste glimlag van die aand.

"Shot! That's the Loony I know, not whiny Loony."

"If I snorted coke, I may as well do something monumental on this morning of January the first, 2000."

"Ah, my good girl. Happy New Year to you." James glimlag oorywerig en ek kry 'n dazzling oopmondsoen wat my hele lyf laat ontplof in blitse soos die nag. Sy tong stoot iets kleins, hard en rond, in my mond in; dit glip in my keelgat af en ek vind sowat 'n halfuur later

die natuurwonder

die magiese liggaam

ek is

'n masjien ek smelt saam met tegnologie, the cog in the wheel, beat beat beat ek pomp bloed ek pomp adrenalien ek pomp sielsaligheid deur my are in my voete; voete beweeg, beweeg, ek glimlag, glim, lag, heel tyd heeltyd

tyd

sereen

Nog kicks, nog kicks; ek rook hash; gooi shooters in my keelgat af; rook hash; gil; skree van plesier en kicks, kicks! James soos 'n grynsende vampier, sy oopgetrekte tande in die alewige E-glimlag: "Loony!! You're having a fantastic time, girl. I knew you'd love E."

Beats, beats, ek kan jou nie hoor nie; beats, beats en skielik is die son daar; die berg flits laserstrale en dit is die New Dawn; ek is asemloos en oorweldig deur die ongelooflike kleur van die dag.

"It's a beautiful morning," sê ek oorstelp. "I am so happy to be alive."

"My Loony, my lovely Loony," sê James en sy hande streel oor my lyf en ons dans; ons dans en sy hande brand my lyf. Dis soos ek altyd wou hê jy moet aan my raak en my hele lyf lewe onder jou hande. James, James.

Meteens val die elfie in 'n hopie tussen die dansendes; die elfie raak naar; die elf flip. Sy't twee Es gevat, maar dit maak nie meer sin nie, want sy het nie meer pret nie.

"Let's go sit down," sê James en hy lei ons groepie na die bar. Vyf Es later vroegoggend. Die ou kan sy drugs vat. Hy gooi shooters in sy keelgat af en troos die elfie met gebottelde water terwyl hy streel oor haar arms.

"Awesone huh, Loony," vra hy.

Ek beduie, ek kan nie praat nie. Ek het my stem verloor en wat het van die nag geword, en die dag ook? Die eerste Januarie het verbygeglip, soos 'n onwerklike oomblik wat oor 'n grens geglip en surrealisties geword het. My lam tong; my keel is seer; my liggaam egter, beweeg, beweeg. Ek kan nie praat nie, beduie ek met 'n dansende glimlag vir James.

"I've lost my voice," probeer ek fluister.

"It's the coke," sê James die ekspert, dis soos 'n nasale drup in jou keelgat af. "Jissis, Loony, you had a killer night, hash, drinks, coke, shooters."

James klink bewonderend, die elfie-girl het dit oordoen ongelukkig, verduidelik hy. Maar jy, Loony Tunes, jy praat nou wel nie meer nie, maar jy kan nog dans, dans, dans ons was mos by 'n rave, ons het in elke sekonde geleef, een hele nag deur.

"Live as if it could end right now," beklemtoon James, sy oë wild en skitterend.

6

Ons het in die kar bly sit in die donker garage. Die dakliggie het gebrand en die radio het saggies gespeel. Sy het altyd na die plaaslike Christelike radiostasie geluister. Min Shaw of iemand het gesing. Sy het onverwags my hand gevat en die kneukels gevryf. Ek het die fyn lyntjies op haar hande raakgesien.

"My huis voel sommer ligter," het sy vrolik gesê.

Ek het Min Shaw sagter gedraai.

"Jou ma was darem bekommerd oor haar enigste meisiekind." Ek kon sien hoe die trane weer opdam in haar oë. Sy het saggies begin praat en haar stem het die kar volgemaak. Ek het na elke infleksie geluister, elke tilt en draai van haar stem soos 'n geliefde noot.

"Toe jy so sewe jaar was, kon jy vreeslik tantrums gooi. Ons het so baie vir jou gebid. Daar was regtig 'n verandering in jou lewe - ek weet nie of jy eers kan onthou nie?"

Ek het probeer glimlag. Sy het gelag. Haar storie op daardie oomblik het haar die grootste plesier gegee.

"Een Sondag het ek en jy op die kansel gaan klim. Ek het vir die gemeente vertel hoe ons volhard het in gebed vir jou, Liedjies. Jy het op die kansel gestaan en jy was so pragtig - ek het nog die oggend jou hare met warm rollers ingedraai en jou haartjies was in sulke groot lokke om jou gesig."

Sy het 'n oomblik stilgebly en ek het geweet sy dink aan die deurmekaar swart gedyede hare.

"Jy was so senuagtig, maar jy het aan die gemeente gesê dat ons vir jou gebid het en dat Liewe Jesus jou verander het. Jy het getuig dat jy 'n nuwe mens geword het."

Sy het stilgebly. Ek het aan Jack Kerouac se brief aan een van sy vriende gedink. Hy het in die brief sy eie persoonlikheid ontleed. Dit was asof die hele aanhaling skielik swart op wit voor my oë gestaan het.

*It is the price I pay for having a malleable personality. It assumes the necessary shape when in contact with any other personality.*

Die dakliggie in die kar het afgegaan en ons het in die donker bly sit.

"Jy weet Lea," het sy begin met die vertroue van'n kind wie se gebed beantwoord is. "Jy wil nou seker rigting begin kry in jou lewe."

Na James weg is uit die Kaap, het my jaar 2000 sy verskriklike momentum verloor. In Februarie is hy terug Grahamstad toe om sy vierde jaar klaar te maak, en ek het nie geweet watter kant toe nie. Tussendeur werksonderhoude wat op niks uitgeloop het nie, het ek ure in die gym en in die sauna rondgehang; langs die swembad gelê met my Kerouac-anthologies of heeltyd voor my rekenaar gesit om te probeer skryf. Dalk as ek sou skryf, sou ek uiteindelik kon vergeet van vier jaar se sonde en skuldgevoel. En veral van Georgie Lever. Ek was so moeg. Moeg van Kuilsrivier. En veral moeg van wonder oor James.

Ek het dit ook nie vir haar maklik gemaak nie. Soveel trae oggende wat ek eers twaalfuur opgestaan en heeldag in my pajamas rondgeloop het.

"Ek moet erken..." Sy het stilgebly en 'n huiwerige laggie gegee. "Ek het so 'n tydjie gelede vir jou oom-pastoor Nolte gekontak om te hoor of hulle nie vir jou iets kan organiseer nie, verblyf en miskien 'n temp-job of iets. Hulle het mos so 'n tipe ministry vir Suid-Afrikaners in Washington D.C. begin."

Dalk kon sy in die donker aanvoel sy het die pap te dik aangemaak en te veel kerk gepraat.

"Jy kan stories ook skryf - dalk kan jy vryskut joernalistiek doen vir een van die koerante hier. Dit sal 'n ongelooflike ervaring wees, jou wou mos nog altyd die wêreld sien. En as jy by die pastoor bly, dan sal jy geld spaar."

Miskien is daar tog wel daardie oggend 'n gebed beantwoord. Ek het 'n preek oor rigting in my lewe van haar verwag, nie 'n voorstel om uit Suid-Afrika weg te kom nie.

Amerika. Wat ek van Amerika - behalwe Jimmy Swaggart en Billy Graham - geweet het, het ek op TV gesien in programme waarin Amerikaanse tieners besluit of hulle pre-marital sex gaan hê of nie, of soaps waarin almal met mekaar in die bed spring.

"Dit klink goed."

In die donker kar kon ek lig op haar gesig sien, gloeiend. So pas het 'n wonderwerk plaasgevind en sy't haar kind teruggevind, in die kerk. Ek was weer in die wêreld, maar nie van die wêreld nie. Ek wou haar gesig vir ewig so gloeiend sien, ek wou haar vashou en vra: moenie dat daai mondhoeke weer gaan hang nie, Ma.

7

Die plumber of mechanic of wat hy ook al met sy lewe op Kuilsrivier aanvang, het my gebel laat een Saterdagmiddag kort na James weg is uit die Kaap uit.

"Ons gaat 'n bietjie Koeëlbaai toe, ek, Hugo en sy girl. Wil jy saamkom?"

Die mechanic het iewers 'n girlfriend gehad, sy was obviously nie saamgenooi nie – nie dat sy in elke geval vir my saak gemaak het nie. Ek moes uit die huis uitkom. Natuurlik moes ek eers met haar daaroor praat. Sy het onmiddellik daardie gewonde uitdrukking in haar oë gekry.

"Hoekom moet jy saam met hulle gaan? Hulle is nie eers regtig jou vriende nie?"

"Ma, ek wil net uit die huis uitkom."

Haar oë wat diepseeblou word, ontoeganklik, die rande wat ooprek en hard word.

Ek het haar seergemaak.

"Dit dra nie my goedkeuring weg nie. Ek wil nie hê jy moet met hulle geassosieer word nie."

Ek kon voel hoe stol my gesig, asof al die emosie skielik saamkrimp tot 'n harde klein balletjie waar 'n hart was. Ek sou kon skiet en die kol tref.

"Ek weet nie hoekom Ma altyd soveel worry oor wat die mense sê nie. Ek gee niks om nie."

Die blou oë wag sag word en die trane wat daarin opdam.

"Jy gee niks om nie? Gaan dan maar. En onthou net: jy moet eendag verslag doen wanneer jy Daar Bo kom. Maar jy gee mos niks om nie. "

*Ons is in die wêreld maar nie van die wêreld nie.* Ons moet uitstaan, anders wees. Ek het geweet wat kom, ek het die argument uit my kop geken.

"En nou gaan Ma weer begin met die ou storie sodat ek moet skuldig voel."

As Iemand Daar Bo eers in die gesprek insypel, het ek geen verweer nie. Ek moes my eie reaksie probeer stop voor sy haarself sou terugtrek in haar onbereikbare binnekamer, waar sy trane voor God sou stort.

"Dit het niks met godsdiens te doen nie," het ek gesê, beheersd. "Ek vra nie om sonde te doen nie, ek vra of ek mag oorslaap in 'n kampplek omdat dit pret is. Omdat ek wil uitkom, omdat ek mense rondom my wil hê."

"Dit het als met godsdiens te doen," het sy gesê en die rooi ligte het in my kop begin flits. "Alles het met godsdiens te doen, Lea. Alles."

Haar kenmerkende ek-kry-myself-jammer-sug. "Ek weet nie waar ek verkeerd gegaan het nie." Die negatiwiteit wat rem aan haar mondhoeke, haar woorde brokke wat teen my vaswaai. "Moenie gelykvormig wees aan die wêreld nie, jy moet anders wees."

Ek is ANDERS GENOEG, wou ek skree, ek het gevoel hoe die plastiek begin kraak. Eensklaps was my gesig vertrek, die woorde het uit my mond uitgeval, die kleur van gal, die sout smaak van trane, ek het my stem deur die huis hoor klink. En skielik was dit stil in die kombuis. My woorde het op die vloer gelê, soos gebreekte bottelstukke en sigaretstompies daar op die heilige kombuisvloer. Waar haar oë was was leë gate, gekraakte rooi balle. Ek wou haar om die lyf vat en vashou en die hangskouers teen my vasdruk en haar mondhoeke oplig sodat sy weer kon glimlag en kon praat. In die stilte was daar net haar kop, wat stadig, in slow motion, op haar arms neersak, en die lyf wat stadig begin ruk ruk.

Ek kon net stilstaan, my vuiste gebal, my palms nat, ek kon nie beweeg nie en ek kon nie praat nie, asof tyd en woorde gestol het.

Na 'n lang tyd het ek gesê: "Ma, ek is jammer. Die hele simpele ou ding het nou weer hand uitgeruk. Ek wou maar net 'n aand gaan kamp."

Ek het altyd gedink as iets eenmaal tussen twee mense breek, kan dit nooit weer dieselfde wees nie. Maar dit het soveel maal tussen ons gebeur, miskien het ons liefde soos onsigbare lym dit altyd weer herstel. Goddelike liefde. Of dalk, diep binne-in daardie blou-blou oë waar ek nie kon sien nie, het sy die vrae met haar bly saamdra. Vir altyd, soos 'n kanker wat aan die blou oogballe vreet. Tot in alle ewigheid. Haar vrae wat sy opgaar, te bang om my met daardie vrae te konfronteer.

Ek het woorde begin stoor, diep binne-in my, goed wat ek wou sê, maar nie het nie, soos 'n gewas, 'n harde, ronde balletjie wat begin bons, saggies, saggies, en dan kan dit net nie stop nie. Dit bons, en bons, asof dit wil uitbreek, uit my keel uitspring. Ek moes dit telkemale terugsluk, dit onder beheer kry.

Daardie nag het dit weer gebons, gebons, teen die wande van my kop vas, soos 'n koors in my.

Die mechanic het my kom oplaai. Hy't gesê: "Jou lanklaas gesien. Jy lyk goed."

Die date vir die aand was gemaak. In sy kar se boot was rondtes Hunters, in sy cubby-hole die sakkie dope. Ons het die tente opgeslaan en ek het geweet wat kom. Ek kon dit stop of ek kon maar net voortneuk soos altyd en my kop stamp.

Ek weet nie eers wanneer ek en die mechanic afgehaak het nie, ek dink om die kampvuur, die brandvingers wat loop oral oor my lyf, my kop wat knik, knik, sug, daardie balletjie wat bons, bons, bons. As dit in my keel is, sê ek: "Kom ons gaan stap op die strand."

Die wit strand teen die donker donker nag, die geraas van die see, 'n swart paradys, en die geluid van die asem, die lyf hier teen my, ek wat uit my klere breek, en die refrein wat ek soveel male tevore al gesê het, "Ek gaan nie saam met jou slaap nie."

Ek kon dit in my slaap sê, toe-oë. Ek kon daardie reël herhaal, of ek dronk of stoned was, daardie definite no-nos, met Lea maak jy nie home base nie. Daardie nag was ek naby genoeg aan Kuilsrivier om my reël 'n paar keer te resiteer, maar toe ek in 'n stadium my oë oopmaak, was dit nie die Kuilsrivier-plumber nie, maar James met kreukels om sy oë en baardstoppels wat oor die wit van my lyf skuur, en ek het genooi: proe aan my hele lyf, dis die stof van die Bosveld, die droogte van die Oos-Kaap, die Boland se ryp, soet druiwe waarvan jy kan eet en eet, en James het gefeast aan my lyf.

8

Dit was dan die begin van die einde van suburbia en dae langs die swembad en 'n ma wat soetpampoen en skaaptjops vir aandete maak en jou soggens wakker maak met koffie in die bed. Toe ek op hoërskool was, het my ma altyd gesê universiteit is die lekkerste tyd van jou lewe.

Na vier jaar onder haar blou oë uit op Grahamstad, was dit vreemd om terug te wees in Kuilsrivier. Op Kuilsrivier gaan ons Woensdagaand selgroep toe; ons kyk Vrydagaande TV en eet take-outs; en Saterdag se rugby word gevolg deur *Noot vir Noot*. Sondae gaan ons kerk toe en eet kookkos vir middag-ete. Ons raak nie delirious nie en ons raak nie te hartseer nie. Ons is bevoorreg en ons is dankbaar. Ons vat nie risks soos om coke te snort en onsself dronk te drink nie; ons vermy pyn en hou dit na God se Woord.

James was nie deel van daardie lewe nie, en ek kon nie weer gewoond raak aan daardie lewe nie. Ek het nie geweet wat ek vir Lea wou hê nie, ek het heeltemal uit my plek uit gevoel by 'n rave op drugs en ek het uit my plek gevoel Sondae in Kuilsrivier se kerk. Dit was tyd om goodbye te sê vir alles wat bekend was. So ons het begin reëlings tref vir my groot trek Amerika toe.

9

Sy het vir ons toebroodjies gemaak met tamatie, blaarslaai en tuna. Dit was so 'n bekende ritueel: sy het agter die kombuistoonbank gestaan en kosmaak en ek het op die stoel gesit en ons sou praatjies maak. Nooit te diep nie, want ons was altyd op dun ys. Gelukkig het ek raakgesien dat sy spesiaal my gunsteling volgraan-gesondheidsbrood gekoop het.

"Dankie vir die brood Ma," het ek gesê. Ek wou sommer skielik huil, sy het altyd probeer om so goed te wees vir my.

"Ek weet jy probeer gesond eet. Ek wou nog vir jou sê: jy lyk goed van al die gegym."

Sy het nooit gesê ek lyk goed nie; sy sou waarskynlik eers sê ek lyk goed as ek plankdun was. Sonder al die kurwes. Dis juis daai kurwes wat al die varsity boys kon waardeer. Die childbearing hips en die cuddly boobs.

James het ook plankdun verkies.

"Ek is nie eintlik honger nie Ma, ek sal net een sny eet."

"So begin jy al opgewonde raak? Of is jy senuagtig?" Haar oë was net effens waterig. "Ek kan nie glo jy gaan so ver weg nie."

"Dis eintlik maar net so ver soos Grahamstad. Grahamstad was 'n nag met die bus. Washington is 'n nag met die vliegtuig."

Sy het gelag.

"Het jy al vir PW tata gesê Lea?"

Pieter-Willem was die enigste een van my groep vriende van wie sy baie gehou het, dalk oor hy Afrikaans was. Hy't ook soos 'n Afrikaanse outjie gelyk: netjiese kort hare en nie te gespierd nie en ook nie te dun nie. Ongelooflike blou oë en goeie maniere. Ek dink sy sou baie happy wees as ek en PW 'n couple sou wees. Maar dit sou nooit werk nie. Daar het heeltemal te veel gebeur en Georgie Lever sou altyd saam met ons wees. Soos 'n skadu.

"Hy weet nog nie ek gaan weg nie."

Die foon het gelui en sy het geantwoord. Haar Afrikaanse aksent was so sterk as sy Engels praat.

"Just hang on Mister," het ek haar hoor sê en ek wou weer lag en huil tegelyk; ek wou skaam voel vir haar en ek het jammer gevoel ook.

"This is Lea."

"Sheldon Mervis. Foreign Editor at the Independent Newspaper Group. I have received your writing samples and CV and I've reviewed your request to produce stories for our group on a stringer basis when you're based in Washington D.C. Would you be able to come and see me?"

Is dit 'n gebed wat beantwoord is? het ek gewonder. Is dit die noodlot? Ek maak my keel skoon en stuur 'n skietgebed op hemel toe. Dankie in elk geval.

"When would you like to see me, Mr. Mervis?"

10

Wit wolke het op die blad van Tafelberg gelê toe ek inry Kaapstad toe. Dit sou een van die laaste kere wees. Ek het die rooi Golfie met moeite parallel parkeer in een van die nou straatjies van die stad. Die stad het soos altyd gebuzz: tribal dansers; jong kinders wat die tromme met 'n ingebore ritme slaan; straatmusikante wat als bespeel, van blikkitare tot blokfluite.

Daar was streng sekuriteit by Independent Newspapers. Ek moes deur 'n metaalverklikker stap en is toe met die hysbak na die 12de vloer, waar meneer Mervis se kantoor was.

Hy het 'n oopknoophemp en roomkleurbroek aangehad; ek het 'n pakkie aangetrek en warm en sweterig gevoel. 'n Glimlag om die mond. Harde oë.

"Lea Terblanche. You're a very talented young lady, and now I see that you are beautiful as well."

Ek het nie geweet wat om te antwoord nie. Sy kantoor het 'n ongelooflike uitsig oor die hawe en die see. Die tafelblad van die donkerhoutlessenaar was blink geolie en al sy papiere in netjiese hopies opmekaar gestapel.

"I'm always keen to help an enthusiastic young journalist who shows some initiative. And you're also a Rhodes graduate, like myself, so I trust your training."

Ek het na die hawe gekyk wat blink agter sy kop lê.

"You've got nothing to lose. We've got nothing to lose. So send us what you've got," het die mond gesê.

"If we like your work, we'll commission stories from you, or we may ask you to cover particular events."

Ek het sy kortgeknipte skoon naels opgemerk. Sy oë was op ongemaklike plekke. Later in die States toe ek begin leer het dat daar maar altyd onderstrominge is wat jy moes vermy, was dit die uitsig uit sy kantoor op die 12de vloer wat ek keer op keer sou oproep. Asof hy my prentjiemooi Kaapstad met iets ondefinieerbaars besoedel het. Daardie dag in sy kantoor was 'n nodige inlywing in die power plays, die netjies constructed sinne en die opsommende oë. Tog was hy wat ek, en ook James wou wees: 'n bekende, suksesvolle joernalis. Iemand wat sy lewe maak uit skryf.

"I can pick up some of your expenses when you cover stories for us. We can't pay much, but don't say South Africa hasn't given you any opportunities."

Hy het intiem gelag, sy oë heeltyd op my mond.

"What would you like me to focus on?"

Die oë wat weer af lyf se kant toe kyk, en op, in myne, en die koue glimlaggie. Sy stem wat laer word.

"Write about sexy stuff." Hy het vir sy opmerking gegrinnik. "South African relationships with the US. Also scout for stuff that's not too mainstream because we can pick up the breaking news from the news wires."

"Human interest stories?" het ek gevra en afgekyk na my hande. Hulle het in my skoot gevroetel asof hulle 'n lewe van hulle eie het.

"Sure. But remember, we're in a new South Africa. Black issues, black people, developmental stories, it will always make the news."

Hy het altwee my hande vasgehou, sekondes te lank toe hy saam met my oor die dik, dofgroen mat na die deur stap. Die hawe het blinkglad in die agtergrond gelê, 'n perfekte backdrop vir die movie-situasie waarin ek myself bevind het.

"Also write about the softer news. And entertainment's always good, Lea. Good luck."

11

Elke gym het 'n spesifieke reuk. My gym naby Kuilsrivier ruik na mat, swembadwater en oefenapparaat. Dis 'n bekende roetine. Ek gooi die Golfie om die laaste draai in 'n parkeerplek in, gryp die sweet-handdoek, die karsleutels en my bottel yskaswater. Ek groet die ontvangsdame en drafstap na die dames waar dit ruik na sweet en deodorant, ontsmettingsmiddel en die sauna se heerlike skoon, warm reuk. Ek gooi my sak in 'n locker en kyk in die spieël. Ek trek my spiere saam, bo-arms, bobene, boude, en ek knik ontevrede vir myself. Daar is maar altyd werk om te doen aan hierdie lyf. Ek soek minder spier en minder kurwe, ek wil skraler en slanker. Ek stap doelgerig na die fiets en stel my sessie vir veertig minute.

James en ek het altyd saam gym toe gegaan in Grahamstad. Die gym het na houtvloer geruik. Hy sou gewigte stoot. James is goed gebou, nie te gespierd nie, maar met baie definisie. Dit was altyd vir my beautiful om hom dop te hou as hy gewigte stoot – hy het 'n tattoo op sy kuit en 'n band om sy bo-arm getattoeëer, en dis so sexy as die spiere onder die ingekleurde vel rondbeweeg. James en ek is ongeveer dieselfde lengte; nie te lank nie en ook nie te kort nie. Maar hy't van petite girls gehou. Daarom, as hy gewigte stoot, het ek altyd cardio gedoen met net een doel voor die oë: om soveel moontlik vet te verbrand.

"Jy is baie atleties gebou." Die stem onderbreek my. Die man het op die oefenfiets langs my kom sit en gaan definitief nou heeltyd probeer geselsies maak. Ek knik onvriendelik en mompel, "Dankie." Ek weet nie of dit nou juis 'n kompliment is nie.

"Kom jy gereeld gym toe?"

Wat om nou te maak. "Vandag is my laaste keer. Ek is op pad oorsee."

Ek kan al sy vrae voorspel: Waarheen, hoekom, hoe lank, gaan jy terugkom. Gelukkig altyd, wanneer jy dit die minste verwag, kruis jou pad met fate. My selfoon lui. Ek knik 'n verskoning en klim van die bike af.

"Lea. Hello?"

"Loony Tunes!"

Ek herken dadelik sy stem met die amper manies-excited klank daarin. Ek kan hom indink in sy digs op Grahamstad. Hy't waarskynlik 'n drienk of 'n sigaret in die hand en sy hare staan wild om sy kop. Sy oë is moeg van laatnagte se party.

"James. It's been a long time."

Ek wou hom vertel van my verskriklike vrees na hy weg is uit die Kaap na Nuwejaar. Daar was soveel wat ek wou vertel en toe hy uiteindelik bel, het ek niks om te sê nie. Ek wou

hom vertel hoe hartseer ek my ma maak en dat ek wonder of ek ooit weer haar oë so onskuldig en gelowig blou sou sien. Ek wou vra hoekom hy my nooit teruggebel het nie en hoekom ek nooit van hom hoor nie. Maar ek het stilgebly en vir hom gewag om te praat.

"Loony, I miss you. Grahamstown's just not the same without you."

"I've missed you too, James."

"I'm going to be in Cape Town in two weeks' time, girl. Are we going to do what we did the last time?"

Die naarheid stoot in my keel op, onverwags. Ek kan steeds die vrees en die skuldgevoel in my maag voel klop.

"I'm actually leaving the country in a week's time, James. I'm finally about to start my new life."

"Life after Kuilsrivier huh?" het hy gespot. "I don't think it was good for you to stay with your parents that long in the first place. I kind of had a hard time relating to you."

Ek het begin bewe. James kon wel met my relate toe ek saam met hom sy drugs en al daai heerlike wilde dinge gedoen het.

"Maybe we shouldn't be having this conversation now. Not after everything that has happened in the last couple of months," het ek beheersd gesê.

"Loony, don't be so touchy, ouch!" het hy gejoke.

"You're selfish James."

"We've always known that, haven't we?"

Dis ook die waarheid.

"Where are you going? To the UK like everyone else, I presume."

"Don't presume. I'm flying into New York, staying there for a few days and then I'm heading to Washington D.C." Ek het nie vir hom vertel ek gaan by 'n pastoor bly nie.

"Go to the go-go bars in New York for both of us," het hy gesê.

Ek het gewens ons het nie so 'n superficial gesprek gehad nie, maar daar was nie veel oor om te sê nie. James is nie oppervlakkig nie, hy was juis briljant, en hy het die hele wêreld met 'n soort intensiteit beleef wat my altyd meegesleur het. Hy was soos daai mense oor wie Jack Kerouac skryf: *the mad ones, the ones who are mad to talk, mad to be saved, desirous of everything at the same time, the ones who never yawn or say a commonplace thing, but burn, burn, burn.*

"Do you miss me sometimes James?"

"Oh Loony, of course I miss you. There's not enough crazy people in Grahamstown now."

Die ongeërgdheid in sy stem het soos seer knots in my spiere gaan lê.

"I've got to go James, I'm working out and my muscles are getting too cold."

"Love you babes. We'll talk again before you leave."

Staal in klein gaatjies, op af op af, die kreun van masjien en mens, my kop loop in syfers. Maerder. Fikser. Een. Twee. Drie. Asem in deur neus. Asem uit deur mond. James. James. Asem in. Asem uit. Loony is reg vir hierdie wêreld. Is. Is nie. Is van die wêreld, is nie, is in die wêreld, is nie.

As ek maar in sewe dae 'n wêreld vir myself sonder James Thompson kon skep.

# HOOFSTUK TWEE

1
(Julie 2000
6pm Johannesburg Internasionaal)

Ek het my laaste vyftig rand gebreek en na die pienk noot gekyk. Dit sou die laaste keer in 'n lang tyd wees dat ek so 'n noot sien. Ek het die boks Stuyvesant by die duty free gekoop en skuldig gevoel toe ek aan my herbekering in die kerk dink daardie Sondagoggend. Maar ek moes op my vryheid konsentreer. Nou sou ek kon rook as ek wou en my rookasem in vreemde klimate inblaas. Ek het in 'n bar gaan sit en 'n stywe prys betaal vir my favourite drienk, wodka, lime en water, terwyl ek na die vliegtuie in die nag kyk. Twee ure om te mors voor my vlug na New York City. Die paar sigarette het my laat naar voel.

Die middag in die Kaap het nog in my keel gesit. Ek sou dwarsdeur die twee ure vlug van Kaapstad na Johannesburg kon huil oor haar hartseer, hoopvolle blou-blou oë. En oor James.

Maar toe ek die eerste botteltjie Amarula in my keel afgooi, was dit 'n toast op myself, en op die vreemde, sonder James en onder haar kykers uit. PW en Georgie Lever sou die oomblik kon waardeer - dit was tipies van my om met 'n mond vol trane drank te bestel om dit mee af te sluk.

Toe my internasionale vlug uiteindelik die nag begin inklim, het ek by my venstertjie uitgekyk tot Suid-Afrika klein word onder my. Ek het vir die eerste keer besef: Suid-Afrika is actually in Afrika.

2
(5pm Eastern Standard Time)

Dit was 'n klein ruitjie, die glas dik, asof daar 'n wêreld daaragter gepreserveer is. 'n Hemelruim. Tussen my en die hemel was daar net die dik glas. Van agter die glas kon ek kyk na die wolke, soos wit bolle watte wat dryf in die eindelose blou.

Die lugwaardin het onverwags agter my gepraat met 'n swaar Suid-Afrikaans-Engelse aksent, "Do you want anything to drink?"

"Coffee and amarula on the rocks, please."

Ek het my kop weer teen die koue ruit gedruk. Die man langs my het gesug. Ek kon sy sweet ruik en hy't iets gemompel in sy slaap. Ek het van die wêreld buite my ruit af weggekyk en na die man gedraai. Sy nek het skeef gehang, asof dit geknak was, die mond effens oop. 'n Mooi vol mond. Sy ooglede het liggies gebewe en sy bors het stadig op en af gedein.

Dalk was dit sy kakebeen wat my aan James laat dink het. Ek kon die diertjie in my bors voel wakker word en in my keel inspring. Ek het vinniger asemgehaal en my lyf het willekeurig beweeg. Ek het nader geskuif en teen hom geskuur. Toe sy oë verbaas oopgaan, het hy effens geglimlag en sy glimlag was onbekend. Sy oë se flikkering soos rooi liggies. Die diertjie was skielik stil. Wat doen jy Loony?

Ek het "jammer" gemompel, en weer omgedraai en my kop teen die ruit gedruk. Ek het op die hemel daar buite probeer fokus. Ek moes ophou om aan James Thompson te dink. *Ek sien*

*'n nuwe hemel kom, 'n aarde rein en vry* - of was dit 'n aarde nuut en vry, ek kon skielik nie die woorde van die kerklied onthou nie.

3
(B Journ Final Year, 1999
Grahamstad, Suid-Afrika)

Ek het hom raakgesien waar hy oor die bar leun met 'n sigaret in sy mond. Ek het vir my wodka, lime en water gevra en geweet hy is besig om my uit te check. Dit was 'n Vrydagnag soos enige ander in die Pop Art Café. Ek onthou James het rooi skoene aangehad en sy hare het wild op sy kop gestaan. Sy hare was op 'n tyd witblond geperoxide en die wortels het donker uitgegroei. Sy boxers se rant het bo sy lang baggy jeans uitgeloer. James het altyd so gelyk, heeltemal careless, asof klere net aan hom hang omdat hy onthou het om dit aan te trek. 'n Tattoo was om sy bo-arm.

Ek het die hele ritueel van small talk te goed geken en ek kon my eie moves voorspel: Ek sou my kop stadig oplig op 'n bepaalde tyd en hom diep in die oë kyk. Hy sou iets sê en ons sou stadig om mekaar sirkel totdat ons baie seker is ons het dieselfde agenda.

Ek het opgekyk op die beplande oomblik in die ritueel. Hy't 'n whiskey on the rocks in die hand gehad, duidelik nie sy eerste drienk nie. Hy het eerste gepraat, soos ek voorspel het.

"James Thompson, I don't think we've met...?"

Soos 'n rympie wat ek soveel maal vir soveel dronk oë gesê het: "Lea. Lea Terblanche. Also known as Loony Tunes."

"Ah! I've never met an Afrikaans girl. How does one flirt with an Afrikaans girl?"

Een van die Zimbabwiërs op kampus, ek moes geraai het. Hulle konsumpsie van alkohol kan met niks vergelyk word nie, drank in Zimbabwe is blykbaar goedkoper as brood.

"You're a shameless flirt."

"So, how does one flirt with an Afrikaans chick?"

"I'm not your chick."

James was nie 'n beautiful man nie, die enigste iets beautifuls aan hom is sy sterk kakebeen. Maar ek was onmiddellik geïntereseerd. James het so 'n ragged look wat hom laat lyk asof hy al baie geleef het vir sy 21 jaar. Hy het langs my op die Pop Art se luiperd-motief-stoeltjies kom sit.

"Lea. It's a Bible name. It means weary and worrisome."

"Well I'm not weary or worried about anything. I'm drunk. And you won't remember my Bible name by tomorrow."

"Of course I'll remember you! If I forget - I'll buy you a dinner. And if you forget my name, you owe me a dinner."

Dalk sou hy meer van die dinner as gewone spys en drank verwag. Hy het vir my 'n drankie gekoop en ons het aan die praat geraak. Dit was nie 'n versigtige voel-voel oor wat ons in common het nie; ons het onmiddellik die heavier onderwerpe aangedurf en gestry oor politiek en family values en drugs en pornography, asof ons skaak speel en elke beweging deur die ander uitgecheck word om jou intellektueel te meet. Natuurlik was daar ook hierdie geweldige attraction tussen ons.

"So how would you rate your sex drive?" het James gevra.

"Definitely distracting," het ek teruggechirp en James het gelag.

"That's the coolest answer I've ever heard to my question."

"So I guess you've asked that question to many ladies, many times. Is it part of your strategy?"

"Its part of the elimination process."

"So I guess I haven't been eliminated yet."

"No, I may just have to take you to dinner in any case."

Ek het James die volgende aand in die Pop Art raakgeloop. Ons het altwee mekaar se name onthou en besluit om op die dinner date te gaan. Ons het afgespreek om mekaar by die Arch te ontmoet, die ingang na Rhodes Universiteit. Daar is die ou legende dat die Arch sal kraak as 'n girl aan die einde van haar eerste jaar daardeur loop en sy is steeds 'n virgin. Ek was lankal nie meer 'n eerstejaar nie en ek het daardie Arch vermy. Ek sou volunteer vir die meeste bases, maar my reeks flings kon almal home base op hulle thrusting jong mae skryf en met 'n nat hand afvee.

En so het dit als begin tussen my en James. Ek was vierde jaar, hy was derde jaar en 'n maand of twee jonger as ek. Ek het met my rooi scooter tot by die Arch gery en sy silwer Mazda het net betyds opgedaag om nie die date te mis nie.

"I thought you weren't coming. I thought maybe you're scared of Afrikaans girls with distracting sex drives," het ek geterg.

"I was a little scared. I hear Afrikaans women can walk barefoot across mountains. That's why I brought a bottle of Tassies, to make me a little bit more uninhibited."

"So we're not going out to dinner?"

"I thought we could go to your place."

My bravado het so effens verdwyn. Ek het alreeds my lines gereed gehad: "James, I don't do home base. Everything else, but not home base. After all, I'm a good Afrikaans girl. I'm the only girl on campus who would make the Arch collapse if I walk through it."

Ons het na my shack toe gery, die eerste van baie kere, ons klein prosessie: die Afrikaner op die scooter en die Zimbo in sy silwer Mazda wat hy soos 'n maniak bestuur. James doen alles wat hy aanpak met 'n soort kinderlike, maniese energie, net soos hy drugs doen of drink.

Ons eerste date het versigtig begin, want ek is nie 'n major smalltalker nie; daarom het ek alewig 'n drienk in die hand om my tong los te maak. Die rooiwyn het sommer vinnig-vinnig die energie in James getrigger en ek kon net nie genoeg daarvan kry nie, soos 'n drug wat ook jou eie audacity uitbring.

Ons sit styf teen mekaar op die deurtrappie buite my shack en ons kyk bome en sterre en blink oë.

"There is so much hope in intensity!" roep James. "We must indulge in all that life has to offer."

"I understand you, I do! I have so much love and hope and faith!"

Ons ry rusteloos rond in die silwer Mazda verby Grahamstad se ou geboue wat goud gloei in die straatligte. Ons ry verby die voorstedelike huisies en die donker skadu's van krotte in die townships wat rondom Grahamstad strek.

"Suddenly we're in the developing world. Like my whole life as a white Zimbabwean and our lives in Grahamstown are colonial lies."

"The treasured white utopia," lag ek.

" I have this acute sense of being African, but I don't look African," sê James en sy woorde kruip in my hart in. Ons besluit ons moet iets doen omtrent die plight of our fellow countrymen. Obviously net praatjies en goeie voornemens in die donker nag.

Ons ry tot in die parking lot van Shoprite en ek weet die oomblik het aangebreek.

"Lea, I haven't been this excited about meeting a girl in a long time. I never thought our little dinner date would amount to this."

Ek voel sy hand in die donker op my knie.

"I think you're one of the mad ones, James."

Die hand is skielik nie meer op my knie nie, maar vroetel met my broekie en my lyf verwater in die sitplek.

"James, let's take it slowly."

Die handrem tussen die twee sitplekke stop wat aan die gebeur is. Tussen Zimbos en Afrikaner girls is riviere soos wyd soos die Limpopo, om te flirt met 'n Afrikaanse girl is nie you're going to get what you give nie. Ek trek my klere reg en krimp terug tot aan my kant van die kar. James leun terug in sy sitplek en sit met toe oë en 'n asem wat jaag. Honderde gedagtes in my kop: die godsdiens van haar sagte, waterige blou oë wat ek nie wil teleurstel nie en die magic van die nag saam met die vreemdeling James wat in my maag kielie. Daai ding in myself wat druk en stoot en my uitmekaar trek soos 'n groot paradoks, my wildheid, my ewige rusteloosheid, soveel sweterige nagte waarin ek my klere afstroop vir gewillige hande en maar altyd sê: "I don't want to sleep with you."

Ek sou dit vir James kon opgee, daai sacredness. Ek het dit toe reeds geweet.

"I think I'm a little scared." Ek praat teen sy toe oë vas. " I really like you. I just don't sleep with anybody."

"You mean you've never slept with anybody?" Sy oë gaan skielik oop en hulle lyk 'n fraks harder. Ek klink so lomp soos wat ek dronk is.

"I don't go that far. I go everywhere, but not that far."

"Not even if you like someone?" vra James weer.

Ek skud my kop.

"I guess I want it to be special. I want to save something. For the right time. For the right person."

"You wouldn't know unless you've had sex with them. That is how I love," sê James. "I love through sex."

Hy verstaan nie. En ek verstaan ook nie.

"That is not how you love if you'd sleep with anybody. That is how I love. Because I don't sleep with anybody."

"You religious?"

'n Sluk stilte. Dalk moet ek bid dat hy kan verstaan. "Ja. Deep down the core of Lea is religious. The source of my happiest moments has been religious. But religion has also caused my deepest unhappiness."

"Have you loved – romantically?" vra James.

Ek dink aan Pieter-Willem en aan Georgie Lever. Ons drie is soos die Three Musketeers. PW die verantwoordelike Calvinis, 'n goeie boerseun uit Cradock. Ek is die weird happy clappy. Georgie Lever is ons lucky charm, 'n Jood wat nie in hemel of hel glo nie. James kon nooit verstaan hoe ek oor PW en Georgie Lever gevoel het nie.

"I don't know if I've loved. Maybe the lead vocalist of this South African band. Or Jack Kerouac, for that matter."

Ons altwee lag.

"And I'm sure you like Johnny Depp too."

"Ja, I'd sleep with Johnny Depp."

Ons lag, half ongemaklik.

"I'm glad we met, Lea."

Vir enkele oomblikke was die nag langer as enige ander toe ons mekaar weer eens dronk-dronk proe.

"I'll try to be patient with you," het James gesê en sy hand het tussen my knieë ingeglip.

4

*Dis 'n wolklose, soel middag. Die 1820 Setlaars Monument op die heuwel is soos 'n alwetende oog wat die vallei van bo-af dophou. Die meisie met die swart gekleurde hare sit roerloos op die enkelbedjie in die koshuiskamer. Sy wag op die bekende reuk van sy lyf. Dan is hy skielik daar.*

*"James, I thought you weren't coming."*

*"Baby baby! It's time. Time to celebrate and this little bed is far too small for us," roep hy.*

*Hy gryp haar; sy lag senuagtig; hy dra haar oor die drumpel na buite. Dit is lig en stil.*

*"We will go for a walk," knip-oog hy.*

*Die swartkop en die jong man loop teen die heuwel uit met 'n bottel rooiwyn in 'n papiersak waaruit hulle gretige slukke neem. Sy giggel, "Can you believe this?"*

*Teen die hange van die koppie lê kaal paartjies soos reuse insekte! Die meisie raak selfbewus aan haar swart hare.*

*"Babes, this is life!"*

*Hy gooi sy hemp op die bruin grond en gaan lê bo-op die meisie. "Are you ready? This is the day!" James lag.*

*"It is indeed," sê sy saggies, en kyk nie na hom nie. Haar wit broekie lê eenkant afgestroop op die bruin grond. Sy staar na die blou-blou lug; die jong man 'n gretige insek wat eet aan haar lyf.*

*"Would you look into my eyes, James?"*

*Die insek eet voort en haar siel loop nat uit haar lyf uit; sy begin ruk en gooi haar kop agteroor; oop-mond kyk sy in die lug. Dan merk sy die wit wolke wat vorm in die hemel en saampak bokant hulle.*

*"James, look," fluister sy.*

*"Could you concentrate please," praat hy ongeduldig, sy asem warm stote teen haar nek.*

*Die groot 1820 Setlaars Monument, eens roerloos helder teen die blou lug, verdwyn onder die wit massa wolke. Die dreuning in haar ore - naderende donderslae, hoefslae van perde wat uit die wolke gehardloop kom; bruin en swart perde met drie horings en groot wapperende vlerke.*

*"Elke perd het drie horings," sê sy saggies. Die Vader, Seun en Heilige Gees.*

*"En ek het drie bene," glimlag wit tande teen haar bruin borste.*

*Die perde hardloop woedend, duisende harde hoefslae wat die aarde laat dreun. Oral vlug die paartjies teen die hange af; kaal spikkeltjies soos miertjies op die bruin grond. Die meisie met die swart gekleurde hare spring op. Ek moet bid, gil sy, ek kan myself nie hoor bid nie. Trane stroom by haar liggaam af en maak stofstrepe oor haar kaal borste. Die perde jaag haar. Sy hardloop teen die berg af.*

*"Vergewe my," skree sy teen die geluid van die naderende hoewe. Die wind fluit deur haar kaal bene. Haar kroes skaamhare begin groei, langer en ruier word dit terwyl sy aanhou hardloop. Die wollerige bedekking hang naderhand op die grond sodat sy versigtig moet trap. Die perde jaag haar, asems blasend soos sterk bergwinde, sy bedek haar borste met haar hande. Steeds hardloop sy. Dan haak die lang skaamhare aan 'n bos vas. Die meisie struikel en 'n tak dring in haar klam holte in. Opgehang soos die ou in die Bybel aan sy hare, skiet dit deur haar kop.*

*"Verraaier," trek haar gil deur die vallei. Die perde hardloop steeds, ritmiese hoefslae wat donder bo-oor gille uit die eens stil vallei. Die wit broekie op die berg word rooibruin van die stof.*

*Soek ek 'n naam vir my sonde*

5

Ek was verskriklik alleen toe ek op JFK land. Ek het vir die eerste keer besef ek is regtig weg. James, Grahamstad, PW en my ma en pa en Kuilsrivier so ver asof dit nooit eers bestaan het nie. Dis al waarvan ek bewus was: die alleenheid wat my enige oomblik sou verskeur. Op daardie oomblik was dit asof ek myself moes toezip en binnehou. Lea moes haar hartseer hartseer insluk of sy sou dalk in stukke breek en wegwaai oor die nuwe kontinent.

Ek het in die lang tou by Immigration gaan staan. Elke aksent het my aan die vreemde herinner, elke vreemde koeldrankblik, elke Spaanse woord wat ek nie kon verstaan nie. Deur die groot glasvenster kon ek die geel taxi's reg rondom die lughawe sien. Ek sou aan James skryf dat movie-Amerika skielik realiteit geword het - daar was wel geel taxi's orals, soos ons dit ons verbeel het.

"You look tired and lost."

Stadig het dit ingesink dat hy met my praat, die lang, blas man met die kitaar in die ry agter my.

"Did you fly in from Europe?"

"No. From South Africa."

Hy het my stip aangekyk. Ek het nie sy aksent herken nie.

"Where'd you come from?"

"I went to visit my family in Ethiopia." Sy oë was weer ondersoekend op my, asof hy my probeer plaas.

"Do you live here?" het ek probeer. Sy gesig het in 'n glimlag oopgebreek en sy tande was besonder wit teen sy soel vel.

"Yes. New York is my new home. By the way, your country is a wonderful place. I went to visit shortly after the elections. I like your accent, you must be a Boer."

Boer.

"Not quite." Sagte oë, 'n bokbaard en skerp gelaatstrekke, met 'n effense veramerikaansde aksent.

"So if you're not a Boer, what are you? A whitey?" Hy het gelag.

"Can I call myself an African?"

Dit het amper ongemerk in ons jetlagged gesprek ingesluip: die een oomblik was daar wantroue oor ek van Suid-Afrika kom, en die volgende oomblik was hy net nog 'n boheemse bandmember met 'n kitaar oor die skouer en 'n glimlag wat terug-flirt.

"You can consider yourself a sister." Sy hand was vlugtig op my skouer.

"Is this your first time in this crazy city?"

"It's actually my first trip abroad."

Hy het deur sy lippe gefluit. Ek het opgemerk hoe vol en sag hulle was, en agter die lippe, skitterend wit, egalige tande.

"I think it's your turn."

Die bleek man met 'n strak gesig agter die toonbank het my nadergewink en my paspoort gevra.

"Where are you going?"

"To Washington. I'm spending a weekend in New York before I go to Washington for work."

Ek het die frons tussen sy oë dopgehou. Vir enkele stadige minute en versigtige antwoorde hang jou avontuur af van 'n man af met 'n stempel in sy hand. Dis vreemd om te dink hy staan daar met die rekord van jou menswees in 'n Derdewêreldland in 'n klein, groen paspoortboekie in sy hand. Suid-Afrika is 'n onwaarskynlike plek om in groot te word, aan die voetenent van swart Afrika.

Met my paspoort in my hand het ek begin aanstap na die luggage claim. Amerika het oop voor my gelê, die land of the free and the home of the brave.

Hy het weer onverwags agter my gepraat.

"Let me help you with your suitcases, they look heavy." Die Ethiopiese musikant was een mens tussen al die honderde, haastige onbekendes wat my gehelp het. Sy eie bagasie was 'n enkele rugsak en 'n kitaar.

"If you're going to downtown Manhattan, we can catch a cab together."

Ons het in een van die geel taxi's geklim. "Catching a cab. It kind of makes me feel like I'm in a movie."

Iewers tussen donker geboue en die grou lug en ingedrukte rye huisies het hy gesê, "This is my home. Queens, New York. And you, sister, are welcome here at any time. Just let me know. I'll show you what New York City is really all about."

"Do you mean that?"

"Of course. Why don't you check out Manhattan tonight, and give me a call tomorrow."

"What's your name, by the way?"

"Abdoulaye and yours?"

"Lea."

Hy het weer daai wit-tandeglimlag geglimlag. "Don't hesitate to call me, Miss South Africa. I'm a brother in need."

Ek het hom nie as 'n vreemdeling gesien of gewonder oor sy intensies nie, ek was net dankbaar. Toe ek nêrens gehad het om heen te gaan nie was 'n daar 'n vriendelike Ethiopiër met 'n groot wit glimlag en sagte oë wat my sou kon help.

6
warm soene wat ek uitdeel aan die stad
ingesluk in 'n nagruim van ligte, ligte gigantic glimlagte van akteurs soos gode wat op my neerkyk van bo
verewig in 'n hemelruim van beton
New York City die ewige maagd en haar beats, beats sy reguleer tyd
voetstappe soos klinkende simbale oor Times Square, die luide hart van 'n flikkerende planeet
wat genadeloos pols in sy eie onbegrip van sekondes soos blitse
die malende arms, die knippende oë, die klappende wit tande die muntstukke die note wat vloei soos trane, ewige lewende strome inkomste,
brood en water kan daar alleen nie van gelewe word nie
krete, krete, grynsend in eindelose nagte die Twin Towers magtige skyscrapers hul arms tot in alle ewigheid uitgestrek na 'n god
voete trots geanker,
hul volgelinge wat buig voor die konstante vierkantige arms, die priemende blik van harde venster-ogies
gesuspendeer in TIME
en ek verdrink in haar kleur, haar klank, haar ewige ewige eie ritme,
New York, New York the lights, those lights, they penetrate my eyes

7
Daardie eerste nag in New York City soos 'n movie wat haak, stop, rewind. Ek het die movie oor en oor gekyk. As die impak minder raak, en meer voorspelbaar, dan raak jy onvermydelik afgestomp; later selfs gemaklik.

Ek het geweet waarheen ek op pad was. Dit was soos 'n oerinstink wat my tot voor die gloeiende pienk neonligte gelei het. Ek het in 'n lang, swak beligte gang afgestap wat gelyk het asof dit met foelie uitgelê is. In die foelie kon jy jouself sien, 'n langer, maerder, verwronge beeld van jouself tussen die lewensgrootte kurwes, pruilende monde en enorme boobs wat die gang versier.

Aan die onderpunt van die gang was 'n bouncer in 'n swart suit met 'n sonbril op.

"Can I see ID?" het hy stug gesê. Ek was nie meer daardie foto'tjie in die ID-boek met drade aan haar tande en kinderoë nie.

Ek is met 'n hysbak op na die derde vloer en in die spieëls teen die wande van die hysbak het 'n klomp onbekende ekke vir my teruggekyk. Die deur het oopgemaak op 'n donker foyer waar ek gebodysearch en toe na binne escort is. Ek het tussen die pienk fluweelmure en die enorme spieëls en die mansfigure met hulle rûe na my gaan sit.

'n Jong dingetjie met 'n netjiese lyf in 'n luiperdvelbikini het op die verhoog verskyn. Haar vinger het geklits-klits oor haar geslagsdele, ooglopend skoongeskeer onder die stukkie lap. Sy was jonk, so jonk, 'n jong 22 soos ek, en tog soveel ouer. Haar oë was veraf en verwyderd. Sy het die bikini stadig uitgetrek. Doelbewuste bewegings.

Stadig het sy tot op haar hurke gesak, oopgespalk voor die gesig van 'n man met 'n gryskop en 'n bril. Sweet het op sy kop gepêrel en sy oë was glasig. Hy het sy hand in sy bosak gedruk en vinnig 'n paar dollarnote in haar hand ingeglip sonder om sy oë vir 'n oomblik van die skoon geskeerde geslag voor hom weg te neem.

Ek het op die rand van my stoel gaan sit en ingezoom op sy vlesige mond, die lomp tong wat daaruit peul, sy oë gefokus op die geslag enkele sentimeters van sy gesig. Haar oë was iewers bokant die koppe, dan terug tot hom, asof sy wou sê, ek gee, jy gee geld. En dan weer die hele sequence van vooraf.

Ek wou wegkyk. Ek was 'n kamera wat sy werk moes doen en waarneem. Daar was jong ouens rondom my, marine cleancut tipes, sommige in uniform. Hulle het gebloos as ek na hulle kyk.

Skielik was die vrou langs my. Sy het naby my gesig gepraat. "Are you alone? You like girls?"

Sy het my aan die oor gebyt. Ek wou in myself toeskulp soos 'n seediertjie. Terselftertyd het ek die effense natheid tussen my bene gevoel.

"Would you like a private show?" het sy weer gevra.

"Leave me alone, okay?"

Ek het weer na die diklipman gekyk. Hy het sy lippe afgelek en die sweet het geblink oor sy gesig. Ek het opgestaan en vir die escort gaan vra om 'n badkamer te gebruik. Die plek het geen Ladies gehad nie. Daarom is ek na agter geneem na waar sommige meisies kaal sit en make-up doen, ander het boeke gelees. Meisielywe en kurwes, soos ek nog nooit gesien het nie. Die man wat my na die badkamer begelei het, het my gestop voor ek in is.

"You like what they do?" het hy gevra.

"It is interesting."

"You could do well. You could earn up to $3000 a night, if you do a few private dances."

'n Weerligstraal deur my brein: op daardie oomblik in daardie klub sou ek Lea van haar lyf kon vry maak. En die skielike, verskriklike besef dat daar 'n ongelooflike vulkaan van onvoorspelbaarheid iewers binne-in Lea kook onder die oppervlak van haar rots. My fondament was nie op sand gebou nie, dit was op 'n rots, soos ek geleer is. En ek kon nie weet wanneer ek sou uitbars nie.

Ek het die drie stelle trappe afgevlug na buite.

8

Diepnag word ek ingesluk in die maag van die stad. In sy ingewande float ek deur donker tonnels, alleen in die drukkende hitte. Die ondergrondse treine stoom verby en ek wag op 'n trein. Ek is nie heeltemal seker waarheen nie.

"You look lost," sê 'n man met 'n glinster in sy oë.

"I'm fine, thanks."

Dit was 'n tyd om stil te raak op die underground, ingesluk deur die aarde en afgesonder van die rasende wêreld wat bo jou voortsnel, sy pas wat nooit verander nie. Die subways moet die enigste stilte wees wat New York City jou ooit kan aanbied.

'n Sign teen die treinwand lees, "Adventures in Capitalism." Die stem kondig die treinstasie se naam aan in 'n tipies nasale New Yorkse aksent, die deure skuif oop en spoeg my uit op 'n platform met 'n vreemde naam. Die musiek omhels my, suiwer musiek wat deur die nag na my aangedryf word. Op die platform tussen die betonbene van die tonnel, staan 'n ouerige African-American man met 'n steel drum. Sy blikkie vra vir tips terwyl hy *Amazing Grace* speel. Die ou man se oë is toe, die steel drum kreun deur die stasie soos 'n gebed in die neonblink

betonnag. Ek kom tot stilstand vir 'n oomblik, 'n wêreld oopgeruk in my kop: My ma se hande opgesteek in die lug en haar bors wat ruk, ruk, my pa stil met sy oë wat onder die brilglase blink.

*Amazing Grace, how sweet the sound that saved a wretch like me.*

9

Ek stik in die laaste trek. "James, I'm a bit shaky."

"Relax baby."

Hy lyk half potsierlik, soos 'n dwergie met die groot, rooi Nikes. Dit voel asof ons op TV is, in 'n comic strip. Ons karakters beweeg in die glas, asof ons sweef deur die lug wat teen ons druk.

Ons is in iemand se huis, ek het vergeet wie. Die laaste wat ek onthou, is ek en James in die agterplaas alleen met die stewige joint. Ons is op pad in die huis in en ek weet ek moenie in 'n vreemde huis in my kop gaan verdwaal nie, maar wat moet ek doen? Ek weet om alleen in die donker agter te bly is om die finale epiphany van stoned wees te bereik, op my eie. Zombiedom my voorland.

"Your phone rang," sê iemand, "You must call Georgie."

Foon, waar is my foon. Fokus daarop, nie op jou kloppende kop nie. Stay focused. Phone Georgie. Call. Call. Call. Nee dis nie die foon wat lui nie, dis my kop.

"Should we go play some pool, babes?" vra James.

Pool. The phallic game of cues holes and balls, cues holes and balls. And a green pool table because the grass is always greener on the other side. Maar die grass. Wat ek gerook het, registreer hierdie brein. Ek en James. Waar is James? James is 'n dwerg in die agterplaas met rooi skoene en hy lag en beweeg.

"Mickey Mouse!" roep ek, en begin giggel. Ek hardloop agter Mickey aan, deur die huis, hemel weet waar ons is, ek herken nie die plek nie.

"Have you phoned Georgie?" vra iemand weer. Ek moet hom bel, dink ek, en ek sleutel sy nommer in die sel in, maar sowaar, dit begin lui en ek antwoord en iemand vra: "Lea?"

Here, asseblief. Nee. Nie Ouma nie, nie nou nie. Waar is Mickey Mouse in die uur van benoudheid! Die rooi skoene roep vanuit 'n kamer in die donker gang.

"Wrong number," kry ek uit, na wat soos sekondes in slow motion voel. Ek hardloop na die kamer waar die dwergie op die bed lê. Ek val aan sy voete neer.

"Come into my paradise and save me," sê ek en ek weet James lag, want ek hoor 'n verskriklike gelag. Ons lywe verstrengel, ons monde praat in mekaar. Skielik dink ek: James moet Aids hê, want hy slaap rond. Ek praat hardop: "Jesus, please save James. Please save him from the disease."

Skielik is die dwergie se arms nie meer om my nie, sy oë is harde, ronde, leë gate en hy ruk my aan my skouers.

"You're going to freak us both out!" gil hy op my en hy loop uit ons paradys. Liewe Jesus, ek vergeet my lewe, dink ek. Agter my strek 'n bleekwit landskap waarvan ek niks onthou nie. Waar is jy Lea? Ek probeer konsentreer. Ek is in 'n vreemde vertrek op 'n vreemde bed. Die duvet is blou, nee dit was blou, dis nou doodgewoon gestreep.

Ek staan op en loop na die spieël. My pupille is groot en swart, 'n klein grasgroen rand steek uit. Die wit balle, rooi, klein kaarte van aartjies, staar terug na my. Die kaarte van my geskiedenis, dink ek, en alles word duidelik.

God, dit is my laaste oomblik op aarde. Die kamer swem rondom my en ek word my ma in die spieël. My oë word bleek en meer gespikkeld; dadelik word die gesig ouer en ek sien nuwe kaarte van plooie. Dis dan wat ons het, dink ek. Kaarte, kaarte, ons moet die regtes speel, dit is al wat van ons oorbly.

Generasies vloei deur my, die hartseer van generasies soos 'n las waarvoor ek aan 'n kruis sou wou sterf. Die ewige, verskriklike weemoed.

Ek weet skielik, die Heilige Gees is teleurgesteld in Lea Terblanche, want sy het verander in 'n dwerg en ek weet al my desperate gebare in die spieël is op die patroon van my ma en my ouma: ek is 'n voorafbepaalde somtotaal en ek is uitverkose. En ek is besig om dood te gaan.

Ek weet dit, asof my lewe voor my afgespeel het, buiten dat dit nie voor my afspeel soos hulle sê dit gebeur het nie, want ek ontplof en sien 'n wit screen voor my oë. Als is wit. Ek moet dood wees.

Help, roep ek vanuit my wit paradys.

Ma. Pa. Ek roep die name van ou hoërskoolvriende, ek sien die gesig van my ou skoolhoof. Ek sien koerantopskrifte: Psychosis.

"Help my! Ek soek 'n hospitaal," roep ek vanuit die wit kamer, wat klein rondom my word tot ek weer terug is in my kop in 'n onbekende kamer. Ek hardloop deur die gang, die gang word nouer, ek hardloop na die voordeur, ek klop klop klop en daar sal vir jou oopgemaak word.

Niemand maak oop nie.

Paniekerig dink ek: ek moet die dope uit my sisteem kry. Ek hardloop terug na die gang, ek druk my hand in my keelgat af en terselfdertyd besef ek, as iemand my nou sien, gaan almal dink ek is 'n druggie, ek het dit gelose. In die klein toilet. Slaan die deur toe. Gedagte. Per gedagte. Dis pikdonker binne. Soos my kop, dink ek, en raak paniekerig, ek kan nie meer helder dink nie. My hand sit vas in my keel en water kom uit.

Ek moet water drink, dink ek skielik, en voel verlig. Koel water, soos 'n doop. Spoel oor my, genade onbeskryflik groot. Bel, dink ek, bel Georgie, hy sal jou kan help. Ek hardloop terug na die kamer. Ek kry 'n pakkie bubblegum op die tafel. Kou dit, dink ek.

Die kamer versmoor my, ek voel my kop klop klop klop bubblegum on my boots today bubblegum on my boots today sing 'n band in my kop. Ek is lagies van 50 000 mense wat vibreer in 'n TV, kou, konsentreer op die bubblegum wat jy kou. Bly in Loony se lyf, kou kou, voel die gum in jou mond, kou metodies. Bubblegum saved my life. Ek probeer kalm uit die kamer stap. Ek moet bel, maar my kop is vol spuitende kleure; ek weet ek moet my kop vashou of ek gaan ontplof en doodgaan.

Daar is skielik mense in die gang.

Help my, smeek ek. Ek gaan doodgaan. As ek my kop toelaat om te ontplof gaan ek dood.

Iemand laai my in 'n kar. My hart klop te vinnig, dis donker. My brein is 'n mengsel van helder spuitende strale in alle kleure soos vuurwerke, ek gaan bewusteloos raak, help.

"Where's James?"

"He left with some girl, ages ago," sê iemand. Die kleure verblindend; my hart klop heeltemal te vinnig en ek besef my hande is koud en dood.

"Praat met my," sê ek.

Ek bid soos nooit vantevore nie Liewe Jesus verlos my. Ma ek wil opskop en huis toe kom. Asseblief Liewe Jesus vergewe my. Ek is 'n klein dogtertjie en daar is stemme en kleure in my kop.

"Lea, stop panicking. Breathe. Smile. Listen to the music."

Die musiek sluk my in, ek raak heeltemal weg. Ek word 'n noot en die musiek versmoor my ek gaan ontplof en in stukke spat ek is sekerlik amper dood en ek het myself verloor. Iemand hou my hand vas, dis warm.

"Shhh now. Quiet. Quiet your body."

Ek weet ek moet lewe.

"We're taking you to PW," sê iemand. People saved my life. Pieter-Willem. Gaaf, lief, sag, dink ek.

10

Ek het die volgende dag die veerboot gevat na Staten Island. Manhattan se skyline het ek agtergelos. In die grys dag was die silhoeët van ongelooflike hoë wolkekrabbers verbasend blink teen die wit, wit hemel. Rondom my was groepies vrolike toeriste aan die kliek met hulle kameras. Toe ek voet op die eiland sit, soek ek 'n drienk. Ek wou drink op die groot wit beeld wat oor die crazy city waghou, daardie vrou wat vryheid verkondig, het skielik alles verteenwoordig wat ek in my lewe wou hê.

Ek het 'n klomp postage paid poskaarte gekoop en 'n corny lighter van die Statue of Liberty, kompleet met voetstuk en met 'n vlam wat uit die fakkel uitspuit. Ek het naby die water gaan sit waar ek die skyline van Manhattan en die Twin Towers kon sien toring. Ek het eerste vir James geskryf.

*Dearest James.*

*Have a smoke for us when you get this, baby. I can inhale freedom in the shadow of the statue.*

Langs my het 'n familie kom sit met hulle papiersakke vol McDonald's fries en cheeseburgers.

"This is also Mommy's first time," het die vrou in 'n Southern aksent gesê. "I never realized the Statue was this big."

"Could we go inside her, please Mommy," het die kinders geneul. Ek het altyd hartseer en alleen gevoel as ek families saam sien.

Ek het verder aan James geskryf:

*Went to an all nude go-go bar last night. Mind-blowing. Haven't stripped just yet. Love. Loony.*

"She symbolizes freedom," het die ma aan haar kinders gesê. "In America we believe in freedom."

Daarop sou ek kon drink. Aan my ma-hulle het ek geskryf:

*Dit is amper oorweldigend, as jy vir die eerste keer jou voet op 'n ander kontinent neersit. Jou verbeelding en drome word waar, en selfs 'n ander jy is skielik moontlik. Moenie worry nie: daar is meer moontlikhede as gevare!! Lea.*

Suid-Afrika het ver en onwerklik gevoel hier op die eiland. In die verte kon ek die reuse Brooklynbrug sien. Ek wou nog oor die brug gaan loop. Ek was werklik in New York City. Daar was nie 'n enkele bekende aksent in die mengelmoes rondom my nie.

"I could never live in New York," het ek 'n toeris hoor sê. "It's just too overwhelming. There's no space."

Dis wat ek van Suid-Afrika sou kon mis: die ruimte. Hier in die stad was dit beknop en jy kon skaars die hemel bokant jou sien.

Op PW se poskaartjie het ek geskryf: " New York is vol nuwe avonture in kapitalisme en 'n overdose liberty. Baie exciting. Maar ek mis Grahamstad en ek mis jou."

Ons het altyd geparty sonder ophou, met eindelose momentum. Min dinge kon ons tot stilstand bring. Nie eers die gedagte aan dood nie. Ek het aan Georgie Lever gedink en gewens ek kon vir hom ook 'n poskaart stuur.

11
(B Journ, First Year
Grahamstad, Suid-Afrika)

Grahamstad word hergebore tydens die jaarlikse Nasionale Kunstefees; adrenalien vloei soos wyn; bont vrolike groepies, kopers, kykers, festino's; laatnag gesels hulle oor the state of South African art; soggens file hulle geduldig om na eksistensiële verhoogdramas te kyk. Na twaalf snags sit hulle met gluhwein in knus kroegies.

Feestyd is nie die tyd om alleen te wees nie en ek is alleen. Ek loop alleen van stalletjie na stalletjie, ek vang hoppers en ry na shows. Pouses staan ek met my program en my indrukke vir myself. Die Rhodes-studente is versprei oor verskillende plekke oor verskillende kontinente vir die wintervakansie; sommige op eksotiese oorsese toere; ander uit en tuis by die huis. Ek verkies om alleen in 'n klein grys koshuiskamertjie op drama en rooibostee te oorleef.

Ek herken die ou by die vlooimark. Hy is in een van my Afrikaans-Nederlandse klasse en een van die min rockspiders op kampus. Ek dink hy's van Cradock, sy hare is nog mooi netjies geknip soos 'n goeie Afrikaanse ou s'n. Obviously is die Grahamstad Kunstefees vir hom ook meer opwindend as Cradock - of Kuilsrivier, for that matter.

"Hey!" roep ek. "Pieter-Willem van Cradock?"

PW het so 'n T-hemp waarop hy met koki-pen geskryf het: Afgetrokke. Ek teer op moontlikhede van betrokkenheid: mense, plekke, causes, ek raak hartstogtelik verstrik daarin. Die moontlikheid van betrokkenheid het my en PW se vriendskap aangedryf van bar na bar, oor die highways van die land, van musiekfees na musiekfees, deur donker nagte in tente en op matrasse in flats waar ons crash as die drank opraak en die parties oor is.

"LeaTerblanchevanKuilsrivier." Hy lag. PW het 'n lag om te waardeer, hy lag net as hy dit bedoel, of as iets rêrig snaaks is.

"Kuilsrivier is groter as Cradock.Anyways, jy voel nie dalk lus om vanaand saam met my na hierdie obskure band te gaan kyk nie? Boomslang speel by die Crossing. Ek wil nie allenig in die nag rondloop nie."

"For sures."

PW ontmoet my voor die Katedraal in die hoofstraat en ons koop boereworsrolle by 'n deurnagstalletjie. Hy vertel my van hulle plaas en ek luister net met 'n halwe oor. Tot vandag toe weet ek nie waarmee hulle boer nie. Ons stap al met die treinspoor langs.

In die nag kan ons die stemme en tromme van die townships rondom ons hoor. Ons is in 'n industriële gebied en ek voel half senuagtig, nie eers die boerseun se bekende Afrikaans laat my ontspan nie. Meeste van die tyd dink jy nie aan die moontlikheid van 'n mugging of rape as jy agter bands aan neuk of in jou warm kar in die donker nag ry of klas bywoon of in bars rondhang

nie. Net soms, in 'n donker nag, as vreemde veraf klanke jou agter die blad tref, is jy bewus van jou weerloosheid. Jy kan daai headline word: die lyf langs die treinspoor, unidentified girl in her late teens was murdered. It appears she has been raped. Jy verwag die mes tussen jou blaaie. Jy verwag die donker figuur met koue oë wat iets onherkenbaars skree; 'n figuur wat jy anticipate in drome waarvan jy nie kan weghardloop nie omdat jou voete aan hierdie land vaskleef.

"Thanks dat jy saamgekom het, ek sou nie alleen hier wil rondstap nie."

"Plesier man," sê hy en sy stem is warm. PW se stem is altyd warm. Vol omgee, sou my ma sê en ek sou my vererg vir haar cornygeit.

Die Crossing is vol konkas vuur en klank. Op 'n klein, donker verhogie wurm 'n man met swart en blonde slierte hare rond. Pieter-Willem stiek my vir 'n wodka en Red Bull. Ons gaan staan rondom 'n konka met ons hande oor die hitte en praat oor ons kleindorpie-sindroom en die bands waarvan ons hou. Ek vind uit hy is regtig 'n goeie Afrikanerseun wat als weet van Calvinisme en boerdery. Sy koms na Rhodes is nie sy persoonlike rewolusie teen 'n kleindorpmentaliteit nie; dis 'n praktiese oorweging oor Grahamstad die naaste aan Cradock is. Hy vind uit my haarkleur lyk net natuurlik, maar is nie.

Langs my merk ek skielik die blondekop op. Hy het 'n bruin ferweelbaadjie aan en sy gesig is bekend. Ek dink aan die Top Forty music magazine se cover en die man se mooi mond.

"PW, kyk wie's hier."

Dis 'n geleentheid wat ek nie kan mis nie. Ek beduie na die Hoof Sanger. "Daai man sing my in 'n beswyming in. Hy kom van die Kaap af."

Die Hoof Sanger is beskeie blond en afgetrokke. Hy het 'n sterk gesig en oë wat joune aspris miskyk. Ek is agtien en voortvarend genoeg om nader te stap. Ek gaan maak my hande oor sy konka warm en wikkel my lyf op Boomslang se funk.

"Ek is Lea," sê ek na 'n rukkie in sy rigting. Hy sê niks. Sy oë soos toegang-verbode-tekens, myne natuurlik soos toegee-tekens. Ek probeer nie eens oorspronklik klink nie.

"Ek dink daaraan om julle fan te word," sê ek. Hy glimlag baie effentjies, skaars 'n opwaartse lig van sy mondhoeke. Ek oorweeg 'n volgende strategiese skuif.

"Ek dink hierdie hele Suid-Afrikaanse post-Kerkorrel mid-nineties music explosion is baie exciting."

Stilte. Ek glimlag vir hom en sy oë kyk anderkant toe. Verbouereerd vryf ek my hande oor die warmte van die konka in die ongemaklike stilte.

"Wat het jy gesê is jou naam?" vra hy uit die bloute.

"Wat sê jy?" My stem klink sag en onvas. Die Hoof Sanger buk af en praat in my oor, sy gesig so naby dat ek sy asem soos baardstoppels kan voel skuur.

"Ek het gevra wat jou naam is."

"Lea. Maar jy gaan dit tog nie onthou nie."

Ek fluister, en wonder of die wêreld vir 'n oomblik opgehou het om asem te haal. Ek vergeet van Pieter-Willem, die boerseun by die konka.

Die Hoof Sanger glimlag. "Lea. Soos in die Bybel."

Ek is so duiselig dat ek nog 'n wodka en Red Bull nodig het.

"Presies. Lea soos in die Bybel. Jacob wou nie vir Lea hê nie, hy wou met haar suster trou. Ek wonder altyd hoe die arme Lea moes gevoel het. Sy tweede keuse."

Stilte.

"Jy hoef nie Lea van die Bybel te wees nie," sê die Hoof Sanger.

"Nee," fluister ek, mond droog. Ek merk PW wat nader staan. Ek ignoreer hom en voel effens skuldig.

"Lea," sê PW, "wil jy 'n drienk hê?"

"Alte graag PW," sê ek vriendelik, my oog op die Hoof Sanger.

"Kom besluit wat jy wil hê, ek dra dit nie agter jou aan nie."

"Die drank roep," maak ek verskoning. Die Hoof Sanger glimlag weer so effentjies toe ek wegstap. Met die groetslag babbel ek entoesiasties sulke simpele groupie-sinne: " Julle kan dit maak. Jou stem is ongelooflik. Vertrou net. En o ja, my ma noem my Liedjies."

Die Hoof Sanger lag effens. Liedjies, dink ek. Vir wat moes ek dit nou uitblaker.

Pieter-Willem is stil toe ons later huis toe stap.

"Dankie vir die drienk hoor," sê ek, "ons maak weer so."

"Ons maak weer hoe?" vra Pieter-Willem en hy kyk nie na my nie.

12

Die einde van die naweek in New York was voorspelbaar. In die States word jy so maklik deel van 'n disposable society. Busse treine, mense, als is 'n means to an end. My einde was in 'n row-house in Queens in die deurmekaar dubbelbed van die Ethiopian brother met my oë uit fokus: dronk en high en free en brave.

Toe ek in die bed langs die warm liggaam lê, was dit soos security teen die alleen nag en die rugsak wat in my skouers sny. Ek het nie eers probeer sê, "No, I don't sleep with brothers" nie.

Eers was dit net sy hande oor my lyf, saggies en selfs huiwerig.

"A sister from South Africa with a milky skin. This would have been illegal in your country at one time."

"I still feel guilty," het ek onsamehangend gesê. Hy't gelag en gesê hy sal revenge neem op my en ek het hom woedend in my lyf voel stoot. Ek dink ek het gemompel: "I don't know if I want this."

"Oh, you want it," het hy gelag.

Ek het willoos gelê toe hy meer aggressief raak, dit was selfs net effentjies seer. Ek het myself die prentjie probeer voorstel, 'n wit beweginglose slap lyf met 'n siel wat krimp, glasige oë en 'n dier wat haar verskeur en stuk vir stuk opeet. Ek kon die toeters buite die nag hoor en ek het gedink: New York is 'n hartseer, alleen plek.

13

*In wit bruidsgewaad stap ek na die enigste kansel wat ek ken, dié van die AGS Kuilsrivier. Daaragter die pastoor se goedige glimlag. In die paadjie langs die agsterste bank teen die muur, die plakkaat wat ek so goed ken: Bid vir ons jeug. Bid vir die ANC.*

*My gesig hard en onleesbaar soos 'n plastiekmasker, kunstig gegrimeer en verberg agter 'n sluier.*

*"Met wie trou ek?" fluister ek saggies in my pa se stroewe oor.*

*As ek nou in die spieël kyk, sou ek die bekende groen paranoia daarin sien, dit weet ek. Soos ek in die paadjie tussen die banke deur na die gesiglose geliefde afstap, word dit stil. Die gefluister en die asems wat diep ingetrek word. Die skrik toe ek bewus word van die warm kleweriigheid tussen my bene.*

*'n Prentjie in die wit rok voor die kansel, die wit rok bloedbevlek aan die agterkant.*

*"Daar is 'n rooi kol op haar rok," fluister 'n kind kliphard.*

*Die gat is so groot dat die bloed moes uitloop, dink ek. God. Geslagte gesigte teleurstelling en pyn ingebrand daarop.*

*Ek staan langs die anonieme trouman. "Ek is nie meer 'n maagd nie," fluister ek. "Dit kan ek sien."*

*Die plastiekgesig bewe effens.*

14

Ek het in die hoek teen die venster gesit. Die dak was so naby dat ek wou benoud raak. Ek het my oë toegemaak en na die stemme rondom my geluister. Die onverwagse wulpse Spaans was nog baie vreemd op my oor. Die American Airlines jet wat my na Washington D.C. sou neem, was klein en oud en baie warm binne-in. Dit het gevoel asof ek in 'n ontwikkelende landjie iewers in Suid-Amerika moes wees. Die man langs my het Spaans gepraat met 'n groepie jongmense. Na vyftien minute het hy na my gedraai en met 'n swaar aksent gevra:"You're going to Washington for a visit?"

Ek wou nie eintlik praatjies maak nie.

"Do you know any good night clubs in Washington?" het die man weer probeer.

Pervert, het ek gedink. "I've never been there," het ek gesê. "I don't know any."

"You've got a strange accent, where're you from?"

Die conversation was inevitable.

"South Africa."

"Sud-Africa," het die ou man aan die jong Mexikane gesê. Skielik was die jong groep se aandag op my. Hy het iets in Spaans gesê en almal was stil.

"They're from Mexico. We've never met a South African."

Allerhande vrae het op my kop geland en ek het hulle teruggebons, een vir een, en aan die Mexikane 'n prentjie geteken van my Suid-Afrika van kleure en klanke. Ek het hulle niks vertel oor die Afrikaners nie. Ek het ook skielik besef: ek is 'n ambassadeur vir Suid-Afrika, en dis wat ek van nou af sou wees.

15

"I lost something on the road," sing Matthew van der Want. Ek sou eers eendag daaroor wonder, toe ek heelwat later kon terugkyk, toe daardie land aan die voet van Afrika 'n kaart in my kop geword het. 'n Kaart nie gemerk met stede en dorpies vol herinneringe nie, maar waaroor daar in groot rooi letters geskryf staan: developing world, black government, globalisation, trade not aid, unions, black economic empowerment, Aids conferences, regional integration. Woorde, woorde, politieke en sosiale realiteite.

Ek en my emosionele bagasie, destyds het ons deur die land gecruise sonder om te sien. Ek kon die hele land eers later begin waardeer, toe ek oseane verwyderd daarna sou verlang: na die liggies en die glim van die see en die donker skaduwee van Tafelberg; die singende N1 en N2

wat my oor veranderende kontoere sou neem na kampplekke vol tweemantente of warm kombuise in middelklashuise; na bos of berg of wit strande.

Of na Grahamstad. Vanwaar ons ons road trips onderneem het, altyd verstrik in onsself. Bekommerd oor 'n ekstra kilogram of twee of te min geld vir die volgende party en agterstallige projekte vir die joernalistiek departement; onbewus van regeringsgeboue en plaasboere met wagte rondom hulle huise en hoë heinings rondom voorstedelike mansions en waarskynlike Vigs-epidemies.

Ek het met moeite die landskap rondom Grahamstad onthou. Ek kon maklik die enkele straat met bars picture. Ek het die torings van sy katedrale onthou. Maar die reuse townships, die bruin stretches met honderde vaal klein huisies, was soos 'n speelgoeddorp waar niemand regtig leef nie. Al wat my aan die lewe in die townships sou herinner, was die rook wat soms bo die huisies sou uitstyg.

My Suid-Afrika was 'n landskap vol klank, en dit was nooit genoeg nie. Road trip op road trip, die een meer crazy as die ander: Wingerdstok-musiekfeeste in die Boland; Kaktus op die Vlaktes; vele variasies van Houtstok in malse klein dorpies; en elke jaar die moeder van alle musiekfeeste: Oppikoppi.

Jy moet hoër, jy wil meer: die inevitable altered state of consciousness. Altyd 'n klomp jonges wat hulle merk los op die landskap met blikke en bokse en papiere, die karre vol kinders, kommerloos, wat oor die aartjies van provinsiale paaie gelok word na gigs en festivals. Onbewus van geknakte karre, die konsep misdaad dreigend maar onwerklik.

Jy't jou nooit daaraaan gesteur nie. Die politieke realiteite in 'n post-apartheid Suid-Afrika het op die oggendkoerantblaaie bestaan. Dood was vir oumense.

Op pad verby die plakkerskampe sou ons ry met 'n sigaret en 'n helder glimlag en klein geswelde oë.

16
(Oppikoppi '97)

Dis 'n rush soos jy net ken as jy dit al ervaar het. Van oral af mission ons na die musiek toe. Ek kon my die landkaart indink: die jong crowds met die kenmerkende kriewel in die are wat van oral af die journey Bosveld toe aanpak. In die frame of mind glo jy mos alle roads lead to Oppikoppi.

Oppikoppi is net buite Northam, so 'n uur of wat van Pretoria af in die Bosveld. As jy eers uit Pretoria uitry, neem die wêreld dieselfde vorm aan. 'n Wêreld waarin die mense onderdanig is aan die rooi grond en die lae stof. Jy voel 'n gevoel van vervreemding in die stilte. Nie eers die radio vang die buitewêreld op nie.

Dit was weird om te dink ons was in Afrika; al die padstalletjies en geboue het Afrikaanse name gehad. 'n Blinknuwe padteken het die 60 km na Sandton aangedui, 'n skril kontras met Afrika waarin ons ons bevind het.

Die Blou Bul Padstal; Pottie die Coke Wholesaler; die Huis en Tuin Algemene Handelaar; die 5 Roose Drank Winkel; die Klipkop Drankwinkel; die hele wêreld het surrealistiese dimensies aangeneem. Die klein begraafplaas vlak teen die pad, die Langberg Begraafplaas, het my effens ongemaklik laat voel - ek sou definitief nie in die middel van nêrens

begrawe wou word nie. Daar was opmerklik baie drankwinkels. Hierdie pad maak ons almal gelyk, het ek gedink. Selfs die celebrities moet die pad aandurf na die Koppi toe.

Ons het by 'n vulstasie iewers in die middel van nêrens stilgehou, en daar was 'n mooi meisie agter die toonbank in die Werk met Lus Kafee, ons ouderdom met gladde hare.

Deur die distortions kon ons weer songs optel naby Brits: Steve Hofmeyr se Blou Bul-song het deur die kar en krake gebulder. Kunsmis - Sien Is Glo, het 'n padteken ons verwelkom buite Northam waar die naweek homself sou voltrek.

Die hele Northam-polisiemag het ons by 'n padblokkade ingewag.

"Het julle iets om te verklaar?" het die Afrikaanse poliesman gevra.

"Sien is glo!" het ons stout gesê en bottels tequila die lig laat sien.

Die laaste tune voor ons deur die hekke is, was op die plaaslike radiostasie se top-twintig: die totally uncool Roxette se "Here comes the week-end."

17

Georgie Lever se hele spierwit lyf was rooigebrand. Hy het met swart koki oor sy hele lyf geskryf, "I'll tune YOU." Dis ook net Georgie wat daaraan sal dink om 'n swart koki al die pad saam te schlepp Bosveld toe. Sy rooi hang-oë het geglinster.

Georgie. Ons gevalle engel met witblonde hare en 'n stout seuntjiegesiggie.

PW was uit sy aard uit aangeklam, 'n flikker in sy rustige oë. Die Koppi is 'n planeet van sy eie. Iets breek uit hier binne-in jou, jou switch word aangeskakel. Alles gebeur tegelyk vinniger en stadiger soos jy hoog raak en dronker en meer adrenalien deur jou are rush.

Dis eintlik klank wat vir Eva ook verlei het: die slang het immers met haar gepraat. Voor ek James Thompson ontmoet het, was dit net ek en PW en Georgie, die Drie Musketiers. Hulle het my Loony Tunes gedoop na my noodwendige inlywing tot flings, talle leë blikke, gebottelde oomblikke en musiekfeeste. Klank het my ook verlei.

Daardie Oppikoppi was ek en Georgie al teen sunset hoogdronk. Die ander het om ons kampvuur gesit en bier drink terwyl die vleis braai. Ek en Georgie het al klaar begin om harder liquor te drink.

"You two should go easy on the hard stuff," het PW gesê.

"Moenie 'n spoilsport wees nie, boerseun," het ek gejoke. Ek en Georgie het 'n bottle Mokador tussen ons rondgepass.

"It's time for a joint again, are you smoking with me?" het Georgie gevra. Ek het na PW gekyk en gewonder wat hy dink. Hy het niks gesê nie. PW het nie dagga gerook nie – hy's mos 'n goeie Afrikanerseun en geheg aan sy bier.

"Ja wat Georgie, you roll."

Ons het die eerste paar puffs gemaak en aan die giggel gegaan. Die musiek het deur die laatmiddag begin kreun.

"It's sexy music, isn't it? Let's go dance."

"Let's stay here and dance," het Georgie gelag. Ek het gaan dirty dance teen George se lyf en PW se oë op ons gevoel.

"You're such a naughty girl." Daar was 'n onsekere flikker in sy blou oë.

"Do you like that?"

"What about you and PW?"

"What about us?"

Georgie het gelag en sy hande om my boude geklamp. "PW is our friend, and you're a naughty little girl."

Daardie nag het ek en Georgie Lever soos twee Loonies deurgedruk, drienk op drienk op joint. Tussen bos en bottel het ek en Georgie op die ou end in die tent beland. Sonder veel diskresie het ek kliphard beveel: "Georgie! Kom cuddle."

Ons het lomp met ons tonge in mekaar se monde rondgevroetel en ek het gevolunteer om my top uit te trek. Gelukkig het ons uitgepaas voor ek kon aanbied om meer klere uit te trek; al was dit ook in die tyd toe my flings voor Home Base gestop het.

Die volgende oggend het ons elkeen met blikkieskos sit en brekfis in die stilte van ons hang-oë en hoofpyne – ek en Georgie het 'n myl van mekaar af gesit want ons drank-en-dagga-high het uitgewerk. PW en ek het nie eers na mekaar gekyk nie. Ons sou weer moes drink om die momentum te behou en die Drie Musketiers se harmonie te herstel.

"Wat 'n nag," het iemand gesê.

Ek het kliphard in my blik sweetcorn ingekyk.

"Ja, ek hoor mos gisteraand: kom cuddle!" het iemand anders gespot. "Lunatic in aksie."

"Hou op om my so te noem."

My wange was warm, ek wat aanspraak maak daarop dat ek nooit bloos nie.

"Loony kept me up last night," het Georgie gelag.

Ek het opgekyk na PW. Hy het steeds nie na my gekyk nie. Hy net gefrons so tussen sy baard deur. Ek het na woorde gesoek om Georgie se skitterende oë te verpletter, uiteindelik het ek opgekyk en gesê: "I was too drunk to sleep well last night. I hope I can sleep in peace and quiet tonight."

Ek het geweet George sou verstaan wat ek aan hom wou sê.

18

Soos ons nader aan Washington D.C. gekom het, kon ek die Wit Huis en die Capitol herken. Die vinger van die Washington Monument, spierwit en maer afgeteken teen die blou lug, was soos 'n waarskuwing.

'n Rivier in die middel van 'n digte streep bome loop deur die middel van die stad in die voorstede in, soos waters waar daar rus is. Later sou ek dit as die Rock Creek Park leer ken. Die wit magtige monumente het skerp afgesteek teen die groen van die land onder my.

Ek het wolkekrabbers verwag, maar dit was asof ek in 'n woud aangekom het, 'n digte, tropiese groen stad. Die mooie en ook steriele plek het al nader gekom en groter geword in my gesigsveld en daar is aangekondig: "Welcome to Washington D.C., the Dictrict of Columbia. The humidity is high in Washington today."

19

(Aankoms)

Ek het hom aan sy kepsie met die nuwe Suid-Afrikaanse vlag daarop herken.

"Pastoor Nolte?"

Sy pastoorskyk het my laat afkyk, soos 'n sondaar wat voor sy reguit oë swig.

"Aa! Ek is pastoor André Nolte. Lea Terblanche. Aangename kennis my meisie. Welkom in die goeie ou Verenigde State van Amerika."

Sy stem dawerend en uit pas uit met die gladde Amerikaanse aksente rondom my. Ons het begin aanstap na die Baggage Claim om my 72 kg tasse met my hele lewe daarin te gaan soek.

"Hoe was jou vlug? Dis darem maar baie lank, nè?"

"Ja, dit gee 'n mens oorgenoeg dinktyd."

"Tyd om oor jou sondes te besin." Hy het gelag vir sy grappie. "Het jy New York geniet?"

New York, New York. Toeters en ligte en mense wat jou kop laat spin, Manhattan sizzles, jy voel die opwinding en potensiaal in die enorme billboards en die ligte wat jou insluk. Ek sou kon trip op my energie, high word, high soos die geboue gedoop in neonflitse. Ek kon selfs die energie in die fast food proe, in die stywe drienks en in die hoekkafees se bagels.

"Ek is mal oor Manhattan. Dis 'n opwindende stad."

"Dis 'n verskriklike wêreldse stad, dis hoe ek dit vind."

Sy besliste stem het my hele lyf laat styf trek in die bekende, stil rebellie. Ek wou nie weer aan 'n stem wat voorskriftelik praat oor wêreldstede en wêreldlinge onderwerp word nie.

"Dit ís maar 'n crazy plek," moes ek sê.

New York City sal homself nooit kan uitbrand nie. Die stad met 'n pas van sy eie, vasgevang in sy ewige siklus: as die son opkom, gaan die jollers huis toe en die working force stroom in, en die taxi's bly beweeg, beweeg. Daar is altyd ligte, mense, klank, 'n byna waansinnige roetine.

"Hoe gaan dit met jou ouers? Is hulle gelukkig in hulle gemeente?"

Ek het aan my ma gedink met haar hande in die lug en die trane en die spreke in tale wat uit haar lyf uit reguit hemel toe vloei.

"Hulle is heel tevrede. Dis 'n oulike pastoor, hy is redelik jonk."

"Ons het hier nogal 'n heel gawe klompie mense bymekaar gekry. Meestal Afrikaanse Apostolies. Ons is op die oomblik so vyftig expat-mense wat kerk hou in 'n skoolsaaltjie. Ons hou volgende naweek ons eerste doopdiens in 'n bergrivier in die Shenandoah-berge - ek dink dit behoort nogal vir jou 'n ondervinding te wees."

Alles in een asem: doopdienste en expats en kerk. Alwetende alomteenwoordige oë en woorde soos 'n sterk trek aan 'n joint wat my hele lyf aan die bewe laat gaan, asof ek die paranoia deur my are kan voel stoom.

20

"So howzit goin' in South Africa?" het die man met die skuins paadjie gesê, pastoor Nolte se tesourier in die kerk. Die Noltes het vir my 'n klein verwelkomingsteepartytjie gehou. In hulle skakelhuis wat hoog toring en presies dieselfde lyk as al hulle bure s'n, was 'n klein Suid-Afrika vol Afrikaners en Nasionaliste en Verregses en ook daardie soort wat hulleself verbeel hulle is Liberale. Hulle het gesit en old school politiek praat op netjiese Morkels- stoele wat in 'n container van Suid-Afrika oorgebring is. Die Jubilatum-sangers op die hi-fi het gesing en hulle stemme het in die gordynvoue gehang. Teen die mure was African artifacts en 'n groot foto van Tafelberg.

"Mbeki is a terrible president. We all had hope for the country when Mandela was president," het 'n man met 'n rooi gesig en vlasblonde hare gesê. Hy was in 'n kakiebroek, die stereotipe boer. Nie eers in Kuilsrivier het ek sulke boere gesien nie.

Die frases wat verby my kop hardloop - vrae oor rassisme en die nuwe regering en die bloeiende Aids-epidemie - in een aand se tyd het ek geweet hoe die winde in die Noltes se kerk waai. Hulle het van 'n Suid-Afrika onder 'n swart regering ontsnap en 'n volkstaat in die kleine in die VSA gestig.

"So is crime really bad in Cape Town?" het 'n vroutjie op Engels met 'n erge Afrikaanse aksent gevra. Sy het haar r'e nes die Amerikaners gerol. Haar hare was duidelik vroeër die aand ingedraai met rollers en het groot om haar kop gestaan.

"You adapt."

Ek het toe nog nie besef hoeveel ek later my onafhanklikheid in die States sou waardeer nie. Om nie die deur agter jou te sluit nie; om vrou-alleen twee-uur in die nag in die strate te loop sonder worries; om in 'n donker kinderparkie met 'n fling te sit.

"You become numb to it , I suppose," was my woorde aan die samedromming van kleindorpiemense en stedelinge met hulle monde vol oor die land wat hulle verlaat het. Hulle het kerk gepraat en visioene gesien van die eindtyd wat naby is. Alles het glo daarop gedui: global warming en die verdrukking van Christene in 'n eens Christelike Suid-Afrika.

Niemand het geluister nie toe ek sê: op intellektuele vlak is daar integrasie. Niemand het geluister nie toe ek sê: "Om die waarheid te sê, al my vriende het jobs gekry, behalwe die wat handdoek ingegooi het voor hulle nog eers geprobeer het nie."

In 'n stadium kon ek dit nie meer hou nie en ek het uitgebars: "Dis baie maklik vir ons om hier te sit en kritiseer."

Die geskokte stilte op die gesigte. Dit was 'n jong kind wat terugpraat, wat hulle outoriteit bevraagteken.

"Ek het daar gebly, onthou, tot nou toe. My familie was gelukkig, en ek ook. En die wat ongelukkig behoort te wees - die meerderheid Suid-Afrikaners wat sonder huise en kos en water en klere en al die basics moet klaarkom - hulle het geen opsie nie as om so gelukkig as moontlik onder die omstandighede te probeer leef."

My argument wat plat val in my mond.

"Life goes on for everybody, in Suid-Afrika ook. Jy compromise, en jy weet nie eers jy compromise nie omdat jy niks anders ken nie. Ek het nog my hele lewe lank my deure agter my gesluit en ek vergeet nooit om die guerilla lock aan die stuurwiel te sit nie. Ek ken niks anders nie."

My gesig het gegloei en my argumente het so naïef geklink. Maar as ek sou stilbly, sou ek sonde doen.

"You have so much to learn," het die tesourier gesê.

"Kom ons doen 'n gebed vir die kind," het iemand voorgestel en die aksente het stilgeword.

Pastoor Nolte het langs my kom staan en sy hand op my voorkop gesit.

"Bewaar hierdie kind, vlees en bloed van U, wat nou in die wêreld ingaan. Here, help haar om die regte besluite te neem en U naam uit te leef. Gee haar die sterkte om, waar sy ook al gaan, haar lig vir U te laat skyn, dat sy 'n waardige ambassadeur vir U sal wees. Amen."

Amen, het die Suid-Afrikaners gesê en die gesprekke het weer begin. Hulle het net oor hulle stukkies Suid-Afrika wat hulle agtergelaat het, gepraat, 'n soort politieke godsdiens, waarin nuusberigte gemeng word met Bybeltekste oor die onreg van menseregteskendings. Jy moes jou naaste lief hê soos jouself, maar daai regering darem!

Laurie, pastoor Nolte se vrou wat van Britse afkoms af is, was die enigste een wat die heeltyd stil gesit het sonder om 'n woord te sê. Ek het ook later stilgebly en net geluister.

"Tea everybody?" het Laurie uiteindelik gevra en dis die enigste woorde wat ek haar die heelaand hoor sê het. Ek was in Afrikaner girl mode en het aangebied om haar te help om tee te maak vir die groep mense. Sy het hulle beste koppies uitgehaal en rooibostee in 'n pot aangemaak.

"Everybody's going to be so happy when they get rooibos."

"I brought a supply that will last for at least three months."

Daar was 'n TV in die kombuis en 'n melktert wat gereed staan.

"It must be an anti-climax. To come back to South Africa when you've just left it." Sy het geglimlag, 'n hartseer glimlaggie om haar mondhoeke.

"I hope I can meet Americans. It might be quite difficult in a big city."

Sy het begin lag.

"I met plenty when I arrived here twenty years ago. It all depends on you."

"Where did you meet them?"

Sy was skielik verskonend, met so 'n stout glimlag.

"In bars, mostly. But don't ever tell André. Hy deal nie so goed met my past."

Ek was verlig. Ek het 'n bondgenoot gehad.

"Ah! Een van my soort," het ek gegiggel.

"I thought you were one of them, jy's dan uit 'n goeie Afrikaanse apostoliese huis? Hoe het jy van die pad afgeraak?"

"Ek hou van alkohol. It transformed me."

21

In die spieël kan ek die blommetjiesbedsprei sien, die kussings met frille, die donkerkleurige hout van die dubbelbed en my oopgespalkte tas met die klere wat daaruit peul. Die hele kamer het die gevoel van 'n ouerhuis; 'n pastoriehuis op 'n dorpie soos Swellendam.

Ek staan kaal op die digte mat voor die spieël in die vreemde kamer. Die rondings van my lyf is onbekend aan my. Vir die eerste keer kyk ek met nuwe oë na my lyf. Alreeds het die Amerikaanse girls wat ek op straat gesien het, my beïndruk met hulle selfvertroue. Selfs die wat veel meer ekstra op die heupe en boude dra as ek, dra noupassende klere wat hulle kurwes beklemtoon. Ek is een van daai girls wat wegsteek - eers as ek 'n paar drienks in my keel afgegooi het, het ek nie meer soveel om weg te steek nie.

Ek gaan sit wydsbeen op die bed sodat ek myself nog steeds in die spieël kan sien. Daar's 'n rolletjie wat saamvou in my middel. Ek knyp die vet aan my heupe en probeer daaraan dink as kurwes. Child bearing hips, dink ek. Luscious curves.

Ek laat rus my hande in die gleufies waar my bobene en maag bymekaar kom. Ek kyk na my oë. Hulle is donker en vol onbekende woorde wat ek nog nie geskryf het nie.

22

Alles was blink. Die messe, die vurke, die borde, die kristalglase en selfs die wyn het geskitter. Baby het ook gegloei, die goue ringe en fyn goue sandaaltjies, die blink van haar swart vel in die restaurantlig. Sy het 'n skramse toppie aangehad en haar klere was styf om haar lyf gewikkel. Haar hare was gevleg en hoog op haar kop vasgemaak sodat dit haar wangbene beklemtoon. Baby was beautiful en haar swart oë wou my wit vel skroei toe sy my aksent hoor.

Dit was my eerste opdrag vir Independent Newspapers. Ek moes 'n onderhoud doen met Baby Mboweni, 'n twentysomething wat so pas 'n boek oor haar apartheidservarings geskryf het. Haar pa is deur die veiligheidspolisie vermoor en sy liggaam in 'n vlak gat in die veld gedump. Terwyl ek Sondagmiddae my ma se kookkos geëet het en elke dag in 'n bruin uniform skool toe is, het Baby en haar familie in exile gegaan en sy is eers na Mandela se vrylating terug na Suid-Afrika. Baby was een van die eerste Suid-Afrikaanse jong stemme om 'n boek te publiseer oor haar ervarings as 'n kind wie se ouers hulle hele lewe aan die struggle gewy het. Haar boek was so suksesvol in die States dat sy reeds die filmregte daarvoor verkoop het.

"Baby," het sy haarself voorgestel, 'n Amerikaanse klank het gerol tussen haar Suid-Afrikaanse klanke. Ons het om die glinsterende tafel gaan sit en die hele Suid-Afrikaanse geskiedenis het saam met ons aangesit vir die onderhoud en die aandete.

Dit was soos 'n sierende elektrisiteitslyn styf gespan tussen ons.

"How long have you been here?" het Baby gevra, en my nie in die oë gekyk nie. Ons was ewe oud, ons het altwee ambisie gehad en opgemorsde liefdeslewes, maar die banale dramas van ons lewens was nie iets waaroor 'n mens praat as daar 'n kleurskeiding soos die spoorlyn in Kuilsrivier tussen jou lê nie.

"I'm fresh off the boat. Haven't even been here for a month yet."

"So you're a freelance journalist?"

"Ja, I'm a stringer for a bunch of English sister newspapers."

Sy het steeds nie na my gekyk nie.

"It's a great opportunity for you."

Sy het met haar goue ringe gespeel. Ek wou tussen die reëls lees, ek het geweet affirmative action en privileged whiteys was iewers in haar woordeskat. In myne was net skuld. Sy het versigtig 'n sluk wyn gevat.

"Not everybody has those opportunities."

Dit het soos 'n gebed geword, 'n refrein wat herhaal word. As ek sê ek is van Suid-Afrika, het almal gesê: "Great opportunity to be here in the States."

In almal se oë kon ek vrae sien, vrae oor die townships en die Aids orphans en die legacy van apartheid wat harder praat as jou patetiese woorde van verontskuldiging en selfs jou skulderkenning.

"I benefited from apartheid." Hoeveel maal sou ek myself nog die woorde hoor sê. "It doesn't mean I'm a racist."

Vir die eerste keer het Baby opgekyk, reguit in my oë. Ek het die glas wyn leeggemaak.

"Baby," het ek saggies gesê. "What happened that made you so bitter? Why do you resent me so much?"

Ek het nie my eie woorde verwag nie, ook nie die woede en toe die trane wat skielik make-up-paaie oor haar gesig spoel nie.

"I'm sorry, it's not your fault," het sy saggies gesê. "I know we're in the new South Africa now. But sometimes it's the same old, same old." Sy't wrang geglimlag.

"Apartheid affected all of us, blacks and whites. Some whites live with the chip on their shoulders now. At least I do," het ek gesê. " I wonder if I am entitled to call myself South African? As a white person, if I call South Africa my country, does that imply that I colonized it? I love South Africa, but can I love it the same way a black person does?"

Ek weet nie eers waar al my woorde vandaan gekom nie. Dit was konsepte waaroor ek in Suid-Afrika nooit gedink het nie.

"Can you tell me why you resent me so much and what I represent? Talk to me. I want to hear, I need to hear."

Sy het begin praat oor haar pa wat vermoor is. Aanvanklik was daar elke nag net hoop en vrees wanneer sy sou wonder waar haar pa hom bevind. Maar toe die veiligheidspolisie hulle begin jag en hulle van township na township moes vlug oor die land, was daar net die verskriklike, gedurige vrees. Sy het my vertel van die donker nagte wanneer haar ma haar sou wakker maak. Haar tasse sou alreeds gepak wees; die gesin sou in 'n kar saamgebondel word om na 'n volgende bestemming geneem te word. Elke nag van haar jong lewe het sy in haar drome vir die white cops weggehardloop. En toe die nuus een nag kom dat haar pa se stukkende lyf in die veld opgetel is, kon sy ophou vrees. Sy was eintlik verlig toe hy dood is, toe die weghardloop ophou. Sy het skuldig gevoel daaroor, dat sy verlig was. En sy't geleer wat dit beteken om binnekant dood te wees. Sy het net haat gevoel.

Na 1994 het die nuwe regering goed na haar gekyk. Sy't al die grootkoppe by die naam geken: Madiba, Biskop Tutu, die Sisulu's, sy was 'n ANC Youth League member, sy het beurse gehad en vriende op die regte plekke. Haar woorde was haar hoop. Sy het soveel hoop gehad om haar geskiedenis self te skryf. 'n Skrywer. Sy kon net nie uitfigure waar om wit mense in haar nuwe uitkyk te plaas nie. Sy het 'n rukkie stilgebly en stip na my gekyk.

"You're my competition," het sy skielik gesê en begin lag. "You write, you're here, we're the same age, same ambitions, same dreams. I never thought a white girl would be my competition."

Iets het tussen ons gekliek, oombliklik. Soveel woorde in soveel oomblikke, soos 'n stekie wat kerf, kerf hartlangs.

"I've had a head start. I feel so guilty."

Die verwondering in haar swart oë, sag en hartseer. "You don't have to feel guilty."

"I'm guilty, because of what I've had, what my skin colour entitled me to. And now I'm here in the land of opportunity. I'm still guilty."

Baby was 'n oomblik stil. Sy het in haar handsak gekrap en 'n lipstiffie uitgehaal.

"I also feel guilty because I'm here. Because I didn't go back when I was able to go back, and because I want to be here," het sy gesê.

Ons woorde het skielik in die asbak op die tafel gelê, uitgebrand, klaar gerook. Nou sou ons ons gesprek kon hervat. Baby was soos contemporary Mama Africa wat voor my gesit het in haar stywe klere en goue ringe en haar phony Amerikaanse aksent en haar swart wimpers. Sy het haar lipstiffie versigtig toegemaak en haar lippe geklad.

"Do you have a boyfriend?"

Ons het saam begin giggel.

"Boyfriends? That's another story altogether."

23

Die deur was oop en die musiek het daaruit in die nag in getrek. Sy was op haar verweerde couch, die radio en CD's oor die vloer gesaai. Haar oë was toe en sy was uitgestrek op die bank. Die TV was aan, die volume afgedraai. As hy maar sou weet dat die oneindigheid van hartseer in die musiek ook in haar kop kom nesskop het.

"Elgar: The Enigma Variations," het sy gefluister toe hy saggies klop. Sy het beduie hy moet langs haar kom sit. Hy het haar hemp oopgeknoop en sy het sy hande en mond oor haar lyf gevoel. Hy het bo-op haar gaan lê en dringend teen haar aangedruk tot sy hom saggies weggestoot het. Sy het op die trap in die donker gaan sit.

"Do you have a smoke?"

Hy het langs haar op die trap kom sit. Hy het een sigaret opgesteek en hulle het dit tussen hulle gebounce; hulle vingers het aan mekaar geraak. Hy het skielik haar hand geneem en hy kon die skrik in haar lyf aanvoel. Sy het nie gepraat nie.

"Lea?"

Sy het stilgebly. Hy het haar aan die skouers gevat. Haar lyf het gebewe.

"Do you want to stay at my house tonight?" het hy gevra. Sy het geknik, onseker. Hy het na 17A African Street gery en hulle het onder die enkele slaapsak op die rooi bank in die sitkamer gaan lê. Aanvanklik was daar afstand tussen hulle lywe. Hulle het na die Panasonic TV gekyk. Later was hulle lywe warm teen mekaar en haar lyf het gegloei. Soos haar kop. Sy het geweet haar oordeelsdag was naby. Sy het gedink aan die moontlikhede wat opgesluit lê in daardie enkele besluit om haar bene oop te maak of nie. Sy sou kon sy girlfriend word, met haar tandeborsel in sy badkamer en sy sweatshirts wat in haar kamer rondlê. 'n Enkele besluit om 'n deur in haar kop oop te maak.

"James," het sy gefluister, "I don't think I am ready."

Hy het lank in stilte in die donker gelê en toe opgestaan.

"I'm going to sleep in my own bed now, Lea."

Sy stem was koud en haar lyf het ineengekrimp.

24

Sy handdruk was pap. Hy het 'n pak aangehad wat los aan sy lyf gehang het. Sy hare was glad gejel en hy't na naskeermiddel geruik. Hy het die stoel vir my uitgetrek en die kelner nadergeroep.

"A bottle of your best red wine for starters. That's okay with you?" het hy gevra en weer geglimlag. Spierwit tande, so half skeef in sy mond, asof hulle nie daar hoort nie.

Ek het geknik. "Red wine's great, thanks Nilesh."

Hy het gaan sit en half vooroor gebuig oor die tafel. Hy het my in die oë gekyk.

"So finally we meet, Lea. You're the freelancer who is just off the boat from South Africa."

"That's me. I'm writing a few articles about previously exiled South Africans."

Nilesh was die media attaché by die Ambassade. Sy gesig soos 'n verkeerslig: jy het jou woorde aangepas by die kleur. Oranje en jy was op versigtige terrein, jy moes mooi praat. Rooi en ek het begin praat oor onbenullighede, die nuwe lewe in die States, my eie political coming of age.

En die meeste van die tyd te groen. Asof hy wou sê: "Young girl. Young Afrikaans girl."

Hy het 'n slaai bestel.

"You can order anything you want, its a business expense," het hy gesê en geglimlag.

Sy oë was donker. Skelm oë, sou my ma sê.

"I read your last article on that young writer, Baby Mboweni. Very nice stuff. You seem to be doing a good job."

Die kelner het die bottel rooiwyn voor ons neergesit en hy het my glas volgemaak.

"I've also read some of your other stories. Some of them were quite negative. They could be construed as racist."

Die woord soos altyd 'n alarm in my kop. Ek het na sy goudbruin vel gekyk en gedink: dis jou swart oë wat my bang maak. Ek het vinnige slukke geneem, te vinnig.

"Could I interview the ambassador?" het ek gevra, my stem was soos 'n klein meisiestem, hoog en asemrig. Ek het my bewerasies met wyn afgesluk.

"If you write anything that could be perceived as negative, you may close some doors. If any journalist writes anything negative, I can personally close doors for them. You won't have access to my ambassador, or my president."

Sy woorde soos rook wat oor die tafel hang. Die rooiwyn het begin terugpraat. Ek het baie gelag, so 'n senuagtige laggie en ek het gegryp na staaltjies oor D.C. Ek het gepraat en gepraat oor my homesickness somtyds as my musiek my terugneem na hartseer klein dorpies, oor die stories wat ek wou skryf, oor my idealisme. Ek kan vertrou word, het ek gedink, trust my asseblief, ek is geen rassis nie, die gedagtes in my kop wat flits soos rooi ligte, aanhoudend.

Sy wit tande het begin praat oor die scene in New York en Washington D.C. waarin hy glo naam gemaak het vir homself.

"You don't know what female journalists would do for a story," het hy gelag. "It's unbelievable."

"I'll never do that," het die rooiwyn vinnig gesê. "Never. I don't sleep around."

My sin wat my koggel-koggel en opstoot deur my wange en rooi onder my oë gaan lê. Ek het my glas rooiwyn weer volgemaak en dit vinnig afgesluk. Ek wou nog drink sodat die bewerasies en die alarms kon stil raak. Ek het hom hoor praat oor Afrikaners wat nou almal ewe skielik liberaal geraak het en kwansuis passiewe ondersteuners van die freedom struggle was. Hy't gepraat oor hulle onkunde wat hulle nou as verskoning gebruik.

Ek het geweet ek is besig om my freedom struggle te verloor.

"I know I benefited from the system," het ek gesê. "So yes, I'm guilty, I have a chip on my shoulder. But I'm not racist. "

Die ewige chip wat altyd moes terugpraat. Ek het onoortuigend vir myself geklink en gesien hoe sy swart oë harder word en die wit tande in 'n groter glimlag trek. Ek het gesien hoe sy maer, dun vingers om die bottel vou en weer my glas vol maak.

"Racism is ingrained," het hy gesê. "One has to engage in introspection. Evaluate your ingrained attitudes."

Ek het gedrink en gedrink. As die wyn in bloed kon verander, sou hy my dalk kon vergewe en die chip van my skouers afwas.

"There's one question I always ask people when they claim not to be racist."

Ek wou vir hom ook 'n vraag vra. Ek wou weet of al sy vooroordele oor my van hom ook 'n rassis gemaak het. Maar sy lyf het oor die tafel geleun en die wit tande was te naby aan my.

Ek kon voorspel wat gaan gebeur toe hy sy natgeswete hand oor myne sit en my diep in die oë kyk.

Ek het gedink die oomblik gaan opblaas en ontplof en ek sou dalk rooiwyn opbring en ek kon sien hoe ek die bottel omstamp en hoe die rooiwyn oor die tafelblad spoel en hoe ek uitloop met glaserige oë en trane wat loop oor my gloeiende wange, want die bloed kon nie my sondes afwas nie en ek het geweet wat kom, en die wit tande het gesê: "Would you sleep with a black man?"

25

Ek was terug in my blommetjieskamer met die sagte mat met rooiwyn en die aand se nasmaak in my mond. Die pastoor het iewers gebid en ek het gewonder wat hy sou sê as ek rooiwyn oral oor sy mat sou opbring. Laurie moes iewers wees, maar ek was te bang om haar slinger-slinger te gaan soek. Dalk sou ek die pastoor raakloop. My Suid-Afrika in Amerika het my moeg en dronk gemaak. Ek het steeds bly dink aan sy pap hand, en die nat soen op die wang toe ek verskoning maak en besluit om die restaurant wankelrig te verlaat.

"Would you sleep with a black man?"

Het sy onnodige vraag aan my van hom 'n rassis gemaak? Het hy van my skuldgevoel probeer advantage neem? En tog het die vraag gesteek. As ek wou, sou ek vir die media attaché kon sê dat ek wel saam met 'n swart man geslaap het. Maar het ek saam met die Ethiopiër in New York geslaap oor kleur nie saakgemaak het nie, of het ek saam met hom geslaap juis oor sy velkleur?

Die herinnering het skielik gekom: 'n vae herinnering aan 'n music festival in die sandgrond van Hangklip. Dit was die eerste keer dat ek die rap band hoor optree het, Coloureds uit die Kaap wat rap in Cape Flats style. Hy was die main rapper, met 'n Afro en baggy pants en 'n attitude wat onmiddellik my aandag getrek het. Elke movement op die stage, sy interaksie met sy gehoor, sy flirt met die mike, ek moes hom net ontmoet. Na die show het ek na hom toe gestap.

"Ek's Lea. Hulle noem my Loony Tunes, ek dig jou band," het ek geflirt.

"Wat wil jy hê?" het hy afsydig gevra.

"Ek wou net met jou kom praat. Ek dink jy't moerse stage personality."

Hy my lank uitgekyk.

"Afrikaanse girltjie kom praat met 'n bra uit die Flats. Jy doen dit net omdat jy iets wil prove. Dis mos die new South Africa. Dis mos cool."

Die drank wou nie eers terugpraat nie.

## HOOFSTUK DRIE

1
(Vrydag
Washington D.C.)

Ek het vinnig aangestap oor die wit sypaadjie. Ek kon die ondergrondse treine hoor diep in die maag van die aarde, soos geheime. Die trein sou my neem na die bus, die bus sou my neem op die interstate deur 'n donkergroen gang van bome: The Green Corridor. Binne vyf ure sou die eerste reuse-advertensieborde van New York City my verwelkom.

Ek het my sigaretstompie op die sypaadjie neergegooi en skuldig gevoel. In Washington is altyd daardie gevoel dat die mag van die wêreld onder jou voete lê. Jy moet dit respekteer. 'n Sigaretstompie op 'n reine sypaadjie was polities inkorrek.

Die paadjie was reeds in my kop: ek het presies geweet waar ek op Port Authority sou afklim en dat ek met 8th Street noord sou loop, in die rigting van Madison Gardens na die Chelsea Star International Backpackers.

Hierdie naweek sou 'n konneksie wees met musiekfeeste en klein dorpies en skuldige nagte. Die e-pos het my die oggend op my computer geterg: 'n onderhoud met die Hoof Sanger wat in Manhattan is vir die post-production van die band se nuwe album.

'n Dun draadjie wat my verbind met daardie berg, die bosveld en die musiek waarin ek myself kon verloor. En waar anders sou ek die Hoof Sanger kon ontmoet, behalwe in 'n studio in die hart van Manhattan? Die stad en die man wat dieselfde dimensies as die maan in my kop gehad het, ek kon my dit nie verbeel nie.

Manhattan is 'n stad van stories wat op die agtersitplekke van taxi's en in go-go bars en op straathoeke tussen ligte en taxi's afspeel. Ook ek en die Hoof Sanger het 'n storie gehad om te voltrek, 'n einde om te skryf. 'n Voorspelbare storie, dieselfde speletjie oraloor, soos in hotelkamers tussen sku glimlagte en onsekere lywe.

2
(Afkop)

Dis die nag voor Oppikoppi '98 amptelik afskop en ons almal hang in die kroegie teen die koppie rond. Al die celebrities is daar en almal is natuurlik gesuip. Ek dans op die tafels in die bar om die Hoof Sanger se aandag te trek. PW en Georgie slaan shooters af en hulle feature nie op my agenda nie - net die man met die stem. Hy is op elke liewe voorblad met sy goddelike mooi gesig.

Vroeër die aand het hy sy hand in 'n groet gelig en met sy lippe "Liedjies" gevorm. Dit het my my energie vir die nag gegee, want hy het my onthou. Nou vra hy vir die DJ om die Beastie Boys te speel en wriemel sy lenige lyf daarop. Ek maak 'n nota in my agterkop: hy hou van die Beastie Boys, hy ken die woorde van Jeff Buckley se "Grace" en hy kan sakkie-sakkie ook.

Net nie kop verloor nie, probeer ek myself waarsku as ek nog 'n vodka, lime en water afslaan. Alle mans wat kan kry wat hulle wil hê, is gevaarlik. Ek dans wilder, gooi terloopse blikke na sy kant toe.

PW kom na my tafel en trek my aan die arm. PW probeer my altyd oppas; hy is die soort ou wat water en koffie sal aandra as jy per ongeluk te dronk geraak het.

"Loony Tunes kom, ons gaan slaap."

Ek lag net. Gooi soene, swaai my heupe.

"Klim af daar," beveel hy.

"Hoekom sal ek vir jou luister PW?"

"Jy's dronk. Jy gaan jouself embarrass."

Ek praat met my oog steeds op die Hoof Sanger.

"Ek koop vir jou 'n drienk," beloof PW en natuurlik val ek soos alle girls daarvoor: dit gaan mos om die hand met die beursie. Ons stap buitentoe met die soveelste vodka, lime en water vir die nag. Ons staan op die klein verhogie waar die jazz bands môre gaan speel.

"Hier wil ek nog sing," sê ek, en dink aan 'n duet met die Hoof Sanger wat 'n treffer sal wees. Dalk 'n Buckley cover, al is dit ook glad nie cool om covers te doen nie. George Lever kom join ons met 'n skinkbord waarop 'n ry shooters regstaan.

"Are you ready boys and girls, for the final drinks of the evening? Oh, check that out, that's kind of eerie."

Op die jazz-verhogie hang 'n lus soos 'n galgtou aan die verhoog se reling.

"See, it's a warning. They only endure talent on this stage," sê ek.

"One day we'll play the Koppi, that's not a dream, it's a promise!" gil Georgie Lever.

"In your lifetime, Georgie. In your lifetime."

Die Hoof Sanger kom ook uit die kroegie, sy arm om 'n blonde dingetjie. Hy rem aan haar met klein oë.

"Hou jy van die Beastie Boys?" vra hy.

"Wie is die Beastie Boys?" vra die dingetjie.

Hy lag en gooi sy baadjie om haar. Vir die Hoof Sanger, dink ek, sal ek enigiets doen. Ek leun met my kop op PW se skouer. Ek kry koud, neul ek.

3

(Malkop op Stellenbosch)

Daar is vreemde prente teen die mure. Swart-en-wit blokkies teëls, kerse wat brand, lere en vlieënde kreature, blitse van ligte en musiek, ek voel halfpad nugter en verlore. Ek sit op die barstoeltjie en kyk na die mense, soos vallende voorwerpe tussen die draai van ligte en swaar musiek.

'n Glas water, beduie ek aan die barman. Sodra ek nugter genoeg is, moet ek Kuilsrivier toe ry. Ek moes nooit begin drink het nie.

'n Tik aan my skouer.

"Jy moet nooit so alleen sit in 'n plek soos dié nie."

Nogal 'n gawe glimlag so tussen die bos krulhare en 'n vaalblou cardigan retro-styl.

"Jy is nie 'n regular hier nie," sê hy.

"Ek swot op Rhodes. Ek het net huis toe gekom vir die langnaweek. Dis in elk geval te wannabe hier op die Bos."

Sy krulle wip-wip soos hy lag.

"Dalk mis jy uit."

Nick Cave and the Bad Seeds begin dreun. Die dansendes gaan syg neer in donkerkleurige kussings. Die bar word toegepak, whiskey en biere gly af in die hees-gerookte kele. Dit raak benoud, 'n soet geur van sweet en rook. Balkon toe, beduie die krulkop. Hy steek die joint op en oorreed my om saam te trek. Die kringetjie word groter: al die krulkop se Skelmbos-kennisse.

"Ken jy die Hoof Sanger?" vra ek, want die Hoof Sanger bly op die Bos.

Natuurlik, Lappies ken almal, merk iemand op. Die krulkop lag en kyk my in die oë. Hy blaas rook deur sy neus.

"Het jy 'n ding vir die Hoof Sanger? Alle girls lê agter hom aan."

Hy terg en ek probeer my cool hou; my kop is dom van die dope.

"Hang af watse 'ding' jy bedoel."

Ek sê dit in sy lewendige oë in. Ek hou hom met my oë vas en druk my knie teen sy been. Die vingers is skielik op my been. Hulle vroetel aan my knieë voor ek die hand vasknyp, oor die tafel leun en my hande in sy krulle insteek om te voel of hulle wel 'n lewe van hulle eie het.

"Kom," sê Lappies en trek my op en druk my teen die muur in die hoek van die balkon vas en die bos krulle hardloop oor my nek en behendig knoop die skarrelende vingers my hemp oop en dan is die krulle oor my bors en ek staar met oop dom oë na die kop wat teen my lyf vassuig op die balkon en ek hoor die stemme sê: "Check vir Lappies, hy mors g'n niks tyd nie," en die wind stoot marijuana op in my neusgate.

Dis 'n stem wat skielik die aand laat stol as iemand sê: "Jong, as die cops ons hier vang op die balkon."

Ek hoor die wind, ek weet die wind dra die reuk na die strate, deur die vensters van cruising vangwaens, my gedagtes raak sneller, 'n gedagte per beat, 'n gedagte per ligflits, 'n gedagte per asemtrek, ek gaan vergeet om asem te haal.

"Hoor hierso," sê ek vir die krulkop, "ek is 'n bietjie paranoid, watse goed het ons gerook?"

Ek ken ongeduld as ek dit sien.

"Dis excellent stuff man, relax."

Die krulle wip op en af, soos miljoene klein elektriese slangetjies op sy kop, sy glimlag is skerp, die oë klein. Hier moet ek uit, besluit ek.

"Ek het die loo nodig," sê ek en ek los Lappies agter my in die donker nag. Ek knoop my hemp toe. Ek baan my weg tussen brekers, walms en donker figure deur, oor strate, sien uiteindelik 'n rooi Golf, 'n bekende plakker op die agterruit: die eerste vriendelike indruk van die aand.

Ek ry huis toe, stadig. Deeglik. Ek konsentreer: Die koppelaar, die rem, die petrol. Ligte aan. Een refleks per gedagte. Tyd stol tussen gedagtes. Afstand is bedrieglik, ry daarom stadiger, versigtig, domp die ligte, die pad soos 'n donker donga. Ry net. Huis toe. Huis toe.

Die aand toe ek Lappies ontmoet het, Lappies was net nog een van daai mense wat soos bierbottels rondom jou gebreek word; 'n gesig, dan daar, dan weg.

4

(Vrydagnag
New York City)

Met die press pass om my nek is ek met trappies af en deur 'n doolhof klein gangetjies tot ek te staan gekom het voor 'n lae tafeltjie met bottels spirits en bier en 'n tydskrif waarop die dagga gereed lê. Daar was lywe oral. Ek het niemand herken nie, almal was wasig, net sy blondekop was helder en duidelik.

"Liedjies," het hy geglimlag, soos 'n tuiskoms.

Daar was joints en vingers geklem om glase en skerp laggies van meisies en tussendeur dit alles sy lae stem, en sy oë. Hulle het geweet en hulle het my geterg. Met die Hoof Sanger was dit soos 'n lucky packet, jy weet nooit wat om te verwag nie. Hy sou sy sonbril afhaal en dalk glimlag, of hy sou daaragter sit: koud en onbetrokke. En vanaand was hy nice, het ek gedink. Nice.

"Sy is 'n party girl, hierdie een," het hy gesê.

Ek het myself voel krimp tot die needy dogterjie voor die verhoog met 'n lighter wat sy entoesiasties heen en weer swaai en skril gille vir die Hoof Sanger. My kop al klaar suf gerook.

"Lea and I are going to explore Manhattan tonight," het ek hom veraf hoor sê.

5

(Oppikoppi 98')

In 'n see van bottels, die dreuning van soveel voete, ideologie politiek kultuur en stemme.

"Jy's 'n rassis," sê iemand met 'n perfekte Engelse aksent aan 'n lat wat boereworsrolle met 'n grinnik verkoop.

"Ek's vannie Vrystaat, ek kan braai," sê die lat, "and drougggs are the best!"

Sinne woorde soos die bierblikke wat oor my kop gegooi word maar vanaand maak niks saak nie, niks nie, net hy. Gille vir die Hoof Sanger.

Ek is alleen tussen bekendes, 'n aand van sterre in die hemel, soveel sterre in my oë.

En ek wag op die Hoof Sanger, soos ek soveel maal tevore in Grahamstad, Kaapstad, Oppikoppi, Bloem, PE, langs die Breede Rivier en in donker bars in die Kaap op hom gewag het. Op 'n glimlag, 'n oogknip, 'n klein gebaar om te wys: ek het jou gesien, ek ken jou naam, Lea.

15 000 juig, die Hoof Sanger lyk onbewus van sy uitwerking. Ek swymel, beweeg, ruk, gil.

Dan is daar onverwags stilte as die luidsprekers afgeskakel word. Almal bly verdwaas staan met singende ore. Die crowd begin weer moan en skree. "More! More!" dreun dit deur die nag

'n Nota word aan die Hoof Sanger oorhandig. Hy bly 'n oomblik stil en kyk onbegrypend na die stukkie papier in sy hand. Hy laat los die flentertjie en dit waai in die gehoor in. Ligflitse stop en die Hoof Sanger verlaat die verhoog. Sy band volg.

"Booooooooo!" skree die gehoor. "Bring back the band!"

Ritmies vra almal vir sy terugkeer. Soos tromslae: Bring hom terug Bring hom terug.

Die organiseerder stap op die verhoog op. In 'n somber toon vra hy: "Asseblief, as jou vriende effens out of it is, pas hulle op."

"Booooo," skree die massa lywe.

"Neem hulle na die noodhulptent, maak seker hulle is okay."

Die Hoof Sanger keer terug. 'n Opgewondenheid stoot deur die massa, dit beweeg, op en af, dreunend, gillend.

"Het julle gehoor wat hy gesê het?" vra die Hoof Sanger, sy stem kraak oor die mikrofoon, bring die beweging tot stilstand.

"Jaaaaaaaaa!" gil mense. "Siiiiiing!" gil ander.

Die Hoof Sanger kyk stil na die gehoor. Bewegingloos. Die massa raak stil, vraend, hulle kyk op na hom. Stadig praat hy: "Daar was 'n ongeluk vannag."

6

In 'n stad waar die energie ontplof in die ligte van geboue en in jou kop en in die loei van trompette, toeters en glase, kon ons niemand wees nie. Dit was nie Lea en die Hoof Sanger nie; ons kon bagasie in hartseer hotelkamers agterlaat. En ek kon droom.

In New York is drome soos volmaak geskape sigarette, kort lewensduur en brand gou uit. Lea het lank gewag vir die Hoof Sanger. Soveel aande voor talle verhoë tydens musiekfeeste oraloor die land, het ek gewag op hom, gehoop hy gaan my raaksien, gehoop sy stoppelbaard gaan teen my wang kielie.

Ons was in 'n donker jazz bar iewers in Greenwich Village en op die verhoog was 'n groot swart vrou met 'n grootse, hees stem wat my agter die blad getickle het en 'n gryskopman met 'n trompet.

Hy het met onleesbare oë gesê: "Liedjies. Wie sou nou ooit kon dink ons hang uit hier in New York, ek en jy. "

Ek het gedink aan daardie aand vier jaar terug tydens die Grahamstadse Kunstefees, toe ek en liewe PW vir die eerste keer saam uit is. Ek het PW alleen gelos omdat ek heeltemal infatuated was met die sanger. Daardie aand het ek met soveel bravade vir die Hoof Sanger gesê: "My ma noem my Liedjies."

"Die stad slaap nie, so ons hoef ook nie," het ek gesê. 'n Stad van moontlikhede soos te veel tequila shots. Ek het die tequila by hom geneem en ons vingers het aan mekaar geraak. Ons was reeds hooggerook.

"Ek is 'n idealis. Dis asof ek altyd agter a better life for all aanhardloop, jy weet?"

"Ek verstaan. Ja, ja. Ek is nogal skepties, jy weet, maar ook driven by my ideals, as jy weet wat ek bedoel?" het hy gesê.

Ek het my paperback van Hunter S. Thompson uit my rugsak gepluk en my gunsteling-quote vir hom gelees.

*It was the tension between these two poles - a restless idealism on the one hand and a sense of impending doom on the other - that kept me going.*

Ek het weerloos gevoel voor hom en my verbeel my hartjie lê in die asbak tussen ons. Dit het rooier en rooier geword in die asbak. Ek het dit dopgehou: die Hoof Sanger se woorde het dit laat swel.

"Dis dit. Dit som als op. What we're all about, ek en jy."

Ons kon ons wêreld saamvat met daardie enkele sin: die impending doom, die Christen-Nastionalistiese Suid-Afrika soos 'n uitgediende kledingstuk waarvan die some begin lostrek, impending ekonomiese krisisse, die misdaad, die jeug wat emigreer, mense wat vlug van die nimmereindigende geweld, die Vigs-epidemie. En dan ook ons rustelose idealisme: ons drome van fame, die drienks, die kicks.

Ook ons rusteloosheid wat my tot in Manhattan gedryf het waar ek sit met die alewige drienks en sigarette en joints en in die arms van vreemdelinge, disposable soos bierblikke. En altyd die vraag wat my dryf: Waarheen nou? Wat is volgende? Is daar iets beters?

Daardie nag het ons vir 'n enkele oomblik antwoorde gehad: daar is iets beters; daar is die moontlikheid van liefde en seks en ons kan die antwoord by mekaar kry, 'n antwoord geldig vir 'n enkele nag.

Die Hoof Sanger se gesig teen myne, sy warm asem teen my nek, sy stem wat sing, sing, sy oë wat praat. Waarheen?

Binne-in my in.

Toe die barman roep, "Last call," sê die Hoof Sanger: "Jou plek of myne, Lea. Daar's nie 'n Ragel in die prentjie vannag nie." Hy het gelag.

Die nag kon aan Lea behoort. Maar net vannag sou hy myne wees.

"Convenient nè, dat Lea beskikbaar is vanaand."

"Kom nou, moet nou nie moeilik wees nie. Kom ons gaan slaap, Liedjies," het hy weer gesê. Die klein dorp-girlkie wat haar kop hartseer skud. My sense of impending doom. Nee wat, ek vang maar 'n geel Manhattan cab met 'n huilende hooter na my jeughostel.

Ons het in die straat ingeloop en niks oorgehad om vir mekaar te sê nie. Hy het 'n taxi nader geroep. Op die agtersitplek was ons lywe sku en ons woorde min. Ek het uitgeklim op 8th Avenue en die taxicab receipt in my hand getroetel om die nag altyd te onthou: die nag wat blink en suf geword het, 'n aand soos 'n sigaretstompie op die sypaadjie.

'n Man het my aan die arm geneem en gevra: "Girl, where's your boyfriend?"

"In a yellow cab," het ek geantwoord, my arm probeer losruk uit sy greep, ek kon die neon oggendster op die dak van die Chelsea Star International sien roep in die nag, 'n ster wat my nie lei nie maar uitroep, help.

7

Dit was soos die smaak van 'n hangover om later aan daardie Oppikoppi terug te dink. My groupie-entoesiasme was besoedel met 'n gevoel wat ek nie kon definieer nie. Natuurlik was ek, soos die meeste van die 15000 in die crowd, daardie nag heeltemal trashed. Die organiseerders en die Hoof Sanger het nie verdere besonderhede oor "die ongeluk" gegee nie.

"Look after your buddies."

Ek dink ek het dronk tussen Georgie Lever en PW gehang en moontlik iets in sy oor gesê soos, "Gaan jy mooi na my kyk vannag PW?"

Flardes wat ons later bereik het, verskillende weergawes en reaksies. Ek het huis toe gebel om vir haar te sê dat ons veilig terug is op Grahamstad. Haar stem het oud en moeg geklink, en ek wou huil omdat sy so hard probeer het om vrolik te klink.

"So jy was toe by Oppikoppi?" het sy gesê. Die stil verwyt in haar stem. "Hulle het oor RSG gesê dit was een vreeslike dronkspul."

"En het hulle enige iets gesê oor die musiek: die amazing jazz-musikante en die SA music explosion wat op die wêreld-map behoort te wees?"

Ek het my terugbyt in 'n grappie probeer verander. Sy het lank stilgebly voor sy gesê het: "My kind, jy word daarmee geassosieer. En dan is daar nou nog die ongeluk ook. Hulle sê die outjie het dwelms geneem."

Haar stem was ver en so hartseer dat ek niks kon terugsê nie. Die koerante het berig dat 'n naamlose jongman by die jaarlikse Oppikoppi-musiekfees selfmoord gepleeg het. 'n Klankman het 'n maand of wat na Oppikoppi vir my vertel dat 'n ou wat op acid getrip het, homself per ongeluk opgehang het aan daai lus wat op die verhoog gehang het.

Dit was PW wat daardie nag na die Hoof Sanger se konsert, eerste opgemerk het dat die groot lus nie meer aan die klein verhogie hang nie. Ek het Georgie Lever se opmerking onthou oor die lus op die verhoog. Dit was toe ons diepnag en baie drienks later op die klein verhogie na 'n jazz band geluister het.

Ek was in 'n dronk beswyming ná die Hoof Sanger gesing het soos ek hom nog nooit hoor sing het nie. Daardie goddellike stem wat 'n song aan Lappies opdra. Ek het aan Lappies gedink soos ek hom daardie nag in die Bos in daardie gothic bar op Stellenbosch ontmoet het met Nick Cave wat dreun en ek en Lappies wat op die balkon 'n joint rook voor ons aan mekaar proe. Ek het sy retro outfit onthou wat in die donker crowd uitstaan, sy krulle soos lewendige slangetjies op sy kop wat wip, wip. Daar, en weg. Memories is nie disposable nie.

8
(Sondag
Washington D.C.)

Manhattan reveal soms oomblikke aan jou, dis daardie oomblikke waaraan 'n mens later vashou met 'n soort desperaatheid, anders ontglip die stad jou geheue. Ek was terug in Washington in my klein, deurmekaar kantoortjie voor die computer.

Ek was besig om die Hoof Sanger se CD review te tik. Die naweek in Greenwich Village was soos 'n song wat in jou kop vashaak.

Die foon het gelui.

"Lea."

Dit was daai stem wat teen my gesig gepraat het toe die jazz deur die bar draal, die stem was ver en ook naby.

"Ons is op pad London toe. Ek wou net sê cheers en good luck. "

Ek het soveel vrae gehad om te vra maar niks om te sê nie.

"Dankie vir die bel. En baie dankie vir die naweek."

"Dit was baie lekker. Dankie Lea."

"Dan sien ek jou in Suid-Afrika"

"Dis as jy terugkom. Gaan jy terugkom?"

"Maybe maybe not."

"Bel my as jy in die Kaap is, dan vat ek jou vir 'n dop. Bye-bye dan, Liedjies."

Die naweek dan soos 'n song wat na jou terugkom na jy dit vir dae probeer onthou het, en skielik kom elke bassriff terug na jou.

# HOOFSTUK VIER

1
(Kuilsrivier, 2000)

My ma se vriendin se seun bel toe uit die bloute laat een Vrydagmiddag.

"Wil jy saam met my na die AGS Goodwood se byeenkoms vir ongetroude werkende jeug gaan?" wil die outjie weet.

Is dit 'n date? wonder ek.

"Nee wat dankie, ek het klaar ander planne."

Die dag as ek myself as deel van die "ongetroude werkende jeug" begin beskou, het ek die onvermydelike aanvaar: dat 'n mens nie vir ewig kan rondneuk nie. Dit sou beteken ek settle vir tweede beste, vir 'n doodgewone voorstedelike bestaan.

Maar Kuilsrivier-girls soos ek ry nie alleen snags op die land se highways rond om te gaan club nie; dit is Wet en Woord. Raad-op met die *Gladiators* (SABC 3, dink ek) op my Vrydagaand-in-Kuilsrivier agenda, bel ek tog die seun.

"Ja wat, ons gaan kyk maar wat daar aangaan."

Ek kon nie die opgewonde afwagting op die moedergesig miskyk nie: Dalk vind ek aanklank by die besondere groep Christen-jongmense.

Ligte make-up. Ek wou nie probeer mooi lyk vir 'n spesiale geleentheid nie. 'n Ongeërgde outfit. Te ongeërg, en definitief nie gepas vir die byeenkoms nie, aldus die moedermening.

'n Mini-drama speel homself in die kombuis af, waar 'n meisie veg om selfgelding, die stryd op die ou end gewonne gee en compromise.

Die seun het my kom oplaai en selfs die deur van sy Corollatjie vir my oopgehou. Ons het in 'n Sondagskoolklas gaan sit, ek en die seun saam met die ander ongetroude werkende twentysomethings. Die nuwe gesigte moes hulleself voorstel, soos by 'n AA- byeenkoms:

"Ek is Lea." En om hier te wees is 'n compromise.

"Jou bankbalans?" het 'n grootbek-ou gevra.

"Unemployed."

"Sy het so pas klaar geswot by Rhodes; sy hou nog vakansie." Die seun aan my sy het tot my verdediging toegetree.

Die pastoor in 'n stywe, klein kortbroek, gekous in sy tekkies, het gevra ons moet in groepies opdeel vir 'n vinnige ysbrekeraktiwiteit. Ek was nog nooit die soort kind wat aan ysbrekeraktiwiteite deelneem nie; daarom hang ek eerder in bars rond.

Is dit my nuwe lewe, het ek gedink tydens die aktiwiteit. Myself probeer indink in 'n ander scenario, 'n ander lewe 'n millennium gelede. 17A African Street, Grahamstad. James, sy bruin handdoek om sy lyf, die Panasonic TV se remote in sy hand, op die rooi couch. Die harde skouers, die geamuseerde laggie om sy mondhoeke.

"Want to share a smoke?" Die puppy-ogies waarmee hy my oorreed.

Ek het amper nooit vir hom nee gesê nie. Hy het die flikkering in sy oë gehad. Daai rusteloosheid wat brand in sy bors, wat hom die een drug na die ander laat sluk, hy was immers invincible, my mickey mouse met die rooi skoene wat nie 'n oomblik in een plek wou stilstaan nie, hy't gebounce asof hy high was, drienks in sy keel afgegooi asof die son nie môre sou skyn

nie. Vir James was almal rondom hom karakters in sy comic strip; die plan was om al die karakters rondom hom te laat dans.

Hoekom kon ek nie van James vergeet nie? Ons mission was om te soek vir die treasures in elke bottel of shooter wat ons afslaan of elke pil wat hy afsluk of die joints wat ons deur ons vingers trek. James. My beautiful boy met die wilde hare en die sterk kakebeen. The only people for me are the mad ones.

Rondom my was oop, skoon gesigte, 'n naïewe soort romanse in elke glimlag wat uitgesein word en elke exchange tussen die geslagte: ek kan 'n goeie man of vrou wees.

"Soek vir julle 'n ander helfte met 'n opregte hart," het die pastoortjie gesê.

Sy stem was passievol. Die bruin bene in die kort broek het dinamies saamgepraat.

"'n Mens kan jong Christen-manne of -vroue uitken. Hulle staan uit. Hulle het iets anders wat ander aantrek. Kyk nou maar net na die nuwe jeugpastoortjie as 'n sprekende voorbeeld."

Die uitbundige gelag onder die ongetroudes. Die nuwe jeugpastoortjie, John, die ongetroude vangs van die aand. 'n Koor meisies om hom, die een straal meer as die volgende. Bloesende gesigte. Stemmige meisies, sou ouma sê.

Ek het gewonder of hulle die dofheid in my sou opmerk, die jong manne. Ek kan nie kook nie, jammer. Ek vrees kinders: ek wil hulle nie met sielkundige komplekse opsaal nie, jammer. Daar is baie dinge waaroor ek kan jammer sê. Ek het confession meer nodig gehad as 'n ander helfte.

Die jong pastoortjie het na my kant toe geglimlag. 'n Opregte glimlag, as ek al ooit een gesien het, vanaf die wye mondhoeke tot in sy ongelooflike blou oë. Ek het bloedrooi geword. Ek wat nooit bloos nie. Die pastoortjie was die soort jong man oor wie my ma sou vra: ek wonder of hy darem iemand het om sy broeke te press. Die spreekwoordelike jongeling wat sy pad suiwer hou.

"Kom ons loop," het ek vir my ma se vriendin se ywerige seun gesê. Hy het weereens vir my die deur oopgehou soos in die stories.

Een ding het die pastoortjie gevra wat in my kop bly steek het: Moet jou blydskap vir altyd van die mense rondom jou afhang?

2

Kristina Louw het my kom optel met haar klein silwerblink karretjie. Ek het haar in pastoor Nolte se kerk ontmoet. Sy het dwarsdeur die diens bubblegum gekou en verveeld gelyk. Omdat sy die enigste ander jongmens in die kerk was, het ek haar na die tyd voorgekeer en gevra of sy ooit na live musiek gaan luister. Ons moes diskreet wees; ons was immers goeie jong Afrikaanse Apostolies.

In Washington D.C. was dit soos om weer in Kuilsrivier te wees: om verbode stoutwees te proe met pastoor Nolte wat my stop en vra waarheen ons gaan. Ek sou vir hom kon sê: "Ek gaan New York toe sodat ek saam met die Hoof Sanger kan slaap" of "ek gaan drink," net om moeilik te wees, maar ek het geweet dit sou teruggaan Kuilsrivier toe en sy sou in haar binnekamer huil voor God oor haar dogter wat van die pad af is.

"Movies," het ek gemompel en vir Laurie geknipoog. Kristina was in 'n kort skirt, haar hare gelayered sodat sy alreeds soos 'n all-American ashblonde begin lyk het. Sy was gewapen met pakkies sigarette wat ek die een na die ander opgesuig het.

"Ek weet nie hoe jy dit regkry om hier in die pastoor se huis te bly nie; ek sal van my freakin' kop afgaan."

"Laurie is baie nice."

"Drink jy?"

Ek wou nie aan Kristina vertel hoeveel ek wel drink nie.

"Nie heavy nie."

"Wel, vanaand gaan ons lekker warm raak."

Die swart nag het my ingesluk soos slukke wat ek gulsig neem: wyn en wodka en enigiets wat my kop aan die brand sou laat slaan. Ek dink ons was in die Velvet Lounge op U Street in die middestad. Daar was figure in swart met hulle lywe ingekleur - soveel tatoeëermerke het ek nog nooit in een vertrek gesien nie. Eers was ek vreemd, toe was ek net dronk, dronker roker stoker.

Ek betrap myself dat ek langlyf lê op 'n couch in die club en ek raak weg in die oë van die een of ander man met bruin oë, dronk o jinne, dronklyf, langlyf. Kleinoog- Kristina het ook langs die man met die bruin oë kom sit.

"Lea is jy orraait?" vra sy en soen my op altwee ooglede.

"Is hy orraait?" My hande het gedans oor die bruinoog se bobeenspiere.

"What's your name, dude?" het Kristina vir die ou gevra. Ek dink hy was 'n skateboarder van California, en sy rollende r'e het saam met die wodka in my mond ingeloop. Kristina het op sy skoot gewip en haar tong oor sy lippe gewikkel en sy hande het terselfdertyd onder my skirt ingeklim. Langlyf en ooplyf op die couch en ek lag, my tande klap teen glas en die drank brand agter in my keel.

"Aaron."

Ek het my r'e ook probeer rol. Sy bruin oë klein skrefies, vraagtekens: "Kristina and you?"

Kristina wat oorleun na my, natbek oor myne, haar mond op myne, haar hande tussen Aaron se bene.

Kristina en ek, het ek gelag en die gedagte entertain. Ek het my mond in sy nek gedruk en ek kon die baardstoppeltjies fyn oor my vel voel kielie. Ek het in sy oor gefluister: "Kristina, you and me."

Toe ek myself dit hoor sê, het die bar voor my oë begin blur. Ek het geweet ek moes my exit maak.

"Excuse me," het ek gesê en Kristina en die skateboarder se lywe het ineengestrengel op die couch en ek het geweet hulle sou my nie mis nie.

Buite die bar het die doorman gesit wat jou ID check, 'n ou swart man met 'n grys baard, sy sigaret tussen lip en mond vasgeknyp.

"Have you had too much to drink?"

"Way too much. I'm about to lose myself."

"Where're you from?"

Nie nou nie, asseblief. My oë het uit fokus begin kyk.

"South Africa."

Miss South Africa sou sommer daar op die sidewalk van U-Street haarself aan die stad kon gee en die nag sou uit haar keel uitloop en ek het my woorde, "Kristina, you and me," probeer insluk. Wie't dit gesê? Who said that? Wie, wie is Kristina anyway?

Die krulkop het langs my kom staan waar ek op die sypaadjie sit, sy hare was wild om sy skerp gesig. Hy het soos Lappies gelyk, Lappies wat homself opgehang het toe hy op acid trip.

"You shouldn't sit here by yourself, it's not a very safe neighborhood."

"I'm looking after Miss South Africa, she's not feeling too well right now," het die ou man gesê.

"I think I'll be okay now."

"You're from South Africa?" het die krulkop gevra.

"Hmm."

"I want to travel to South Africa. I've read up a bit on apartheid and Nelson Mandela. I've always been interested in freedom struggles," het die krulle om sy kop gewip-wip.

"I'm having my own freedom struggle right now, I'm about to hurl my guts out."

Weer die krulhare wat wip asof hulle sy energie contain.

"If you want to, I'll walk you to my house, it's just around the corner. I'll give you some coffee."

"Sure."

Sold. Soos 'n transaksie.

3

'n Comic strip daardie nag. Die krulkop was 'n Brooklyn boy. "I'll show you my room," het hy gesê toe ons in die klein huisie instap.

"Hey, I don't like cliches."

"Dont you want to see my room?" het Max gevra met 'n effense puzzled glimlaggie.

"American boys always invite you to see their rooms in the movies."

Hy het skerp features gehad en sagte oë, 'n streetsmart New Yorker.

"So have you seen many rooms yet?" Weer sy puzzled uitdrukking.

"I don't sleep around much."

Die kamer was vol boeke en klere, op die bed en die vloer. Die dik rooi omslag het my aandag getrek,'n biografie van Che Guevara. Max het op die bed gaan lê en ek het langs hom gaan sit en die boek begin deurblaai.

"I've always wanted to go to Cuba. Would you lend this book to me?" het ek gesê en vir hom gekyk en gesien wat hy wou hê. Toe het hy die lig afgesit.

"Max, what is going to happen?" Ek was te dronk.

"Nothing that you don't want to happen."

"I don't know what I want." Ek was soos 'n koorsige kind wat yl en ek het aanhoudend gepraat oor hoe skuldig ek voel as ek seks het. Ek het gepraat oor Amerika en Suid-Afrika en politiek en seks en hoe dit alles kante van dieselfde coin is, mans preoccupied met power en plesier en ek het Max vertel dat ek te veel drink en te veel rondneuk.

"I've never met anyone who expresses herself the way you do," het Max gesê.

Dit was asof die hele oomblik skielik te groot geword het en in daardie dubbelbed in die hoofstad van die wêreld het Lea verdwyn.

"I quite like you Max," het ek gesê. "So I can't be with you. I'll feel too guilty all the time."

Max het begin lag.

"You're either really drunk or you're just weird. I'd really like to kiss you."

Ek het in sy skerp oë gekyk en gedink: maybe sou ek nog 'n hart aan hom kon donate.

"Max, just do it. Sleep with me."

Hy't begin rondkrap vir 'n kondoom en ek het die groot rooi kondoom uit my sak uitgegrawe, een van daai strawberry flavored ones wat ek wou gebruik het vir die Hoof Sanger daardie naweek in Manhattan.

"Are you sure?" het Max onseker gesê.

"Right now."

Ek het die panty laat waai."Right now, Max."

"Maybe you should take your boots off."

Ek wou sy puzzled gesig jammer kry. Want ek het geweet ek sou Max nie weer wou sien nie.

"No."

Ek het aan allerhande dinge anderkant die oseane probeer dink wat my besluit nog op daardie laaste oomblik sou kon verander. Max het half verward al sy klere uitgetrek.

"So aren't you gonna get naked for me?"

"Get on with it."

Daar was nie foreplay nie. Hy het half verbouereerd op my gaan lê en dit was die einde van ons praatjies oor demokrasie en mag en die penis en Mandela en Che. Sy krulle het gewip, wip en ek het na die dak gekyk. Eers na die kondoom op 'n klam hopie iewers op die vloer gelê en lag het, het ek my rooi halternek uitgetrek.

"Kiss me, please."

Ek was 'n oomblik sad. Post-cuddling, het ek gedink, eers na die tyd wou ek hê hy moet my liefhê. Om aan myself te kan sê: ek het dit gedoen vir die moontlikheid van liefde. Ek sou 'n hart weggee. Die sadgeid was net 'n oomblik, toe het ek begin giggel.

"Why are you laughing?" het Max gevra, 'n toon in sy stem en 'n vraaglag op sy gesig. Eers later sou ek besef dit was ek wat daai verwarring veroorsaak het. Ek kon dit nie help nie, ek is soos 'n random aan en af switch, as daar te veel emosie en seks en 'n nice ou en sulke scary goed soos birth control en 'n potential relationship is, dan trip my power, dan raak ek confused.

James was ook iewers in my agterkop, ek was sy dissipel.

Langs my was my victim. Hy't nie besef die girl langs hom op die dubbelbed het 'n tornado wat binne-in haarself woed nie. Sy is altyd aan die spiraal, ondertoe, boontoe, sonder stop, heeltyd, flardes van haar lewe wat soos blikke, stompies, papiere, mense opgesuig word na bo, uitgeblaas word iewers sodat die stukke soek raak, verlore mense, woorde, oomblikke wat ingesuig word en verdwyn in die tonnels van haar kop. En ook die verwoede tonnel van my lyf, Max het dit binnegedring en my lyf het hom uitgespoeg.

4

*Die woord "eerste keer" - soos 'n addiction. Die eerste keer dat jy na 'n musiekfees gaan; die eerste halwe Hunters Gold Cider; die eerste keer dat jy iemand soen; die eerste keer dat jy in 'n bar sit; die eerste sigaret; die eerste trek grass; die eerste keer dat jy jou poorte vir 'n vreemdeling oopgooi; die eerste keer dat jy chemicals doen - eerste kere was soos klein monumente wat ek agter my opgerig het. Ek het hulle versamel. Elke eerste keer was 'n limit waardeur Loony in haar kop breek. Ek was verslaaf aan eerste kere.*

*Eers later sou ek besef: Elke keer was soos 'n eerste keer. Dieselfde gevoelens, verwondering, skuld, ongeloof, verwarring, dit was donker en dit was lig, dit was aan en af, elke keer vergeet jy die vorige keer. Elke keer 'n eerste keer. Daardie ou Sondagskool-liedjie: "Trek hulle uit, gooi hulle weg, al die kleine hasies in die koringland."*

*Jy trek hulle uit, maar hulle kom terug, soos die eerste keer.*

5
(Proverbial First)

Ek het glad nie daardie naweek beplan nie. Daar was 'n Woodstock aan die gang op 'n plaas buite Oudtshoorn en die Vrydagnag in die Pop Art Café op Grahamstad, het die dronk idee ons oorrompel.

"Tunes, I've never been to a festival," het James voorgestel. "Let's leave tomorrow."

Ons is vroeg Saterdagoggend weg, ons sou die Sondagnag terug wees om die nodige aandag aan die akademie te skenk. Die crowd was klein, ongeveer 300 mense in verskeie fases van onderskeie koptrips. Die musiek was my hemelvaart. Ek het myself buite my liggaam bevind in 'n kring mense in stofwolke wat beweeg, beweeg, later in 'n sirkel bongo-trommers om 'n vuur, die joints het gepreek.

Toe ek daardie nag slaapplek soek, was James en die silwer Mazda missing. Ek is saam met 'n vioolspeler na sy rondawel.

"Where were you last night?" het ek gevra toe ek James tussen die breakfast blues crowd opspoor.

"Where were you?" het hy gevra.

Ons het in stilte in die pad geval. James se kar het nie 'n radio gehad om verligting te bring teen die swaar stilstuipe nie. Buite Knysna het die kar skielik gevrek. Die hittemeter was in die rooi. Ons moes ingesleep word dorp toe. Blykbaar het die kar toe 'n part nodig wat eers van Johannesburg af ingevlieg moes word. Ons het maar gehead na die naaste bar, 'n drienk is altyd 'n effektiewe middel om my en James aan die praat te kry.

Ons het die nag drinking games in die Tin Roof Blues gespeel en heel toevallig het die vioolspeler en sy band ook daar opgetree; ek natuurlik reg voor in die klein crowd, my mond wat al die woorde saamsing, my lyf aan die bounce, bounce, jumping to the music; die joints, die gewone ritueel. Flirt met die vioolspeler om hopelik vir James jaloers te maak.

Die band het aangebied dat ons vir die nag by hulle kon kom crash. James het 'n disappearing trick gemaak teen drieuur die oggend, en ek en die vioolspeler is in die band se kombi daar weg en ek is met 'n massage beloon.

Toe ek Maandagoggend besonder bewerig wakker word, was James langs my. Mirakels gebeur wel.

"Where were you?" het ek gevra, en gelag vir ons slaap-oë. Suf geparty.

"Where are you?" het hy gevra, en na die slapende vioolspeler langs my op die matras gekyk.

Daar was iets nuuts in sy oë.

Ek het aan daardie kinderkerkliedjie gedink en geglimlag: *Afguns, jaloesie, twis en haat, bly in my hartjie as ek hulle toelaat.*

Die band is teen middagete terug Kaap toe. Ek en James het op straat in Knysna gesit. Ons is straat op en straat af; bottomless koffie by die Spur; bottomless koffie by Saddles; vis en tjips; apteek; pasteie; vlooimark; katedraal; natuurlik met ons slaapsakke en rugsakke en baie tyd op hande. Ons het gepraat. Daar moes gepraat word.

"You're the first person who has actually manipulated me, James."

"I always manipulate people," was sy antwoord.

Vyfuur was ons voor die garage, moedeloos en moeg; en ook moerig vir mekaar. Die part sou eers die volgende dag arriveer, het die mechanic gesê. Ons het op die sypaadjie gaan sit en gekyk hoe die dorp leeg loop. Die son het gesak en ons het bly sit.

"Sal ons maar na die bar gaan?" het ek naderhand voorgestel toe dit begin koud raak. Ons wou nie alkohol in die oë kyk nie, maar waarheen moes ons gaan vir die nag? Die barman het ons een kyk gegee toe ons met die bagasie daar opdaag.

"You can crash at my spot," het hy aangebied.

Dit was 'n pragtige plek teen die koppe van Knysna, 'n houthuis wat na see en politoer geruik het, omring deur bome. Hy het vir ons pasta en Griekse slaai gemaak en ons in die halfdonker cottage gelos om sy bar duty vir die nag te doen.

Dit was 'n klein kamertjie met twee enkelbeddens, sagte duvets, die home feeling wat ons lankal al vergeet het. Ons het altwee gaan bad en met warm lywe voor die TV gaan lê. Teen tienuur was ons moeg.

"I'm so sorry about the weekend, James," het ek gesê toe ons elkeen in ons eie bed tussen koue lakens lê.

"I'm sorry too." Sy stem was diep in die donker.

Die oomblik het aangebreek toe ek wou hê James moes my inlyf in sy godsdiens van blindelingse oorgawe en totale audacity. Dit was nie hoe ek dit beplan het nie, het ek gedink toe ek die skielike besluit maak. Maar ek sou wou hê dat James my First moes wees.

Ek weet nie of hy my in die donker kon sien nie. Ek het saggies my duvet opgelig, uit my enkelbed geklim en die dik mat onder my kaal voete gevoel.

6

Tekstuur, dit sou ek later onthou. En fyn geluidjies: die ritsel van my hemp oor my hare toe ek met 'n bonsende hart my hemp oor my kop trek. Ek het verskriklik weerloos gevoel. My wit kaal lyf langs sy enkelbed, my offer.

"James," het ek saggies gesê en op sy bed gaan sit. "We could, if you want to."

Ek kon amper nie praat nie.

"I love you so much you know," het ek vir sy stil figuur gesê.

"Put your clothes back on Lea."

Ek kon nie sy stemtoon peil nie, in die donker kon ek nie sy gesig sien nie. Al ons gesprekke het deur my kop gespeel toe ek onbeholpe in die donker na my klere soek, 'n verdwaalde wit liggaam op die dik mat. Daar was nie eers trane nie.

"I feel shit," het ek hard gesê, "so so shit."

Ek het in my vreemde enkelbed gaan lê, my lyf styf teen die koue muur. James het gesê: "Go to bed, we'll talk in the morning."

7

*"Wil julle alleen wees?"*

*Sy het gelag, 'n lag wat opgelos het in die water.*

*" James, ek het nog altyd geweet jy het die stouterd lief." Sy was vriendelik.*

*En jy ook, jy was so sag en vriendelik en bekend. Jy het ingepas in ons huis. Ek het so pas van die VSA df teruggekeer, en daar was soveel blydskap. Ek en jy, uiteindelik die besef dat ons saam behoort te wees. Ons monde, ons lywe teen mekaar, asof dit so hoort.*

*Vrede vir enkele oomblikke as ons mekaar se rusteloosheid opsuig en verdwyn in die gevoel van ons lywe teen mekaar.*

*Sy het ons alleen gelos, en vir eens was daar geen skuldgevoel nie. Die eerste keer dat nie skuldig voel nie.*

*Ons was in die swembad waar ek saans kaal geswem het en die water was liggroen. Jy het ligte in jou gehad wat brand, en jou oë was sag, so sag. Ek het jou nie geken nie. Ek het geweet jy het my lief. Al waarvoor ek ooit gevra het. En vrede in die droom, vrede soos ek nog nooit geken het nie.*

*"Lea, let me make love to you."*

8

Toe ek wakker word, het lig wit oor my lyf geval, 'n vaalgrys, onwerklike dag. Ek was bewus van die rondheid van my heup en die vreemde hand wat daaroor streel. Saggies, asof ek sou breek. Sy lyf was nat gesweet en warm teen my, sy hand geskulp om my borste, die tepels sag.

Die nag het in slukke teruggekom. Nog 'n nag in Washington D.C. se kroeë saam met Kristina. 'n Ou met sagte oë wat my huis toe neem - ek kan nie eers sy naam onthou nie - maar ek weet sy neediness het my laat terugtrek. Die manier waarop hy my hanteer het, asof hy lief was vir my. Daar was iets verlore aan die manier waarop hy hom saggies teen my aangedruk het. Sy emosie was te veel, sy dringendheid was ook te veel, die desperaatheid waarmee hy my slap liggaam probeer dwing het om te reageer, sy tong in my mond, sy hande, sy mond wat proe aan my lyf, ek was deurgaans bewus van die sagtheid van my hele lyf onder sy hande, die totale apatie waarteen my liggaam haarself nie wou verdedig nie. Ek was droog, my lyf het in haarself teruggetrek en gewonder oor die onbekende hand oor haar wit heup.

Sy gesig het voor James s'n ingeskuif. Ek kon nie onthou hoe James lyk nie.

"James," het ek geprewel, aspris. Ek weet nie eers wat sy naam was nie. Die onbekende mond weer oor my lyf, sy hande wat met my gulp woel. Ek het hom eers nie gekeer nie, maar my lyf wou nie ja sê nie. Hy het die gulp weer opgetrek, my liggaam op syne gelig en so gelê, sy kop in die holte tussen my skouer en nek, sy lyf swetend teen my koel lyf.

"I've got to go," het ek naderhand gefluister. 'n Gekraakte stem het uit my keel gekom.

Die nag was verby. Ek sou nie meer kon maak of ek slaap nie. My lippe het geklop, die vel teer waar sy baardstoppels oor my vel gekneus het. Hy het omgerol tot op my en met sy mond in my nek gevroetel. Met die swaar lyf bo-op my kon ek nie die trane keer nie.

"Please let me go?"

"Are you okay?" het hy gevra en van my afgerol, uiteindelik. Sy aksent was net so vreemd soos my wit heup in die oggendlig.

"It's really strange. Being with someone on a different continent, I feel like a different person."

Wie hy ook al was, hy het nie verstaan nie.

9

Daardie middag in die Spar het ek 'n nuwe gevoel ervaar. Roekeloosheid. Audacity. Dit was wat my so aangetrek het na James Thompson. Ek dag toe ek gaan die Arch laat inmekaar tuimel aan die einde van my vierde jaar want my ma het my mos goed getrain. Toe is ek die huis wat op sand gebou is.

James kon die Proverbial First gewees het. Die occasion wat 'n mens behoort te celebrate. Ek het hom immers liefgehad. As my groen oë voor die spieël my ma se kleur wou aanneem, het ek teruggekyk. "Lea, you love him," het ek gesê, en gesien dat dit goed was. Ek het myself voorberei op die spesiale oomblik wanneer ek hom sou toelaat om my lief te hê. En een nag was ek gereed, my oë was dalk die kleur van die nag en hy het gesê: Put your clothes back on, Lea. En ek het dit nie verstaan nie. Hoekom hy wat nooit nee sê nie, vir my moes nee sê.

Ek was in die queue toe die ou met die rooi hare my aan die arm gryp.

"Do you want to come to a braai this afternoon?"

"Sure."

Ek het hom nie van 'n bar of soap af geken nie. Hulle was wat my ma sou noem, 'n klomp wildeboere. Opgestopte koedoes teen die mure, brandy en nogmaals brandy en coke. In 'n stadium het iemand voorgestel dat ons na die Sondagaand-hang-out toe gaan, 'n klein kroegie versteek tussen 'n laan bome in die Botanical Gardens. Girls is nie veronderstel om in die nag alleen daar rond te loop nie.

Daar was die een of ander provinsiale krieketspan by die pub. Groot goedgeboude mans met geld en karre en obviously kon hulle whatever hulle in die visier gehad het, uitboul. Die een man, middelmatig gebou, het my twintig rand in die hand gestop.

"Buy us both a drink," het hy gesê, "and keep the change."

Hy het op die trappie gesit, omring deur sy mates. Sy pick-up lines, soos ek kan onthou, was maar flou. Ek was geensins geïnteresseerd nie.

"Don't you recognise me?"

"No. Have a good look at me because I'm going to be famous," het ek teruggechirp.

10

Ek het in die bed gelê, klein opgerol. My housemate Julie het aan die deur geklop. "Are you okay Loony?"

"Hangover." Ek het naar gevoel. Ek het nie die broekie uitgetrek nie. Die rooi vlekke daarop was my geheue.

Eers later daardie middag kon ek myself sover kry om te praat. "The last wicket is down, Julie."

Sy het begin lag. So dis dan waaroor die bohaai was, het ek gedink. Die tegniese detail wat my ontbreek het, en skielik was daar net dit: verligting.

"James?" het sy ongelowig gevra. "Or some famous band guy?"

'n Mens wag nie verniet vier jaar en laat verhoudings deur jou vingers glip nie; dit moet ten minste 'n VIP wees.

"A national cricketer."

Ons het eers begin lag, ek het my rukkende maag vasgehou. Julie het gegil: "We all thought it was going to be a famous band member. Like the Lead Vocalist. I mean, if James couldn't persuade you."

Ek dink ek het toe begin huil.

"I don't know who it was," het ek gesê. "I'm not sure."

Asof 'n horror movie op haar gesig afspeel. Die script se lines het gelees: Who? You?

11

*Sy is by 'n partytjie, dalk is dit Georgie Lever se plek in Bertram Street, maar niemand lyk bekend nie. Die huis binne-in ook nie. Daar is nie trappe nie, die huis het ook nie vertrekke nie. Dit lyk meer soos 'n saal waar 'n byeenkoms gehou word. Die partytjiegangers dans, maar sy hoor nie musiek nie. Dit lyk asof hulle onder water beweeg, hul monde gaap soos hulle gesels.*

*Almal is geklee in menskleur-lyfkouse met bypassende gekleurde hoede na gelang van hul persoonlikheid. Sy staan op die drumpel en kyk na die bewegende hoede. Haar eie lyfpak is pers. Haar wit gekleurde hare gloei soos 'n stralekrans.*

*Sy stap die saal binne. Al die figure draai na haar, ongeloof op hul vae gelaatstrekke.*

*"n Heilige," fluister hulle. 'n Heilige is by die byeenkoms.*

*Iemand, dit kon Georgie Lever wees, stap nader en vra met 'n koue glimlag: "Lea, hoekom het jy 'n pers pak aan?"*

*"God is in my," sê sy met 'n helder stem. Die omstanders maak geluide. Sy is nie seker of hulle vir haar lag of nie.*

*"Jy is net betyds," sê die koel stem. Georgie lei haar na die middel van die saal waar 'n hoop gloeiende kole gestapel lê. Soos 'n altaar, dink sy.*

*"Are you ready to blow your own mind, to make a paradigm shift?" Sy gretige lag en flikkerende oë laat hom meteens anders lyk: boos.*

*Sy knik onseker en vra: "Ek is nie seker wat dit behels nie. Ek het gedog dis nog 'n partytjie. Waar is James?"*

*"James," roep George. "Come and attend to Lea."*

*James stap nader, die bekende glimlag, maar iets is anders, dalk sy oë. Asof hulle styf is in hulle kasse. Hy hou 'n piepklein gekleurde blokkie papier uit na haar. Van naby sien sy dis 'n pers vlindertjie.*

*"Take it Liedjies," beveel hy.*

*Moet my nie Liedjies noem nie, asseblief, my ma noem my so. Sy hou die papiertjie op haar vingertop, kyk ingedagte daarna.*

*"Nee, ek wil nie," hoor sy haar helder, tog onvaste stem.*

*Georgie lag. "No don't tell me the Lunatic is backing out."*

*"Lea, you need to be part of the collective experience, or you'll always remain an outsider without insight," moedig James haar aan.*

*Sy sit die blokkie op haar tong. "Be patient Loons," maan James.*

*Dan begin die bloed in haar are kielie, asof plesierige elektriese skokke deur haar are jaag. Jou hare flikker, sê iemand. Ek gaan uitbrand, dink sy.*

12

Ek het my arms in die lug gehad, asof ek in 'n praise-en-worship seremonie was. Net, ek het myself geworship, my heupe beweeg en gesien hoe die kring al stywer om my trek. Gesandwich tussen die twee jong latte wat teen my skuur, een met onskuldige blou oë en 'n ander met groot stywe pupille wat wil neem.

Kristina was ook iewers. Ek dink ek was aan die dans met haar fling vir die aand, 'n beautiful American boy, glas op glas op song op song. Ek was die queen wat skielik uit haar kop uitgebreek het tussen al die ligte en al die hande oor my lyf het my aanbid.

Kristina het gevra: "Lea, party jy lekker?"

Ek het gelag en my tong in die een lat se oor gedruk

"As ons na hulle apartment gaan, watter een wil jy hê?" het Kristina gevra.

"Almal van hulle." Ek dink ek het dit bedoel.

"Let's go home with the wild South Africans girls," het die een ou uitgeroep. Ons is getranspose na 'n yuppie flat 'n paar blokke van die klub af, waar ek op 'n couch sitgemaak is met 'n lat langs my, ek kon sy been oor myne voel. Hy het my glas bly volgooi. Ek dink dit was Kristina se ou met die groot pupille, ek dink dit was sy hande onder my skirt terwyl hy met Kristina gevry het. Sy vriend het die lyntjies coke met 'n bankkaart bymekaargeskraap. Ek het met my vinger donsies poeier opgeraap en oor my tandvleis gesmeer.

"This coke's no good," het ek myself in 'n vreemde stem hoor sê. Miskien was ek te dronk om die sensasie op my tandvleis te voel. Kristina het gesnuif, die latte het gesnuif, ek het my glas vodka gedown en toe gesnuif en gesê: maak vol my glas, dié slag met gin.

Die lat het 'n ultraviolet lig in sy apartment gehad wat die gin in my glas en my tande laat gloei, sodat die drienk soos 'n ster was wat my die nag ingelei het. Ek het die glase bly leegmaak soos verskietende sterre en ek het bly lag vir my grappe en vir die ou se hande onder my klere terwyl hy met sy mond in Kristina se nek vroetel.

Ek wou daai mond oor my lyf voel, daai gloeiende tande aan my voel byt. "I need the loo too badly." Ek het opgestaan en gestruikel oor skoene in die donker kamer. Ek het 'n rooi ballon teen die dak opgemerk en gedink dat dit 'n kondoom is.

In die badkamer het ek op die toilet bly sit en gewonder waar die nag my sou heen lei. My oë was glasig, my kop suf gedrink, in my belly het ek my lyf hoor praat: Ek wou hom hê en ek wou enigiemand hê, met hande oor my lyf en 'n tong in my mond.

Ek het uit die loo gestap en op Kristina se lat se bed gaan lê en vir hom gewag. Ek het geweet hy sou kom. Hy het die deur agter hom toegemaak en ek het gegiggel: "This is so wrong, where's Kristina?"

Ek het my tong in sy mond gedruk en ek het deure hoor klap en ek het geweet Kristina is die nag in. Dronk sou sy huis toe bestuur en sy sou kwaad wees vir my, aartsengel wat haar Adam verlei het.

En die lat en ek het op die bed neergesak en ons het gelag en gelag en ek het gesê: "I want another drink like a bright shooting star," en die lat het gesê, "I've never met anyone like you."

"Whatever. Swallow your corny lines. I want you to sleep with me anyways," het ek myself hoor sê. My stem was gekraak van die coke.

"Another line?" het die lat gesê en ek het my kop voel knik, knik, en ons het coke op die punte van ons tonge gesit en dit oor mekaar se tandvleis gesmeer en my hele lyf het getintel, my toy-boy vir die nag wat met sy gloeiende coke-tande aan my eet en toe het die nag ge-evaporate,

die oggend het sy tol geëis en dit was net 'n seremonie wat voltooi moes word, lat in lat finally uit.

My lyf het pap gelê. Kristina, het ek gedink toe die lat se hande oral oor my numb lyf loop, ek was rêrig 'n bad girl.

13

Hoe ver kan 'n mens gaan? Jy sal nie weet nie as jy nie alle dinge beproef het nie. My lippe was geswel en droog, my hele lyf was so droog. Agter my ooglede het die nag geklop en net 'n hair of the dog drienk sou my regruk. Diep in my liggaam se secrets was ek geswel en teer. Ek het versigtig opgestaan, die komberse van my afgestoot en ge-exit.

14

Ons was in die Botanical Gardens waar ek oopgeslag gelê het soos 'n hoer en ek het nee, nee gesê, nie so nie. Ek neem jou huis toe, het hy aangebied, die cricketer wat ek klaarblyklik nie herken het nie.

"Jy is verskriklik dronk," het hy gesê.

Ek het oor en oor herhaal: "I'm going to be famous. Take a good look at me."

Hy het uitgery na die Settlers Motel, verby die 1820 Setlaars Monument en ek het hom vertel van die apokaliptiese drome wat ek gehad het en hy het net gelag, en gesê, "My friends take good care of me. I'll take good care of you."

Ek het hom vertel van my oë wat soms my ma se kleur aanneem en hy het gesê: "You're motherlessly drunk," en ek het gelag. Ons was in sy motelkamer waar ek soos 'n strip-queen van my klere ontslae geraak het. Hy het 'n kondoom aangesit.

"I'm not going to sleep with you."

"Shhh, it's going to be okay."

"Ja, but I'm not sleeping with you."

Maar in 'n stadium was hy bo-op en binne-in my.

"I didn't want this. I said no."

Maar dit was te laat. En hy het gesê: Lê net stil. Bly net kalm. Hy het my na iemand se huis toe geneem. Toe ons op die oprit stop, het hy my gesoen en gesê, "I'll see you tomorrow."

En my spreekwoordelike First het weggery en ek het geweet ek sou hom nooit weer sien nie en ek sou ook nooit weet wie hy is nie. Hy het iets gepraat van sy vliegtuig wat sou vertrek, hy moes in die Kaap 'n match speel. Ek het sy gesig in my geheue probeer ingraveer, maar ek wou dit ook vergeet. Die middeljarige lyf. Dit kon enigeen wees, die lyf in die ry by die bank, die man op straat.

Dit kon enigeen wees.

15

Dit moet wees soos 'n confessional, het ek gedink. Ek was op die netjiese, stywe rusbank in Laurie se huis. Pastoor Nolte was waarskynlik besig om Sondag se preek voor te berei of anders sou hy die middag op sy knieë deurbring.

Laurie het duidelik geskrik toe sy my sien. My oë was donkerswart, groot met donkerblou kringe rondom. Die fishnets wat ek aangehad het, was vol gate. Ek het myself in die spieël gesien in haar voorstedelike huisie: my oë het leeg gelyk met hartseer soos 'n dowwe laag nag-oud

make-up op my gesig. Ek het soos 'n biker girl in haar huis gevoel in die boots, die skamele toppie en die kort skirt. Maar sy het niks gesê toe ek aan haar kamerdeur klop nie.

"Oh Lea." Sy het begin huil. Sy het haar arms rondom my geslaan. Laurie het geweet van daai boundaries in jouself: jy't nooit gedink jy sou daardeur kon breek nie en dan doen jy dit wel, keer op keer, en elke keer is soos 'n eerste keer.

Sy het eendag vertel dat sy dit self gedoen het: bad girl geword het toe sy as student States toe gekom het. Later is sy gedoop en sy het by pastoor Nolte se kerk aangesluit. Hy was 'n dinamiese jong Suid-Afrikaner wat 'n Pentecostal gemeente in Washington begin het. Sy was onmidddellik verlief op sy doelgerigtheid en sy visie. Ongelukkig het sy haar lewensgeheime met hom gedeel en haar skuld aan hom bely. Hy het gesê hy vergewe haar en dat hy haar onvoorwaardelik liefhet. Maar in sy oë was sy vir altyd bevlek, feilbaar. Sy sou dit altyd wees.

"What happened?"

Ek kon skaars praat, my keel was geswel en ek het my stem verloor. Dit was 'n donker, krakerige stem wat deur hulle heilige huis getrek het. Ek het my verbeel hoe die hees stem met pastoor Nolte se stille gebede wat altyd in die huis hang, sou bots.

"You know that girl from your church, Kristina?" het ek gesê. "I slept with her date. And with another guy the night before. Kristina's very angry with me. And I'm sore inside."

Ek kon die sin skaars oor my lippe kry.

"Hulle was altwee net hierdie random ouens gewees. En die meeste voor hulle ook."

"Ag Leatjie."

Ek het na die skilderye, die kussings op die netjies oorgetrekte rusbanke, en die veilige kleurskakerings in haar huis gekyk. 'n Perfekte huis, gebou op 'n rots. Alles skoon, ordelik en stemmig.

"Don't beat yourself up about it. We all make mistakes. We really do. You're just human."

Ek het in die vlees gelewe en nie in die gees nie. Daarom het ek foute gemaak. Pastoor Nolte sou nie foute maak nie. Maar ek kon nie nou daaraan dink nie. My lyf het my aan die vorige nag herinner.

Ek was seer, my kop wou wieg, wieg,

"Laurie, I've had this funny sensation all day," het ek gesê en my sin het soos 'n laag stof in haar huis gaan lê. "In my lower half, in my bladder I think. A burning sensation, it feels like I need to wee all the time."

Sy het langs my op die netjiese rusbank kom sit. Haar oë was donker, bekommerde kringe in haar besproete gesig.

"It's probably just a urinary tract infection. But you've got to be careful." Sy't my vasgehou en gefluister: "You have to look after yourself, Leatjie."

Want my ma was nie hier om dit te doen nie.

16

Dit was 'n eenvoudige wit bed met 'n plastiekoortreksel.

"We'll need to do a urine culture."

Die verpleegster het my toilet toe gestuur met 'n klein plastiekhouertjie. Die boks tissues op die kas het gegryns: Are you sexually active? Do you have any tattoos or piercings? Test yourself for Hepatitis B.

Die houertjie het warm geword in my hande. Ek het my hande gewas en 'n klein botteltjie handeroom gesteel; daar was 'n hele mandjie vol botteltjies.

"The doctor will be with you in a minute," het die verpleegster gesê, en ek het weer op die wit bedjie gesit en wag.

Die dokter was jonk, en het geglimlag toe sy binnekom. "How long have you been in the country?"

"Almost three months."

"It's just an infection," het sy gesê en geglimlag. "It's not easy being a woman."

Ek moes weet. "How do you get an infection?"

Sy het opgekyk van die klompie papiere wat sy gesit en invul het. Dit het gekom soos 'n vonnis. Of 'n beskuldiging. Of dalk 'n herinnering aan wie ek regtig was.

"Are you sexually active?"

Ek kon tog nie nee sê nie. "Yes," het ek geglimlag, al wou ek my hart uithuil.

"You are using protection?" het sy gesê-vra.

"Of course." Ongemaklik. Daar was 'n tyd toe kondome nie deel van Lea se woordeskat was nie.

Jy moet piepie na seks om die bakterieë uit te spoel, het sy gesê. En verder moet jy onthou, die thrust-bewegings stoot bakterieë op in jou liggaam. Ek wou dit nie weet nie. Ek het rondgeslaap en daarom het ek 'n infeksie.

17

"We need a methodology to sing God's song in our new home," het sy gesê met die bekende aksent, waarin jy, ten spyte van haar jare in die States, nog steeds die hele Suid-afrikaanse geskiedenis kon hoor.

Sy was destyds 'n political exile. 'n Ongelooflike vrou, 'n reverend in die African Methodist Episcopal Church. Ons was iewers in Baltimore in 'n skoolsaaltjie gepak met Africans van oral oor die kontinent.

Ek dag ek kom net 'n storie skryf. Ek was half hangover van die vorige nag, 'n bietjie absent-minded op die job, maar gewapen met my notaboek en kamera: die joernalis wat nie betrokke behoort te raak nie.

Dit was die eerste byeenkoms van hierdie nuwe "Ministry of Healing" vir Africans. Die skoolsaaltjie was tipies Amerikaans. Buite in die gange was rye lockers wat ek nie in my Kuilsrivier-skool gehad het nie. Die skool was stil. Ek het my die kinders probeer indink in hulle gewone klere wat deur die gange stap.

Die Africans het begin sing: elk in sy eie taal, 'n dreunsang sonder instrumente en die ongelooflike harmoniëring van stemme, prominente, diep basstemme wat die ander stemme dra. Dit is werklik spreke in tale: Africans van Ghana, Namibië, Zambië, oral oor die wêreld in 'n klein skoolsaaltjie in Amerika saamgetrek in aanbidding. Ek het aan die onverstaanbare woorde gedink wat ek lank gelede uit my mond kon laat rol in die kerk. Sonder keuse of beheer oor myself sou iets binne-in my gebeur, daardie ervaring van glorie en blydskap soos geen drug jou ooit laat ervaar nie.

Ek kon sommige Xhosa-woorde herken, maar my eie taal en selfs my tweedehandse, soepel Engels kon nie saamsing nie. As Suid-Afrikaner was ek van hierdie eenheid van Africans vervreemd. Ek kon nie die tale, liedjies, die kultuur myne maak nie. En ek kon ook nie my eie

kultuur myne maak nie. 'n Displaced Afrikaner, het ek myself probeer troos. Die hartseer wou nie weggedink word nie. Ek was net bewus van die stemme, en daardie gevoel dat jy lig word in jouself. En hartseer. 'n Hartseer groter as jyself, 'n swart hartseer, en berou. Ek wou huil omdat Loony Tunes nooit weer die meisie met die erekleurbaadjies en die ACSV- kringleier kon word nie, omdat Loony als wat bekend en Afrikaans was verwerp het. Ek wou huil omdat ek eendag lank gelede van pure blydskap by so 'n kerkbyeenkoms sou huil.

Die skielike, lastige gedagte wat my kop inskiet: ek het onthou dat my grootdoopsertifikaat iewers tussen my papiere en boeke in my huis in Kuilsrivier agterbly het, want dit het 'n aanklag geword.

Ek het die woorde probeer volg, na die dralende saxofoon geluister, na die mense rondom my gekyk en die Suid-Afrikaners probeer uitken. Daar was prominentes van die ambassade, en ook ander joernaliste wat die aanbiddende mense afgeneem het met skaars merkbare siniese glimlagte op hulle gesigte.

Ek wou nie foto's neem nie. Dit was heilige grond, heilige gesigte. Ek wou hulle nie op 'n foto verewig nie. Dit sou my brandmerk as 'n waarnemer, 'n ex happy clappy, 'n van-die-pad-af-jongeling.

Skielik was daar 'n bekende lied: ek het die Afrikaans daarvan geken en dit was asof ek my ma hoor sing het. Ek kon haar postuur sien, die hande saamgeklem voor haar borste, haar oë toe en rooi.

Meer trane, nie sagte spore nie, maar 'n storm wat losruk iewers vanuit jou maag, wat jou oopbreek voor die oë en die hande in die lug, en ek het gedink dat ek heel waarskynlik lyk soos iemand wat op drugs is, en nou daarvan verlos word.

*Jesus breek al die bande*, sou die gemeente in Kuilsrivier begin sing, en talle tannies en ooms sou hulle hande op my kom lê.

Daar was al soveel hande in my lewe op hierdie lyf, het ek gedink, en gehuil, en gehuil: hande in aanbidding en hande wat neem.

## HOOFSTUK VYF

1
(Oppipad
Finale Jaar, November 1999)

"How did we get here?" het Georgie Lever daardie oggend gevra, sy skrefies-oë bloedrooi.

Sy gesig bokant my, 'n drie-dae-oue baard wat grinnik, rooi soos sy oë. My antwoord 'n moeë kreun. Ek kon die vuil, mufgeel mat ruik, deurtrap met sigaret-as en vae, verslaande alkohol. Ek het op die vloer gelê. In die een of ander stadium van die oggend of aand moes ek daar beland het. Langs my was my oopgeslagte sak waaruit vuil klere peul. 'n Nagreuk het aan ons gekleef, aan ons klere, in ons hare, aan ons gretige vingerpunte, die dowwe reuk van lywe, vuur, marijuana, Tassies en klubs vol naglange asbakke.

Die energie het ons uiteindelik verlaat, het ek gedink. 'n Verskriklike hoofpyn het my skedel laat klop sodat ek nie my oë kon beweeg nie.

"What the hell are we doing to ourselves?" het Georgie Lever gevra en nie gelag nie. Sy andersins vurige oë oortrek met 'n dun vliesie, vae spanning diep in die bloue kykers.

"Kom staan op, ons ry binne vyf minute," het PW beveel. "Ons gaan huis toe."

Dit was 'n naweek soos talle ander. Ek en Georgie en PW het die Vrydag in die pad geval om die lang ent Potch toe te ry. Ek wou wegkom van James af en ek wou vergeet van die vreemdeling wat my poorte oop gestoot het. Ek het die naweek so nodig gehad.

Voor ons gery het, het ons 'n superjoint gerook. 'n Uur buite Grahamstad het dit begin reën, en Pieter-Willem het agter in die groen Mazda die slaap van 'n onskuldige geslaap. Ek en Georgie het gesukkel om aan die praat te kom.

"You've been a bit withdrawn lately," het Georgie begin.

"It's James. I don't really want to talk about it."

Ek kon sien Georgie was gespanne; dit was vreemd.

"Lea," het Georgie Lever na 'n klompie kilometers stilte gesê en die wind heeltemal uit my seile geneem, "I think I am in love with you."

Hy het na my gekyk met sy ysblou oë, die oogballe rooi van die weed wat ons op pad gerook het.

"Well, then we're in the same boat, both about to get our hearts broken. Georgie, I am in love with James. But thanks. Thank you for your love."

Dit was weer stil in die kar.

"At least it isn't PW," het Georgie gesê.

Ons het laataand in Bloem aangekom sonder 'n Plan van Aksie, sonder slaapplek. Georgie was bedonnerd en ek deur die slaap na die joint se lomerige uitwerking. Pieter-Willem het ywerig begin rondbel op soek na ou kontakte met groot flats waar ons vir die nag kon crash.

Ek het hier iewers 'n fling, het ek onthou, dalk kan ons daar slaapplek soek.

"Dis hoekom ons jou laat saamkom," het Georgie gesê, "jy't mos orals flings, so ons het orals slaapplek." Ons het al drie gelag, maar daar was 'n stekie in sy opmerking.

"Watchit Georgie, jy slaap op die vloer vannag."

Ons het egter nêrens gehad om heen te gaan daardie nag nie, so ons moes onsself maar onkapabel party. Vroegoggend het ons besluit om die Pick 'n Pay te besoek, waar daar oornag aangebou word. Ons sou eetgoed probeer score. Ons het saam met die voorman in die donker nag om sy klein vuurtjie gaan sit.

"Dis maar 'n harde lewe," het die man gesug, "ons kry nie eers pensioen of medies nie, want dis kontrakwerk."

"Die proletariaat suffer altyd," het Pieter-Willem opgemerk. "Bier en vryheid, dis maar my motto."

"Bier, vryheid en liefde." Ek het Pieter-Willem geterg.

Georgie Lever het onverwags gebitch. "You have no bloody idea what you're talking about. The only reason why we, as privileged students, have anything in common with the proletariat, is because we spend all our money on booze."

"I did say, 'Beer and Freedom'," het Pieter-Willem teruggekap.

"Bullshit!" het Georgie uitgebars, en sy bierbottel teen die muur stukkend gegooi. "That's not what it's all about. You two have no idea about anything. Life is passing us by and we're too drunk and high to notice."

'n Toespraak wat begin het as 'n aanval op my en PW, het ontwikkel in 'n komplekse politieke relaas waarop Hunter S Thompson sou trots wees. Ek en PW het maar geduldig gewag dat Georgie se oorontwikkelde sosiale gewete homself uitwoed. Lank daarna sou ek terugdink aan Georgie se frustrasies met wit geld. Hy was 'n Jood en sy familie was skatryk. Georgie self was so na aan 'n kommunis as wat hy kon wees – die kere as hy sy politiek meer ernstig as sy drinkery opgeneem het. Ons kon hom nie kalmeer nie.

"And you, Lea, when are you going to open your eyes and appreciate what you've got and how privileged you are and when are you going to stop being a typical frustrated bourgeois girl. Instead, you're forever whining about James Thompson and your religious baggage. It means nothing. Nothing. Love is not everything, either. You're so naïve, it sickens me."

Hy het opgevlieg en in sy kar gespring. Nugter weet waar hy heen is. Ek en PW is voor die vuur gelos saam met die opsigter onder die neonnag.

"Ouch."

PW het my hand 'n drukkie gegee. "Jy en Georgie, julle het godsdiens nodig," het PW gesê. "Jy moet gered word van daai James-karakter. Georgie moet van sy eie mania gered word, hy het te veel niks gedoen nie."

"Sjarrap Pieter-Willem."

Dit was 'n sad picture die volgende môre: Georgie Lever uitgestrek langs die groen Mazda op die Pick 'n Pay-parkeerterrien op 'n besige Saterdagoggend. 'n Voos hopie slaapsak, die oorblyfsels van 'n six pack en die afkeurende fronse van middelklastannies met goue handsakke.

Ons moes begin nugter dink, disprins koop en in die pad val deur stofvlae, slaggate en klein dorpies. Vyfuur het ons uiteindelik in Potchefstroom aangekom en ons het oombliklik begin drink. Ek het 'n lat opgetel wat die joints verskaf het.

Vuur, joints, bongo drums, ek en my lat voel-voel om 'n vreemde vuur. Party party party tot ons drop.

En toe tref die Sondagoggend ons soos 'n pynlike hangover. Pieter-Willem se keel rou van opgooi heelnag, die hoofpyn in my kop soos 'n drilboor in 'n kloppende tonnel. Georgie Lever se vreemde, stil erns. Ry, ons moet by die huis kom.

Daai laaste naweek het iets verander. Ek weet nie wat nie. Die spanning tussen ons drie, geblaasde geld, die stilte op pad terug. Die gemoedelikheid wat 'n donker wolk word. Ek weet nou nog nie wat gebeur het nie. Dorp op dorp wat verbyflits, die lang pad wat in die stilte voor ons uitstrek. Die exhaust wat in elk geval so raas dat ons mekaar nie kan hoor nie.

Op Kroonstad het ons petrol ingegooi. Ons het in stilte gebrekfis by die Ultra-City se Wimpy. Georgie wou nie eet nie. Ons was almal moeg, hy was rusteloos.

"I must call my folks."

Ek het net uit die toilet gekom toe ek hom oor die foon hoor lieg. Sy stem het heel vreemd geklink.

"I'm calling from a phone booth, my house phone has been cut off. I've been working all week on that project."

Sy wit gesig. "I don't know if I'm going to make it this year."

Hy't 'n oomblik met die foon in sy hand gestaan, sy oë toe.

"Georgie?"

Ek het die foon aan sy mik opgehang, 'n grappie probeer maak.

"Hey man, die lewe is 'n fees, en jy is 'n wenner..."

"Lea, you and PW, you mean everything to me. I love the times that we've had together," het hy met 'n strak gesig gesê. "I never should've gone on this trip."

Hy't stil gebly die hele trip terug Oos-Kaap toe. Ons het hom probeer opcheer, my voorstel vir 'n drienk is met 'n nors kyk beantwoord. Georgie het ons by ons stil, donker huise gaan aflaai. Ek het 'n warm bad gevat en toe besluit om maar wel 'n draaitjie by die naaste pub te gaan maak. Ek wou James sien. Ek het gehoop ek sou hom by ons gereelde Sondagnag studentekuierplek kry. Hy was nie daar nie, volgens iemand was James Port-Elizabeth toe vir 'n paar dae. Dalk was hy saam met 'n nuwe girl?

Die hele crowd was daar en ek het met smaak vertel dat ons weer eens die limiete verskuif het. "Ons twee Afrikaners het daai Jood onder die tafel ingedrink ... Ry, drink, ry meer, drink meer, en hier is ek al weer!" het ek gelag. "Ons is net eenmaal jonk genoeg om vir bier en vryheid te leef!"

My toast op die lewe daardie Sondagnag. Ek sou van James vergeet, het ek besluit.

2

Daar was 'n kraak in die sypaadjie. Dis vreemd, die fyn detail wat 'n mens later onthou. Ek onthou dit so goed, die smal, dun gleufie soos 'n posbus in die aarde in. Die kraak was lank, reguit en donker, en het diep gelyk. Dit was voor Grahamstad se nuwe Spar, en die feit dat daar 'n alreeds kraak in die nuwe sypaadjie was, het my ontstel.

Die oë was simpatiek.

"Ek wou net kom sê: ek dink baie aan jou." Julie se simpatie. "Dit was 'n harde jaar vir jou. En ek is jammer as ek jou laat sleg voel het oor jou... situasie. Jy weet, wie's ek om te judge. En nou nog die vreeslike ding met George Lever ook."

"Watter situasie?" het ek met 'n kalm glimlag gevra.

Sy het na woorde gesoek.

"Ag jy weet man, die ding met die krieketspeler. Ek is jammer dat ek jou laat sleg voel het. Ek was net geskok. Ek het gevoel asof dit nie die Lea is wat ek ken nie, asof jy in 'n oogwink verander het. Jy wat nie eers met James wou slaap nie."

Sy het aanhou praat, haar woorde was soos 'n stroom water uit haar mond, dit het oor my gespoel, ek het eers na haar gapende lippe gestaar, toe afgekyk, en daar was dit, voor my oë: die kraak. 'n Barsie in die aarde.

"Dis fine Julie. Ek wil nie verder hieroor praat nie."

"Gaan jy na die begrafnis toe?"

"Ek en PW ry vanaand dwarsdeur die nag na sy ma'le toe in Johannesburg."

Begrafnis. Lank na sy geloop het, het ek steeds na die kraak bly staar.

3

Laat Maandagmiddag het ons die nuus gekry. Ek het PW gaan opsoek. Hy het op sy bed gelê, met rooi oë.

"Hoekom, dink jy Lea?" het hy gevra. Ek wil nie dink nie, wou ek antwoord.

Maandagnag het PW my kom oplaai. Ons moes 'n kar huur om Jo'burg toe te ry. Ek het gewonder wat van Georgie se oorbekende groen Mazda sou word. Niks was so stil soos daardie rit Johannesburg toe in die vreemde kar nie. Ek het gewens die exhaust wou raas, net om 'n bekende klank te hoor wat my daaraan sou herinner dat alles nie vir altyd verander het nie. Maar als het in my vierde jaar verander.

Selfs die Suid-Afrikaanse landskap was onbekend. Daardie verlate klein dorpies waardeur ons weer moes ry, asof ons die film van die naweek terugspeel. Bloemfontein dié slag net nog 'n plek op die kaart. Kroonstad, waar Georgie Lever so onlangs soos eergister gesê het: "Ek weet nie of ek hierdie jaar gaan maak nie."

Nou was ons op pad na sy begrafnis met 'n klomp van sy goed in die kattebak wat ons teruggevat het na sy ma-hulle toe.

"Wat maak ons nou Lea?" het PW gevra die middag na die begrafnis.

"Ek weet nie PW."

Dalk moes 'n mens probeer vergeet.

"Is dit verkeerd om te wil drink?"

As jy die dag nie meer antwoorde het nie, dan het jy skielik meer vrae ook. Dalk was Georgie Lever se dood so half gepas, die manier wat hy gekies het om ons agter te laat. Hy het homself in sy groen Mazda vergas.

4

Toe ons terugkom van die begrafnis het ek na James se huis gery. Sy silwer Mazda voor die deur, die universiteitsplakker op die agterruit wat vriendelik glimlag. Bewerig het ek my scooter parkeer en 'n ruk lank na sy Mazda gekyk en gewonder of ek ooit weer op 'n road trip sou wou gaan. James het die deur oopgemaak en uitgestap.

"Howzit babes!" Dieselfde joviale glimlag soos altyd, die effense arrogansie in sy lyf en die reuk bekend.

"You're quiet today," het hy gesê. Die ketel het gefluit, die geluid van klinkende koppies, die water wat gerustellend kook.

"How was your trip?"

"Which one?" Dit was bedoel as 'n perverse grappie.

"You went with The Musketeers, remember? Or did you really trip too much?" Hy't gelag, en nie op my antwoord gewag nie. "I got so depressed Loons, that I took off and went to P.E. for a couple of days. Bunked class and everything! But I've missed you. I'm so sorry about everything."

Die laaste pool game 'n week of twee terug in die dodgy bar. James teen Georgie Lever. Die een wat wen, kon afhaak met die pool babe, natuurlik ek. Dit is 'n laatnag-pool game en ons gaan voort, bottels bier vir die balle en 'n glas rooiwyn vir my.

Georgie Lever breek, en sink 'n stripe. Op elke bal wat jy sink, moet jy drink. 'n Tot whiskey. Georgie sink al sy balle kort na mekaar. Ek drink met elke bal wat geskiet word, regardless. Elke keer gooi ek 'n shooter in my keel af. Ek gaan skree later op James: "Wil jy my vir Georgie Lever present gee of vir wat speel jy soos jou agterent?"

George en sy stok wankel gevaarlik, hy mik en mis. Ek sien al heelwat meer balle as wat daar op die tafel is, maar klaarblyklik het Georgie nog net een oor, dié wil maar net nie in 'n gat te lande kom nie.

James kry two shots. Sink 'n klomp kort op mekaar. Hy drink vinnig, whiskey op whiskey. Ek drink mos vir twee net vir ingeval ek dalk saam met Georgie moet huis toe gaan, dan kan ek altyd simptome van naarheid ontwikkel.

Die game is nou gevaarlik: die swart bal wag om gesink te word. My nag is op die spel.

Buite die pool club staan twee karre: 'n silwer en 'n groen Mazda. En natuurlik 'n scooter wat nie huis toe gery kan word nie.

Per geluk sink Georgie die swart bal. Hy gil "Oh yes!" en dan beskik die gode dat die wit bal ook in 'n gat inrol. Die game is James s'n. Georgie gryp die pool cue en breek dit middeldeur.

"Loony gets away again!" gil hy hard, lag sy maniese laggie en dop asbakke om, gooi sy bier oor James se kop uit. Hardloop deur die pool club: "I'm such a loser!" Ek word vasgegryp en baardstoppels skaaf my rooi wange.

"Loony, I'm a loser."

Glase wat breek. Ons word met mening uit die pool-plek uitgesmyt. Home sweet home, boys. Georgie Lever se groen Mazda jaag skreeuend weg, hy lê op die hooter. Die scooter bly staan voor die pool-plek as ek in die silwer Mazda se front seat regskuif en wonder of ek vir James moet vertel dat ek nie meer 'n virgin Bybelkind is nie. En dat ek nie weet wie my First is nie.

"Loony, you aren't listening," sê James.

"I'm sorry. I was thinking about the pool game between you and Georgie Lever."

"Should we go for a drink? Wil that cheer you up?"

Ja, knik ek.

Ons sit in een van New Street se kroegies. Dis laatmiddag en niemand anders is in die plek nie. Niks is so verlate soos 'n leë kroeg nie. Nie eers Sondagmiddag-blues klop daardie gevoel nie. Ons koop wodka, lime en water, sommer twee vir ons elkeen. So, gaan jy vir my vertel wat gaan aan, vra James.

"I went to a funeral yesterday," sê ek ongeërg. James sluk sy dop af, lag en sê: moenie grappies maak oor die dood nie.

Moenie grappies maak oor die lewe nie, antwoord ek.

Hy lag en koop nog 'n dop.

"You're full of BS today," sê hy. "PMS?"

Ek drink nog wodka lime en trane. Ek begin huil.

"You remember that pool game last week, when you beat Georgie?"

Sy glimlag raak ook kleiner. Hy sug.

"You're upset because nothing happened between us, Loony. I just don't want to be your proverbial first, if it's going to be so incredibly significant to you. That's just too much pressure on me."

Pleks Georgie Lever maar daardie nag gewen het, James, dan het ek saam met hom huis toe gegaan.

"James," sê ek, "that was his last game."

5

Dit was 'n bedompige nag. Ek kon die are sien bult op my rooi voete. Dit was stil in hulle skakelhuis. Ek dink pastoor Nolte was in sy studeerkamer besig om stiltetyd te hou, 'n vreemde maar gerusstellende gedagte om te dink dat iemand in hierdie nuwe wêreld. stiltetyd hou.

Soms was dit ook net te seer om daaraan te dink. Aan alles wat ek in Suid-Afrika gelos het. Ek het gewonder hoe dit met PW gaan. Daardie laaste aand in Grahamstad se oorbekende pubs was PW se hartseer oë vol vrae. Ek het gedink aan ons road trips en die paaie wat ons om mekaar geloop het en ek was spyt oor die stiltes. Ook die stilte daardie laaste nag tussen al die rinkelende glase smokes en die ewige drienks.

"Jy't gisteraand gesê dit was jou laaste smoke, Lea."

Sy oë te blou.

"Dis my laaste aand vanaand. Dit hoort so."

"Dis wat jy nou sê."

James en Georgie Lever is die skaduwees tussen ons. PW het op James se stoeltjie gesit. Die barman se oë wat so half verbouereerd raak voor hy sê, "I'm sorry to hear about your friend Georgie."

"Thank you."

"And where's that James character?"

"In Zimbabwe. He left on Wednesday."

"I'll miss your contributions to my bar. You and James have kept us to stay open!"

Terg in sy oë toe hy onnodig na PW kyk wat James se stoeltjie vol sit met sy rooibruin baard. "Will you see James again?"

"Maybe he'll come to Cape Town for the New Dawn."

Toe het PW die vel papier uit sy sak gehaal en die seël op ons vriendskap in my hand gestop.

*vir Loony*
*(wat weet van)*
*die sirenes bloei teen die mure van jou stories*
*waar die wind deur die gange van ou longe waai*
*waar die helde teen halftyd verloor en die skape die herders uitmoor*
*tussen die tunes van jou tande wat vasklap tussen die soene wat jy uitdeel aan die nikssseggende warmte van die nag*

PW het voorgestel dat ons berg-op ry, vir oulaas 'n road trip in sy ratelende Blou Reier na waar die Monument oor die vallei troon. Dit was eenuur in die oggend en ons tyd het begin uitloop.

"Dink jy baie aan Georgie?" het ek uiteindelik gevra. Dit was die eerste keer sedert die begrafnis wat ons daaroor praat.

"Ek dink elke liewe goddelike dag aan Georgie." Ek het PW nooit gesien huil nie. Net daardie aand. Ek wou nie vir hom kyk nie. Ek was oorbewus van die hakkelende geluide van die Beetletjie teen die steil pad uit, maar selfs bokant dit kon ek sy gedempte snikke hoor en sy asem, vlak en gespanne. Ek kon die waterige blou van sy oë in die donker raai. Ek het my hand op sy been gesit.

PW het die Blou Reier gestop en skielik was sy arms rondom my lyf, onbeholpe.

"Loony."

My lyf wou net nie vorm aanneem so naby hom nie.

"Daar is net veel hartseer PW. Ek wil wegkom van dit als af."

Die oomblik soos 'n wynglas wat skielik uit jou hand glip. Ek het alleen met die voetpaadjie langs gestap tot teen die rand van die hang. Die prentjie daarvan bo af wou ek onthou: die honderde liggies in die vallei, herinneringe in elke straatlamp, elke dofgeel koshuiskamer met jare se wondergompokke uitgeslaan op die mure, dowwe kerslig in badkamers, joints en smokes in die flou lig van lighters, dartelende dae soos piksoene.
En skuldige nagte.

Daardie laaste aand op Grahamstad was 'n last goodbye, die soort waarvan Jeff Buckley sing. 'n Goodbye nie net van jou nie, maar van 'n ander lewe, van die klein bedrieglike paradys, my comfort zone, die appels waarvan ek net nie genoeg kon eet nie, geëmansipeerde Eva en haar Adams.

6

Duisende kilometers ver van my af, en ek kon my haar verbeel, by die kombuistafel met die Bybel oopgeslaan, haar oë gefokus op die wemelende klein lettertjies. Haar gesig glad en kalm.

*With or without you, with or without you*, het U2 saggies iewers in die huis gesing, so sag sodat dit pastoor Nolte nie in sy studeerkamer sou pla nie. Hulle was 'n vreemde paartjie. Laurie van die wêreld, hy van 'n nuwe hemel, volgens hom.

Ek't begin dink Laurie se persoonlikheid gaan dissolve. As oom André instap na 'n dag by die ministry, het sy sagte oë hard geword as hy na haar kyk. Veroordelende, alwetende oë.

Laurie het grimering gedra en hy kon nooit daaraan gewoond raak nie. Hy het nooit aan haar musiek gewoond geraak nie.

Laurie was soos iemand op dieet wat skelmpies sjokolade eet. Sy het haar CD's in die eetkamerbuffet weggesteek en hartseer gelag as sy daaroor praat. Die tweede dag na my aankoms het sy die kas oopgesluit. "I've got Willie Nelson, U2, and a couple of others. Things like Sting, you know. "

Die lagplooitjies as sy daaroor spot. "Innocent music, really," sou sy haarself probeer verdedig.

"You don't have to convince me!" het ek gelag. Ek kon voel hoe my lag klip word in my keel. Laurie het die pastoor liefgehad. Hy kon haar nie liefhê nie; sy was te wêrelds. Sy moes

wegsteek, soos ek ook die wêreld van daai deurskynende blou in die suburb Kuilsrivier moes weghou.

James kon ek egter nie vir haar wegsteek nie, sy't geweet, soos 'n ma weet.

Nou was Loony in Washington D.C., en wat het regtig verander? By pastoor Nolte se huis, sy skakelhuisie in Washington D.C. waar hy stiltetyd hou, was 'n klein Suid-Afrika waarvan ek wou weghardloop, net soos Laurie. Ek het nie sy gewete nodig gehad nie.

Buite was die straat ook stil. Dit was letterlik net ek en daardie nag en die ewige computer-lettertjies wat in die stilte hamer, klapper klapper teen die sagte, half sad U2- melodieë in die kamer langs my.

As ek fyner sou luister, sou ek waarskynlik oom André ook kon hoor, iewers in die huis se maag. Gedempte manssnikke en vreemde woorde wat oor sy lippe stroom. Soms sou dit crescendo en ek sou dit duidelik bo die dak hoor uitstyg. Soms sou dit saggies in die donker fluister, ewig smekend, eternally proclaiming. Ek was nie eers stoned nie en die gedagtes het in my kop begin raas: ek kon skielik duidelik die fluisterstem in my kamer hoor en ook in my kop.

*Ken hom in al jou weë, dan sal hy jou paaie gelyk maak.*

Ek het op my voete gekonsentreer en ophou tik en gehoop die gedagtes in my kop sou stil word. Gaan sit jou voete in koue water. Dis die vreemde klimaat en die bedompige hitte wat hulle laat swel, het ek myself probeer kalm praat.

Maar my kop was daar. Op daai kontinent het die pastore harder as ooit in my kop gepraat en ek sou hulle net met drank kon stil. Ek kon voel hoe bars ek oop, oop en ek het begin huil, saggies teen die agtergrond van U2 wat sing: *And all I want is you,* en ek het nie eers geweet wat dit was wat ek wou hê nie. Dalk was vreemde kontinente en wêreldstede en skakelhuise en nuwe onbekendes nie genoeg nie.

Dalk wou ek by James wees. Dalk wou ek steeds 'n virgin wees. Dalk wou ek Georgie Lever terug hê en vergeet van die sense of impending doom wat in my nesgeskop het.

7

Politiek en seks is soos twee balls, en dangling tussen die twee is mag. Dis waarteen jy te staan kom as jy met jou groot naasteliefde die wêreld wil liewer hê as jouself.

"So what tribe are you?"

Sy aksent het na soveel jaar steeds nie veramerikaans nie.

"Are you a Boer-Trekker?"

Ek het in my dekadente koppie Franse koffie gestik. Nou was daar terg in sy stem. Hy het aanvanklik nie besef hy sit saam met sy voormalige vyand by 'n ronde tafeltjie in 'n elegante klein Franse bakkerytjie in Bethesda nie.

"You mean a Voortrekker?"

"Yes, I mean a Boer."

"I don't associate with Boers."

"You don't associate with Boers?"

Dit was maklik om met Valaza te praat; daar was nie veroordeling op sy gesig nie. "Well, it's an offensive term with right-wing connotations."

My patetiese argumente wat ek altyd opgedis het vir almal wat wou hoor. Veral vir liberals, Americans en Suid-Afrikaanse swartes. Asof elke confession wat ek sou maak, my sondes sou afwas. Maar daar was nie iets soos 'n kitsbekering nie. Ek moes dit elke keer hoor

soos 'n eerste keer: dis nie jou skuld dat jy wit is nie, dis nie jou skuld dat jy Afrikaans is nie, dis nie jou ma-hulle se skuld nie, al het hulle belasting betaal.

Ek wou ook hierdie man dit hoor sê: Valaza Nhlapu, 'n goeie dertig jaar ouer as ek, sy hare al grys, 'n beroep in die World Bank en universiteitsgrade agter sy naam; 'n belese wêreldreisiger met 'n geskiedenis in die ANC, 'n exile wat al amper dertig jaar in die VSA bly. Hy was op pad terug Suid-Afrika toe, 'n triomfantlike terugkeer. Hy't die transition uitgecheck en uiteindelik besluit sy wit Amerikaanse vrou en sy twee kinders wat voortaan in Suid-Afrika as "coloured" bekend sou staan, moes inderdaad terugkeer na Afrika.

Wat het hy van Afrika geweet? Van Suid-Afrika? Van Suid-Afrikaners? Sy Suid-Afrika van drie dekades het heeltemal verander.

Rassisme was nie meer institutionalised in Suid-Afrika nie; dit was soos jou skaduwee, altyd onder jou voete, die meeste van die tyd is jy nie daarvan bewus nie, dit volg jou, 'n erfenis, 'n inherente eienskap van die wese van Suid-Afrikaners. Dit was nie net 'n chip op jou skouer nie; dit het jou gevorm en gemaak wat jy is.

Valaza was op pad terug om sy skaduwee te gaan soek. En in 'n Franse bakkerytjie in die voorstede van Washington D.C. ontmoet hy vir die eerste keer 'n Afrikaanse female.

"I have waited thirty-four years to meet a Dutch woman."

Natuurlik het ek myself weer moeg gepraat om te probeer verduidelik dat ek nie eens van Hollandse afkoms is nie. Dutch kultuur is vir my net so onbekend soos ander uitlandse konsepte, soos sommige van my bure in die suidelike voorstede van Kaapstad se foto's van die Queen teen hulle mure.

"I always wondered why Dutch men were so protective of their women. When we were kids, we'd contemplate what treasures the white women kept hidden underneath their skirts."

Rassisme en diskriminasie en apartheid het dalk in wese niks met my te doen nie. Dis die een en dieselfde dinamiek as in bars. Bar dynamics het niks met konsepte soos liefde of met my, Lea, te doen het nie. Dis die dangling mag tussen die twee balls.

Maar die eintlike mag kon ek as vrou in my hande hou. Ek kon daai game speel. Ek sou kon sweet talk en uit my hart uit praat, oor die chip op my skouer en oor my identiteit as Suid-Afrikaner. En as Afrikaner-girl. Dalk sou iemand my vergewe, dalk nie. Dalk sou iemand sy luck try. Maar ek sou kon besluit om my bene oop te maak of nie.

Valaza het my op en af bekyk.

"I'd like to take you home and examine you under a microscope to see what makes an Afrikaner woman so special."

Dit was my keuse, 'n keuse wat ek kon maak sonder om skuldig te voel.

"I'm not an Afrikaner.'

Ek het myself dit hoor sê in 'n soort ongeloof.

"So what are you?"

Ek het nie die lus of die guts gehad om dit te antwoord nie.

"I'm trying really hard to remain an idealist. Right now, US immigration refers to me as a legal alien."

## DEEL TWEE: THE RUM DIARY

*"drifting across the city through layers of humid air; sounds of life and movement, people getting ready and people giving up, the sound of hope and the sound of hanging on, and behind them all, the quiet, deadly ticking of a thousand hungry clocks, the lonely sound of time passin gin the long Caribbean night."*

Hunter S. Thompson, *The Rum Diary*

## HOOFSTUK EEN

1

Dear James

November 2000

I'm about to embark on my first real journalistic assignment. I'm covering an important solidarity conference in Havana. Who ever thought your mate would make it to Cuba? This feels like the movie-life that I wanted, at last!

South Africa is apparently sending a big delegation to Cuba to support this anti-embargo initiative. I find South Africa's anti-Americanism quite amusing. Why? I know Castro supported our struggle, but does it mean South Africa should uncritically proclaim our solidarity with an oppressor and violator of human rights? That seems rather ironic to me - something I'd expect from our old regime, you know.

I've been thinking a lot about South Africa lately. Trying to figure out where I fit into this world. I wonder how you are, Jimbo. Are you seeing anyone? Do you even think about me sometimes?

Anyway. Wish me luck. I do love you.

2

"Are you sure you're up to this? "

Ek het aan die swart-en-wit-foto van twee bebaarde, verweerde freedom fighters in my ou apartheidskoolhandboek gedink terwyl die stem oor die foon voortpraat. Daardie foto wou iets vertel oor Castro en Che se ideaal: vryheid.

"Your South African passport is now very welcome on the island," het my redakteur voortgegaan. "But a word of warning: never approach people with a notebook. You will attract attention. Foreign journalists have been detained before."

"Ideals are like drugs."

Ek het die stem aan die anderkant definitief onkant gevang; daar was 'n oomblik stilte voor hy recover het.

"A working headline. That works for me."

Ideale is soos drugs: dit hou nie vreeslik verband met die harde werklikheid nie. Die waarheid is dat dit my editor minder sou kos om my van die VSA na Kuba te stuur as om 'n korrespondent vanuit SA te laat vlieg.

"Rum and Freedom," het ek weer laat hoor.

Hy het my vinnig in die rede geval.

"I'm not interested in your observations, I'm interested in stories. And I'm not interested in the solidarity conference either, its just a good excuse to get you into Cuba. Write about real people; write about a different way of life. For example, South Africa has a few medical students on exchange programs in Cuba, look them up and produce some feature stories. No opinion pieces – we're spending a lot of money on you."

"How about music articles or cultural stuff?"

"Any scoop that the mainstream press won't cover, will work."

3

Dit was 'n outydse Russiese vliegtuig met gehawende sitplekke en passasiers wat nie vir 'n oomblik ophou klets in Spaans nie. Ek het in die heel agterste donker hoekie van die vliegtuig gesit, gespanne en kloustrofobies. Dalk het ek nie eers geglo ek sou weer terugkom van die eiland af nie; in my kop was Kuba anderkant Mars.

Die vliegtuig het op die aanloopbaan neergestryk. Die nuwe wêreld rondom my was vaalbruin en die Jose Marti International Airport in Havana, Kuba, 'n vervalle grys geboutjie.

"Buenos Dias. Bievenidos aKuba," het 'n stem aangekondig.

Ek het voet op die eiland gesit. Die gange wat my na die aankomssaal gelei het, was dofgrys, soos die militaristiese gange van my ou hoërskool in Kuilsrivier. Ook die aankomssaal het my aan die skoolsaal herinner waar ons elke Maandagoggend trots op aandag gestaan en volksliedere gesing het.

*Nooit sal jou kinders wat trou is, kan vra wat beteken jou vlag dan, Suid-Afrika. Ons weet jy's die seël van ons vryheid en reg, vir naaste en vreemde, vir oorman en kneg.*

Die mure was skoolbruin en so ook die soel mans in kakiegroen uniforms; hulle gesigte strak. Alles in Kuba was vaagweg bekend. Asof ek tuisgekom het.

Ek het 'n sigaret opgesteek, want 'n mens het op hierdie vreemde eiland nog die vryheid om te rook net waar jy wil.

"Sud-Africana. What are you going to do on the island?" het die vreemde aksent agter die venster by immigrasie gevra.

"I want to see your country," het ek met 'n glimlag gesê.

"We fight your country in a war in Africa," het die uniform gesê. "We fight the white man. For freedom. "

4

Liewe James

Dis vreemd om in my moedertaal aan jou te skryf, maar ek gaan tog in elk geval nie die brief pos nie. Ek wil jou so graag vertel van Kuba. Eendag, as weer huis toe kom, sal ek jou self vertel van die verdwaalde palmboompies en van die polisiemanne en uniforms oral om jou wat jou laat voel Big Brother kyk oor jou skouer.

Ek wou die eerste indrukke van Kuba inprent in my geheue om nooit te vergeet nie. 'n Huilende, jong, blas Kubaan wat met sy kop rus op die stuurwiel van 'n kar uit die jare toet; langs hom 'n dreigende polisieman notaboek in die hand. Indrukke wat rym met my idees oor kommunisme.

Daardie eerste nag het ek in die luukse air-conditioned bus geklim wat my na die Hotel Flamingo in Vedado sou neem. Buite was dit drukkend warm en amper donker. Die gids op die bus het kringe om sy oë gehad.

"Solo, Senorita?"

"Si," het ek gesê. Ja. Single. Alleen. Ek het al daaraan gewoond begin raak.

Twee jong swart ouens het ook op die bus gesit en ons het nog nie eers die enigste

highway in Kuba gehit voor hulle my opgechat het nie.

"Where are you from?" wou hulle weet.

"South Africa. " Ek het gewag op hulle reaksie.

"You have white people in South Africa?"

"We have white people and we have Nelson Mandela."

"He was in jail for 27 years or something," het die Jamaikaan gesê en my 'n sigaar aangebied. Hy het my vertel van Mandela Park in Jamaika. Die toergids se gesig het ook verhelder: Madiba is oral bekend. Later sou ek uitvind die meeste Kubane verafgod Mandela - nie omdat hy vir gelyke regte vir almal staan nie, maar omdat hy Kuba se "amigo" is.

Ek het die sigaar totaal onsuksesvol probeer aansteek. Dit was 'n Cohiba, 'n outentieke Kubaanse sigaar wat onwelkom sou wees op Amerikaanse bodem.

Die toergids het begin praat oor die talle toeriste-attraksies, die scuba diving; die paradysstrande; die fantastico jazz clubs; en die mooi mense van Kuba. Sy oë was koud en het nie saamgepraat met sy lewendige, opgewekte gebare nie.

"What about a dollar?" het hy ons gevra na hy ons klaar vertel het van Kuba as 'n wonderlike vakansiebestemming. "Cubans poor," het hy gesê, en ek het elke woord begin memoriseer: dit was immers 'n Stem uit Kuba.

"You have clubs? I want to meet Cubans."

Sy oë wat flikker. Hy het langs my op die sagte bank van die luukse bus kom sit. "No Cubano for you," het hy vertroulik gesê. En weer: "No Cubano. You American girl, no Cubanos for you."

"No no. No Americana. Sud-Africana," het ek gesê.

Hy het sy kop geskud. "Cubans want to marry you, Senorita."

Die bus het gestop en die Jamaikaan en sy vriend het in die donker nag verdwyn. Buite die Hotel Flamingo, met die besige woonbuurt vol fietse en mense my enigste indrukke in die donker, het die toergids se praatjies skielik opgedroog.

"Wait here. Do not go anywhere and do not get out," het hy gesê en in die Hotel Flamingo se mond verdwyn. Ek het op die bus se trappie gaan sit en weer probeer om die sigaar op te steek. 'n Ongelooflike mooi swart Kubaan het skielik uit die donker getree en geglimlag. Hy het die sigaar by my geneem en met 'n stokkie 'n ronde gaatjie in die middel gemaak en my daaraan laat trek. Toe eers kon ek Kuba proe. Hy het oor sy borskas gevryf; na my borste beduie; weer geglimlag en my probeer optrek, sy hand styf om myne.

"No," het ek gesê. "Hotel."

"Americana?" het hy gesê. "You, me. Sleep. Sleep you and me."

"No Americana. I'm not an American. And no, no sleep with Cuban men," het ek probeer verduidelik.

Die toergids was skielik langs die bus, hy het iets in 'n harde stem aan die Kubaan gesê en die wit tande het in die donker verdwyn.

"Don't get sentimental in Cuba," het die toergids gewaarsku toe hy my laat inklim, nie onvriendelik nie. Wat bedoel hy, het ek gewonder.

"There is a problem with your reservation in Hotel Flamingo."

"What do you mean?"

Die bus het skielik vertrek en ek het stomverbaas gesien hoe my hotel en Havana kleiner word in die nag.

"Where are you taking me?"

"A resort. For touristas. Safe for Senorita. You'll like it. You be happy there."

Die government het my eerste besluit vir my geneem, James. En jy weet mos, ek wil altyd my eie besluite neem.

5

Die hotelgebou was pienk en oranje, vrolik kitsch, met palmbome in die voorportaal. Teen die mure was prente in pastelkleure van meisies wat dans teen 'n agtergrond van tropiese sonsondergange met drankies in die hand. Dis die ideale, veilige vakansie wat die regering vir jou beplan: 'n Karibiese TV-oord met palmbome, eindelose wit strande en koraalkleur water, gratis kos en drank en 'n hotelkamer met CNN. 'n Sprokie-plek. Ek kon my en James daar verbeel met cocktails in die hand op die strand; of aan die salsa in die hotel se balsaal. Tog was dit net te stil om jou te laat voel dat jy op 'n vrolike vakansie is.

Na my aandete in die hotel, het ek af see toe gestap. Dit was so 'n mooi aand, die see glad met die palmbome donker teen die glimmende sand, en tog was daar niemand op die strand nie. Die meeste vensters in die hotelgebou agter my was ook donker. Dit was soos een van daai verlate ou theme parks wat jy soms in flieks sien; jy verwag enige oomblik iets onheilspellends gaan gebeur.

Ek dink nie ek was al ooit in my lewe so alleen nie. Was dit nou die vryheid waarvan James gepraat het? Ek het op die donker strand gaan sit en aan Suid-Afrika gedink wat so ontsettend ver gevoel het. Dalk het selfs Kuilsrivier gemis, die veilige kleindorpie-lewe en ons swembad in die agterplaas en die groot tuin. Washington D.C. was die crazy lewe wat ek wou hê, maar op Kuilsrivier was die mense wat vir my omgegee het. Die een mens wat elke dag aan my sou dink en vir my bid, was my ma. Tog het dit my nie minder vreemd laat voel nie.

Selfs James was besig om vaer en vaer te word, 'n skadu-gesig met gelaatstrekke wat soms inmekaarvloei as ek hom in 'n lyf op 'n bus, of in 'n bekende trek op 'n vreemde gesig herken.

Skielik het ek 'n radio hoor ruis, baie naby aan my. Oombliklik die verskriklike, verlammende bangheid.

"Senorita."

'n Skadu met 'n koue stem het uit die donker verskyn, en toe nog 'n skadu wat nader beweeg, asof al die donker palmbome begin lewe en in mense verander soos 'n hallusinasie.

Dit was sekuriteitswagte.

"Senorita, we ask you to leave the beach."

"Why?"

Dit help nooit om te vra hoekom nie. Ek moes dit mos op skool of in die kerk geleer het.

"It's the rule. Nobody on the beach at night."

Ek het opgestaan en na die verlate stuk teerpad begin stap en die figure het net so skielik weer in die donker op die strand teruggetrek, asof hulle nooit daar was nie.

6
Liewe James

Al was ons nog so jonk, kan jy seker ook die toue Suid-Afrikaners onthou wat op 27 April hulle kruisie wou trek. Die verskriklike blydskap daardie dag. Ek dink Kuba is op 'n manier soos Suid-Afrika was tydens apartheid, toe ons 'n polisiestaat was wat ons eie mense ingeperk het. Een van die ontstellendste beelde wat ek nooit sal vergeet nie, was een nag in 'n klub in die toeriste-oord Santa Maria. Die een oomblik het ons nog almal saam mohitos afgeslaan, en skielik het die klub gewemel van veiligheidspolisie.

"Tourista, keep drinking," het een aan my gesê.

Die jong Kubane in die klub is almal in 'n ry staan gemaak en gevra om hulle identiteitsdokumente te wys. Soos pasboeke, James. Hulle vingerafdrukke was ook op die kaarte.

Die meisies in hulle skrapse lycra het in bang groepies saamgebondel. Ek het 'n polisieman gevra wat aangaan.

"Klub not for Cubanos. For touristas."

Ek het vir die eerste keer 'n idee gehad hoe dit moet wees om nie vry te wees nie. Dit was soos 'n openbaring - ek het vir die eerste keer besef wat diskriminasie teenoor jou eie mense beteken.

En ek het vir die eerste keer regte vrees gesien. Dit was asof ek my eie land se geskiedenis beleef het, James. Ek as toeris kon doen wat ek wou, soos ek nog altyd in my eie land kon doen omdat ek 'n wit vel het.

Maar ek het ook geweet van vrees, James. Van kleins af bid ek elke nag dat ek nie hel toe gaan nie, elke nag. En net soos die Kubane wat nie in 'n klub vir toeriste mag dans of drink nie, het ek ook geweet hoe dit voel om wette te breek. Ek het mos Wette verbreek met lyf.

7
Sewe-uur Saterdagoggend het die foon my wakker gelui in my hotelbed onder die gestyfde lakens.

"We come to take you to the airport."

"I'm not leaving today. I'm going to Havana."

Ek het die foon neergesit. In die toeriste-oord wat deur die regering bestuur word met CNN, 'n sterk straal stortwater en 'n verniet ontbyt, was ek in 'n gekkeparadys. Buite het die palmboompies gegloei teen die goddelike blou water wat 'n mens aan daai Cancun-Peter Stuyvesant-advertensies laat dink. Toe ek my voete vroegoggend in die blou-blou water gaan natmaak, was daar weer eens 'n skadu agter my, 'n veiligheidswag wat my dophou en in vreemde tale oor sy radio praat.

Hier onder die regering se neuse moes ek uit, dat ek die rêrige Kuba kon sien.

8
(Havana)

Daar was wagte op aandag in lang rye in bruin uniforms voor die Rewolusie-Museum. Havana is grys-bruin, die kleur van vervalle geboue, bakstene en stof. Ons het gery verby manne in bruin of blou uniforms op elke straathoek, onvriendelik en alomteenwoordig. Ek was veilig agter my

glasvensters in my blinkrooi nuwe toeriste-taxi wat so skerp afgesteek het teen die vaal, outydse karre.

Ons het verby 'n katedraal gery en vir 'n oomblik het ek aan my ma gedink waar sy kniel voor die kansel in die AGS-Kuilsrivier.

In die vervalle ingange na huise kon ek die kitsch sien: plastiekblomme en kleurvolle ornamente wat skerp afsteek teen die vaal kleur van die smal, donker huise. Dit was dan die gesig van kommunisme.

Ek het in 'n casa particular ingeboek, 'n private losieshuis wat 'n Kubaan met 'n spesiale lisensie van die regering kan verkry. Die eienaar was 'n man wat alewig 'n sigaar in die binnehof sit en rook het. Die diep geur van die rook het selfs in my kamer ingetrek.

"I'm going for a walk," het ek aan hom gesê.

"Be careful, Americana. The Cuban men, dangerous. They like foreigners."

Vir mans was ek nie bang nie; ek het mos geleer dat jyself die sleutel hou tot al die power wat in jou lyf opgesluit lê.

Ek het met Gervasiostraat aangestap deur Havana Vieja en Centro Havana. Nêrens is daar 'n robot of geverfde lyn in die strate van Ou Havana nie en riksjas, scooters, fietse, waentjies, motorfietse en ou karre ry die wêreld vol soos hulle wil. Dis 'n stad wat met sy hart op sy mou leef: kinders wat vlugbal speel in die strate; vrouens wat in deuringange klets; bure wat kaart speel en mans met voosgevatte sigare wat op straat rondhang.

Ek was op 'n straathoek, toe 'n ou man skielik vir my skree: "You want to change your country for mine?"

Op die oog af is Havana die soort plek waar almal uitbundig praat en lag; 'n aanloklike lewe van min hê en baie leef. So aanloklik soos die voorstede van jou kinderdae in Suid-Afrika met groengesnyde grasperke en swembaddens en die reuk van braaivleis en kinderstemme op 'n Sondagmiddag. Jy kon daardie Suid-Afrika idealiseer, of jy kon kies om te wonder oor die trae rookwolke wat bokant die townships ver op die Kaapse Vlakte hang.

Kuba se hartseer klou aan die gesigte wat sukkel-sukkel hulle meubels of emmers water met toue na hoë geboue ophys; dit klou aan die verwelkte groente en vrugte in die straathoek-groentemark. Jy kon dit nie ignoreer nie. Dis soos die koerantberigte van kapings en moorde op plase in Suid-Afrika. Daar was hopeloosheid op die deurleefde gesigte van bloedjong prostitute; of kinders wat sigare onwettig probeer verkoop; daar was die ewige gebedel vir die magtige dollar.

Moenie sentimenteel raak nie, het ek my toergids se woorde onthou.

## HOOFSTUK TWEE

1

Sy dreadlocks het my onmiddellik opgeval. Hy het op die voetstuk van die Jose Marti-standbeeld in die park gesit asof hy elke dag daar sit, sy gesig uitdrukkingloos. Dan en wan sou hy vinnig op en af kyk, duidelik senuagtig.

"Hablas Engles?"

"Yes, I speak English." Hy het senuagtig rondgekyk.

"Are you scared of talking to me?" Daar was 'n blou uniform op die straathoek wat na ons kant toe gekyk het.

"No, I'm not scared - he won't understand English anyway."

Hy het effens geglimlag en ek het langs hom op die standbeeld se voetstuk gaan sit. Sy dreadlocks het na seep geruik. Hy was 'n diepswart kleur, opmerklik donkerder as die meeste Kubane.

"A Carribean African," het hy gesê toe ek hom daaroor vra.

"Where did you learn to speak English?" Weer die laggie; net sy mondhoeke wat so effe lig en sy oë wat skamerig lag.

"You ask many questions. Why you do that?"

"I've come to find out what Cuba and Cubans are all about."

Sy hele lyf het skielik styfgetrek asof hy geskrik het. Daar was 'n groepie Rastas op pad na ons met 'n stereo wat hard deur die park gedreun het. Die rasta langs my se oë het heen en weer geflits, asof die wit balle vasgekeer was binne-in die swart gesig. Hy het van die voetstuk afgespring en freneties iets aan hulle probeer beduie op Spaans. Die groepie het net gelag – hulle kon hom waarskynlik nie hoor bo die Bob Marley nie. Meteens was dit soos 'n nagmerrie waarin jy kan voorspel wat gaan gebeur, maar dis asof stroop jou voete vashou sodat jy nie kan ontsnap nie; ek wou meteens nie meer in Kuba wees nie. Die veiligheidspolisie wat stadig sirkel rondom die groepie. Die Rasta langs my se hande wat lam val langs sy sye; die onpeilbaarheid wat skuif oor sy gesig en sy stem wat fluister: "Just tell them you got lost and need help. You only wanted help."

Die polisieman wat voor my kom staan en sy gapende mond wat met my praat in 'n vreemde taal.

*Liewe Jesus asseblief help my. Hou U hand van beskerming oor ons. Gaan asseblief met die kinders agter die ystergordyn.*

Ons het dit elke oggend tydens Bybelonderrig in die klaskamer met die kakiegroen mure op die bruin mat gebid. Ek het nie geweet wat dit beteken nie, en hier was ek nou self agter die ystergordyn. Ek was ontsettend bang. Bob Marley het abrup ophou sing en die park was te stil.

"What you want?" het die polisieman gevra. "What do you want with them?"

"I'm lost. I don't know which way to go."

Die Rasta langs my se asemhaling was swaar. Sy groep vriende het in 'n ry gaan staan en hulle identiteitsdokumente uitgehaal.

"I'll take her to her casa," het die rasta langs my gesê. Die polisieman het my stip aangekyk.

"De donde esta?"

"He wants to know where you are from."

Waar is ek vandaan. *Waar sal my hulp vandaan kom.*

"Sud-Africa."

Steeds die stip kyk. "No Americana?" het die polisieman weer gevra en ek het my paspoort uitgepluk. Die Rasta en die polisieman het iets aan mekaar gesê in kortaf, vinnige Spaans. Dit het na 'n argument geklink. 'n Ander polisieman het die klein stereo gekonfiskeer.

"Take her to casa," het die veiligheidspolisieman aan die rasta gesê. "We watch you."

Die polisieman het weer iets aan die Rastas gesê en aan hulle gesigte kon ek aflei dat hulle baie ontsteld was.

"They don't like the music, they fine us 15 dollars," het die Rasta droog gesê. 'n Hele maand se salaris. Ek het 15 dollars aan die polisie gegee en gewens ek kon meer gee. Ek en die Rasta het begin aanstap met die polisieman wat ons agternastaar.

"What just happened?"

"They don't like Rastas. We learn the English to understand Bob Marley." Sy halwe glimlaggie, nou al bekend, was terug op sy gesig.

"The government's scared of Bob Marley. He sings about the freedom of the black man."

"In South Africa the black man has freedom now. We had a very bad government. All white Afrikaners."

"Are you an Afrikaner?"

"I wish I wasn't."

Ek sou my volk meer as drie maal verraai.

"You like Mandela?"

"Madiba. Our hero."

Hy het beduie na een van die wit borsbeelde in die park. Ek het die gesig al voorheen by die lughawe en in ander parke opgemerk.

"Jose Marti. Our hero." Skoolgeskiedenis het my nie van Jose Marti geleer nie.

"Should I walk with you somewhere? You're lost, Sud-Africano." Hy het weer gelag, die slag in my oë in. Diep in my lyf het iets geroer; dis daai oomblik wanneer jou hele lyf wakker word en jy bewus raak van die ander persoon. Ek het dit by hom ook gesien, sy oë wat minder onbereikbaar word; die glimlag breër. Ek het hom probeer ruik, en die reuk onthou van die Ethiopiër in die bed in Brooklyn, die reuk van marijuana wat liggies meng met wierook en vae sweet.

Ek het geweet ek is besig om 'n aand se geskiedenis op my lyf te skryf en ek wou nie terugdraai nie. Lea draai nooit om nie, sy val nie terug nie, dis mos hoe sy geleer is.

Ons het op die bankie in die park gaan sit en die son het later ondergegaan, en ek het gewonder of ek ooit so met 'n swart Rasta in my eie land sou kon praat.

Sy hand was skielik op myne, sy donker vingers wat loop oor my vel. "You're so white, Sud-Africana."

Sy vingers het liggies oor my arms gestreel.

"I've never been with a white girl," het hy in die donker gesê. "Have you been with a black man?"

Die media attaché in D.C. het vir my dieselfde vraag gevra, en toe het ek aanstoot geneem. Ek het nie geantwoord nie, net sy hand geneem en dit teen my mond gedruk.

"Let's go for dinner," het ek gesê en dadelik spyt gevoel. 'n Mens sien nie Kubane in restaurante in Kuba nie, net toeriste wat dollars kan bekostig. Ek het weer probeer.

"Let me take you to dinner."

"We'll attract attention."

Hy het saam met my gestap, al met die hoofstraat langs, verby die pleine en bome en standbeelde van Marti en ander helde van die revolusie. Orals was die veiligheidspolisie. Ek het elke keer verstyf en hy sou op Engels sê, "Don not worry senorita, they do not understand English. Do not look at them."

Almal het na ons gestaar: die toeris en die Rasta. Voor die deur van die eetplek het hy gestop.

"Come find me. I an always in the park after work."

Hy het omgedraai, die Kubaan met slange wat lank teen sy rug afhang en bons soos hy wegstap. Hy het omgedraai en geglimlag. Ek het my bene voel beweeg. Sonder om eers te dink, wou ek hom roep en ek het besef ek het nooit sy naam gevra nie. Ek het na hom gehardloop en hom gesoen, vol op die mond. Eers toe hy 'n honderd meter van my weg was, het 'n veiligheidspolisieman hom genader.

2

Die twee was seker sestien. Rooi oë en aan die lag. Die een het my om die lyf gevat en op gebroke Engels gevra, hoekom loop jy alleen in die strate rond, wil jy my girl wees? Dit was donker in die park. Ek het veilig gevoel: daar was polisie oral – al was dit dan nou ook onvriendelike veiligheidspolisie. Die ander een het sy identiteitskaart uitgepluk en dit aan my gewys. Daar was 'n vingerafdruk op, ook 'n foto en die nommer van 'n "CDR". Committee of the Defence of the Revolution. Elke Kubaan het 'n CDR wat na die blok omsien en subversive aktiwiteite aanmeld.

"Down with Castro," het die stoned ou gemompel. "Marry me, muchacha."

Ek het verby die twee geloop en onder die donker bome se skaduwees gesoek vir my rasta. Skielik was hy daar in die donker. Langs hom was nog 'n donker figuur. 'n Kooltjie het in die donker gebrand en ek het onmiddellik die reuk herken. Ek het hom geroep. Hy was net so verbaas soos ek, ons het nie een gedink ek sou hom kom soek nie.

"I can't stay long, but would you meet me at this jazz club later?" het ek vir die donker figuur gevra. "Don't worry, I'll pay.

"Si," het hy gesê. "I'll meet you. At eleven."

Dit was nie 'n transaksie en ook nie charity nie, het ek gedink. Dit was soos godsdiens.

3

Hy het reeds op die trap gesit toe ek uiteindelik by die klub aankom, 'n uur laat. Sy oë was rooi en hy was kwaad.

"I think that you are not coming."

"I said I would."

Die bouncer het my vriendelik op Engels gegroet en ek het 10 dollar vir die twee van ons betaal. Daar was daar 'n woordewisseling tussen die Rasta en die bouncer, ek het iets gehoor van policia en begin praat.

"Amigo," het ek vir die bouncer gevra. "Problema?" Ek het nog 'n paar dollarnote na hom uitgehou. No, no, het die bouncer vinnig gesê en ons is in die klub in. Ek het twee mohitos bestel en ons het by 'n tafeltjie gaan sit en na die wulpse Afro-Cuban jazz geluister.

Die Rasta het opmerklik begin gloei; hy het saggies met sy vingers getik-getik en toe het sy hele lyf ritmies begin beweeg. Hy het geglimlag, die breedste wat ek hom nog gesien glimlag het.

"Have you been here before?" het ek gevra en reeds sy antwoord geweet. Die beste musikante speel in die stad se jazz bars waar net toeriste mag uithang.

Sy hande het vreemde ritmes waarin ek nie kon dink nie op die tafel saamgespeel, asof elke spier in sy lyf op 'n ander ritme klop. Onbekende ritmes. Hy moes opstaan asof die polsslag hom uit sy stoel forseer en sy lyf het bly beweeg, elke spier het sy eie ritme gespeel onder sy vel en tog in perfekte harmonie met die knik van sy kop – soos 'n oorweldigende bastrom.

Ek het aan die musiekfeeste gedink langs die Breede Rivier, by Hangklip, en by Oppikoppi - die mense was bekend, die landskappe bekend en die ritmes en harmonieë van Suid-Afrikaanse musiek kon ek aanvoel, asof ek gebore is daarmee in my lyf. Selfs township jive, ek kon dit voel pols in die draai van my heupe. Die Rasta se maer, benerige lyf was so naby my in daardie donker klub en tog so verskriklik onbekend dat dit my bang gemaak het. Hy was alles waarvoor ek moes bang wees met die slange aan sy kop, sy diepswart kleur en die kommunistiese land waarin hy moes bly.

Die band het hulle laaste encore gespeel en hy het in 'n stoel neergesak, natgesweet, sy pupille hulle normale grootte, want die dope het lankal uitgewerk.

"Gracias," het hy gesê met soveel gevoel dat ek die slange wou nadertrek en sy vreemde lyf wou voel warm word teen myne. Hy het weer my hande geneem en hulle gesoen.

"Gracias, Senorita."

"Do you ever want to leave Cuba?" Hy het sy kop geskud.

"I love my country. I love the music, the people, the culture. I do not like the government. Cuba is my first true love. One should never give up on your true love. "

Dis woorde wat kliek in my kop.

"Why did you leave Sud-Africa, white girl?"

Dis die enigste keer dat iemand my ooit die vraag so eerlik sou vra, sonder dat ek die politieke kleur in die vraag kon hoor en die vooroordele in hulle oë lees.

"I had to leave someone behind. He wasn't my true love." Ek het vir 'n oomblik aan James gedink en hy het so ver gevoel. Ek het een van die Rasta se dreadlocks geneem en daaraan geruik.

"I can never leave Cuba. My dream keeps me here." Hy het saggies begin neurie en sy vingers het weer die onbekende ritmes op die tafelblad begin tik. Die mohitos het my kop lig gemaak, ek kon als gelyk hoor en voel, sy sweet, my hande oor die growwe vel van sy gesig, die reuk van die dreadlocks, die natheid oor sy gesig, die sagtheid van sy mond toe ek hom nag soen.

Ek het gesê: "Tell me about your dream."

"I dream of change."

4
Maandag 13 November 2000

Dit was so weird om nie meer vir jou te skryf nie. Ek het al so gewoond geraak daaraan, ek het selfs vir jou 'n stem en 'n persoonlikheid uitgedink. Ek sou vir jou briewe skryf en vertel van my ervaringe hier in die States en in Kuba, al het ek geweet jy sou nie terugskryf nie. Tog het ek my verbeel jy's die enigste mens wat sou verstaan. Ek het geglo jy sou vir my perspektief kon gee: my laat beter voel oor die rondslaap en die drugs omdat dit deel was van jou eie religion. Ek sou jou altyd so verskriklik mis, oral. Selfs hier in Havana sou ek wonder hoe jy die stad sou beleef. Jy sou soveel rum drink. Jy sou elke nag met 'n nuwe girl rondfool, en jy sou waarskynlik weier om haar te betaal as sy aandring op dollars.

"She has to feel honoured that I'd slept with her," sou jy dalk sê.

Wat het jy destyds vir my gese?

"I love through sex."

Ek sou dit altyd onthou. Ek het gesê, "You don't love through sex, because you'd sleep with anyone. I love through sex, because I won't sleep with anyone."

Jy het van my verskil. "I love through sex," het jy aangehou en ek het dit geglo. Ek glo mos maklik. Ek het liefde vir jou uit my lyf laat loop en geglo ek sou dit van jou af terug kry.

Hier in Kuba het ek vir die eerste keer besef ek droom nie meer oor my en jou nie. Dalk sou ek nou weer iemand anders kon liefkry. Dis nogal exciting om daaraan te dink. Jy't jou doel gedien James, jy was soos 'n wanhopige bekering om 'n nuwe godsdiens te ontdek.

# HOOFSTUK DRIE

1
Buite was die spierwit gebou omring deur palms. Die katedraal was een van die min geboue wat nie bedek was in 'n bruin waas soos die res van Havana nie. Tamburai, een van Suid-Afrika se mediese studente in Kuba, het sy Engelse Bybel oor ons altwee se skote oopgeslaan en ons het geluister na die diens in Spaans waarvan ek niks kon verstaan nie.

Die groep mediese studente, sommige Xhosa, ander Zulu en ander Sotho, was almal effens ouer as ek in hulle mid-twintigs. Ons het *Nkosi Sikeleli* deur die Kubaanse hemel laat eggo, teen die hoë dak van die katedraal vas en ons stemme het na my toe teruggeslaan met 'n geweld wat my oë laat traan het.

"You have to teach us the National Anthem in Afrikaans," het iemand gefluister en toe het hulle weggeval met 'n struggle song. Die woorde was onbekend, onverstaanbaar, die klapklanke bekend. Die wysie het my laat dink aan die TV-footage en dokumentêre programme oor die Struggle, die massas swart figure se stampende voete, vuiste in die lug, die moeë gesigte, die triomfantlike oë, die hoop geklem in daardie vuiste.

'n Struggle waarvan ek nie deel was of ooit deel kon hê nie.

Tamburai se swart hande was in die lug langs my, sy vuis geklem, die kneukels bleekbruin, sy gesig vertrek in konsentrasie, gefokus op 'n ideaal en horisonne wat ek nie kon sien nie. Die studente se stemme het gedreun, meisiestemme sou inval, hoog, ululerend, ek kon daardie stemme hoor en my Tafelberg verbeel en ook hutte en townships en groen grasperke in die suburbs en laslappielandskappe en Madiba se bont hemde.

My vuis het langs my sye bly hang. Tamburai was 'n gesig wat ek dalk in Suid-Afrika, in Kuilsrivier, nooit sou raaksien nie. In Grahamstad sou ons nie saam in die hoofstraat se katedraal langs mekaar sit met 'n Bybel oopgeslaan oor ons altwee se skote nie.

Ek het my oë toegemaak en saggies gebid dat ons onsself nooit weer moet skuldig maak aan blindelingse onkunde nie.

Tamburai het tydens die diens vir my 'n nota gestuur met sy adres op.

"Write to us. We have no news from home in Cuba."

Ek het teruggeskryf. "How do you feel about socialism? Has your experience here changed your perspective?"

Hy het geknik en geglimlag. "South Africa has moved beyond socialism. Socialism is the consciousness to get what one needs," het Tamburai saggies aan my gefluister. "In most parts of the world, and also in South Africa, we are no longer satisfied with that. We want more."

Loony wou ook nog altyd meer hê. Meer as Kuilsrivier.

Ons het psalms gesing, die Spaans onbekend en vreemd op my oor. Ek het saggies in Afrikaans saamgesing en Tamburai in Xhosa. Baiemaal in my lewe in baie kerke was oomblikke te groot vir Lea. Maar in daardie kerk daardie oggend was dit heilig.

"You happy in Cuba? Or you miss home?" het ek gefluister.

"Ei. There's no place like home," het Tamburai gesê en gelag. "Are you going back soon?"

"Its not the time to go back just yet."

# HOOFSTUK VIER

1

Nie een van die kar se deure het 'n handvatsel gehad nie. Die bestuurder, 'n ligte Kubaan met groot swart oë, het 'n handvatsel uit die asbak gehaal en aangegee. Daarmee moes ons al die deure oopmaak. Ek was op pad na Pinar del Rio, 'n klein plekkie op die platteland ongeveer tagtig kilometer van Havana af.

Dit was onverwags. Ons was nog rustig aan die ry op Kuba se enigste snelweg toe die veiligheidspolisie langs ons stop en beduie ons moet van die pad af trek. My bestuurder se skouers het verstyf, ek kon die paniek in sy swart oë sien oorloop en sy gesig het witter geword.

"Silencio," het hy beduie en uitgeklim. Daar was 'n kort argument tussen die twee en ek het in die kar bly sit, te bang om 'n woord te sê. Ek het niks verstaan nie. My bestuurder het sy identiteitskaart uit sy sak gehaal en die polisieman het dit gekonfiskeer. Ek was bang die lang man voor my gaan breek, hy was 'n snaar te styf gespan, paniek in sy handgebare, sy bewende mond wat afrem, sy blink swart oë waaruit die haat so sterk skyn soos die bakkende son. Uiteindelik het hy teruggeklim in die kar en 'n oomblik sy kop op die stuurwiel laat leun.

"Vamanos, " het hy gesê en ons het weggetrek. Hy het my voor 'n busstop gaan aflaai.

"No licence," het hy probeer verduidelik. Weer het sy mondhoeke gebewe en die groot man wou aan die huil gaan.

"What will happen?" het ek gevra.

"Policia, policia," het hy aanhoudend herhaal, soos 'n CD wat vashaak op die een klank.

Ek het uiteindelik 'n toeris wat kon Spaans praat, gevra om vir my te vertaal. Die man was glo nie toegelaat om 'n "tourista" in sy motor te vervoer nie, en sy rybewys en identiteitskaart is gekonfiskeer. Hy sou óf tronk toe gaan, óf hy moes 'n boete van 15 dollar betaal.

"No dinero." No money. Sy skouers onder die vuil hemp het begin ruk. Dis 'n maand se salaris vir die Cubano. Ek het die geld uitgehaal en vir hom gegee. Bloedgeld, skuldgeld, charity, 'n disprin vir griep. Net die simptome het ek probeer behandel.

## HOOFSTUK VYF

1
(Pinar Del Rio)

Die vroutjie by die casa particular waar ek die nag in Pinar del Rio oorgeslaap het, het saggies aan die deur geklop.

"Sud-Africana? You wake up?" het sy gesê. Daar was iemand by die deur vir my. Ek het die bier-geïnspireerde gesprek van die vorige nag onthou. Vanoggend sou ek 'n tattoo kry vir 15 dollar, die Kubaanse ster sou van nou af op my laerrug pronk.

"It is the one with the beard," het die verrimpelde vroutjie grootoog gesê. "He is dangerous."

Carlos was nie dangerous nie, hy was anders. Die Kubaanse kleindorpie-bevolking was maar net so bang vir ringe, tattoos en langhaarmans in swart soos die mense van alle klein Afrikaanse dorpies. Carlos en Michael was twee Kubane wat ek die vorige nag ontmoet het, my eie ouderdom en soos aliens in hulle eie omgewing, die kleindorpie-rockers van Kuba.

"Morning, how do you feel?" het Carlos met 'n glimlag gesê.

"Loco. I'm crazy. I can't believe what I'm about to do."

Ek wou Kuba vir die res van my lewe onthou, so ek moes getatoeëer word om die eiland op my lyf te verewig. Elke keer as ek in die spieël sou kyk of hande oor my rug sou voel, sou ek Kuba kon herleef, sou ek kon onthou wie ek was in hierdie vreemde plek. Ek moes die tattoo kry.

Ons het met 'n nou grondpaadjie om 'n gebou, wat soos 'n kerk lyk, in 'n steeg ingeloop waar klein baksteenhuisies almal op 'n ry ingedruk staan tussen palmbome, amper soos in 'n township. Ek onthou die maer honde, draad, vuil kinders wat my aanstaar, en die warm son wat blink op sinkdakke - vae indrukke van die kleure van die dag. Die mense was 'n vaal kleur, asof almal in 'n laag stof gepreserveer is, uit 'n ander wêreld. Daar was verwondering op hulle gesigte. Ek was waarskynlik die eerste tourista wat deur hulle woongebied gestap het. Almal het vriendelik gegroet. "Buenos dias, Senora."

Carlos se mooi vrou was buite die huis besig. Sy was besig om water uit 'n groot konka te skep.

"Michael inside," het sy beduie en geglimlag.

2
Dit was soos hitte in die klein kamertjie met die groen bedsprei, dit wat ek en Michael aan mekaar wou sê.

"Buenos dias."

My wange het rooi geraak. Die vorige nag in die binnehof het ons die een bier op die ander gedrink, en ek het al hoe meer op Michael gefokus. Ek het langs hom gaan sit en kort-kort aan hom geraak terwyl hy die tattoo vir my in my notaboek ontwerp het. Ek het gewens ek kon met hom praat. Als wat ek aan Michael wou sê, moes deur Carlos vertaal word. Ek het gehoop my oë het aan sy sagte bruin oë gesê wat hulle wou weet. Hy was so beautiful. Bokkie-oë, lang, krullerige hare in 'n poniestert en gedefinieerde spiere. Ek wou hom sien op die verhoog, ek sou hom wou hoor sing.

Hy het gelag, so 'n skaam lag. "Ready, Senorita?"

Ek het gedink aan sy hande op my lyf. Vir die res van my lewe sou ek sy hande op my lyf kon verbeel. Sy arms was bruin en sy naels skoon.

Carlos het 'n tape in die gebreekte stereo gesit. "Our music," het hy trots gesê. Carlos en Michael was in 'n metal band en hulle het Afro-Cuban percussion in hulle metal ingebrou. Die conga en metal het skieilik hard deur die stil buurt getrek. Harde, scary musiek, iets daunting daaromtrent. Dit het my vervreemd laat voel. Ek het my oë toegemaak en probeer onthou waar ek vandaan kom, ek het gedink aan die vorige kere wat ek heavy metal bands in pubs in Kaapstad gehoor speel het.

Wou ek ooit 'n tattoo hê? het ek skielik gedink. *Jou liggaam is 'n tempel van God.*

Loony kon steeds nie haar eie besluite neem nie. Asof sy geen fondament gehad het waarvolgens sy haar besluite kon neem nie.

Vir 'n oomblik het ek my oë toegemaak en ek wou huil. Ek het gewonder wat die dogtertjie van Kuilsrivier in Kuba maak. Carlos woon in 'n eenslaapkamerhuisie met 'n klein kombuisie en 'n stort. Ek wou nie tussen rockers in 'n klein kamertjie in die een of ander village tussen harde musiek en arm mense wees nie. Niemand het eens geweet waar ek is nie. Ek was heeltemal alleen binne die harde dreigende musiek. Ek was moeg vir vreemd te voel.

Skielik het ek Michael se hand op my skouer gevoel.

"Lea?" Sy stem was sag. Ek kon die vraagtekens daarin hoor. "You okay?"

"Scared."

Sy oë was sag. Die tape het begin kreun en in die stereo'tjie opgerol. Carlos moes die bruin tape versigtig uit die wieletjies van die bandopnemer probeer red. Sy harde oë was 'n oomblik teleurgesteld en gefrustreerd – asof jy woede vir 'n hele sisteem wat maak dat hy nie 'n CD kan opneem of 'n bandopnemer kan bekostig nie, op sy gesig kon lees. Dalk was ek ook bang vir al die gedagtes wat agter sy bokbaardjie en sy swart klere weggesteek word.

"I need to go to work," het Carlos gesê en verskoning gemaak.

Toe hy uit is, het ek doodbenoud begin giggel. Tussen Michael se bietjie Engels en die drie woorde wat ek in Spaans opgetel het, moes ons 'n tattoo op my laerrug laat slaag.

"I'm so scared."

Michael het geglimlag. "It's okay. Muy bien." Hy het stadig in Spaans met my gepraat, asof hy gehoop het ek sou verstaan. Ek het heeltyd sy oë dopgehou. Hy het sy rugsak oopgemaak en die naalde begin uitpak. Hy het 'n snaakse masjientjie aanmekaargeskroef en ek het sy bo-armspiere dopgehou wat onder sy songebrande vel beweeg.

"Self-constructed." Hy het trots sy device aan my gewys. Hy het op 'n stuk papier met potlood geteken en die ster het vinnig dimensies aangeneem.

"Cuba always with you," het hy gesê.

"You always with me, Michael. On my back."

Ek weet nie of hy verstaan het nie. Ek het op my maag op die bed gaan lê, kop in die kussing. Michael het langs my kom sit en my hemp opgelig. Ek het gedink aan sy skoon naels op my vel. My lyf het liggies gebewe. Hy het gelag en gevra: "Scared?" Hy het met 'n swart pen die ster op my rug geteken, liggies. Sy hande het kort- kort oor my vel geskuur en my hart het vinnig geklop.

Die naald in my vel was 'n skielike seer prik. Daarna het ek aan die soet pyn gewoond geraak.

Prodigy het oor die klein stereo'tjie gespeel. Ons het nie met mekaar gepraat nie, dit was net die sagte dreun van sy self-constructed masjientjie se naald in my vel en my vlak asemhaling.

"Hurt?" het hy gevra.

"Poco-poco," het ek gesê. 'n Klein bietjie.

Dit het so aangehou vir omtrent vyftien minute: die ligte loop van sy hande oor my rug wat my laat ril en die steekseer van die naald, bittersoet.

"Done," het Michael gesê. "Now hurt."

Dit was skielik soos 'n vlam in my rug. Hy het die ster met alkohol ontsmet en my hele lyf het aan die brand geslaan. Ek het my kop in die kussing gedruk en gesnik. Sy vingers het oor my rug geloop en die ander hand het my skouer 'n druk gegee. "Sorry."

Die verskriklike pyn was binne sekondes oor. Hy het my laat opstaan en my hemp opgelig gehou. Ons het voor die spieël gaan staan sodat ek sy handewerk kon sien. Daar was bloed oral langs die rande van die ster.

"You like?" het hy gevra.

My tempel. Tot in alle ewigheid, met 'n ster op my laerrug wat my sou lei na vreemde waters.

"Gracias."

Dit was 'n vreemde oomblik. Die Cubano se hand wat my hemp opgelig hou, warm teen my wit rug, die rooi bloed wat syfer uit die Kubaanse ster. Ek wou dit vir altyd onthou.

"You leave Pinar today?"

"I go back to Havana," het ek gesê.

"We have a concert on Friday in Havana. You come?"

"Si," het ek gesê. Net vir 'n oomblik het ons in mekaar se oë gekyk en ek het gesê: "Michael, me gusta tu. I like you."

Ek het nie eers geweet of my woorde reg uitgekom het nie. Hy het geglimlag, sy oë sag. Ek kon sy vingers oor my rug voel. Sy lyf was so naby aan myne, ek het my kop laat sak teen sy skouer, sy lippe was teen my warm songebrande voorkop soos die son my in Kuba gelooi het en die ster op my rug het seer gebrand.

"No sex, Sud-Africana, for a week. No sleep on back," het hy geterg. Sy mond was lig in my nek. Hy het versigtig my hemp uitgetrek, en ons het vir mekaar in die spieël gekyk. Daar was ligte wit straps oor my lyf gebrand. Waar die rooi opgehou het, was my vel spierwit. Sy donkergebrande hande met die skoon naels oral oor my wit vel. Dit was soos kameraskote, oomblikke wat in my geheue vassteek, die lekkerte van sy mond, liggies, reg rondom die brand van die ster op my rug.

3

*Asof jy opstyg, en saggies land op 'n bekende sleeper couch wat in Grahamstad moes wees maar nie is nie. Dit lyk soos 'n straat in Kuba, die geboue vaalgrys en vervalle, musiek dreun uit die vensters en verrimpelde manne staan voor die gewelfde ingange. Maar ek weet, ek het opgestyg en oornag in Kaapstad geland - ek kan dan die see ruik en iemand speel kitaar, ek weet ek moet die kitaar gaan soek, dis my Kubaan wat speel. Saggies, trova-musiek gedoop in melankolie, ek weet hy is iewers in die nou straatjies want ek kan hom dan hoor. Ek staan op van die rusbank en beweeg na die voordeur en die seun van die mens roep en ek antwoord.*

*"What do you want from me James?"*

"Solo," het ek geknik. Ek gaan alleen. Ek was op pad na my Michael toe, my Kubaan. Dit maak nie saak dat ek nie eers geweet het waar die buitelug-show gehou word nie. Dit maak nie saak dat dit myle ver weg van my casa particular was of dat ek girl-alleen in die nag daar moes kom en weer terug nie. Dit was my laaste nag in Kuba en ek moes Michael gaan soek. Die Michael wat ek vir ewig op my lyf sou meedra.

Die taxi-rit het my meer senuagtig gemaak. Ek kon nie die drywer verstaan nie, maar op die een of ander manier moes ek by die Universitario Balneario uitkom.

"Fumo?" het ek gevra. Ongelooflik hoe vinnig 'n mens belangrike basiese woorde van 'n ander taal kan aanleer. Kan ek rook? Dit was 'n stupid vraag; natuurlik kon ek rook. In Kuba kan jy rook waar jy wil. Ek het die pakkie Marlboros oopgemaak en daaraan geruik. Die sterk, onbekende geur van Kuba het daaraan gekleef. Na wat soos 'n halfuur in die benoude taxi gevoel het, het ons voor die Universitario gestop.

Ek het bly sit, doodbenoud. Buite die hekke was langhaar-Kubane, metalheads soos ek by enige donker klub in Baltimore of D.C. of in die Purple Turtle in die Kaap sou aantref. Maar daar was ook die bekende vaalblou uniforms en hulle krakende radio's. Ek het my paar peso's betaal en skuldig gevoel. R2 vir vyf bands.

Ek was alleen, verskriklik alleen toe ek instap en ongeveer 1500 mense voor die klein verhogie sien saamdrom. Daar was langhaar-Kubane op die verhoog in Amerikaanse t-shirts; hulle Spaanse woorde was krete teen die skare. Rou gille uit vertrekte gesigte klink dieselfde in enige taal. Dit was onmiskenbaar metal, met rollende, infectious tromme, musiek soos ek nog nooit gehoor het nie wat pols met die warmte van latino beats en jou terselfdertyd vervreemd laat voel; die koel alienation van metal.

Dalk sou ek nooit weer weet hoe familiariteit voel nie. Eens op 'n tyd was familiariteit om in die kerk te staan tussen bekende houtbanke waar jy as kleuter gesing het: "Trek hulle uit, gooi hulle weg, al die kleine hasies in die koringland." Bekendheid was om Sondagoggend jou kerkklere aan te trek en in die stilte te gaan luister na 'n harde mansstem wat praat oor sonde en liefde en sonde. Dis al wat Lea nog altyd probeer vind het, die verband tussen sonde en liefde. Dalk is sonde net 'n middel tot 'n doel, 'n manier waarop ons almal liefde probeer vind in verskillende dinge: seks of dwelms of besittings.

Ek het 'n ou op die verhoog aan die arm gegryp, en in my enkele woorde probeer vra of Michael se band al gespeel het. Onverwags was Michael se hande warm om my middel. Hy het my hemp opgelig om na die tattoo te kyk.

"Sud-Africana, how's the tattoo?"

Toe Michael en Carlos se band speel, het ek reg voor die verhoog gaan staan. Ek het geheadbang op Afro-Cuban metal saam met die skreeuende malende jonges en die spiere in my lyf wat ruk saam met die hartslag van die conga en die woede wat ek saam met die Kubane voel. Agter die swart van die nag kon ons die embargo aanvoel soos stil haat; agter die swart van die nag was wêrelde waarvan ek kon vergeet. My Michael op die verhoog aan die skree, sy bekende hande om die kitaar. Ek het onthou hoe skoon sy naels was.

Ek het Michael na die show gaan inwag. "Bolao," het ek gesê, en hy't gelag. 'n Slengwoord wat hy my geleer het. Cool. "Mucho bolao," het ek maar weer gesê omdat ons nie met mekaar kon praat nie en ek het die rum aangegee. Die lomp, bruin plastiekkoppie was vol rum en dan sonder rum. Slukke wat ons neem, my kop wat doller raak, en Michael se oë bruiner. Hoe minder ons vir mekaar kon sê, hoe meer het ons oë probeer praat.

Carlos het voorgestel dat ons backstage gaan. Weer eens soos 'n skielike flits in my kop: talle nagte backstage saam met al die Suid-Afrikaanse bands en die onwerklike besef: ek is in Kuba. Jy kan nie van Castro af wegkom nie, hy is soos 'n alomteenwoordige teenwoordigheid.

Daar was niks bier backstage nie en die excess van my nagte backstage in Suid-Afrika wou my laat dronkverdriet kry. Die band is kartonboksies vol kos gegee met dik skywe wit kaas, rys en beans en stukke taai vleis. Hulle het nie vurke gehad nie en soos hulle dit seker al baie kere tevore gedoen het, het hulle met die gehate identiteitskaarte geëet.

"It's good," het Carlos gesê en geglimlag, die vet blink op sy lippe. Hy't die boksie voor my neergesit, maar ek het nie daaraan geraak nie. Ek het gedink aan die mandjies vol candy tydens Halloween in Amerika en die supermarkrakke vol kos, candy, roomys, fast food, you name it. Ek kon pastoor Nolte hoor praat oor die excesses van Halloween; ek kon hom hoor preek oor materialisme ook. En ek wou skuldig voel soos altyd. Selfs die kurwes van my lyf het my laat skuldig voel. Lea kan nooit van skuld ontsnap nie.

5

On the road, nou ook in kommunisitiese Kuba, het ek dronkerig gedink. Ek het die bruin koppie rum agtertoe aangegee waar my tattoo artist gesit het met 'n kitaar op sy skoot. Ek wou so graag aan Michael raak. Ek was die heeltyd bewus van hom agter my in die kar iewers tussen die kitare en flardes Spaanse woorde en die gulsige slukke en die walms Popular.

"We drive back to Pinar del Rio now," het Carlos aankondig toe ons by 'n vulstasie intrek.

"Let me buy everyone some rum before you go," het ek gesê.

Ons het almal by die stasie uitgeklim en ek het vir Carlos gevra om vir my 'n taxi te soek. Ek en Michael was vir 'n rukkie alleen. 'n Enkele oomblik.

"Voya regresar," het ek gesê. Ek het die woorde "ek kom terug" uit die fraseboek gememoriseer sodat ek darem iets vir hom kon sê.

"You and me," het ek beduie, "we learn communication."

Hy't geknik. Ek kon sy hand op my rug voel.

"I get a car, we travel through Cuba." Ek weet nie of hy kon verstaan nie. Hy het geknik. Ek het my adres neergeskryf en in sy hand gestop.

"For me?" het hy gevra, sy oë was so, so bruin. "Fantastico."

Michael het my vasgehou, sy mond was in my nek, so sag. Ons oë wat weer alle tale praat en die vinnige oopgaan van ons monde, die woorde wat vassit in my keel. Me gusta, wou ek sê, I like you. Maar ek kon nie, daar was die band se oë en Spaanse woorde en afskeid in die nag. Ek het gewonder hoekom die Kubaan my pad gekruis het. Dalk moes hy die seël sit op my en James, wat uiteindelik verby was. Hy het daai seël met soveel geweld op my rug ingebrand. Die einde van 'n hoofstuk.

Carlos het opgedaag met twee ouens wat aangebied het om my na my casa particular te neem. Dit was nie eers 'n taxi nie, maar soos elke Kubaan was hulle maar net te gereed om 'n dollar te verdien. Ek het vinnig 'n klomp slukke rum gevat, ek wou myself dronk drink. Dit was my laaste nag in Kuba. My nag saam met Michael, my enkele oomblikke saam met my Kubaan.

6

Ons het in sirkels gery, op en af deur die eenrigtings van Centro Havana. Die strate was donker, en stil. Ek het agter in die kar gesit en aan my bottel rum gesuig. Die enigste figure soos spoke in die donker was die polisiemanne, elke een wat sy CDR-area beman. Hopelik sou die twee ouens my na my casa particular neem. Dalk nie. Dalk sou ek in Kuba wegraak. Ek kon glad nie met die twee praat nie, hulle het feitlik niks Engels verstaan nie.

"Me gusta Cuba," het ek gelag, 'n klein bietjie histeries en 'n klein bietjie dronk. "Me gusta Cuba," het ek weer gesê en die trane was so naby, maar ek het geglimlag vir die jong soel bruin seuns.

"Kiss?" het die een in die passasiersitplek gevra en my by voorbaat op die mond gesoen. My mond het oopgegaan, ek kon myself hoor lag. Loony se lyf soek al weer liefde en sonde.

Ek kon net die sagte oë van my lead vocalist sien, sy bruin krulhare. Ek kon hom hoor sê, "Fantastico." Ek kon sy soene nog in my nek voel. Fantastico. Michael was op pad, op Kuba se enigste snelweg, 'n verlate stuk pad tussen billboards met Che se gesig en palmbome wat hy in die donker nie sou kon sien nie, terug na Pinar waar ek 'n stuk van my hart met rum afgesluk het.

"Me gusta Cuba, me gusta labana, me gusta Cuba," het ek herhaal, soos spreke in tale. Ek wou sê: I like you a lot, I like you a lot, Michael, Me gusta, I could fall in love with you, en ek het nie die woordeskat daarvoor gehad nie.

Ek het die een Kubaanse lat in my nek gevoel suig, sy mond oor my oë en ook sy warm tong in my mond en sy hande oral onder my hemp. Ek het kort-kort 'n sluk rum gevat. Ons het al langs die kurwe van die Malecon afgery, tussen die vaal donker straatjies ingedraai en uiteindelik in Gervasio beland en die Cubano se mond het gesuig aan my bolyf.

"Me gusta," het hy vir my gesê, en ek het verstaan, en gelag en gelag met huil wat agter my oë sit oor ek vir Michael moes goodbye sê, en ook oor ek van Kuba moes afskeid neem. Dit was nie my home nie. Die Kubaanse vlae, gespan oor die strate, die rommel orals, die klein kafeetjies, die oë van my lead vocalist, die ou Russiese model-karre, die klein, donker monde van die woonstelletjies, die laggende mond hier in my nek. Ek moes vir dit als goodbye sê.

Dalk sou ek wel van die plek 'n home kon maak, maar daar was te veel vrees. Te veel onderdrukking. En ek was so moeg vir onderdrukking.

Ons het voor my casa in Gervasio gestop en die driver het uitgeklim en sy vriend by my gelos en die Kubaan se mond was in my naeltjie en my kop was agteroor gebuig. Ek het die rum in my keelgat laat afstroom. Ek kon die ou rooi leer van hulle kar ruik en ek wou giggel toe ek besef ek het 'n fling in 'n Kubaanse motor. Dit sou 'n great anecdote wees as ek eers by die huis is.

Die ou het skielik in my oor gepraat, sy asem warm teen my nek. Alhoewel ek nie sy taal verstaan het nie, het ek die intonasie verstaan. Hy het beduie na sy onderlyf, kru gebare gemaak na sy heupe: in, in, het hy gesê en aan my gevat en skielik het sy dick uit sy broek geklim, orent, en glad en blink in die donker nag en ek het gelag en gesê, no, no, no. No love for me.

Ek het uitgespring, en weer begin lag vir die Kubaan, sy penis regop en styf in die ou vintage kar. Crazy Cuba. Malecon toe, het ek besluit. Macelon, vir oulaas.

"Let's go down to the Malecon, I had so much rum." En ek het gelag en gelag en die rum voel klop in my slape soos 'n ritme. Die lat het saam met my deur die donker Gervasio-straatjie geloop na die promenade en ons het op die muur gaan sit. Daar was 'n kitaarspeler op die wal so twintig meter van ons af, alleen in die donker met sy melankolie wat ek kon verstaan.

Ongeveer 'n honderd meter verder kon ek mense op die wal sien en ek het die gelag en die musiek gehoor.

"Sleep with me, Americana," het hy gesê.

Sjjj, het ek vir die Kubaan beduie en hom toegelaat om in stilte aan my lyf te suig. Die see agter ons het geraas. Aan die oorkant van die pad kon ons die skaduwees sien. Hulle het ons soos altyd dopgehou, elke klein beweginkie.

"Cubano," het ek gesê. "I want Michael." Ek het my hemp uitgetrek. "He'll always be with me. Michael will always be with me," het ek gesê en aan die tattoo gevat. Dit het fyn rofies gemaak.

"I want Michael," het ek gesê en op die muur geklim; ek wou hê almal moes my trotse lyf sien. Ek het aan die skaduwees oorkant die pad geroep: "I'll marry him and he can defect from Cuba."

Die skadu's het beweeg. Ek het my bra ook uitgetrek en dit in die pad gegooi. Die kitaarspeler op die muur het gelag. Die Kubaanse lat het my probeer neertrek langs hom op die muur, maar ek het bly staan.

"I'll marry him, and he can defect!"

Michael kon vir my 'n cause wees. Ek sou met Michael kon trou. Ek sou hom die wêreld kon wys: alternatiewe maniere van lewe. Nie Muerte Patria nie, my Country or Death nie. Nie die pad van sonde wat na dood lei nie.

Maar dalk sou Michael ook nie vir Kuba wou agterlos nie. Dalk sou hy nie kon verstaan hoekom Lea uit Suid-Afrika padgegee het nie. Dalk, tussen die blink karre, die ligte, die glimmende nagte, die excess en die harde materialisme van die States, sou Michael iemand anders word.

"Me gusta Cuba!" het ek geroep vir die skadu's oorkant die pad.

Ek het vrolike musiek gehoor en begin hardloop, weg van die verdwaasde Kubaan af op die muur, al met die kurwe van die Malecon langs tot by die musiek. Oorkant die muur was klein deurnagkafeetjies waar jy halfjacks met rum next to nothing kon koop. Daar was Kubane oral op die muur langs die kus, jonges wat nie in Kuba se toeristeklubs kon party nie. Die bottels rum wat hulle aanstuur, die musiek, die gedans, novios en hul novias aan die vry, aan die lag. Die nagte in Havana op die Malecon sal nooit stil raak nie. Dit was die skoonheid daarvan, 'n tydloosheid.

Nog 'n kitaar het gespeel en ek het die Engels herken, dit was besonder vreemd. Die kitaarspeler het gesing oor dronk drome en sad lewens, en 'n jong ou langs my het rum gedrink, en die bottel aangepass, en ek het meer gedrink en hy het gesê: "Senorita, me gusta," en ook hy het aan my kaal borste gevat en nog 'n Kubaan met 'n pet op was skielik op die muur langs my en hy het aan my begin suig soos 'n neet. Weer eens soveel hande wat gee en neem. Ek het my verstand verloor langs die Malecon daardie nag, hartskerwe soos bottels rum wat breek daar op die Malecon se muur en in die oseaan val en verdwyn. En in 'n stadium was alles die kleur van water en ek het al die hande oor my moeë lyf gevoel waar ek op die sementwal gelê het sonder my hemp aan, oral oor my was monde, in my nek, aan my borste, oor my ribbes en naeltjie. Ek het die seuns hoor lag, en ek het opgespring. "No!" het ek geskree, "No!"

Ek het oor die straat gestrompel na die deurnagkafee en op 'n muur gaan sit, my hande gevou om my kaal bolyf. Ek het met myself gepraat, al die vrae wat ek wou vra het uit my mond uitgedrup, in Spaans, of dalk in vreemde tale, en ek het die antwoorde wat ek gevind het,

afgesluk met nog rum. En als wat daardie nag gesê is, het ek vergeet. Net die een ding het ek onthou: Ideals are the most dangerous drug.

Toe Havana rooibruin raak in die vroegoggendson, en ek in die vaalblou oggend begin bewe, het ek na my casa gestap. My oë was dik en ek kon die rum aan my nagsweet ruik. Die son het opgekom en rooi gegloei oor die kurwe van die Malecon en die straatjies was grys in die oggendlug. Vir eens het Havana nie soos Havana geruik nie: die stad het vars geruik.

## DEEL DRIE: BUEN VIAJE ("Voorspoedige Reis")

*"At the same time, I shared a suspicion that the life we were leading was a lost cause, that we were all actors, kidding ourselves along a senseless odyssey. It was the tension between these two poles - a restless idealism on the one hand and a sense of impending doom on the other - that kept me going."*

Hunter S. Thompson, *The Rum Diary*

## HOOFSTUK EEN

1

*Dit was soos die begin van die Buena Vista Social Club CD se eerste liedjie, 'n track wat die "Chan Chan" genoem word. As die "Chan Chan" begin speel, verwag jy iets gaan in die musiek gebeur, miskien 'n crescendo.*

*Die "Chan Chan" begin met 'n stram galopritme wat jou 'n paar oomblikke terg-terg voordat dralende melankoliese kitaar riwwe begin huil en jou onverwags laat hartseer voel. As die ruwe harmonieë van ouerige manstemme na 'n paar mate begin, verwag jy die musiek gaan opbou tot 'n crescendo. Jy wag op 'n klimaks in die musiek om jou te verlos. Jy wag, soos die ou mans op hulle stoepe wat aan hulle klamgekoude sigare suig en na die sonsondergang staar. Dalk wag hulle ook op 'n verlossing. Dalk wag hulle op die wederkoms. Jy wag terwyl die son skuins oor die palmbome val sodat Kuba gloei.*

*Dan word dit aand en die musiek van die "Chan Chan" speel weemoedig voort. Jy wag en die skaduwees van die palmbome word donkerder en swarter, soos die heimwee wat swaarder in jou begin lê.*

*Donkernag gaan sit jy op die koue sement van die Malecon tussen uitbundige Kubane wat op môre wag, en die see raas en die rumbottels breek rondom jou en die "Chan Chan" se kitare draal voort deur die nag. En jy wag op die son om sy kop uit te steek, eers oor die see en dan oor Havana sodat die dowwe stad 'n paar sekondes gloei in die eerste aanraak van die dag.*

*Dis die gevoel van die "Chan Chan," die eerste track op die Buena Vista Social CD. 'n Track wat jou laat voel asof iets sal gebeur ás jy net lank genoeg wag. Asof die melankolie gaan ophou.*

*So jy hoop. Geloof, hoop en liefde, die Bybelse konsepte maak die lewe draaglik. As 'n lmens maar kon weet hoe veeleisend dit is om aan te hou glo, te bly hoop en lief te hê.*

2

(Januarie 2000
Kaapstad)

Sy het die N2 ingevat Kaap toe. Dit was reeds sewe-uur en donker genoeg sodat dit gevaarlik kon wees. Sy het nie die plakkershuisies raakgesien nie, ook nie die linte rook wat bo die krotjies uitstrek in die nagruim in nie. Sy het verby die lughawe gery en soos altyd het die onrustigheid haar skielik onkant gevang, 'n dringendheid om ander wêrelde te beleef, wat vlinders in haar ingewande maak.

Eensklaps die eggo van haar ma se stem in haar kop, en haar oë met die fyn kraaispoortjies van hartseer wat sê:"Ek weet nie hoekom is jy so rusteloos nie, Lea."

Rusteloosheid. Dis wat sy in James herken het.

Sy het die afrit Liesbeeckweg toe gevat, die stuk pad wat Rondebosch en Observatory verbind, en direk na die huisie met die rooi posbus gery. Reg oorkant die huis is die hokkievelde. Die spreiligte was aan en die nou straatjie verlig. Sy kon die skare hoor juig toe sy die rooi Golfie voor die huis stop. Sy het lank voor die rooi posbus stilgesit. Dit het haar laat dink aan die briewe wat sy aan James geskryf en nooit gestuur het nie, aan haar gereelde trips na die posbus en haar

bewende vingers as sy deur die pos gaan. Sy het geweet as hy die voordeur oopmaak, sou sy kon huil oor die seuntjie in die rooi Nikes met sy hare wild om sy kop.

Dit was haar en James se laaste nag saam in die Kaap. Sy het geweet as sy vir oulaas in die digs in Observatory instap, sou die spieël waarop sy Nuwejaar coke gesnort het, nog op die tafel lê.

3

Daar was 'n harde wit servet op die tafel, 'n dowwe mes en vurk, en 'n jukebox-musiekspeellys. Die tafelblad op 'n tyd helder gekleur, nou net 'n dowwe herinnering. Die Tastee Diner het waaiers in die dak gehad - nie AC nie - en 'n krakende ou jukebox en houttafels.

'n Ou vrou agter die toonbank met gestyfde grys hare het van agter haar poeierblou oogskaduwee en stokkerige swart maskarastrepe na my gekyk, 'n onvergenoegde trek op haar gesig.

Dit was my stukkie Amerika vir die aand.

Laurie het oorkant my gesit en 'n skelm sigaret gerook. Sy was so bly om my terug te hê in haar blommetjieskamer.

"I missed you while you were in Cuba, Lea. I had nobody to go out with."

"I'm sure Pastoor Nolte had a break without me coming in at ungodly hours."

As Pastoor Nolte se gebede en reprimands en condescension te veel vir Laurie word, het sy in die diner 'n smoke-break kom vat.

"More coffee?" het die nors kelnerin gevra en die koffie ongevraagd voor my neergesit voor ek kon antwoord. Dit het die tafelblad bemors en daar was 'n koue dam in die piering. Ek het die floute in my maag gevoel. Ek wou nie eet nie, nie ketchup en olierige roereiers en toast en 'n beker slegte koffie wat na asbak proe nie.

"André is worried about you," het sy gesê. "He noticed that you've lost weight."

"Maybe I've been drinking too much. How are you guys doing?"

Dit was 'n friskoue aand in Bethesda. Dit het gevoel asof ek vir 'n ewigheid in Kuba was, want Washington het met die aanbreek van die winter, 'n gedaanteverwisseling ondergaan. Die kaal, dun boomtakke was soos grys, verlate spookarms in die spierwit hemel.

Laurie het gepraat oor haar huweliksprobleme en ek kon nie na haar luister nie. Ek wou nie hoor van verhoudings sonder passie en hulle ewige argumente nie. Dit het my net meer morbied laat voel. Daar was 'n prentjie van 'n ou man op 'n fiets, in 'n dowwe grys straat vol vervalle geboue op die omslag van die boek *Cuba and the night*, wat ek wou lees. Onmiskenbaar my Labana. Ek het gedink aan die stowwerige strate vol kinders en ou mans wat kaart speel op die hoek. Kuba het 'n rustigheid, asof almal wag op die son om onder te gaan sodat hulle kan rum drink en musiek en liefde maak. Sonnige, pragtige, hartseer Kuba, wat voorheen net in hoërskoolgeskiedenisboeke bestaan het, met haar kommuniste en die kinders agter-die-ystergordyn. Amerika is anders.

"Cuba changed me, I think," het ek aan Laurie gesê en my koppie koffie uitgedrink.

"How?"

"Cubans have something special. They don't just care about themselves or their immediate nuclear families. They deeply care about others."

Ek weet Laurie wou nie eintlik oor Kuba praat nie, dit was te ver buite haar verwysingsveld. Haar immediate probleme was haar nuclear familie. Laurie se lewe was 'n

reaksie teen godsdiens en haar man wat dit verpersoonlik. Sy't Pastoor Nolte wel liefgehad, maar hy kon haar nie liefhê nie; sy was bevlek in sy oë. So much for unconditional love. Die pastoor, net soos die pastore in ander kerke en al die pastore in my kop, en ook my ma, was almal idealiste. Soos Castro. Idealiste is die wreedste mense op aarde wanneer hulle hulle vleklose ideale op ander afdwing.

"I've realised how you can become a dictator, if you impose your ideals on others. You'll never be able to live up to Pastoor Nolte's ideals."

"I'm a sinner," het sy gesê, en diep aan die sigaret getrek. Sy't gelag en die donkerblou sakkies om haar oë het gekreukel.

Ek wou vir Laurie sê: sondebokke is nie te vind in sosialistiese of demokratiese sisteme of in regerings of in mense nie. Dit weet ek nou dat ek hier in koue Washington terugkyk na daardie onvergeetlike glimpsies op Kuba se mense, sy berugte sosialistiese sisteem en die alomteenwoordige Castro.

Sonde is dalk 'n komplekse verhouding tussen mag en agenda.

4

Kristina het huis toe bestuur. Ek weet nie hoe ons dit deur die woonbuurte Georgetown, Tenleytown, Friendship Heights en die verblindende liggies en huisies wat lyk asof dit uit cardboard gemaak is, tot by die Noltes se huis in die voorstad Bethesda gemaak het nie. Ek onthou net die ultra-violetlig en 'n wit leerbank en my bootse, skirt en hemp wat op 'n dik, wit mat met hare lê. Ek het my kaal self in die spieël gesien toe ek 'n lyntjie coke snort. Kristina en die een of ander man was inmekaargevleg op die digte wit mat, asof hulle op 'n boot is, die wiegende lywe.

"Nog 'n wilde aand my jinne," het Kristina gesê toe sy teen vieruur voor die Noltes se huis stilhou.

"Hoor hierso, nog 'n maal dankie dat jy my vergewe het oor daai ander outjie."

"Dis fine. Ons vergeet daarvan. Dit was die drank. En daar's mos baie outjies in die bars."

Countless joints. Ek het vergeet hoeveel wodkas en orange juice, gin, en lyntjies coke. Ek onthou net dat ek in 'n stadium voor 'n toiletbak gestaan en wonder het of dit bloed of wyn is wat uit my lyf uitloop.

"Ry veilig, Kristina."

Die ligte in die Noltes se huis was af. Ek moes die pastoor met wyn in my kop stilmaak en nou het ek boonop in een se huis gebly ook. Kristina se kar het weggetrek. Sy het vergeet om haar ligte aan te sit en ek het skielik met absolute dronk clarity geweet ek en Kristina is bad news vir mekaar. Ons het geleef asof ons invincible is. Toe het ek besef my handsak het in haar kar agtergebly. Ek was klappertand-dronk en daar was geen manier in die huis in nie.

Dis waar die pastoor my vroegoggend uitgepaas op die trappies gekry het waar ek aan die slaap geraak het. Dit was heeltemal onmoontlik om nie te besef dat ek dronk was nie; die nagwalms het aan my gekleef en ek kon nie eers behoorlik regop staan nie.

Ek het verwag hy sou op my skree op pastoorstrant. Maar sy oë was net stil en teleurgesteld.

"Ek kan vir jou Bybeltekste aanhaal, maar ek gaan nie."

"Ek is jammer, Pastoor."

"Jy hoef nie vir my te sê jy is jammer nie. Ek is nie jou pa of ma nie, en in elk geval is jy 'n grootmens, oud genoeg om jou eie besluite te neem, of dit nou my goedkeuring wegdra of nie. Maar jy sal maar vir die Een Daarbo om verskoning moet vra."

Laurie het agter hom in die deur kom staan, in haar T-hemp, die skok en slaap op haar gesig. "Wat gaan aan, André?"

"Lea is van die pad af. Dis wat aangaan."

"Ons was ook jonk," het sy sag gesê.

Dit was asof die pastoor se gesig oopbars en weerligstrale uitspoeg, hy het omgedraai en haar met een sin inmekaar laat krimp: "Wil jy haar aanmoedig?"

Laurie het voor my oë in 'n klein, verdwaasde dogtertjie verander. "Jy was ook jonk," het sy saggies gesê. Die klem op die Jy.

Hy het na haar T-hempie gekyk. "Gaan trek vir jou ordentlik aan, ek gaan nie met twee hoere onder my dak saamleef nie." Sy stem was sag en afgemete.

Laurie was nie kwaad nie. Sy't afgekyk grond toe. Dit was asof 'n klein diertjie onder haar t-shirt begin beweeg. Tussen haar twee klein borste onder haar ribbekas het ek die diertjie sien swel. Haar gesig en stem was stil en beheersd: "Jy noem Lea nie 'n hoer nie."

Laurie het die woord "hoer" soos 'n etiket op haar eie bors gaan plak. Sy't gerem aan die T-hempie om haar bobene toe te maak met pastoor Nolte se oë wat haar skroei. Dalk het hy lankal respek vir haar verloor, of nooit gehad nie. Dit was asof hy 'n stoute skoolkind wou tugtig.

Dit was dan hoe haat moes voel. Ek het hom gehaat. Soos ek nog nooit gehaat het nie. Nie oor alles wat hy verteenwoordig het nie, maar oor sy totale gebrek aan liefde en respek vir haar omdat sy feilbaar was in sy oë en dit vir altyd sou wees. Die vrou wat sustersbidure hou. Die vrou wat steeds glo, haar suiwer oortuiging dat haar man se godsdiens vir hom 'n magposisie is wat sy visioen net tydelik verblind het. Daarom kon Laurie in die huwelik bly glo.

Sy het geglo pastoor Nolte is maar net tydelik opgeëis deur magspolitiek. Haar binnekamergebede, haar sagte gebede snags in die kombuis en die skietgebede terwyl sy haar skelm sigarette in die park rook, dit was haar godsdiens.

Uiteindelik het Laurie opgekyk na die onverbiddelike man voor haar. Die trane het oor haar wange geloop. "Jy't miskien 'n suiwer pad geloop, maar ek soek nog na die geloof, die hoop en die liefde in jou."

Net by Laurie kon ek leer wat ware geloof, eindelose hoop en hopelose liefde is.

Pastoor Nolte het niks gehad om terug te sê nie. Ek het hom nog nooit sonder woorde gesien nie en ek sou waarskynlik nie weer nie. Hy het omgedraai en in die huis ingeloop.

Sy't na my gedraai. "Lea, gaan pak in. Ek dink jy moet uit die huis uittrek, want sy godsdiens gaan jou net verder ontnugter."

Sy was skielik sterk, oortuig van haarself. Sy het agter hom in die gang aangeroep. "As jy my ooit weer 'n hoer noem, beter jy jou gemeente vra om jou te vergewe, want dan gaan jy in die skeihof staan!"

Sy het vir my geglimlag. "Vannag gaan daar gebid word."

*5*

***Die dreuning in haar ore - naderende donderslae, hoefslae van perde wat uit die wolke gehardloop kom, bruin en swart perde met drie horings en groot, wapperende vlerke. Die perde hardloop woedend, duisende harde hoefslae wat die aarde laat dreun. Oral vlug paartjies teen***

*die hange af, kaal spikkeltjies soos miertjies op die bruin grond. Die meisie met die swart gekleurde hare spring op. Ek moet bid, gil sy, ek kan myself nie hoor bid nie.*

*Trane stroom by haar liggaam af en maak stofstrepe oor haar kaal borste. Die perde jaag haar.*

*"Vergewe my," skree sy teen die geluid van die naderende hoewe. Die wind fluit deur haar kaal bene. Haar skaamhare begin groei, langer en ruier word dit terwyl sy aanhou hardloop. Dit hang op die grond sodat sy versigtig moet trap om nie te val nie. Die perde jaag haar, hulle asems blasend soos sterk bergwinde. Sy bedek haar borste met haar hande. Dan haak haar lang skaamhare aan 'n bos vas. Die meisie struikel en 'n tak dring in haar klam holte in. Opgehang soos die ou in die Bybel aan sy hare, skiet dit deur haar kop.*

6

Klub op klub daardie laaste nag in Kaapstad, dazzling James en sy goeie volgeling. Toasts in die Long Street Café waar oë gelig is oor die jongmeisie en die ou in die rooi skoene - die café het gekantel en daar was geluide van glase wat breek.

In Stones het hulle pool gespeel en nog glase het soos ure verbygegaan. Daar was meer toasts, hulle het die glase teen mekaar laat klink en hulle vingers het aan mekaar geraak: dit is ons bond, ons legacy, ons goeie lewe!

Dit was skielik twee-uur en die bars het begin leegloop. Voor die Rhythm Divine klub in Langstraat het hulle dronk aan mekaar gehang, gedans, gelag, op die sypaadjie neergesyg. En skielik was die man voor hulle, sy gesig skoon en oop, die T-hemp *Jesus Saves.*

"Weet julle wat julle weggooi? Jesus het jou lief, maar soos jy jou liggaam mishandel, het jy jou eie lewe nie lief nie."

James het nie die Afrikaans verstaan nie. "Speak English, Boere!"

Lea het probeer keer: "James, let's leave."

Die seun se gesig 'n aanklag. Sy oë was sag en hy het James aan die arm geneem. "Jesus loves you, broer."

James het histeries begin lag. "I don't believe it! You dweep, you nut. What a way to waste your life, preaching to us. We don't want to be preached to."

James het weer gelag en hom nie aan die stil meisie langs hom gesteur nie. Hulle het die seun agtergelaat, sy gesig kalm en glimlaggend. Hy het na Lea gekyk en op Afrikaans gesê: "Jy weet van beter meisie."

James het die Golfie terugbestuur na die huis met die rooi posbus.

"Another final drink Loony? Want to come over?"

"This is a neverending night Jimbo."

"This night could be whatever you want it to be."

Lea het sy hande geneem en vasgedruk. "I'll miss you James. I'll always wonder about us."

Dit was stil in die kar. James het met De Waal Drive na die suburbs gery. Die pad was verlate en donker. Uiteindelik het hy gesê: "You never allowed me to consumate our memories. I love through sex, Lea."

Sy't opgekyk in sy waterige rooi oë. "Love me tonight. I'll let you love me tonight."

"Come home with me."

Hulle het die rooi Golf voor die digs in Observatory geparkeer. Dit was 'n stil nag en sy het opgemerk dat die hokkieveld se spreiligte wat altyd die straat verlig, selfs af was. Hy het om die Golf geloop en die deur oopgemaak en haar hand geneem. Sy kon haar hartklop voel waar hulle vingers aan mekaar raak.

Hulle het op die rusbank gaan sit na James vir hulle 'n whiskey on the rocks geskink het. Hulle het die glasies teen mekaar geklink.

"I'll let you make the first move Loony."

7

"I am... I am for consumption Jimbo," het ek gefluister. In die donkerte was nie eers sy gesig sigbaar nie, net die glim van sy wit tande, die glimlag wat my verblind het soos altyd vantevore. Die kooltjie van die sigaret, sy dierbare lompe vingers, die stomp toppe en geel gevlekte punte, die deurleefde vel. Ook hartseer en koue in sy oë wat ek nie kon sien nie, maar altyd kon aanvoel.

Ewe skielik die stomp vingerpunte wat spoortjies loop oor my vel, saggies oor my gesig en my nat wange. Skielik die soet asem, sy rookreuk so naby dat ek bewe en dan die lippe, sag en klam. My hele mond het gebewe en my lyf was verskriklik koud. Miskien sou ek net daar kon doodgaan. Skielik die lewende hande om my lyf, oor my skouers, die gloeiende vel onder sy hande en hulle ken my landskappe en gly op, saggies onder my hemp in. Hulle druk effens harder en my mond gaan oop en skielik speel sy tong wat na rook en bier proe in my mond en my hele lyf verwelkom die gas.

Maak jou asseblief tuis, smeek my lyf.

Alles gebeur so stadig, asof ons onderwater is en in stadige aksie beweeg en dalk wens ek dit was eerder 'n droom, ek sou dalk kon glo in 'n droom. Als was so onwerklik. Tuimelend deur dik blink stringe rook flitse ligte oomblikke, 'n geskiedenis onsterflik in twee jong lywe. Dit was terselfdertyd so werklik. Ek weet net daar was soveel trane en meer trane, my hele lyf het begin huil, deur elke sweetgaatjie kon ek my snikke hoor.

8

*"As hy saam met baie meisies bed toe was, kan jy kanker kry wat jou rugmurg aanval."*

*Haar waarskuwende blou kykers, 'n onsigbare kamera versteek daaragter. My plastiekgesig het geknik, geknik.*

*"Ja Ma."*

*Die oë het reguit en glasagtig hard teruggekyk. Die stokkerige kop wat effentjies beweeg, knik, knik. God, moenie dat die plastiek kraak nie, bewaar hierdie kop waarin rooi alarms loei, het ek paniekerig gedink.*

*"Kanker van die baarmoeder. Selfs as jy net saam met twee mans slaap."*

*Die plastiekkop wat weer knik, knik.*

*"Ja Ma."*

*God, moenie dat die plastiek nou kraak nie. Rooi ligte voor my oë, die plastiekgesig wat onbeweeglik terugstaar na haar liefdevolle gesig.*

*"Ma is reg. Vertrou my net. Ek gaan nou maar slaap Ma."*

*Later daardie nag was die plastiekgesig papnat gefrommel toe ek benoud wakker skrik na die droom. In wit bruidsgewaad stap ek na 'n kansel in 'n katedraal met gebrandskilderde vensters, dit kon 'n katedraal in D.C. of selfs in Kuba wees.*

*"Met wie trou ek?" fluister ek saggies in my pa se stroewe oor.*

*Soos ek in die paadjie tussen deur die banke stap na my gesiglose geliefde, word dit stil rondom my. Die gefluister en die asems wat diep ingetrek word.*

*"Met wie trou ek, sê my asseblief Pa?"*

*Die warm klewerigheid wat weer eens tussen my bene begin afloop en ek weet reeds wat die gaste gaan raak sien: 'n Prentjie in die wit rok voor die kansel, die wit rok bloedbevlek aan die agterkant.*

*Ek is 'n veraaier. Ek het my God verloën.*

*Ek staan langs die anonieme trouman. Ek fluister weer eens, soos altyd wanneer ek die droom het: "Ek is nie meer 'n maagd nie."*

9

Ek het in die rooi Golf gesit en hy het langs die oop deur gehurk. Ons het 'n sigaret tussen die twee van ons gebounce..

"I guess the neverending night has finally come to an end," het ek gesê. Alreeds het die hartseer op my longe begin druk sodat ek moeilik asemgehaal het. Dit het gefladder in my bors en tussen my heupe het ek gekramp vir die nag wat verby was.

"It was a good way to say goodbye," het James gelag.

Ek het aan die Jeff Buckley song gedink: *This is our last goodbye...Please kiss me, kiss me out of desire baby not consolation.*

## HOOFSTUK TWEE

1

In 'n dakkamer in 'n regop skakelhuis in Washington D.C. sit 'n verplaaste Afrikaner voor 'n rekenaar en tik. Sy dink aan die reusagtige Amerikaanse vlag wat pronk teen die honderde liggies van die nag, 'n vlag die grootte van 'n klein huis, sigbaar vanaf die I-495 Beltway wat D.C. omsirkel.

Sy dink ook aan die klein stars-en-stripes-vlaggies stewig geplant in die voortuine van talle voorstedelike huise in die Capitol City, volop soos die vlae op die blink buffers van stasiewaens en SUVs op vyfbaansnelweë.

Trotse vlae. Klaarblyklik het die Amerikaners baie om op trots te wees in hulle geskiedenis, tik sy verwoed.

Dit kan dalk Gert Vlok Nel wees wat soos 'n soundtrack tot die aand op een toon sing. Sy woorde raak weg in die koue naglug, die kitaar kielie die vingers van die Afrikaner, sy tik tik, vinniger, woorde met kras klanke, g's en k's en heerlike harde ratelklanke.

Dan kyk sy vir 'n oomblik op deur die klein venstertjie in die dakkamer. Sy sien haar nuwe huismaat met die paadjie opstap na die voordeur van haar huis. Hy suig aan 'n sigaret. Sy wonder vir 'n oomblik waar sy girlfriend is voor sy weer verder tik.

Teen die muur van die dakkamer hang 'n veltrommetjie, in 1991 by 'n straatmark in Durban gekry. Sy het die trommetjie gekoop omdat dit haar aan haar kindertyd herinner het, aan die gekleurde tromme wat jy by die krale kon koop op pad na Port Shepstone of vakansies in Margate.

Die Afrikaner voor die rekenaar kan nie veel daarvan onthou nie, sy onthou slegs veelkleurige miniatuurhuisies waarin die swartmense gebly het, eenderse kleurvolle klein, regop huisies, amper soos 'n speelgoeddorp. Sy onthou die hitte van Natal soos 'n lagie wat aan haar vel kleef en die somerson wat haar warm bak.

Dis winter in die dakkamer, die lug is droog en koud. Buite is dit ses grade onder vriespunt, die strate is leeg, lae ys gloei wit op die paaie en sypaadjies.

Die Afrikaner tik voort, amper besete, sy dink aan die movie wat binnekort gaan uitkom oor die Cuban missile crisis. Die Amerikaanse helde teen die Kubaanse kommuniste, 'n klassieke Hollywood-narratief. Amerika gee homself 'n kloppie op die skouer.

In die dakkamer kreun die lekker riwwe van Koos Kombuis nou deur die huis. "Onder in my whiskeyglas" kompeteer met Fox 5 se nuwe sitkom wat onder in die woonkamer op die TV speel.

Die huismaat skud sy kop: waarna luister daai nuwe huismaat van my, wonder hy dalk.

"Are ya gonna close her door?" vra sy girlfriend.

Daar hang ook versigtig gekerfde houtfigure aan die mure van die dak, en 'n vaal plakkaat van die Springbok Nude Girls Virgins Rights Tour 1996 maak die een of ander claim teen die muur.

Teen die mure is poskaarte van die Statue of Liberty teen die New York Skyline, Chinatown London, en Pinar del Rio, Kuba. Talle ander gesigte van ander kontinente en tye glimlag geluidloos: papierspoke wat dalk in die Afrikaner se drome sal lewend word. Op die vloer lê serpe, bootse, handskoene, mussies en 'n boksie Tylenol Flu Nighttime,

ook *Spanish in Six Weeks*, kassette, inligting oor Kuba, *South Africa at a Glance*, en *The Immigration and Naturalization Service Family Values*-brosjure.

Op die tafel lê 'n pakkie slap vuurhoutjies, die soort wat jy by elke bar of vulstasie optel. Agterop die swart pakkie vuurhoutjies met hul groen koppies staan geskryf: "Nobody leaves a stranger."

Daar is ook 'n plat, goue plastiekasbak met 'n naamplaat binne-in wat proklameer: *Radio Sonder Grense*. Die inskripsie agterop is: "Gesteel in die Klein Karoo." In die asbak is 'n ongerookte vingerdikte sigaar, 'n gesogte Cohiba. 'n Outentieke Kubaanse sigaar, tegnies 'n onwettige item in die land of the free and the brave. Ook 'n paar boeke, voosgevat met blaaie wat omkrul: *Fear and Loathing in Las Vegas*, *Cuba and the Night*, en *Deadly Truth: The suspense story of a Jewish family trapped in apartheid South Africa.*

Die meisie tik voort. Sy hou vir 'n oomblik op as Valiant Swart sing: "Soek ons die Mystic Boer."

2

Ek het in die bank gesit en na die mat gekyk. Ek wou nie saamsing nie.

*I've got the joy down in my heart.*

*Verlustig jou in Hom, en Hy sal jou gee, die begeertes van jou hart, verlustig jou in Hom.*

As ek sou opkyk, sou ek 'n see sien van geluide, klappende hande, 'n spreekwoordelike engelekoor wat ritmies beweeg op die maat van tromme, kitare, 'n trompet, 'n klavier, 'n orrel, 'n Babelse viering, 'n gemeente in aanbidding.

'n Ewige atmosfeer van karnaval en aanbidding in die Teenwoordigheid.

*Hy sal jou gee, die begeertes van jou hart, verlustig jou in Hom.*

Die begeerte van my hart het die week na Nuwejaar in 'n silwer Mazda geklim en teruggery Zimbabwe toe. My wêreld van klank en clamour het saam met James in die pad geval.

Die pastoor open met gebed in die blou kerk wat nou stil en ordelik is. Die figure in die rye kerkbanke is tevrede met 'n stil wêreld. Ek kyk na hulle gesigte, die hande van my ma en pa inmekaar gestrengel, die Bybel oop oor hulle skote.

'n Mens moet stil word as jy na hulle kyk.

Ek het aan hulle lewe gedink: voorstedelik en Christelik en stemmig. Ek sou in 'n kerkbank sit of middagete eet saam met die familie en ek sou nie honger of dors wees nie. Ek sou my vader en moeder eer in hulle huis. En net dalk sou ek soms wonder wat geluk regtig is. Is dit die bewoë stilte van hulle hande saamgeklem op haar skoot? Of is dit die klank en clamour van James se religion, sy audacity?

Daardie oggend in die kerk was ek hartseer. Oor ek my ideale verloor het, dit was onvermydelik. Miskien het die sweet sixteen year old met draadjies aan haar tande in die doopbad laas werklik geluk geken. Ek doop jou in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die chick wat haarself nag na nag in alkohol doop, ken net vrees en skuld.

"Luister jy na die preek?" vra my ma.

3

Elke oggend het nog 'n skerp, koue dag gebring. Die verblindende wit hemel sou teen vyfuur gistswart verkleur, sonder sterre. Die strate sou verlate wees omdat mense teen die koue

wegkruip. Selfs die gesigte op die subway was stram, asof die mense agter die lae koue klere teruggetrek het sodat hulle soos leë doppe was, stil en onbereikbaar soos mense op foto's.

My blink Amerika het alleen en onbekend geword.

4

My nuwe huismaat Rob het 'n nasale aksent gehad, langerige hare en hy het retro-klere gedra. Hy sou by 'n musiekfees in Suid-Afrika kon inpas. Toe ek hom die eerste keer ontmoet, het ons onmiddellik gekliek, dalk omdat hy nie so clean-cut soos die meeste Amerikaanse boys was nie.

Laurie het die advertensie in die City Paper raakgesien en my na die huis in Friendship Heights geneem. Die kamer wat hulle geadverteer het, was nie watwonders nie. Dis 'n dakkamer waarvan die plafon op party plekke te laag was en dit was sonder lugreëling, maar dit sou moes doen.

Rob is 'n kunstenaar wat ure in sy basement deurbring en psychedelic paintings create. Die meeste van die tyd het die reuk van marijuana uit die basement gewalm, daaruit het hy sy inspirasie getrek. Sy girlfriend was 'n bitchy California blond, maar hy het al haar bitchiness gedweë verdra. Selfs as ek in die dakkamer sit, kon ek haar hoë hakke en skerp gegiggel deur die huis hoor klink.

Wanneer Rob nie in sy basement was nie, was hy voor die TV aan die joints rol. Soms sou hy op 'n cleaning mission gaan as hy super high was, en dan sou hy die huis van hoek tot kant ontsmet.

Toe Rob hoor ek is van Suid-Afrika het hy my onmiddellik laat intrek."Countries with good waves produce good people. South Africans can appreciate good weather and the ocean."

Hy was glad nie happy toe hy hoor ek het nog net random luck gehad met American boys nie.

"We'll have to make some amendments to the situation. Everybody needs some love," het hy gedaggadroom.

"Did you know South Africa has good weed too?" het ek myself hoor sê. Rob was reg. Ek het daai love nodig gehad.

5

Rob het slap oor die reling van die voorstoep gehang, 'n stroom geel water wat uit sy keel uitloop. Ek kon hom van die straat af sien, en ek veronderstel al die bure ook.

"What the hell Rob? Are you okay? What happened to you?"

"My girlfriend broke up with me. Loony, I'm so so drunk," het hy tussen sy kotsery deur gesnik.

Die bitchy Calfornia blond het verveeld geraak met haar hippy artist. Ek kon dit voorspel het.

"Go smoke a joint and forget about her. Be happy Rob. Relationships are overrated anyway."

'n Mens moet ophou terugkyk, mense is vervangbaar, dis 'n lessie wat ek besig was om te leer. Ek het van James my Saviour ontslae geraak.

"Do you want some water?"

Nog 'n stroom geel water oor die balkonreling.

"Lea, I'm never going to get over that girl."

"You should go to bed. You'll feel better in the morning."

Ek het die voordeur oopgemaak. Ek het geweet wat wag. Mense, musiek, drank, joints, small talk. Ek sou onvermydelik aan die praat raak met iemand en in vreemde arms eindig, soos in alle kortverhale.

"Hey, meet the new housemate from South Africa. This is Lea. Also known as Loony." het iemand geroep.

Ek het my pad oopgestoot na die bottel whiskey.

"Make that two. On the rocks for me. So you are the new housemate? Why do they call you Loony?"

"Loony as in Loony Tunes. I'm crazy about music."

Ek het opgekyk. Daar is hierdie teorie wat beweer dat jy die karakters en gelaatstrekke van jou ouers op die "Regte Een" projekteer. Dis glo die rede hoekom dit jou soos 'n weerligstraal tref wanneer jou pot sy deksel toevallig raakloop.

"My real name is Lea. And yours?"

"Jonathan Wilson."

Hy het geglimlag. 'n Glimlag wat soos 'n skok deur my hele lyf trek. Ek het die whiskey oor die rand van my bewende glas laat stroom. Hy het 'n warm, oop glimlag gehad.

"Are you drunk?" het sy oë geterg.

"I had a few drinks after work already. I'm drunk quite regularly. That's probably something you should know about me."

Sy stem het gekom soos whiskey, die brand in jou keel wat opstoot in jou oë in en daar brand vir enkele oomblikke voor dit gelukkig in jou lyf gaan lê.

"Rob told me you drink a lot. He didn't tell me you're so beautiful. I think you are beautiful, Lea."

"I think you are beautiful too, Jonathan Wilson. And I like it that you call me Lea."

Ons het altwee gelag en die kriewels het op 'n knop in my maag saamgetrek. Ek kon nie ophou kyk vir die man nie, asof ek nog altyd sy gesig iewers in my agterkop gehad het.

"You look incredibly familiar. As if I've always known you. I really would like to kiss you."

Die woorde het sommerso holderstebolder uit my mond geval binne-in my whiskeyglas in. Ek het 'n sluk gevat. Hy het gelag.

"Maybe they call you Loony because you're a little crazy. Let me drink whiskey from your mouth," het Jonathan gesê. Sy mond was so sag en ek kon voel hoe kielie die lekkerte in my ruggraat af. Ons maak altwee ons oë oop en ek weet dis soos 'n fire-wire wat ons aan mekaar connect en my laat gloei.

Donker nag. Jonathan druk my teen die stoof in die kombuis vas en ek sê: "I want you to kiss me, again and again Jonathan Wilson."

En die figure in die huis tol, en glase drank, mense, en niks maak meer saak nie. Net my gloeiende lyf agteroorgebuig op die stoof en hierdie man bo-op my wat die alleenheid wegvat.

"I think I like you," sê hy.

"I think you are going to break my heart."

"I think you are going to break mine."

Ek het begin giggel en sy hele lyf teen myne vasgetrek en my oë toegemaak en geweet ek sou hom vir altyd so kon vashou en gelukkig wees.

6

Ons het met die spiraaltrappies na my dakkamertjie opgeklim. Hy het sy hemp uitgetrek en op my enkelmatras gaan lê.

"I've got to go the loo quickly."

Hy het gelag toe ek "loo" sê.

Ek was te skaam om voor hom uit te trek. My oë was groot en rooi en blink in die badkamerspieël. My gebleikte blonde hare het selfs gegloei. Ek het gevoel asof die lig in my die hele koue wêreld wou aansteek. Die sagte blou nagrok met die kantkraag en die knopies wat almal lankal afgebreek het, het oopgehang. Ek kon die heuwels onder die kant sien instrek, die bleekwit van my nek en bors.

Op my heilige grond in my dakkamertjie het daar 'n lyf gelê. Dit was die eerste keer dat ek iemand in my ruimte ingebring het. Ek sou hom kon ruik as ek met die steil draaitrappies na bo loop. Ek sou na bo kon stap in die nagrok wat ek van my ouma geërf het, asof in 'n dooprok, en myself in sy lyf onderdompel.

Ek het na my vreemde, gelukkige gesig in die spieël gekyk. Ek kon die meisie sien lag, haar lag 'n driedubbele weerkaatsing in 'n drankglas wat rinkel soos ys, haar oë klein, rooi en onbekend. Ek kon haar ruik, die reuk van mansweet en aftershave en drank en marijuana aan haar, 'n kind met die verweerde lyf van talle kere se oorgawe. En ek het die onskuld in haar raakgesien.

Dalk sou dié keer regtig anders wees. Daardie eerste nag was die Buena Vista Social Club CD op repeat. Toe die "Chan Chan" begin speel, het ek op my rug op die enkelmatras gaan lê. Ek kon hom in my dakkamer ruik, sy sterk soet reuk van seep en deodorant en marijuana. Hy het sy gesig in my nek gedruk.

"I really like you a lot."

En ek het geweet soos 'n mens weet. Daar sou niemand anders meer wees nie. James het op 'n ander kontinent gehoort, 'n kontinent wat in my kop kleiner en kleiner geword het tot daar net eenvoudige woorde oorgebly het: political choices, HIV-AIDS crisis, crime, unemployment; expatriate.

7

Dit het daardie volgende oggend begin sneeu, dwarsdeur die koue dag.

"It's never snowed this time of the year," het iemand op TV opgemerk.

Dit was 'n soort ekstase, om skielik die hele dor, grys wêreld wit gewas te sien. Die sagte wit lae het op die kaal takke gaan lê; in die strate, op karre, huis se dakke, in my agtertuin. Die vlokkies het in my hare en klere gaan sit. Dit was 'n nuwe, pragtige wêreld.

Die dakkamer was donker. Ek kon die nag steeds in die kamer ruik. Sy wit T-hemp was langs die CD-speler. Ek kon sien waar sy lyf gelê het en hoe hy die komberse van hom afgestoot en uitgeklim het.

Die hele nag het deur my kop gespeel, oor en oor soos 'n bekende song oor die radio. Ek het die lakens afgetrek, die kussing gewas, doelbewus opgeruim, die wasgoed op die vloer gewas

en hope papiere eenkant toe gestoot en in stapels geskuif; ek het selfs ambisieus my kas begin regpak.

Buite het dit steeds gesneeu, swaar wit vlokke wat op my vensterraam gaan lê het. Ek het lank deur die attic se vensterruitjies gekyk na die spierwit wêreld rondom my. Die CD was nog in die speler, daardie "Chan Chan", die eerste song op die Buena Vista Social Club CD. Die CD wat heelnag gespeel het.

Ek het play gedruk en die T-shirt opgetel en daaraan geruik. Dit was 'n vreemde reuk: verslaande lyf, dagga en aftershave. Hy wat op heilige grond was daardie nag. Ek het sy T-shirt aangetrek en in die spieël gekyk, en sy hemp het my lyf se vorm aangeneem.

8

*Dit het gesneeu een jaar toe die familie Terblanche by Ouma gaan kuier het. Die dogtertjie met die oë wat soms van kleur verander, het deur die vensters na buite gekyk. Sneeu in die Transvaal was soos 'n wonderwerk, onbekend en skaars. Die sneeu was oral oor die grasperke van woonhuise, in die strate, op die opritte en die dakke van karre. Dit was 'n nuwe wêreld. 'n Spierwit wêreld, soos die dogtertjie se hart nooit was nie. Sy wou opsluit buitentoe gaan in die koue om die sneeuman te bou.*

*"Susan, die kind het 'n verskriklike humeur, sy gaan nog swaar kry."*

*Die vrou met die afwaartse trekke om die mondhoeke, sy noem haar Ouma.*

*"Jy bly net hier in die huis hoor, anders moet jou ma weer in die nag opstaan om jou hoesmedisyne te gee. Jy gaan koue vang."*

*"Ek weet nie waar die kind aan haar tantrums kom nie."*

*Ouma, die draer van die negatiewe gene. Ouma, die een wat, soos die vrou met die deurdringende blou oë, haar eie meermale hemelwaarts slaan.*

*"Susan, ons moet bid vir die kind, sy het 'n verskriklike humeur."*

*Die gebed daar op die matjie voor die hemelbed.*

*"Was my hartjie skoon asseblief Liewe Jesus, wit soos die sneeu daar buite, moenie dat ek so gou kwaad word nie."*

*Humeur, die refrein, 'n woord om in jou woordeskat op te neem: klein Liedjies het 'n humeur, dis 'n slegte ding om te hê, ander mense hou nie van jou as jy 'n slegte humeur het nie.*

*Die AGS-gemeente op die Rots waar die meisie 'n nuwe blaai omslaan op die ouderdom van sewe in die handjieklapgemeente. Sy en haar ma klim op die kansel. Die vrou vertel aan die mense van die ingryping haar dogtertjie se lewe. "Ons dank die Here vir die verandering in Lea."*

*Die dogtertjie praat ook: "Ek raak nie meer so gou kwaad nie, hulle het baie vir my gebid."*

*Die mense klap hande wanneer die ma die kanseltrappies afstap met die bloedrooi kind.*
*Wit gewas soos sneeu.*

# HOOFSTUK DRIE

1

Washington D.C. is die alomteenwoordige oog van die VSA. 'n Onverstoorbare stad, oortuig van sy eie onverganklikheid. Ons kon die Wit Huis sien van waar ons in die klein koffieshop downtown gesit het. Die Wit Huis is loodreg met die Washington Monument, daardie lang vinger wat waarskuwend die hemel intoring. As jy met die National Mall langs stap, sien jy die Washington Monument in die water weerkaats, enige tyd van die dag of nag, enige seisoen, 'n alomteenwoordige teenwoordigheid in Washington. Rotsvas soos die beton en marmer waarmee die monumente gebou is.

Van downtown D.C. af kon jy die anker van die VSA se mag sien: die Pentagon, 'n vyfpuntige ster: reusagtig, solied en magtig. Jy kon die mag in Washington aanvoel, en die nuwe president en sy Republicans het van mag en van vertoon gehou.

Ons het ons press passes aangehad waarop "Press Inauguration Parade" gestaan het: die inhuldigingsparade van Amerika se nuwe president George W Bush. Die swierige parade het met Pennsylvania langs gekom. Honderde marsjerende orkeste; fiere polisie op perde; celebrities; en trompoppies wat almal Bush se intrede in Washington vier. Die meeste mense wat egter vir die parade kom kyk het, was protesteerders. Democrats.

Jonathan het my hand geneem en warm gevryf. Die bloute het begin wegsyfer en ek kon sien hoe kom die warmte daarin terug in rooi vlekke. Ons het 'n break gevat in die benoude Starbucks om warm te word en Grande Café Lattes gedrink.

"Your hands will fall off, Miss Journalist. Did you at least get some good shots?"

Jonathan Wilson was so onverwags deel van Loony se dakkamerbestaan soos die dronkheid wat jou oorval na 'n shot te veel tequila. Of te veel trekke aan 'n sterk joint.

Hy het die ander hand geneem en ook warm gevryf.

"Ja, I think I got some good photos." Ek het baie foto's van die betogers geneem. Die *Hail to the Thief-* en *George W Bush, Corporate President*-plakkate was my gunstelinge - veral as ek die onpatriotiese plakkate teen die tipies Amerikaanse simbole, die talle vlae en die wit koepel van die Capitol in die agtergrond kon jukstaponeer.

"Americans are so weird. These people are paying $100 each to stand in the freezing cold and watch endless marching bands. And most of them are protestors – why would you pay $100 to protest?"

"Maybe they want to feel like they've contributed to history," het Jonathan gesê.

"Now I'm part of American history too," het ek geantwoord.

"You're already part of my American history." Ons wou heeltyd lag as ons in mekaar se oë inkyk.

"My pics are not exactly pro the new president. It looks more like a protest than a celebratory parade."

"But we're celebrating, baby. We're celebrating us. After you're done with your work, we'll go home, have a little joint, make love, smoke some more and have a couple of drinks. I'll celebrate appropriately with my girl."

Hy het my 'n soen gegee wat my koue lyf laat gloei het. Later kyk 'n mens terug en wonder of jy ooit weer so gelukkig kan wees. Jonathan is die mooiste, beautifulste man met sy bruin hare wat in sy nek krul en lank oor sy wangbene hang. Die soort man wat jou binnekant

laat brand as hy net vir jou glimlag. Hy het nie daardie crazy ek-gaan-enige-oomblik-uitbrand-energie van James gehad nie. Hy was 'n regte nice guy, en vriendelik. Maar dit was asof hy geheime in homself toegerits het. Stiltes. Onverwagse stiltes wat sy geselsies en sy glimlag laat opdroog; asof hy teruggetrokke en rusteloos en gefrustreerd is met homself. Dit sou ek eers later uitvind.

"It's hard to work when you're distracting me," het ek geterg.

"Ah, my hardworking South African girl."

"I'm glad you came with me Jonathan."

"I'm glad too."

Dit was weer so 'n oomblik tussen ons. 'n Commitment wat ons in stilte in mekaar se lag-oë maak. Geluk. Asof jy 'n borrel in jou hand hou en en jy kan jou eie weerkaatsing daarin sien skitter in die allermooiste kleure en jy kan die delikate tekstuur van die borrel in jou hand voel. En jy weet dit is oombliklik en verskriklik, so verskriklik broos.

2

Ek het wakker geword in die vreemde bed. Langs my was die man in sy geruite blou boxer shorts en sy wit T-hemp. Ek het nie beweeg nie, net gelê en gewag op die sonlig om deur die donker kamer te val. Die onstellende fliek *Seven* was op die TV, ons moes die TV aan vergeet het. Op die TV'tjie was die beeld van 'n dooie man, groot en geswolle.

Hy het langs my geroer. Hy het diep geslaap met sy gesig na my toe gedraai, 'n effense frons tussen sy oë, sy asem rustig. Hy was so beautiful.

Gewoonlik sou ek uit die vreemde donker kamer wou kom om die drank van die vorige af te sluk en oor my sondes te tob. Maar ek wou in Jonathan se bed lê en wonder hoe dit sou wees om elke oggend daar wakker te word. Sy kamer was netjies. Foto's het in raampies op sy tafel gestaan.

Jonathan het omgedraai, sy oë effens oopgemaak en geglimlag. Ek het my mond teen sy wit skouer gedruk en sy reuk gekry, sy naskeermiddel en sweet en dope en die drank aan sy asem.

"Morning my South African baby. Did you sleep well in my bed last night?"

"We got so hammered last night. It's crazy. I like that, I need a guy who can drink me under the table."

"I'm crazy about you." Hy was soos 'n klein seuntjie, opgewonde en vrolik en sonder enige games. Ek wou net lag.

"Why do you sleep with your clothes on Mr. Wilson?"

Hy het my teen hom vasgetrek. "I like that."

"Me too. I always sleep with clothes on."

"Good."

Ons het altwee weer gelag en lank so stil gelê. Brad Pitt was op die TV, 'n frons tussen sy mooi oë. Foto's van 'n lyk. Gluttony, het die woord op die skerm geflits. The seven deadly sins. Brad Pitt sou binne oomblikke uitvind sy slagoffers word deur 'n selfrighteous religious freak vermoor.

"I think we're good together Jonathan."

"We'll be good together baby. I need to be good."

"You are so good Jonathan. You're such a good guy. I've only ever dated bad boys."

Hy was onverwags stil, die stiltes was ek later so goed leer ken het. Toe was ek net gelukkig. Ek was iemand se baby.

"Lea."

Sy stem was skielik ernstig en sonder sy lag. "I'm not perfect. I want you to know that." Sy skielike stilte soos hy terugtrek in die dieptes ver weggesteek agter sy oop warm oë.

"Nobody's perfect, right Jonathan?"

Die stilte was net so vinnig oplos en sy warm glimlag terug op sy gesig.

"I would like you to be my girlfriend."

Ek het begin giggel. "Really?" was al wat ek kon uitkry.

"Really."

"I may need some training."

"I'll coach you."

Ek het my hande om die wit T-hemp gekramp en sy lyf bo-op myne getrek "Okay. That's a deal."

Ons het altwee gelag

"Breakfast would be so nice now," het hy in my nek gesê.

"Is that a part of girlfriend duties?"

3

Die kruisie was van fyn, goedkoop plastiek gemaak, dit het soos 'n speelding in my hand gevoel. "For you," het die man gesê voor hy die pamflet en die warm gebakte stringetjie kraletjies in my hand stop. Sy oë was 'n oomblik op my gesig, ondersoekend.

"I'll pray for you."

Ek het die pamflette en die plastiekkruisie in my sak gestop sonder om daarna te kyk. Ek het deur die glasdeure gestap en my verbeel ek kon steeds die man se oë op my voel.

*"Abstinence,"* het 'n volgende woord my op die krop van my blaas getref. *HIV-Aids. Hepatitis. Do you have a tattoo? Abortion is not a solution, its a cop-out.* 'n Magdom skrikwekkende pamflette wat jou in die gesig staar.

Ek het na die ontvangsdame gestap en ek kon skielik nie die Engelse woord vir voorbehoedmiddel onthou nie, asof my kop toegeslaan het. My oë wou nie na haar jong gesiggie kyk nie, want dit sou my laat oud voel.

"Can I help you?" het sy gesê, nie onvriendelik nie.

"I want to go on birth control," het ek uiteindelik uitgekry.

Sy het nie eers na my gekyk nie.

"Have you been to Planned Parenthood before?"

"No."

"You'll need to fill out these forms. Your medical history, financial status and so on."

Daar was jong gesigte in die wagkamer: jong vroue, normale vroue. Niks kon my ooit normaal laat voel nie, nie eers om iets normaals te doen soos om op die pil te gaan nie.

"You'll need to have your annual before we can prescribe oral contraceptives," het die stem agter die glas gepraat. My annual. Ek kon die gedagte aan die ondersoek nie tolerate nie - Lea oopbeen vir vreemde, sober oë wat so diep soos die vrees in haar lyf inkyk. Ek kon my lyf soveel maal gee vir vreemdelinge: Loony wat pop word, popper, dronkste. Ek wou nie my lyf onderwerp aan 'n dokter se vreemde oë nie.

Maar ek moes deurdruk. Vir my en Jonathan.

Ek het op die bank gaan sit met die vraelys, swart op wit:

*Emergency contact:* Jonathan Wilson. *Relation*: Boyfriend.

*Do you take any drugs?* Een maal kraai die haan: Loony verrraai vir Lea.

*Do you smoke cigarettes?* 'n Tweede maal kraai die haan.

*How many alcoholic drinks do you consume per day?* Die haan kraai 'n derde maal.

*How many sexual partners have you had in the last year?*

Die haan kraai, altyd soos die eerste keer. Swart op wit kyk ek na Lea se lewe.

4

Dit was verblindend wit buite toe ek uitstap: een van daardie verskriklike koue dae. Ek kon my verbeel die pil het alreeds my baarmoeder se wande laat verdik. My borste sou swel. Ek het gewonder hoe dit sou wees om babatjies diep binne-in jou te maak. Klein selletjies wat verdik en vervorm soos klei, diep in Lea se ingewande waar dit vingertjies word wat vasklou aan die verdikte wande. Ek het daardie babatjies 'n kans ontneem om selfs konsepte te word, amper soos woorde wat jy stop voor jy hulle sê, al het jy hulle gedink, diep binne-in jou geheime tonnels. Ek was op die pil. Ek kon Lea gee sonder om werklik te gee. En dalk eendag kon ek haar gee vir iemand soos Jonathan, met sagte oë, iemand vir wie jy kon sê: "Wil jy 'n babatjie maak diep binne-in my geheime wande?"

Buite Planned Parenthood het die mensies stil op die sypaadjie gekniel, hulle gebede en die geluide van die stad het die stilte in my baarmoeder verdring.

"Lord, have mercy!" het 'n helder vrouestem gesê. Haar plakkaat het geproklameer: *Abstinence.*

Ek het afgekyk, asof daar antwoorde in die sement van die sypaadjie geskryf sou wees. Haar stem het my agtervolg toe ek met L Street opstap na die moltrein toe, terug na Jonathan toe. Eh het vinniger en vinniger begin stap.

*In moments like these, I sing out a song, I sing out a love song to Jesus.*

Altyd 'n song in my kop, altyd 'n song wat die hele Suid-Afrika in my kop kon oproep. Die alewige skuldgevoel.

Ek het met die roltrappe in die maag van die aarde ingegaan na die underground waar dit stil sou wees. In die trein kon ek anoniem wees: nie Lea van vroeër, 'n naam op 'n vraelys wat my hele lewe swart op wit uitblurt nie: Drugs. Alcohol. Seks.

Die trein was leeg en ek het agter in die hoekie gaan sit en teen die glasvenster geleun. Dis okay Liedjies, niemand ken jou nie, niemand weet wie jy is, waar jy vandaan kom of dat jy op die pil is nie.

Die wêreld bokant my het voortgehardloop teen 'n ontsettende pas en ek het gedink aan al die treine wat onder in die donker deur die aarde se maag stoom voor hulle mense uitspoeg. Die aarde het ook iets kunsmatigs onder in haar maag saamgedra.

Ek het die eierselletjies en baarmoederwande in my lyf verander met kunsmatige hormone. Ek moes die skuldgevoel verwerk. Elke dag as ek die pilletjie drink, sou ek onthou dat ek God verloën. Ek het ingegaan teen die geloof van daardie knielende mensies op die sypaadjie. Teen die geloof van pastoor Nolte, wat my 'n hoer sou noem. Teen die geloof van die mense van Kuilsrivier se kerk met hulle arms in die lug. Waarin het ek geglo?

Ek het definitief 'n whiskey nodig gehad. Ek moes high word. *Higher than the sky*, higher as die verblindende wit hemelruim anderkant na waar dit donker is, waar die sterre skyn. Dié slag sou Lea met haar eie besluit saamleef. My besluit is nie geneem uit skuldgevoel of uit vrees nie. Dit was 'n vrywillige keuse. Ek het gekies om op die pil te gaan. Ek het liefde gekies. Ek wou liefde in my lyf inneem. Ek wou hê die liefde moes verdik in die wande van my baarmoeder. Ek wou nie meer opsies soek in vreemde lywe nie; ek wou net vir Jonathan liefhê.

5

Sy stem het vasgeslaan teen die plastiekpoppe, asbakke, hoede en stowwerige ou koerantknipsels. Hy het iets gemompel oor 'n samesweringsteorie. Ek het versigtig deur die noue gangetjies geskuur terwyl die ou man voortpraat.

Die uithangbord buite die klein geboutjie het gesê: Old Curiosity Shop. Ons het die winkeltjie ontdek toe ons tussen die plotte en skerppuntdakke in die klein uitgestrekte dorpies wat almal dieselfde lyk per ongeluk die verkeerde afdraai gevat het. Ek en Jonathan was in rural Rooinek-country, iewers tussen Pennsylvania en Maryland. Al die dorpe in Pennsylvania vloei inmekaar in, jy't geen idee of jy kom of gaan of verdwaal nie. Elke dorp het een of twee McDonalds, 'n KFC, 'n Wendy's en 'n strip mall met 'n Giant Food Store en natuurlik 'n outydse diner.

Rondom ons was die bome grys en vaal. Dit was 'n ander Amerika as die blink ligte, blink karre en blink geboue van Washington D.C. In landelike Amerika is dit asof jy skielik besef dat die land en die volk deur sy geskiedenis bepaal word. Die landskap, die argitektuur en selfs die mense is soos museums.

Die eerste indruk van die winkel was een van daardie klassieke plakkate teen die mure: WANTED, met gesigte van jongelinge wat iewers van die pad afgedwaal het. Die winkeltjie was soos 'n museum van speelgoed oor die dekades, kompleet met stoomtreintjies en porseleinpoppe.

"This is history," het Jonathan gesê en daar was 'n flikkering van opwinding in sy oë. Hy kan oor enigiets opgewonde raak soos 'n klein seuntjie; so intens betrokke by die wêreld om hom.

"Whoa. Check this out. You have crazies like the KKK in South Africa too?"

Die ou orde van die Ku Klux Klan, geraam, verbruin en agter vaal stukkende glas. Die "Klankraft" lui: *Come al ye cluckers, come. We, the order of the Ku Klux Klan, we avow the distinction between the races of mankind as decreed by the Creator, and we shall ever be devoted to the sublime principles of white supremacy and Americanisms.*

"We've had many crazies in South Africa too."

"All in the name of religion, " het Jonathan gesê. Sy stem het my kop laat opruk. Ek moes sy oë en gesig soek. Sy gesig was uitdrukkingloos, sy oë steeds op die stowwerige geraamde orde van die KKK.

"Are you religious?" het hy skielik gevra.

Daar was net een antwoord wat ek hom kon gee.

"Yes."

Destyds het ek vir James gesê my kern is godsdienstig, maar dat godsdiens ook die oorsaak van my ongelukkigste oomblikke was. James het nie geglo nie.

Sy gesig het ontspan en hy het my teen hom vasgedruk. "I wouldn't be able to go out with someone who wasn't religious. I need to be saved, you know," het hy gespot.

Sy antwoord was so onverwags. Later sou ek besef Jonathan het 'n ander god in sy lewe gehad. Ek wou terug antwoord maar die stem het skielik van agter die rakke vol negosiegoed gepraat. "No party politics in my shop, kids." Ek dag eers die oom met sy woeste baard en ruie wenkbroue is self 'n Ku Klux Klanner.

"Where did you get this?" het Jonathan gevra en na 'n verbleikte, rooi serp teen die muur gewys met 'n hamer en sekel daarop: Soviet Youth Pioneers Young Communist League.

Die ou oom het gelag.

"I collect objects of historical worth."

Hy het na my gekyk.

"Everything you see, everything you say, and every moment right now, is tomorrow's history, young lady. Never forget that."

Sy stem het deur die rakke gekraak, 'n sin wat my binnedring, stadig, pynlik,'n onwerklike soort lekkerkry. Alles is geskiedenis. Daardie sin, so pynlik, en dan is jy skielik vry. Vry van blou oë en James se rooi skoene wat oor alles hulle spore los.

6

Daardie nag in die hotelkamer in Pennsylvania het ek in die donker bed gelê en na sy diep asemhaling langs my geluister. Hy het soos 'n babatjie geslaap, die sterk gespierde man, sy hele lyf vasgewoel rondom my. Alreeds het iets in ons verhouding verander, daar was soveel meer as pret en party, 'n dieper onderstroming wat ons altwee saamsleep. Omdraai was daar nie.

As ek langs Jonathan in die aand lê, kon ek my verbeel ons is die enigste mense in die wêreld. Dit was soos om te daggadroom dat jy connect met alles wat magically beautiful en rein en tevrede en kalm is.

Ek het jou lief, het ek daardie aand gedink. Later sou ek soveel keer terugdink aan die oomblik toe ek besef het liefde is 'n fisieke gevoel wat uit jou ingewande uitvloei en jou hele lyf lam maak voor dit sag en warm in jou bors gaan lê. Ek het aan die slaap geraak met 'n skietgebed hemel toe om dankie te sê.

Ek het geweet ek sou die volgende oggend wakker word met sy warm, sterk lyf langs my en dit het my gelukkig laat voel. Net dit, geluk.

7

Ek het wakker geword van sy gehoes en die marijuana in die hotelkamer geruik. Hy het voor die venster gestaan en die rook uitgeblaas.

"What time is it?"

Hy't omgedraai en met klein oë geglimlag.

"Morning baby. Did you sleep well?"

"Yes. What are you doing?"

*"Having a little smoke before we head home to Washington."*

"We've got to make the party last," het ek gelag en uit die bed gespring. Hy het 'n diep trek gevat van die dagga.

"Give me some breath." Ek het my mond oopgehou sodat hy die rook in my keel kon inblaas.

"Should we go get some breakfast en Bloody Marys?" het hy voorgestel.

"Sure. But I want you for breakfast first."

## HOOFSTUK VIER

1
Stoned sou ek my verbeel dat ek nie my oë kon knip nie; of dat my kop oortyd moes process aan racing gedagtes en elke gedagte was verbind aan 'n millisekond en weer verbind aan 'n emosie, op en af, te vinnig vir tyd.

Die pastoor in my kop sou preek: die deurtjies in jou kop is wawyd oop en enigeen kon binnestap en toetree tot die drie-eenheid: liggaam, siel en gees. Die Bybel sê immers: Beproef alle dinge en behou die goeie.

Geen wonderbaarlike paradigm shifts op dope nie; net die descent into your own paranoia.

Die Heropstanding van vrees.

2
Ons sit in die huis van my vader en moeder met die groen gekruide stof oop en bloot op die koffietafel. Die matjie op die koffietafel is onskuldig ligpienk.

"Moenie die goed op die matjie mors nie." My stem klink ver en hoog. "Die fyn pitjies en kloutjies kan in die mat se hare vassit."

Die een wat die zol rol, kyk gesteurd op. "Chill out Lea." Hy kyk weer af en sorteer verder.

Lea, Lea, eggo dit iewers in die tonnels van my kop. Ek is nie Lea nie, dink ek.

"Loony," sê ek sag en van ver af, asof my stem deur afstande gereis het tot by hierdie vreemdeling met die joint tussen voorvinger en duim.

"Lea sal nooit dagga rook nie." Ek dink ek giggel, maar die vreemde trek op sy gesig laat my anders dink. Ek lig stadig my vingers op, voel-voel aan my gesig. My mond is oop en ek kan die klipperigheid van my tande voel, glad en koel onder die vingertoppe. Tande is die vreemdste goed, dink ek stadig, en word bewus van 'n nat stroompie teen my wang af. Die vingertoppe loop saggies oor die sagte warm wange tot by my oë, hulle is nat.

Sy gesig kyk steeds vir my, 'n grinnik oor sy mond, sy koue harde mond.

"Jy's paranoid," sê hy, hierdie vreemdeling. Waar is Pieter-Willem en waar is Georgie Lever? In die hemel of in die hel? En James, waar is hy? En waar is my ma en pa? Ons is in die huis van my ma en pa en hierdie mense gee nie om nie, nie vir jou nie, hulle is koud en hard en vreemdelinge in jou poorte.

"Jy het die verkeerde woord gesê." Ek sê dit kalm en verbeel my die wolk van my stem wat oor sy kop hang. Ek is skielik nie seker of ek regtig gepraat het nie. Na wat soos millenniums voel, toon hy reaksie.

"Jy moenie nog rook nie," sê hy neutraal. "Jy kan nie met die stuff deal nie."

On the road in my kop, dink ek: klein ontploffings van gedagtes wat afstuur op 'n groot finale uitbarsting: Hoekom is ek so paranoid? Hoekom sê die ou ek kan nie met die stuff deal nie, en watter verrassings hou my onderbewussyn vandag al weer in?

Hy mors op my ma se mat. In hierdie huis woon Iemand anders ook - hoe kan jy hier rook en mors en zolle rol? Jy is kleindorpse white trash. Wat maak jy hier in die huis van my vader en moeder?

Die voordeurklokkie, ek dink dit lui.

"Het die klokkie gelui?" vra ek na 'n stilte wat ek nie weet hoe lank dit geduur het nie.

My stem klink normaal. Dit lyk asof hy iets beduie; ek kan nie uitmaak wat hy probeer sê nie.

"Die klokkie het mos gelui?" Die honde blaf, die een hoog, die ander laag. Die gesig wat na my kyk, is hard.

"Veels geluk. Jy het so pas teruggekeer na die realiteit," sê hy aggressief. "Met ander woorde, gaan maak die donderse ding oop en jaag wie ook al hier aankom, weg, of anders word ons vandag gebust."

Sy stem is geïrriteerd, ek kan dit aan die trillende infleksies hoor, hulle maak my ore seer: sulke klein, harde hoë geluidjies.

Ek sal nie dat die paniekvlae my oorweldig nie. Ek weier om in die huis van my vader en moeder na jou bevele te luister. Ek probeer loop, maar my lyf wil nie beweeg nie, ek probeer 'n spier in my arm roer, maar my lyf gehoorsaam nie meer die bevele van my brein nie. As my lyf nie my brein wil gehoorsaam nie gaan ek dus nou ophou asemhaal en ek moet bewustelik inasem, uitasem, wag, drie sekondes - anders hiperventileer ek - haal in haal uit, nie te vinnig nie.

Praat, dink ek. Praat. Vertel hom dat jy vanaand een zol te veel gerook het. Finale zombiedom, die eintlike gesplete realiteit is nou my werklikheid.

"Daar loop wie ook al dit is in elk geval," sê hy en kyk na my. Sy mond lyk skielik nie so genadeloos nie. "Hey, is jy okay?" maak ek uit.

Ek kan jou nie antwoord nie, my mond is te droog en netnou gaan ek jou nie meer kan hoor nie. Ek moet my kop skud. Kom terug tot hierdie realiteit. Lea skud skud. Dan is ek skielik in 'n nuwe realiteit ver verwyderd van die aarde en 'n beeld jaag my. Dis die beeld van my eie kop wat oopbars en vloeistof loop uit oor my neus en oë, ongelukkige oë waarin die Heilige Gees nie woon nie.

Afstande, oomblikke, nou: die oomblik van Waarheid het aangebreek. Die ontploffende wit niks in my kop. Dit is dus die Waarheid.

"Jy ruk vreeslik."

Sy warm hand raak aan my arm en die warmte vloei tot in my koue lippe.

"Hou my vas," vra ek en as hy sy arms om my slaan, verdryf dit die koue en ek besef dit is dus 'n bose speletjie. Here, help my deur die verblindende wit niks. Want natuurlik is niks nie die Waarheid nie. Ek leef. Ek is materie wat wonderbaarlik funksioneer en bestaan.

"Ek wil nooit ooit weer rook in die huis van my vader en moeder nie," sê ek, en ek voel hoe nat my wange en oë is, die nat spoel oor my soos lewende water, ek proe die sout.

"Vat asseblief daai goed hier uit," sê ek, en hy draai die pakkie gekruide stof in 'n koerant toe en maak versigtig die matjie skoon.

3

"Bono's like God, man!" het Jonathan gesê. "Just look at him, running around the stage like a superman. Do you think you're God, man?" het Jonathan geskree bo-oor die duisendes se stemme. Bono was 'n lagwekkende, bitter klein mannetjie in 'n pikswart outfit met 'n sonbril wat hardloop, vinniger en vinniger terwyl die ligte onder ons begin flits oor die duisendes se gille.

Don't say that, wou ek sê. Ek het stilgebly. Ek wou sê: Moenie die naam van God ydellik gebuik nie maar ek het vergeet wat ydellik in Engels is. Ek praat mos in elk geval nooit terug nie, dis hoe ek geleer is. Ek het gelag: so 'n blikkerige gegiggel.

Ons het daar van die agterste sitplek in die 60 000-stadium af neergekyk op Bono

wat om en om hardloop, vinniger en vinniger soos die bloed in my are. Die videomuur op die verhoog was skakerings van blou, pers en rooi, dit het geflits, amper te vinnig vir my oë. Die mannetjie het steeds in die rondte gehardloop en ek het my kop teen Jonathan se hemp gedruk en gesê: "I'm getting a little dizzy hey."

Hy het gelag en gesê: "You'll be okay baby, I'll take care of you."

Ek het skielik my balans verloor en getuimel en gedink: vertigo, your worst nightmare, en gekantel en gekantel asof in slow motion.

Jonathan het my aan die arm gegryp. "You think you're falling don't you? You also think you're falling." Hy't my nader getrek en vasgehou en in my klein oë gelag. Ons was super high.

Ek het opgekyk en gesien hoe die mannetjie op die videomuur afstorm en homself teen die muur pleister, 'n swart skadu teen die blink neonmuur. Hy het gelyk soos 'n skets wat die polisie op 'n moordtoneel maak. Hy was net 'n outline, sy een been gelig en sy arms uitgestrek, asof hy in die videomuur ingeduik het.

"Jonathan," het ek gegiggel, weer die blik-gegiggel. "It looks like a cyber suicide."

Jonathan se gesig het opgefrommel, so 'n puzzled frons. "Baby just relax, okay? Don't think about suicide. Just chill out."

Sy oë was klein en rooi en ver weg en ek het skielik gepanic: "If I don't like myself stoned, you won't like me stoned either. I'm not sure we can communicate this to each other because we're stoned. I'm not sure I like you when you're stoned either because you're so far far away, and so removed from me. Its like you're caught up in a different reality that I can't access. This relationship seems to be doomed due to marijuana."

Dit het my soos 'n skok op die maag getref: ons was altyd stoned. Of dronk. Ek het sy arms om my losgemaak en deur die mense gedruk. Ek kon die mannetjie teen die videomuur sien, en toe was dit skielik donker en ek kon net duisende mense se sweet ruik en lywe voel en ek kon nie die trappies sien nie. Ek het in die donker teen die koue trappe geval en bly lê. Ek was te bang om op te staan.

Hier gaan ek doodgetrap word vanaand. My dood het gekom, die koms van my dood soos 'n dief in die middel van die nag. U kan my maar kom haal nou, asseblief, maar vergewe my.

Ek het Bono hoor sing: *And all I want, is you.* Die liedjie was soos snikke en ek het steeds bly lê. Iemand het gevra: "Hey are you okay?" en ek het so floutjies gelag. "Vertigo, vertigo," het ek gesê en skielik was Jonathan langs my.

"Come on crazy girl," het sy klein oë gelag, "You can't stay there, get up." Hy het my opgetrek en teen hom vasgetrek.

" Jonathan, let's go."

"Lea, that's ridiculous, we've paid $88 each for a ticket to see God ..."

"DON'T SAY THAT!" het ek geroep en my kop was skielik weer in sy arms en hy't my vasgehou en gesê, "Shhh, it's okay, we'll go if you really want to, Lea."

Hy het saam met my uitgestap en my vasgehou toe ons met die roltrappe afgaan na die grondvlak. "I'm a bit scared of heights," het ek gesê. "We sat right at the top. It was scary."

"Yeah well, you embarrassed me. I don't think you should smoke or drink anymore tonight."

My oë was so swaar, so swaar.

"I hate being so stoned."

Hy het niks gesê nie.

"I think we should smoke less Jonathan. We're always high."

Toe eers het hy gepraat.

"I'm addicted to marijuana baby. I love smoking. Its my vice."

"What does that mean?"

"An addiction? It means I need to smoke. I go through withdrawal if I don't. And I'm always preoccupied with marijuana. That's what it means."

Addiction. Dit het nie heeltemal ingesink nie, die finaliteit en die bedreiging in sy woorde het nie ingesink nie, alhoewel ek geweet het: fun fun, 'n mens kan nie van woorde en fun alleen leef nie. Ek het gevoel hoe praat die dope in my kop, ek wou soveel sê en soveel vrae vra. Daar was soos altyd te veel woorde vir die sekondes wat vinniger en vinniger in my kop voortsnel.

Skielik was dit James en ek buite die MCI Centre in Washington D.C. en James se arms

was rondom my en ek het in sy klein oë gekyk en ek het geroep: "We are in the mightiest city in the world!" James se oë het begin blink en dit was nie James nie maar my eie geswelde gesig en klein oë wat oor en oor sê: "Loony jy is altyd op die regte plek op die verkeerde tyd, al daardie gesigte en lywe soos sekondes wat verbytik."

Jeff wat in my kop sing: *Too young to hold on, too old to just break free and run.*

James die saviour wat my nie kon red nie, en Bono daardie nag voor 60 000 mense en almal skree: *Sunday bloody Sunday.* En hierdie persoon langs my vir wie ek net wou liefhê. Jonathan.

"I think I love you."

Hy het begin lag.

"I like you a lot."

Jonathan was op daardie oomblik soos iemand buite my bestaan, 'n outonome persoon, iemand wat nie 'n religion vir Lea is nie. 'n Vlees-en-bloed-figuur met gedagtes wat Lea nie kon lees nie. Lea het hom nie nodig gehad nie. Lea kon hom net liefhê, soos jy jou naaste moet lief hê.

"Would you take care of me? Would you take me home now?"

"I'll take you home baby. I'll take care of you."

In die verte kon ek die gloeiende Washington Monument bo die stad sien uittoring, die lang falliese vinger wat die hemel instrek in die nag en die stad was so onwerklik.

4

Ek het die Buena Vista Social Club CD op die speler gesit en play gedruk. Ek het teen sy warm lyf gaan lê en gevoel hoe sy bekende hande oor my lyf loop. Ek het my hande onder my panty-rek ingesteek en hy het in my oë gelag.

"Good girl," het hy gesê. Hy het sy hande op my nek gesit en sy duime teen my twee slagare aan weerskante. Hy het saggies gedruk en in my oë gekyk. Dit was effe seer en my kop het meer dizzy geword as wat dit was van al die dope. Ek het gevoel hoe drift ek uit my lyf uit en ek kon net my onderlyf voel en my koue hande teen die materiaal van my panty.

"Good girl," het hy weer gesê en ek het uit my onderlyf uit opgestyg en skielik kon ek net die twee vingers teen my are voel druk. "Baby you're hurting me," het ek lomerig gesê en gelag met my dizzy kop.

Hy het sy hande losgemaak om my nek en ek het aan sy wangbene gevoel. Ek wou die vorm daarvan herken. Ek het aan sy mond geraak. Ek wou die presiese kleur van sy oë sien, maar dit was nog te donker. In die donker het ek sy mond gesoek, warm en sag. Hy het my kop afgedruk na sy onderlyf en weer gesê: "Good girl."

"Jonathan? Are you high? I'm still super high."

My stem het in die donkerte gefloat. Hy het my kop meer dringend afgedruk, sy hande geklamp om my kop. "I'm high on you," het hy gesê en sy stem het in my tummy vibreer: "My good girl."

5

Almal se oë was toe en hulle het geluidloos gebid. Ek het na hulle mondvormings gekyk en die woorde probeer uitmaak. Die meeste van hulle was Afrikaanse expatriates. Pastoor Nolte se stem het hard gedreun deur die klein ruimte, en dit was te imposing op my gedagtes. Ek het na Laurie geloer. Haar oë was ook oop en sy het na hom gekyk met 'n vreemde uitdrukking op haar gesig: 'n onverwoordbare kyk van ontnugtering en hartseer en bitterheid.

Dalk is dit ook die jammerte op haar gesig wat my so ontstel het, 'n soort neerbuigende kyk, asof sy alle respek vir hom verloor het. Dit was onmoontlik vir pastoor Nolte om sy huwelik te probeer red. Daar was niks oor nie, net die huweliksbond wat haar aan hom gebind het.

Daar was ook min van Laurie oor, asof haar poging om vriende te maak en haar musiek agter 'n toe deur te luister en haar glas wyn en haar geheime sigarette alles maar net 'n reaksie was, teen hom. 'n Reaksie, soos 'n tiener wat teen sy ouers rebelleer en heeltemal preoccupied raak met sy opstand, dit was asof dit haar hele self oorgeneem het.

Ewe skielik het ek geweldig begin ruk, 'n hartseer wat my heeltemal onkant gevang het. Ek het gehuil oor grootword, oor die pastoor se afkeurende stem, oor Laurie se opstand, oor háár glasblou, waterige oë en haar stem wat sê: "My kind my kind." Ek het gehuil oor James met wie ek kontak in die States verloor het, oor PW en sy sagte oë en baard wat my wange krap-krap, en oor Georgie Lever, my engel wat dood is. Maar veral ook Jonathan, sterk rug, sagte gesig Jonathan wat in God glo en ook in sy dope wedergebore word, keer op keer. Elke dag sy sagte stoned oë, soms sy koue skouers, dit was asof die dwelm hom geslote hou vir my. Hy sou so ver terug trek in sy stoned realiteit dat ek hom nie kon bereik nie.

My Jonathan, die man in wie ek wou glo. Ek het gehuil oor daai skitterende borrel wat ek oomblikke lank in my hande gehou het voordat dit ontplof het voor my oë.

Ek moes opstaan en uit die klein saaltjie hardloop en ek het geweet al die biddende oë sou oopgaan en die een of ander tannie sou agternakom met tissues en ek het geweet op pastoor Nolte se gesig sou 'n frons wees. Hy sou dink: die kind se sondes pla haar.

6

Sy kom sit langs my in die trappie in die koue. "Is jy okay? Mis jy jou huis?"

Nee. "Ja," sê ek.

"Ek sal jou huis toe vat. Dan glip ek ook vroeg uit die kerk uit." Sy glimlag stout.

Ons neem Old Georgetown Road deur Downtown Bethesda. Tussen al die betongeboue is bome wat hulle blare verloor het. Dis wanneer ek kyk na daardie bome met hulle kaal takke wat in die hemel instrek, dat ek regtig alleen raak.

"Winter is hectic in hierdie land."

"Jy moet vir jou 'n wintersport kry. Iets om jou besig te hou. How about iceskating or skiing?"

"Ysskaats sal fun wees."

Distraction. Laurie se cure. Escapism, dis dan hoe die lewe werk. Jonathan escape in sy dope-kop.

"Bokant die Bethesda Metro is 'n klein outdoor ice rink waarheen ons altyd die Sondagskoolkinders neem. There's no cure like exercise."

Sy vroetel in haar handsak en ek weet waaroor sy soek. Sy neem die sigarette selfs kerk toe.

"Smoking works for me," lag sy. "Seks ook, alhoewel ek nie veel daarvan kry nie." Die glimlag wat wrang word voor sy verder praat. "Maybe I should have an affair and get myself a boyfriend, you know."

"Drinking works better than a boyfriend."

Sy sit haar hand vir 'n oomblik op my knie voor sy weer die stuurwiel vasvat. "Lea, I think you should watch your drinking."

Whatever.

"How's Jonathan?"

"Laurie, we're so happy together." Haar oë helder op. Ek wou vir haar sê dat ek net verskriklik bang is, maar ek doen dit nie.

"Do you still have contact with James? Do you still feel anything for him?"

Wat ek vir James gevoel het, is vaag en onwerklik en klein in my kop. "I love Jonathan," hoor ek myself sê. En ek sien hom voor sy oop venster staan met die waterpyp in sy hand. Hy trek die rook diep in en as hy uitblaas, hoes hy roggelend, die hoes het al vir my bekend geword.

HOOFSTUK VYF

1

Daar was 'n sagte kloppie aan die deur en sy het huiwerig gevra: "Liedjies?"

Ek het haar stemtoon herken. Buite was die swembad soos altyd blou, die dag was ook blou soos die kleur van alle somerdae. Daardie bang kloppie en die stem soos altyd vol gebelgde vraagtekens. Ek het my verbeel haar oë was amper deursigtig blou.

"Kom in," het ek gesê. Sy het die deur oopgestoot en op die bed gaan sit, eensaam, trots en weerloos.

"Lea, moenounie vir my kwaad raak nie, maar ek moet met jou kom praat."

Dit was my plastiekgesig, ek kon dit voel styftrek, asof alles begin stol om my oë. Buitekant kon ek die bure se kinders in hulle swembad hoor lag en gil.

"My kind, ek is bekommerd oor jou. Dis nie goed om ure voor jou rekenaar te sit en niks te doen nie..."

"Ek doen nie niks nie," het ek gesis. Die kiewe van my mond het styfgetrek, my tande, kake, keel, af tot in my hart, het alles gestol, 'n klip in my keel wat net wou sink.

"En as jy nie voor jou rekenaar sit nie, lê jy heeldag langs die swembad. Ek het al gewonder of jy nie depressief is nie?"

Die klip wat meer klip word, styfgetrek, die gestolde gesig en my vingers wat aanhou tik tik en raas oor die keyboard. Die enigste geluid in die vertrek was die gehamer van die keyboard en haar gespanne asemhaling.

"Ek weet jy wil skryf Lea, maar ek dink nie dis goed dat jy hier in jou kamer sit terwyl die lewe rondom jou aangaan nie. Ek sou wou sien dat jy uitkom, en 'n loopbaan begin."

"Ek sal wel begin uitkyk vir iets." Ek het onmiddellik die hoop op haar gesig gesien.

"Wat van daardie pos wat by *Die Burger* oopgegaan het, jy't nie verniet vier jaar op Grahamstad joernalistiek geswot nie, dink net, dit ..."

"Ek is nie lus nie. Ek wil dit nie doen nie. Hou net op om aan my te karring."

Haar bekende, sagte, moedelose snik. Die klip in my keel het skielik ontplof, en ek kon voel hoe begin die kamer rondom my spiraal. Dit was te laat, ek kon in haar oë sien dat sy 'n prooi word van die tornado wat in my losbreek en ek het geweet my oë sou haar opsuig en uitspoeg. Ek het diep asemgehaal. Ek het waaragtig probeer om nie vir haar te kyk nie.

"Moenie so vir my gluur nie," het sy gesê, vonkies diep in daardie blou oë, rooi liggies wat skielik ontplof in die blou middag en my vingers wat op die keyboard vries.

Stilte.

"Is dit daardie seun?"

Sy het op die rand van die bed gesit, sy was gereed, snaarstyf. Sy het duidelik die volgende sin vooraf gerepeteer: "Is dit daardie James wat jou so gemaak het?" Haar mond wat vinnig oop- en toegaan, die woorde wat uitgerol kom. Soos water spoel dit oor my, my gestolde gesig wat na haar kyk asof sy 'n film is wat voor my afspeel. Ek het probeer dink aan gepaste beskrywings vir die moeë madonna op die bed. Wat het sy geweet van die vrees op die koepel van my maag? My leë hol maag. Ek kon James se tong in sirkels op my maag indink daardie laaste nag in die Kaap.

"Dit het niks met hom te doen nie," het my bevrore gesig uitgekry. Dit was ek en die plastiekgesig en daardie blou-blou oë in die blou middag. Ek het vir 'n oomblik in daardie blou poele ingekyk en die vraagtekens stilgemaak.

"Ek dink ek sal oorsee wil gaan. Ek weet nie of ek lus voel om nou al te begin werk nie."

Sy wou maar net nie ophou probeer nie. "Ek dink ek moet pastoor Nolte in Washington D.C. kontak. Hy het mos 'n kerk begin en jy kan dalk vir hulle gaan uithelp, of vir 'n tydperk by hulle bly en dalk kan jy 'n vryskutwerk doen vir koerante in Suid-Afrika ..."

"Nie by pastoor Nolte nie," het ek bitsig ingechip en "Ma," ingevoeg as 'n nagedagte, 'n soort verskoning.

"Lea, maar…"

"Moenie weer daarmee begin nie. Ek wil nie, ek is nie lus nie." Dit was asof ek myself

kon hoor woed. My kop het geskree: James het jy in my lyf ingekom om jou legacy daar te los? Waar is die bloed wat my sonde moet afwas, waar is daai goddelike bloed?

Die wind was uit haar seile. Stilte.

"Maak maar soos jy goed dink," het sy gesê. Die vonkies in haar wat uitdoof, die stilte toe sy opstaan en sug, en die deur saggies agter haar toetrek. Ek het die sin verwag en was gereed daarvoor.

"Ek het net 'n bietjie tyd nodig," het ek gemompel en na die keyboard gedraai. My vingers het weer vanself begin hardloop oor die letters en ek het getik: "James, I haven't had my period yet."

2

Ek lê in my ma se kamer op haar pienk mat en ek roep God aan.

"God," roep ek, "ek weet nie wat om te maak nie." My kop is op loop, my lyf het die ritteltits, ek skop teen die mat, die mat brand oor my vel.

"God, help my asseblief," bid ek. "Vat hierdie rusteloosheid uit my lyf uit en help my vandag. Help my asseblief."

Ek bid en bid en die woorde loop uit my lyf en ek pleit om vergifnis oor ek my liggaam, my tempel van God nie geëer het nie. My maag trek styf van die ou vrees en ek proe die naarheid agter in my keel, "Jesus, vergewe my."

Ek lê op die mat en die gevoel trek saam in my ingewande, 'n ongedurigheid. Ek is so bang. Wat as dit 'n nuwe lewe is wat ek in my saamdra? Wat as.

Ek bly moeg lê. "Laat James my bel asseblief. Net hierdie een keer. 'n Laaste keer," bid ek. Laat ek hom kan vertel van die vrees. Wat as daai nag saam met James, wat as daai nag voete kry hier binne-in my en groei en groei? Hoe sal ek ooit vir haar kan vertel? Ek huil op die pienk mat van my ma se kamer. God, ek wil vertrou. God ek wil glo ek is nie swanger nie. God ek wil glo. Laat hy bel. Laat hy bel. Of red my vandag.

3

Die blou plastiek het in my kuite ingesny en ek het die vuil wit veters stywer getrek en myself op die stomp lemme probeer balanseer.

"I'll sharpen them for you," het die ou met die kantpaadjie en die rooi rink guard jacket aangebied.

Ek het die lomp skaatse weer uitgetrek. Die kamertjie het bedompig geruik: na voete en sweet en stomende hot chocolate. Ek het sy hande dopgehou toe hy die lemme skerp maak. Hy het die paar skoene aan my terug gegee. Ek het weer gesukkel met die wit veters tot hy voor my kom buk het en die skaatse stewig vastrek.

"The ice is all yours, there's nobody here this time of the evening."

"I haven't been on an ice rink in a very long time. In my country we only had one rink a good forty minutes from my home."

Die Goodwood-baan was groot en dit was altyd die reuk wat my sou bybly: die reuk van ys en sweet. Ook daardie eerste keer toe ek op die Goodwood se baan die nattigheid tussen my bene voel. My lyf het anders geruik. Ek het die reuk en myself daardie dag gehaat. Ek het om en om die ysskaatsbaan gejaag, want ek wou val, ek wou myself seermaak, ek wou vergeet van die nuwe vreemde Lea wat nie meer 'n dogtertjie kon wees nie. Ek het geweet sy sou dalk iets sê soos, "Nou is jy 'n groot meisie en jy kan jou nie meer soos 'n kind gedra nie." Of sy sou groot oë trek en beduie ek moet my knieë bymekaar hou.

"Sjoe its nerve-racking." Op die skaatse het ek met die steil stelle trappies na buite geloop. Die rooi-jakkie ou het agterna gekom. Sy hande het my rug gestut, asof hy bang was ek sou op die trappies agteroor val. Ek het 'n swart mus oor my ore getrek, want dit was 'n koue wind.

"You've got one month left before its starts warming up. We'll propably close the rink down in early spring," het die kantpaadjie gepraat toe ek versigtig op die gladde ys klim.

My voete was wankelrig op die lemme. Ek het immers 'n nuwe lyf gehad wat ek op die skaatse moes balanseer. Versigtig het ek my linkervoet oor die ys laat gly, en toe die regtervoet en dit was asof ek geweet het: ek kan ysskaats. Ek kon immers destyds ook ysskaats, vinniger en vinniger, sodat ek geval en amper my enkel gebreek het. Ek moes van die baan af, maar ek het bly skaats en skaats sodat my enkel se pyn die krampe in my maag verdring het.

"You'll be fine," het die kantpaadjie geroep en sy rooi jakkie het kleiner geword toe ek myself op die ys vind. Dit was koud, en die hoë geboue van Bethesda het blink in die nag getoring. Daar was nie sterre bokant my nie, net die ligte in leë geboue. Ek sou my kon verbeel daar was mense in al die geboue, 'n skare wat na my vertoning kyk. Die wind het my meer momentum gegee en my ore het begin pyn maar ek het geskaats, om en om, en vinniger.

"I'll put some music on for you," het die kantpaadjie geroep.

Die musiek het deur die luidsprekers gedreun bo-oor die sterk wind en ek het die ritme daarvan gevoel en my heupe begin beweeg, liggies en versigtig om my balans op die dun lemme te behou. Ek het my arms uitgesteek, my vingers gepunt en my gewig op die linkervoet verskuif sodat ek op die kante van die lemme gaan lê toe ek om die draai van die baan gaan: vinniger en vinniger en gladder tussen die wind en die ligte in die nag. Ek sou elke nag kon skaats, gly oor die lewe sonder 'n gedagte, net ek op die baan.

Daar het 'n paar mense rondom die baan gaan staan en kyk. Toe ek natgesweet afklim, het ek die kantpaadjie hoor sê: "She's from South Africa. She's only been on the rink a few times in her life."

'n Vrou met grys hare het nader gestap.

"You have such grace," het sy gesê. Grace. Ek was óf wild óf ongemaklik op dansvloere. Te wild, asof iets in my sou losbreek en die ekshibisionis kon kop verloor tussen beats en basslines. Of anders sou die vreemde lywe en hulle hande op my lyf, my ongemaklik maak as hulle tussen my en die musiek kom.

Maar nou het ek grace gehad. 'n Eienskap wat ek nie vir Loony kon indink nie. Grace.

4

Sy is so moeg, dalk is dit die verskriklike spanning. Die treinrit vanoggend Kaapstad toe, die stap stasie toe met die swaar rugsak en die vrees snaarstyf in haar spiere, die klip in haar maag wat nie oplos nie. Die anonimiteit op die vuil trein en die vae gesigte het haar bang gemaak.

Sy moes weggaan. Sy wou nie die weemoed in haar oë sien nie. Sy wou ook nie hê haar ma moes vra waarom sy swart kringe om haar oë het en sonder ophou aan die huil raak nie. Sy moes sekerheid kry.

Sy het 'n enkelkaartjie gekoop stad toe en in die Goue Akker het sy in 'n klein koffiewinkeltjie tussen 'n paar sakemanne in pakke met koerante en muffins gaan sit. Die winkel was warm en die reuk van warm gebak bekend. 'n Veilige reuk, het sy gedink. So anders as die reuk van sigarette, bier, marijuana en seks. Sy wou nie daaraan dink nie.

Sy het gehou van die anonimiteit van die stad. Sy was dikwels voorheen in die stad, dan het sy met haar ma se rooi Golf ingekom, 'n onopmerklike karretjie tussen die establishment se blink metaalkleur modelle.

Sy het vanoggend met sorg aangetrek. Sy het gegrimeer en haarself bewapen met 'n sonbril. Sy moes glimlag vir haar vreemde swart oë. As James hier was, het sy gedink, sou hy die dag met dieselfde intensiteit beleef het. Alleen, oorgelaat aan die genade van vreemdelinge, pickpockets, nonchalante Kaapse bestuurders en die belowende glimlagte nou en dan van middeljarige sakemanne. Sy het soos 'n outsider gevoel en daarvan gehou. Die deurmekaar Afrikaans happy clappy tussen Rastas wat ganja verkoop, stalletjie-eienaars van Groentemarkplein met pierced wenkbroue, anoreksiese modelle geklee in modes van Young Designers Emporium, vloeiende Engelse aksente. 'n Verskeidenheid kleure, vorms en nasionaliteite.

Sy het haar weg gevind deur eenrigtingstrate en verwaarloosde fabrieksgeboue en smouse wat enigiets verkoop van handsakke tot opgestapelde vrugte en groente op sypaadjies. Sy het dit gedoen, alleen. Sy kon die teenstrydighede raaksien in mense se lyftaal, die lui lywe en die paranoïese gebare, die rigtinglose optrede en die drome in oë. Sy het verder gedwaal tot sy uiteindelik terug was in Langstraat, 'n bekende omgewing.

Langstraat, het sy gedink. James. Onmiddellik die naarheid en die verskriklike vrees.

Sy het die klokkie gelui en 'n jong man het oopgemaak, sy oë was dof, hy was waarskynlik gerook. Kom binne, het hy beduie.

Long Street Backpackers, in kleurvolle, lomp letters op 'n dowwe stuk papier geskryf, ongeërg teen die muur opgeplak.

Sy het na die klein kamertjie gegaan. Daar was net 'n harde matras en ou grys komberse op 'n bed wat haar aan die koshuise op Grahamstad laat dink het.

James weet nie van haar vrees nie. Sy was alleen. Moenie dink aan die blou-blou oë se vrae en die teleurstelling uitgekerf op die gesig nie. Sy het op die bed gaan sit en die pakkie oopgemaak, die Link Apteeksak met die twee boksies in: haarkleursel en die bepalende boksie, die toets.

5

Die hele nag was die kleur van whiskey en ek het gedink ek is binne-in 'n groot whiskeybottel
en almal rondom my daarbinne is gepreserveer in goudgeel. Op die verhogie was 'n kitaarspeler met dreadlocks wat soms in Spaans en soms in Engels gesing het met 'n temerige kitaar, 'n regte mariachi.

Ek was besig om die bottel uit te drink en al die mense sou van nou af in my dronk kop voortleef.

"That guy is translating my soul," het ek vir Jonathan gesê. "My drunk soul that aches so badly. Because of you!"

"What is wrong with you?" het Jonathan met klein oë gevra. "You're being such a bitch to me."

Ek het die bottel whiskey omgekeer en in my keel laat afloop.

"What is wrong with me? What is wrong with you!" het ek myself hoor uitroep en toe het die whiskey en trane begin meng. "I don't know if I can go through with this. I love you but you're always stoned. We're always in some sort of altered state when we're together. Its not a healthy relationship."

Klein strepe wat uit 'n harde gesig na my terugstaar. "Why do you have such a big problem with it?"

"You become a different person when you smoke. I can't relate to you and you feel so far away. You neglect me too, Jonathan."

"What do you want me to do Lea?"

Sober time, ek het sober time nodig.

"I'm not asking you to quit smoking, I'm just asking for some sober time. I'll cut down on my drinking as well."

Sy gesig wat kouer en harder word en voor my toesluit. Die kitaarmusiek het opgehou, allles was stil binne-in my whiskeybottel.

"You make me feel like a loser, Lea." Sy stem was gevoelloos.

"I drink too much Jonathan. This party is just never-ending. I can't do it anymore. I'm
forever drunk," het ek gesê en gevoel hoe die whiskey uit my oë uitloop. Dit was so so stil tussen ons, ten spyte van die geruis van mense en glase.

"Are you blaming me for your alcohol abuse?"

"I just want you, not always a stoned you. I just want some real time, sober time together."

Ek het my kop teen sy hemp gedruk, sy hemp het na whiskey en marijuana geruik.

"Don't try to change me. I don't try to change you." Niks wat ek sou sê, sou deur sy onverbiddelik harde gesig dring nie. Ek het meer whiskey gedrink. Hy het onverwags gesê: "I think I need to go home. I need some space."

Hy het my alleen in die bar gelos. Ek het geweet hy sou huis toe gaan en voor sy venster gaan staan met sy swart waterpyp en hy sou sterk trekke neem om hom kalmer en gelukkig te maak. Hy sou vergeet dat ek hom soos 'n loser laat voel.

6

Hy het in die bar sy kitaar gespeel en liedjies gesing en ek het alleen gesit met my glas whiskey en na hom gekyk. Sy dreadlocks was blond, en sag, sag soos sy oë. Ek wou aan sy hare vat, want
ek het nog nooit aan dreadlocks gevat nie omdat dit soos slange lyk.

Ek het na die verhoog gestap en aan die mariachi gevra, "Are you a real mariachi? Or are you Jeff Buckley?"

Die mariachi het met klein ogies gelag en sy blonde hare geskud. Dalk het ek teen die einde van die aand in sy oë gekyk en gedink hy is Jonathan. Jonathan wat nie omgegee het of Loony in wodka of whiskey verdrink nie. Jonathan my stoner. Ek wou gebottelde gelukkige oomblikke tussen ons vir ewig preserveer en toe crash alles ineen.

"Would you sing for me, Jeff Buckley the mariachi?" het ek gevra, en die mariachi het gelag. Ek kon nie meer mooi sien hoe sy gesig lyk nie. Dit was soos 'n waas wat daaroor getrek het, en vier oë wat na my kyk van onder die water. Ek is seker dit was Jeff, Jeff was mos onder water. Het Jeff dan nie verdrink nie?

"I almost drowned tonight in whiskey and my boyfriend left me. I think we've broken up. Like a broken bottle of whiskey. Consumed. Over. That's it."

Die mariachi het weer gelag. "You're a crazy chick. I like that."

"Your dreadlocks are like snakes. A snake has seduced a woman before, you know."

"I'll seduce you," het die mariachi gesê.

"I'm on the rebound, remember."

Later daardie nag was ek in 'n dubbelbed in the middel van who knows where, in die huis van die mariachi. Ek weet nie hoe ek daar beland het nie, alreeds was ek sonder top oopgevlek op sy bed. Die kamer het na wierook geruik.

"Are you okay, do you want this to happen? Do you need me to take you home?" het hy gevra. "Should I get a cab for you?"

Ek het gesê: "I want this evening to last forever."

Die slange was in my gesig en het gekriewel oor my bolyf. Later het ek die slange oor my bene gevoel en skielik het elke duim van my lyf begin huil, dalk vir Jonathan. Die oomblik was skielik die kleur van kristalle, kristalle wat krap in my oë. Ek kon nie meer die mariachi sien nie.

7

Dis 'n tipiese kleindorpse prentjie: 'n Vrou in 'n blou en geel kombuis gebukkend oor haar strykwerk. In die agtergrond speel Radio Sonder Grense, of dalk 'n gospel-samestelling met happy clappy-liedjies. Twee worshonde lê by die voete van die vrou. Sy vryf kort-kort met haar hande deur haar dowwe hare en af en toe masseer sy haar slape of maak haar rug

reguit; soms strek sy sywaarts met haar hande op die heupe. Haar gesig blink van die hitte van die yster, 'n bleek gesig omring met donker hare. Sy dink dalk: ek moet maar stryk in hierdie verskriklike hitte. Ek kan net nie meer nie, ek het hierdie doodse tamheid oor my.

Elke item word glad gestryk en presies opgevou of opgehang. Daar is twee stapeltjies wat skoon ruik op die tafel: die een vol afgeleefde vroueonderklere; vleeskleurige bra's wat beter dae gesien het; gebleikte perfek gevoude panties in verskillende kleure, sommige met blommetjies en fyn motiewe. Die ander lynreguit stapel is seunsklere: helderkleurige hemde en fashionable cargo-pants; sokkies in balletjies gerol.

Ook die werkoppervlaktes en kombuisteëls blink. Die skottelgoedwasser dreun raserig. Een van die dae moet 'n nuwe een gekoop word. Die wasmasjien en droër se dreungeluide, die hondjies se ongereelde geblaf - een skril, die ander donker - en die konstante stemme uit die radio is die agtergrondsgeluide van die trae dag.

Die vrou maak kos tussen haar strykwerk deur. Haar hande bewe effens en haar voorkop blink. Dalk wonder sy of haar man vroeg gaan huis toe kom. Haar blou-blou oë blink.

Deur die half-oop blindings sien sy die rooi Conquest op die oprit parkeer. Anneline, dankie Here, dink sy. Sy sit solank die ketel aan en haal die donkerblou keramiekbekers uit. Die klokkie lui en sy sit vinnig die yster af voor sy haar hare regdruk met haar hande. Sy loer in die  oonddeur na haarself.

"Nou te laat om iets te doen aan hoe jy lyk, Susan."

As sy die Trellidor oopstoot, blink klein druppeltjies in die hoeke van haar oë.

"Anneline," breek haar stem en haar oë swem mistig.

Die vrou druk Susan styf vas, die maer lyf in die patroontjierok.

"Ek is hiernatoe gestuur," sê Anneline sag.

Die lyf begin ruk in die rok en die dun benerige skouers bewe.

"Huil alles uit," sê Anneline. Sy neem die sleutels by die sukkelende vingers van die huilende vrou, en sluit die veiligheidsdeur en die swaar houtvoordeur. Sy lei Susan na die sitkamer.

"Sit jy nou net, ek gaan maak vir ons koffie. Ek weet waar jy alles bêre."

"Anneline, Lea is vanoggend sak en pak hier weg. Ek weet nie waarheen nie."

Haar stem beweeg soos 'n hoë vioolgeluid, vibrerend en ingehoue. Dan vind sy weer die noot en sy vryf senuagtig met haar vingers oor die kreukels in haar rokmateriaal. Sy is weer in beheer. Sy pof vinnig die kussinkie op die sitkamerbank uit en stap na die kombuis.

"Wag, ek kom jou help Anneline."

Hulle sit in die kombuis met die warm koffie. Traag praat Susan. "Ek dink nie Lea sou ooit weggegaan het as... Ek dink dit het iets met daardie vriend van Zimbabwe te doen."

Anneline bly stil. 'n Skynsel water trek weer oor die blou oë.

"Ek is bang vir daardie seun. Hy't 'n invloed op my dogter."

Huiwerig kyk sy na Anneline. Haar mond trek effens af langs die mondhoeke en wanneer sy praat, is daar woede in haar kalm stem. "Hy't haar weggevat van my af."

Anneline staan op en slaan haar arms om die maer skouers. Hulle praat nie verder nie.

Die foon lui.

"Ek sal dit kry," sê Anneline.

"Die Terblanche'e se woning," antwoord sy, en haar gesig wys skrik sodat Susan opspring en foon toe hardloop. Sy weet klaar. Sy neem die gehoorbuis. Meteens is sy kalm, haar hande bewe net effentjies om die gehoorstuk. Sy sug en sê niks.

Stilte.

Na 'n ruk fluister Susan sag: "Kom huis toe my kind."

8

Sy het in Langstraat afgestap en in Houtstraat opgedraai. Op die ingewing van die oomblik het sy die kunsgalery se buzzer gedruk. Sy het met die wit trappies na bo gestap. Die vertrek was ook wit geverf. 'n Vrou met swart hare en swaar grimering het aan haar die poskaart gegee met die naam van die uitstalling daarop.

BAD.

'n Oopgeverfde pienk geslagsdeel; sketse van 'n seun wat masturbeer; mistige gesiggies van kindertjies. Lea was stil voor die skilderye. *Laat die kinders na My toe kom, het Hy gesê, en moet hul nie verhinder nie.*

Wasige gesiggies sonder oë. Onskuld in die sketse van naakte kinder-akrobate met gladde geslagsdele. Lea het stil voor die skilderye bly staan. *Laat die kindertjies na My toe kom.* Ook voor die skildery van meisies in skoolrokke se toegeknypte bene het Lea lank bly staan.

Dalk moet die verlore kind teruggaan huis toe. Maak nie saak wat daai boksie vandag ook al sê nie, positief of negatief. Dalk moet sy terug na haar deurskynende blou oë vol trane toe. *Laat die kindertjies na My toe kom.*

9

Die "Chan Chan" het gedraal in die kamer. Daar was krampe, diep in my lyf. Begeerte. Behoefte. Ek het na Jonathan gesoek en die enkelmatras was leeg. Ek sou sy lyf kon ruik aan in die beddegoed, 'n reuk van naskeermiddel en nagsweet. Ek was alleen op die enkelmatras in die dakkamer en deur die geruite venstertjies kon ek die sneeu sien, onskuldig wit.

Maar dit was die skuld van die nag wat ek in my mond kon proe, die nasmaak van te veel whiskey en die mariachi se slange wat in my onderlyf prikkel.

# HOOFSTUK SES

1
Die media attaché het my op die wange gesoen, op die Franse manier. "Welcome Lea. Good to see you again. Let me introduce you to our Minister of Foreign Affairs. How have you been?"

"Good evening, Nilesh. I'm fine thanks."

Haven't slept with any black men since I last saw you, wou ek so graag vir hom sê maar ek het nie. Ek was versigtig vir hom. Nilesh se arm was net te lank op my baadjiemou. Hy het my na die groepie geneem: die minister, haar assistent en 'n aantreklike jong swart man. Uit sy aksent kon ek aflei die handsome ou was 'n Suid-Afrikaner.

"This is Lea. She's a freelance journalist from South Africa, based in Washington D.C."

Die minister het my kortliks gegroet en ons het die gewone bedagsame, "How is your trip; what is the purpose of the visit" vrae uitgeruil. Die minister het na die jong swart man gedraai en ek het besluiteloos bly staan in die geselskap, ek kon die media attaché se valkogies op my voel skroei.

"Would you like a glass of wine?" het hy vriendelik gevra.

"Thanks, Nilesh."

Ek het al vroeër die aand by die huis 'n paar glase weggeslaan so die wyn het al begin praat. Ek het na die minister se gesprek met die jong swart man geluister.

"Our country needs you and I hope you'll come back," het die minister gesê.

Die jong man het vertel van die graad wat hy by American University doen in International Relations en die minister het haar kop geknik na elke sin. Toe hy asem skep, het sy weggeval: "Our young people are leaving the country. We struggled for our freedom and now that we have that freedom, we are using it to leave the country."

My wyn het ook skielik ingechip. "Minister, may I ask you a question?"

Die gesigte van die minister en die swart man het na my gedraai.

"Do you see a place for me in South Africa?" Geskokte stilte. Nilesh het teruggekom met my glas rooiwyn in sy hand en hy het my vraag gehoor. Daar was 'n skaars merkbare fronsie op sy gesig.

"The country needs its young, skilled people. Foreign Affairs particularly needs young people who have traveled and lived in other countries," het die minister gesê. Sy was nie onvriendelik nie, maar sy het haar rug op my gedraai na haar antwoord.

"Are you planning to go back to South Africa?" het die jong swart man aan my gevra en ek kon die flikkering in sy oë sien.

"Sure," het my glas rooiwyn passionately geantwoord. "I don't belong here. I belong there. But I'm not part of the struggle. I don't know if the country, the government and the Ministry of Foreign Affairs would need me."

"Of course we need you," het die minister stroef geantwoord.

Die jong ou se gesig het 'n glimlaggie gekry, ek kon sien hy vind die gesprek amusant.

"But do you want me? That is my question," het ek weer probeer. Die media attaché het nou 'n duidelike diep frons gehad op sy gesig en sy mond was afkeurend geplooi. Ek het die minister nie kans gegee om te antwoord nie.

"Minister, could I come work for the Department of Foreign affairs?" het ek gevra en die jong man het begin lag. "I have such a chip on my shoulder. Whenever I sing *Nkosi* I wonder whether I am entitled to. Is South Africa really *my* country? Does South Africa want me - I've benefitted from apartheid, I admit I did."

Ek was op 'n roll. Ek weet my wange was rooi. Die minister het nou 'n belangstelling in my gekry en haar hele lyf na my gedraai. Die jong man het 'n duidelike glimlag op sy gesig gehad. Nilesh het met 'n vername klankie in sy stem besluit om 'n bydrae tot die gesprek te maak.

"We need to root out racism," het hy gesê en ek het gewonder of hy bedoel het dat ons almal moet saam slaap.

"This has nothing to do with racism," het ek hom kortgeknip. "It's about where I'm from."

Suid-Afrika. My land. Waar ek Lea geword het, en ek het gedink aan die struggle en die menseregteskendings en die townships en die trane het sommer oor my gesig begin loop.

"I'm associated with the perpetrators of racism and colonialism – does that mean I should leave South Africa? Like the white Zimbabweans that are leaving their homes country?"

Stilte voor die minister uiteindelik begin praat:

"We need to give everybody a sense of belonging, a sense that they are entitled to share in a prosperous South-Africa. Everybody, regardless of nationality, gender or race."

"Thank you Minister! I'm such a good ambassador for South Africa at the moment, being here in the US. Everybody knows how I love South Africa."

Die jong man het vir my sy papierservet aangegee.

"Thanks." Ek het vir hom geglimlag en besluit dat ek definitief sy foonnommer moes kry.

Die minister het 'n warme glimlaggie na my gegooi. "You are a good ambassador if you enjoy our South African wines so much. Hulle noem dit mos dronk verdriet," het sy op vlot Afrikaans gesê.

"Seriously Minister. The new government should give everybody a sense of belonging, even those who can't claim that the struggle is a part of their history and sense of identity," het my rooiwyn gepleit.

"I'll drink to that," het die jong man gesê.

"Can I get your phone number?' het ek skielik uitgeblurt en gebloos. Nilesh het so 'n ongemaklike laggie gegee en die minister het geglimlag.

"Give her your phone number young man, before an American boy marries her and South Africa loses her forever," het die minister gesê.

Jonathan. 'n Skietpyn in my lyf.

"American boys are only good for one thing and that is breaking your heart." Almal het gelag. Ek het my glas rooiwyn met een sluk in my keel afgegooi, na die Suid-Afrikaner geloer en hom 'n besigheidskaartjie in die hand gestop.

2

Die TV is soos altyd aan en die housemates kyk surf videos. Op die TV sien ek die blougroen golwe langs die kus en ek dink aan die mooiste Kaap en Blouberg se strand.

"Dude, those waves must be six feet," sê Rob. Hy gooi die marijuana op die omslag van die surfer journal. In 'n netjiese hopie krap hy genoeg vir die joint bymekaar. 'n Laaste sigaret word van iewers af opgediep en die helfte van die tobacco word uitgeskud en met die marijuana gemeng. Dan rol sy lang vingers die joint, geoefend en smooth, want Rob is 'n ou school smoker.

Ek druk my neus dieper in die koerant en lees oor die Bush-administrasie se buitelandse beleid. Op bladsy A16 is 'n kort berig oor 'n staking in Suid-Afrika en die foto van 'n swart vrou wat ululeer met 'n plakkaat waarop staan: *Away with the World Bank.*

Ek hoor die voordeur klap en skielik staan hy reg voor my en ek staar stip na die koerant artikel: "Anti-globalization protests in South Africa."

Jonathan stap in die sitkamer in en hy buk langs my. Vir 'n oomblik is ons altwee verras om mekaar te sien, en toe tref die ongemaklikheid ons.

"What are you reading?" vra Jonathan in 'n versigtige, tog ongeërgde stemtoon wat ek nie kan plaas nie. Ek voel hoe die rooi in my wange opstoot en ek kyk op en in sy oë in, en al wat ek daar sien, is 'n vinnige flits van verwarring.

"Hello." My stem stol in die vertrek voor ek Rob hoor sê: "Hey dude, it's been a while, where have you been? Your girlfriend's been miserable. You're just in time for a joint."

Jonathan se bekende, dierbare lyf wat wegbeweeg na die joint wat Rob in sy lang, knopperige vingers uithou. Ek fokus my oë eers op die famous surfer op TV, Sonny Garcia of iemand en dan op die koerant. Ek probeer fokus op die lettertjies en ek voel sy oë op my. Ek hoor hom sê: "Lea?"

En ek kyk op en voel die dieprooi in my wange opstoot, ek wat nooit bloos nie. Jonathan hou die joint uit na my.

"No thanks," sê ek en kyk hom in die oë. Alles in my kop word stil.

So stil.

Ek weet my gesig stol, 'n plastiekmasker soos wanneer my ma oor kerkdienste en eindtye en sonde begin praat.

3

Ek staan in 'n tiekieboks in die outydse Tastee Diner in Bethesda en ek weet nie wie om te bel nie. Die hartseer het my sommer so onverwags gevang toe ek *Cuba and the night* van voor af begin lees het. Soveel het gebeur vandat ek van Kuba af teruggekom het. Ek proe trane en sigarette en bitter koffie. Die kelnerin met die gestyfde grys hare en die poeierblou oogskadu loer na my, haar gesig vol voue is nie onsimpatiek nie, net puzzled.

Dis die ding: ek kan gesigte met haat verstaan, ek kan gesigte vol hartseer af-ets in my geheue, maar stom gesigte, puzzled gesige, gesigte met vae, lewelose glimlagte, ek kan dit nie verstaan nie en sal dit nooit verstaan nie. Ek verstaan nie gesigte met 'n naasbeste uitdrukking en met tweede-viool-lewens nie.

Jonathan het 'n tweede-viool-lewe. Hy is altyd stoned.

Ek kom uiteindelik deur na Laurie toe en teen dié tyd het 'n kelnerin met 'n sout-en- peper-haarstyl vir my 'n klomp tissues aangedra. Dis Pastoor Nolte wat antwoord, sy

diep basstem geïrriteerd. Ek kan raai dat hy besig is om die preek voor te berei. Dis Saterdagaand en ek is alleen.

"Is Laurie daar?"

"Lea? Waarvandaan bel jy, van 'n telefoonhokkie af?"

"Ja, Pastoor."

"Is jy dronk?' Seker omdat my stem so out of it klink.

"Om die waarheid te sê, nee," sê ek en knyp die huil in my keel vas. "Is Laurie daar asseblief Pastoor?"

En dan is haar sagte stem op die foon.

"Lea? What's going on?"

"Laurie, it's Jonathan."

"What's happening between you guys?"

Ek kan hoor dat sy net 'n titsel ongeduld in haar stem het. Dis seker nie altyd te maklik om 'n tweede adolessensie saam met 'n wilde Afrikaanse meisie te deurleef nie.

"Laurie we're not together anymore, and I'm so sad."

Sal dit help om vir Laurie te probeer verduidelik dat ek ook huil oor die kelnerin se blanke oë en haar lae oogskadu en dat ek nie meer genoeg omgee om eers te droom nie?

"Why? Did you break up?"

"He's addicted to marijuana."

Die stilte aan die ander kant.

"Does he smoke a lot?"

"He has to smoke. He has to be stoned all the time."

Lea wou in elk geval nie hê dat iemand daai enkelmatras in die dakkamer met haar moes deel nie. Maar van alkohol en woorde alleen kan 'n mens ook nie leef nie.

"Look, I'm going to have to think about this. I can't really talk right now. Come visit me tomorrow," sê Laurie.

"Okay then. Good night, Laurie."

"Gaan jy okay wees?" vra sy.

"Of course." Ek sit die foon neer en loop traag terug na my tafel toe waar my koffie alleen staan en wag.

"Coffee's on the house. Get some sleep and you'll feel better," sê die kelnerin toe ek wil betaal. Ek stap na die naaste bar vyftig tree van die diner af waar ek parmantig langs 'n ouer man gaan sit en 'n sigaret bum. When the going gets tough, Loony gets tough, sê ek vir myself toe ek die sigaret opsteek en 'n whiskey on the rocks bestel.

4
(nagmaal)

"Wil jy nog wyn hê?" het die man op vlot Afrikaans gevra. Ek het geknik en per ongeluk wyn oral oor my notas gestort. Ek het half verbouereerd gegiggel, bang om die oomblik te skend.

Ek was oorbewus van ons kleur in die massiewe spieëls van die hotel se eetkamer waar ons vir die onderhoud ontmoet het. Swart man, jong wit meisie, die rooi-rooi wyn, 'n ironiese ontmoeting van landgenote in die wêreld se Capitol City. Ons het 'n verskriklike duur ete geëet van garnale en nagereg en meer wyn.

"I am so passive. I want to contribute to something. Instead, my life goes by and I'm an observer. I interview activists like yourself and write lengthy feature articles. Somebody reads the paper and tosses my hard work in the garbage afterwards."

Hy was in sy veertigs, met 'n lewe agter hom wat in townships en apartheidstronke afgespeel het. Toe die ongelooflike, ingrypende veranderinge toe die water in wyn verander en die township 'n hotel in die VSA word waar hy vereer word vir sy rol in die struggle.

Ons het altwee gedink dis ironies dat ons mekaar in Washington moes ontmoet – in Suid-Afrika sou ons dalk nooit eers met mekaar gepraat het nie.

Hy het kort-kort my glas volgegooi. Rooi wyn, ek het gewonder of dit hom aan bloed sou laat dink. Sy nek het hom probleme gegee, het hy vertel. Hy het letsels waar hy in die vroeë tagtigerjare deur die polisie aangerand is. Hy was toe net so oud soos ek nou is.

"Everyone has been scarred by apartheid," het hy gesê.

"Maybe me too, a little bit."

My pen het uit my vingers geglip. Ek het al lankal oor die grens tussen onderhoud en confessional geglip. Ek wou antwoorde hê op persoonlike vrae, vrae wat net meer geword het in daardie blink hotel, sy voorportaal met kristalligte, die gang soos 'n enorme balsaal, die spieëls wat honderde beelde van my rooi wange en rooiwyn na my terugkaats.

Daar was skielik beweging: honde, swart figure en mense in blink rokke, ek het nie mooi besef wat gebeur nie.

"Please stay in your seats. We're escorting the President through," het 'n onvriendelike man van die veiligheidsdiens gesê. President Bush sou in die hotel aandete eet.

"You've probably never been in a township, right?"

Ek het die townships probeer oproep. Ek was te dronk daarvoor, ek kon net die klein blou lettertjies oor my notas sien kriewel, honderde miertjies, elk het die proletariaat verteenwoordig, die klein ratjies in die groot masjiene. Ek het gegiggel.

"I want to do something for my people."

Toe ek die laaste woord sê, wou ek my lippe raakbyt, my mond toehou. Ek het skielik gedink aan die liggame wat ek myne wou maak: my people, almal vreemde liggame. Toe word ek hulle s'n.

"Ek het 'n chip op my skouer. Guilt, you know."

"You have nothing to feel guilty about. You're so young," het hy gesê. Die swart gesig was sag. In sy oë was daar geen wantroue of ongeloof nie.

"So, jy blameer nie die produkte van die sisteem nie? Ek is natuurlik 'n produk van die sisteem, ek het voordeel getrek uit apartheid," het ek gesê. Ek kon my stem hoor styg en daal, duiselend in my ore. Ek het op die sagte swart oë probeer fokus.

"You have nothing to feel guilty about," het hy my gerusgestel. Hy het my hand in syne geneem, en daaroor gestreel. Die wit hand teen die swart hand, die kontras. Ook die kreukels oor sy vel, my eie jonk en glad. Sy woorde soos wyn, soos bloed.

Sy hand het steeds oor myne gestreel en ek het dit saggies en ongemerk probeer wegtrek, die pen stewig vasgegryp en op my notaboek gekonsentreer. Ek wou elke woord neerskryf. Ek wou hê die vryheidsvegter moes my en my ras sewentig maal sewe keer

vergewe. Ek wou sy woorde vir ewig onthou, ek heg soveel waarde aan woorde. Ek is vergewe. Ek kon voel hoe die verlede uit my kop vloei saam met die wyn.

Na ete het hy die stywe rekening van meer as $100 per persoon betaal. Dit was tyd vir my om huis toe te gaan.

"So my last question to you is, 'Now what?' What have you been doing after the struggle if you're not in government?"

"I have some information on my new business, a black empowerment company, on my laptop. Let's go up to my room and I'll print it out for you."

Ek kon my groot oë en wit gesig in die hysbak se spieëls sien toe ons opgaan na sy hotelkamer. Ek moet gaan, het ek gespanne geknik, ek het 'n storie om te skryf.

"Ontspan, ek sal niks doen nie," het hy nogal op Afrikaans gesê.

Ons was in die hotelkamer en ek het op 'n stywerugstoel gaan sit. Die volgende oomblik was die swart hande warm oor die wit van my vel, oor my rug, oor my arms en weer oor my laerrug. Dit het my oomblikke geneem om te registreer. Ek het van Bush in die banketsaal onthou en ook aan Clinton gedink en toe geweet: alle mans, alle mans is politici. Ideale is vir twentysomething reënboog-idealiste. Ek het weggeruk, teen 'n kas geval, en my wit vel was blou gekneus. Die rooi bloed het deur die gekneusde vel gesyfer.

"Ek moet huis toe gaan," het ek gesê, en geglimlag. Ek moet. Ek het die stelle trappe afgehardloop liewer as om vir die hysbak te wag en die deur van die ruskamer gesien. Ek is gestop deur 'n secret service man met 'n metaal-apparaat.

"I'm so drunk," het ek gesê en gelag, "I'm too drunk to be a terrorist."

Ek het in die badkamers ingehardloop en in die groot spieëls kon ek die blou arm sien en die fyn rooi strepies soos 'n padkaart teen my arm af. Ek het weer onthou toe die swart vingers die rekening geteken het: dit was 'n R800-ete. Waar het hy die geld gekry? Nuwe swart elite? Ek het my vinger in my keel gedruk, weer en weer, en gedink aan ironieë, vrae, blink ligte, die mag en ideale van my wêreld, die Suid-Afrika en Amerika wat oornag tussen die spieëls en ligte een en dieselfde land met politici van een kleur geword het. Ek het gelag toe ek die rooiwyn uit my liggaam sien stroom. Ek vergewe myself, het ek gedink.

5

McDonalds het op lentedag kaasburgers vir 39c geadverteer. Dit was halfpad tussen warm en koud. Lentedag was soos April Fools' Day. Dit het aanhoudend gereën. Die koue het steeds 'n lagie op my wange gelê en ek het gedink aan die blommetjies wat ons altyd op lentedag skool toe gedra het. Die wêreld was grys, die lug ylwit deur die ruite van die dakkamertjie se ruitjies.

Ek is deur al die siklusse, het ek gedink. First base, second base, finally home base, somer, herfs, die verskriklike winter. Dis tyd om huis toe te gaan. Jonathan en hierdie winter het hulle tol op my lyf geëis. Ek is moeg om 'n mover te wees. Moeg van road trips. Van vreemde arms. Moeg van tweeminuutnoedels met misterieuse bestanddele en kartonglase vol Starbucks of Bengal Traders koffie op pad werk toe en ek is moeg van joints en drienks. Dis tyd om huis toe te gaan.

# HOOFSTUK SEWE

1
Eers toe die kleur die verligting bring, het sy moeg op die harde bed gaan lê. Dankbaar oor die boksie in die asblik, die kleur negatief. Die leegte in haar buik wat nie 'n nuwe lewe was nie en die nuwe geloof in haar binneste.

2
Dis is 'n vuilwit bad, van die outydse soort. Dit was bykans vyfuur, die tyd wanneer die stad uiteindelik gaan slaap. Die dowwe flits van ligte, die flonker van klubs se uithangborde en die dreuning van motors raak stil as die laaste nightcrawlers huis kry. Binnekort gaan die stad weer wakker word as goeie burgers opstaan om vir die daaglikse brood te sorg, dink sy. Sy gaan bad en slaap tot sy wakker word. Sy is moeg.

Reg oorkant die Long Street Backpackers is die Rhythm Divine en sy kan steeds die musiek ritmies hoor klop. Die nagfigure van die stad vloei in die musiek in en almal beweeg in stadige aksie, asof hulle liggame, sigarette, glimlagte en die uitspansel van flikkerende nagligte, droombeelde is. Die musiek wat uit die club dreun is loungy en seductive, subtiele ritmes wat wissel van spelerige acid jazz tot trip-hop, musiek met pouses, space en beats.

Dis voor die Rhythm Divine dat die jong straatevangelis haar en James gestop het, daardie laaste nag. James het hom 'n freak genoem. Dit was daardie nag wat soveel vrees veroorsaak het. Sy is so bly oor die boksie in die asblik, die kleur negatief.

Sy draai die dowwe silwer krane groot oop. Sy tap die bad vol: sy betaal mos duur genoeg om soveel water te gebruik soos sy wil. Jy betaal blykbaar so baie omdat daar soveel buitelanders oorbly.

Ek het lanklaas goed gevoel, dink sy. Die afgelope paar dae het sy net geslaap, eers vlak met onrustige drome sodat sy eintlik moeër as ooit was. En gister het die diep slaap gekom, verligte slaap. Toe sy gisteraand wakker word, het sy vir die eerste keer weer lus gevoel vir mense en musiek. Die eerste keer in 'n lang tyd.

Sy meng versigtig die sakkie poeier met die lang botteltjie pers vloeistof. In die blink lem van die skêr sien sy vlugtig haar weerkaatsing: die swart stringe hare van 'n ander meisie in 'n ander tyd. Woes eet die skêr aan haar kop en breek die rustige vloei van die swart stringe.

Ek moet my ma vandag bel, dink sy. Ek het niks meer om weg te steek nie. Saam met die swart hare knip ek nou daardie hoofstukke kort. Sy laat haarself die gevoelentjie toe, soos 'n oogknip, die skuld: haar ma alleen met haar pyn.

Dan is dit verby; sy moet ongenaakbaar wees met haarself. Die nuwe self.

Sy kantel die botteltjie vloeistof oor haar kop uit. Sy vryf die bolle pers skuim in haar hare in. Die kleursel gaan lê in die lyne en in die voutjies van haar vel wat onmiddellik die diep pers opslurp. Volgens die boksie moet haar stompkop ligblond aan die anderkant uitkom - na talle kere en kleure weet sy dat die boksie gewoonlik verkeerd is. 'n Halfuur se wag op die resultate. Om jou hare te kleur is om elke keer 'n nuwe misterie te probeer ontrafel, dink sy.

Haar kop loop 'n ver pad Grahamstad toe ewe skielik: "Loony Tunes, wat het jy nou al weer op jou kop aangevang?" Dit sou PW ook vandag oor die nuwe haarstyl kon vra.

"Ek wou jou aandag trek," sou sy hom kon terg, as dit 'n ander tyd en 'n ander girl was in die vorige millennium; as sy steeds 'n Rhodes-student was; as James nie in die storie was nie; en as Georgie Lever steeds kon lag: "Loony you're hair looks shit." As as as, uitgebrande hout.

Sy stroop haar klere van haar lyf af. Sy kyk vlugtig na die groot, sagte pienk snoete op haar bolyf voordat sy in die warm water wegsink. Dis haar spesiale dinktyd, in die vuilwit bad met die sagte water om haar. Haar pers kop rus teen die wit badrand. Sy ruik die klam pers skuim se soet reuk. 'n Dun straaltjie loop teen haar nek en oor haar skouer af. Nog 'n pers druppel land op die sagte wit bors en vorm 'n pers litteken. Sy staar vir 'n oomblik daarna en merk hoe die fyn haartjies 'n patroontjie vorm.

Die pers druppel rol verder, oor die sagtheid van haar maag; daar is 'n stywe spierkoepeltjie in die middel van haar lyf. Daar is 'n leegte in my buik, dink sy. Nie 'n nuwe lewe nie.

Die druppeltjie kies sy pad naeltjie toe. Die naeltjie is gevoelig, en sy speel met haar vinger in die middel. Ek wou altyd 'n tatoeëermerk gehad het, dink sy, 'n pers patroontjie wat van onder my naeltjie af loop tot by my bikinilyn. Dalk eendag.

Maar eers as ek hierdie liggaam verander het. Ek wil meer gewig verloor. Sy druk verwoed haar kop onder die water. Die water rondom haar word donkerpers.

"Lea Terblanche, op jou eie geloofsbelydenis doop ek jou nou in die naam van die Vader, die Seun, en die Heilige Gees."

Haar kop wat uit die water geruk word, die skielik fantastiese blydskap en die klappende mense. Iewers haar ma se helder snik. Sy is bewus van die swaar jurk, die skerp wit ligte en die blydskap in haar hart wat borrel en borrel soos die warm water, die blydskap wat uit haar mond uitloop en oor haar lyf spoel. Sy klim stadig die trappies uit, half onwillig om uit die water uit te gaan. Iets is vir ewig anders. Die oue is verby, dis alles nuut. 'n Nuwe lewe, in Christus. As sy die nat dooprok uittrek en haar kerkklere aantrek, is sy nie bewus van haar eie liggaam nie. 'n Lidmaat van Sy Liggaam, in Sy dood gedoop.

Sy lig haar kop uit die pers water en skud haar hare sodat die herinnering van haar afval.

'n Nuwe lewe, dink sy. Sy kyk in die spieël na die persblou hare. Sy glimlag vir haar spieëlbeeld. Daar is 'n donkerpers kol op die wit badrand. Haardye was nie uit baddens uit nie, dink sy. Later gaan die ander backpackers 'n hele kabaal daaroor opskop, maar teen daai tyd is ek al op pad, huis toe.

3

"I am going back to South Africa," het ek vir die soel lentenag en die enkele sterre gesê en my woorde het teen my skakelhuis se driehoekdak gebons. Môre sou 'n gryswit dag wees in D.C., het ek geweet. Die dooie bome se nuwe, liggroen blaartjies sou afsteek teen die wit hemelruim en ek sou in die dakkamer sit met 'n glas wyn. Jonathan sou 'n joint rol en ons sou na die "Chan Chan" luister en liefde maak en ons sou ons kon verbeel ons is in 'n blink borrel waarin net ons twee lywe teen mekaar saakmaak.

Jonathan se gesig was amper onleesbaar. Ek kon 'n skynsel van trane in sy oë sien.

"I'll stop. I'll stop for you." Hy het sy gesig teen my bors vasgedruk soos 'n klein kind. Ek het gedink 'n mens se hart kan net een keer breek, maar dit was soos 'n eerste keer.

"You know what Lea means in Hebrew?" Ek het na geselskap gegryp. "It means weary and worrisome, Jonathan. I don't want you to blame me. I'm not asking you to stop. I don't want to put pressure on you to quit. You should do whatever you do because of you, not because of me."

Daar was behoefte in sy oë. 'n Behoefte aan my liefde.

"So what do *we* do?" het hy gevra. Ek vertrou behoefte nie, het ek gedink. Maar hy't sagte oë. Oë wat ek kon vertrou, al het ek nie meer baie vertroue oorgehad nie, net 'n sense van impending doom. Dit was tyd vir 'n drienk vir my en 'n joint vir hom. Ek sou wel oor Jonathan kom. Ek sou weggaan. Teruggaan, huis toe. Weer 'n keer oor begin.

"Let's toast to us Jonathan," het ek gesê.

4

Dit was 'n klein, donker musiekklub, volgeprop soos die taxi's in Suid-Afrika. Ons is daar ingelok deur die Wes-Afrika-ritmos wat deur die besige strate gedreun het.

"This is like the random capital of Africa," het Jonathan gesê. Dit het geruik na die bekende bittersoet sweet. Rondom ons was diepswart figure aan die dans. As daar 'n hoofstad van Afrika was, het ek my daarin bevind in die middel van Adams Morgan, 'n kleurvolle, lewendige woonbuurt in Washington D.C.

Ek het verlang na 'n nuwe definisie van huis, na Suid-Afrika. Nie na my Afrikaanse kleindorpse Suid-Afrika nie. Ek wou die laaste snikke van vryheidsdag op hierdie nuwe kontinent vier. 27 April was in Suid-Afrika 'n dag wat altyd by my verbygegaan het.

"Do you live here?" het die spierwit tande aan my gevra. Ek het skielik onbekende hande om my middel gevoel wat my heupe begin beweeg. Agter my in die donker het ek na Jonathan se hand gesoek, dit gevat en saggies gedruk. Die wit oë met die swart pupille het weer gevra: "You live here?"

"No," het ek gelag en my drienk in my keel afgegooi. "I live in South Africa," het ek gesê, en op die persoon se reaksie gewag, soos altyd. "So you're my sister," het hy gesê en sy skerp heupbene het teen my aangedruk, en hy het sy lyf in die rondte begin beweeg. "I'm from Cameroon."

"My boyfriend here is American." Jonathan het geglimlag en sy wit tande het geskitter in die donker, hy was so bly dat ek hom my boyfriend genoem het.

"I do feel safe with you, you know, despite everything. Despite your smoking," wou ek sê. In plaas daarvan het ek aanhou dans met die Cameroonian, sodat meer lywe teen my kom skuur het. Ek het my drienk gedown.

"South Africa is the America of Africa," het die Cameroon brother gesê.

"I'm African, you know," het ek myself hoor lag, "I need to go back to Africa."

Ek en Mbeki en NEPAD het mos 'n verantwoordelikheid teenoor die kontinent, het ek dronk gedink en ek het meer drank in my keel voel afloop, hande wat drank bring. Dit was net die vreemde klub se gevoel wat my bene laat beweeg het, ek kon my voete hoor tik-tik op die intricate beats, my hele lyf wat dans asof ek daai oeroue bewegings, danse, draaie en die speel van elke spier deur my lyf kon voel.

Daar was lywe en hande oral oor my. "She's a sister," het ek gehoor. Ons kon dalk in Lagos in Nigerië gewees het; of in die middel van Hillbrow. 'n Mengelmoes aksente wat almal in Engels met mekaar kommunikeer, hier en daar Swahili en klapklanke wat dalk Zulu kon wees. Kenia, Kameroen, Nigerië, Senegal, Zambië, Mali, die jong generasie diaspora van Afrika wat politiek en kultuur en AIDS-epidemies praat, terwyl ons Afrika kan hoor pols in die Afrika-ritmes in 'n bar in Washington D.C.

Die hande en ritmes soos 'n doop, sodat ek nie meer die bleek Lea uit die apartheidsregime uit 'n voorstedelike, wit Kuilsrivier in die Kaap is nie; ook nie 'n tydelike immigrant met 'n verlede as kolonialis waarop ek nie kan trots wees nie. Ek het 'n weergebore Afrikaan geword.

"South Africa is actually in Africa," het ek vir Jonathan gesê, al het my skoolgeskiedenis ons laat dink ons was 'n onversteurbare planeet op ons eie. "My colonial legacy," het ek gesê en geweet ek was te dronk.

"Let's go African," het Jonathan gepraat "You're too drunk."

"I'm celebrating," het ek volgehou, en my heupe bly beweeg, warm teen die lywe rondom my. "It's the eighth anniversary of my country's peaceful transition to democracy."

"We could celebrate it in my bed," het hy geterg.

"So you're going to colonize me, American?"

Jonathan het die vreemde hande saggies losgemaak om my lyf en my nadergetrek. Hy het sy wit hande om my lyf vasgewoel en ek het sy warmte teen my gevoel, warmer as die klub, die sweet, die drukte van die lywe in die donker. Ek het omgedraai, en sy oë gesoek.

"Lea, I don't want you to go. Everything will be okay baby, we'll work everything out. We'll help each other."

"Its not about aid, its about trade," het ek probeer terg. "You trade a little bit of your weed for more girlfriend." Ek wou huil.

"Trade then, African." Sy lyf was styf teen myne, sy hande het die spiere langs my vlerkies geknie.

"Jonathan, I need to go back."

Hy het in my oë gekyk en ek het daaraan gedink dat ons oë amper dieselfde kleur was. "Go home Lea. But I pray that you'll come back. Please come back. I'll be waiting for you."

Ons het altwee afgekyk. Ek was so verskriklik bang en hy was so verskriklik wondbaar.

"Lea. I love you."

Ek was te jonk om destyds deel te wees van die uitbundige rye Suid-Afrikaners by elke stemlokaal wat trots hulle kruisies op daardie wonderbaarlike dag getrek het. Maar 27 April in Washington was soos my eie verkiesingsdag, 'n betowerende trek van 'n kruisie regoor oor my lyf.

5

Ek en Laurie sit in my woonkamer wat na rook ruik. Sy het kom goodbye sê. Haar oë is nat agter haar brilglase. Ek probeer kringe blaas en hulle kom soos lomp halfsirkels uit en brand my oë.

Ek begin lag. "Ek kan nog steeds nie kringe blaas nie en ek rook al 'n jaar."

Sy glimlag net effentjies. Die vraag lê swaar tussen ons. Gaan ek terug kom States toe?

"Is Rob going to rent out your attic to someone else?"

"No. He thinks I'll be coming back. He is such a sweetie."

Stilte.

"Waar is die pastoor?" vra ek, om iets te sê. Ek het nie eers vir hom totsiens gesê nie. Ek wou myself nie nou al 'n gebed op die hals haal nie. Ek probeer om nie skuldig te voel nie. Na ek uit hulle huis uitgetrek het, het ek so min moontlik met hom te doen probeer hê en so min moontlik kerk toe gegaan.

"Probably in his church." Stilte. Ons steek nog 'n sigaret op.

"Did you ever see that Kristina girl from our church, after you moved out?"

"No. We weren't really friends you know, just party girls. Party girls are disposable and can be replaced quite easily."

Ons altwee lag.

"Ek gaan jou mis, Leatjie. Saam met wie gaan ek nou rook?"

"Jy kan ophou rook." Ons lag weer. Die ongemaklikheid wil maar net nie weggaan nie, daar's te veel wat ongesê bly.

"What about Jonathan?" vra sy later.

"I guess time and distance will help me."

Laurie steek nog 'n sigaret op. Ek weet die pastoor gaan haar ruik as sy by die huis kom en daar gaan nog harde woorde tussen hulle val. Laurie sal haarself in haar kamer toesluit en haar Queen of watter duiwelse musiek ook al, deur die huis blaas om hom te irriteer.

"Hoekom het jy met die pastoor getrou, Laurie?"

Sy antwoord nie en ek sien hoe die trane skielik onder haar bril uitloop oor haar besproete wange.

"At certain times in your life, you need certain things," sê sy saggies.

"Blameer jy sy godsdiens?" Ek weet ek soek eintlik my eie antwoord. Sy weet dit ook. Ek steek nog 'n sigaret op, die rook brand in my keel, dit voel asof daar 'n wolkie in my keelgat is wat krap-krap.

"It's also my religion," sê sy so sag dat ek haar skaars kan hoor. Ek dink Laurie het dit aan my probeer wys, op soveel verskillende maniere, soveel kere, in die laaste jaar. Dis asof dit skielik helder is, soos 'n openbaring, so helder dat ek vir 'n oomblik nie kan sien nie. Laurie word vaer en vaer en sy gloei in die dowwe lig deur die sigaretrook, en my trane kom en kom net sonder ophou.

6

'n Tipiese somersdag, die lug is spierwit en die humiditeit alreeds hoog. Ek sleep die swaar sak agter my aan op die oorbekende paadjie wat ek elke dag na die metro stap. Die bome is donkergroen. Dis die Washington wat ek leer ken het soos 'n mens jou lyf ken, bekend en tog vol verrassings. Ek stap verby die Giant supermark waar ek die laaste jaar groceries gekoop het, na die lang roltrap wat my in die maag van die aarde inneem.

Ek ruik die ondergrondse gas en staan op die perron en wag vir die rooi moltrein na Glenmont. Die einde van my tyd in die States het begin. As ek sesuur die SAA board, is ek op pad terug na Suid-Afrika. My land.

Ek sit in die metro en kyk vir my weerkaatsing wat verbyflits, ek is vreemd vir myself. My hare is kort en blond, en ek is bruiner en maerder as toe ek 'n jaar terug hier aangekom het. Ek voel die lyntjies om my oë en al die hande oor my lyf. Ek steek my hand onder my klere in en streel oor die ster op my rug. Ek was in wêreldstede, ek kan die getuienis daarvan op my lyf sien. Ek voel ouer ook.

Van die metro af is ek op pad na New York, na JFK waar die SA Boeing gereed sal staan om my terug te neem.

Ek kyk vir my skadu wat deur die donker venster van die moltrein ry. Lea. South African. Afrikaner. Ek proe die woord op my tong in my taal.

7

Langs my het my ma met haar arms in die lug gestaan, haar oë toe. Ek kon haar suiwer stem in die lug hoor klim. Soos haar arms het die stem hoër gewuif, ek dink bokant die kerk se dak uit, in die blou-blou lug op. Die klanke het vreemd op my oor geval, daar was tromme, 'n trompet, 'n skarrelende klavier en stemme, warm engelestemme van meisies met skoon gesigte.

Oral in die gebou was opgehewe arms, oorgawe in die reik van hulle polse, die gesigte was glimlaggend, betraand. Geloof, hoop en liefde, en die grootste hiervan is die liefde. Die bloudruk op die gesigte.

*Jesus be Jesus in me. No longer me, but Thee*, het ek gefluister, saggies. Ek weet in elk geval nie wie ek is nie.

Die diens het begin, waargeneem deur 'n besoekende pastoor. Sy hare 'n ligte stralekrans teen sy lewende gesig. Hy het met drif gepraat. "Die persoonlikheid" en "Negatiwiteit" was kernfrases wat in my kop gaan nesskop het.

*God has not given us a spirit of fear, but of love, power and a sound mind.*

Die belofte. Die belofte. Ek weet nie of James my kan liefhê as ek myself nie liefhet nie, het ek gedink. Jy moet tog jou naaste liefhê soos jouself. Lea werp haarself aan die voete van haar naaste sodat hulle bo-oor haar kan loop.

"Staan op!" het die besoekende pastoor beveel. "Staan op, as jy glo. As jy glo, waaragtig glo aan 'n verandering in jou lewe. Kom los, ontsnap uit die kloue van negatiwiteit."

Ek kon sien hoe beaam my ma als met haar kop.

"Jy moet jouself liefhê. Die persoonlikheid wat aan jou gegee is," het die stem gedreun deur die blou kerk. Sy het in die bank gesit en huil, haar vel was rimpelloos.

Die belofte. Die belofte.

*Not a spirit of fear but of love*. En geloof, hoop en liefde.

James, het ek gedink, en aan my sitplek vasgehou.

"Maak julle oë toe, gemeente," het die pastoor beveel. "Staan op as jy 'n verandering in jou denkwyse wil hê. 'n Kragtige denkwyse, verlos uit die kloue van negatiwiteit."

Sy gesig was rooi, sy handgebare verwoed; die arms, die hande, die reikende takke na die hemel. Ek kan nie staan nie, het ek gedink. Ek kan nie staan nie. James. Sy godsdiens: 'n ernstige oorgawe om alles aan te gryp wat die lewe jou aanbied.

Die reikende hande wuiwende arms grynsende gesigte van die ravers die donker die flitse oor die gesigte die skewe kakebene the DJ the son of man the pulse

"Wat bind jou?" Die stem, die stem wat pols pols in my kop in.

*Jesus breek al die bande. En Hy maak my vry.* Die liedjie van iewers af in my kop. Om te staan is om te erken en wat gaan sy daarvan dink?

Sy moet bid, die gene van negatiwiteit wat ons bind, sy moet bid dat ons monde nie afwaarts rem nie, geen siel kan net op Sondag jou mond na die hemel lig en jou oë hemelwaarts slaan as jy heelweek teen die grond vaskyk nie.

Staan op. Dertig sekondes, het die pastoor gesê. "Moenie dink: wat gaan my ma of pa dink nie."

Die pastoor wat sê wat ek gedink het, soos 'n wonderwerk. Die gewig van my liggaam, hierdie bron van ellende wat grond toe rem. En toe ek opstaan, was dit maklik, lig, gewigloos.

8

Ek sit met 'n Starbucks koffie in die vertreksaal, die skryfpapier voor my. 'n Jaar terug sou ek aan James 'n brief skryf. Vandag skryf ek:

*Dear Jonathan. Right now I'm in New York City. I'm on my way home. I found New York City to be quite depressing today.*

New York City, die stad aan die beweeg tot in alle ewigheid. As ek in die vliegtuig vasgegespe sit en Amarula drink, sal die taxi's steeds skril klink, die stad sal steeds blinker wees, en ook valer vir my. Ek was daar, been there, done that, ek het herinneringe van die twee botsende wêrelde. Dalk as ek eers weer terug is in Kuilsrivier, sal die onwerklikheid van Lea in the United States of America my tref. Wanneer ek in Johannesburg aankom, gaan als waar en werklik word in daardie land, soos 'n wonderwerk. Die verlore dogter keer terug, met 'n verlede en 'n lyf om daarvan te getuig.

Sonder Jonathan. Ek skryf verder:

*Jonathan, I love you. But I want more.*

Ek sit roerloos en hou die mense dop, die spierwit mense met die vreemde aksente. Ek rook nie, ek drink nie, my gedagtes hardloop nie weg nie, ek is nie rusteloos nie. Ek sit met koffie en 'n tam gemoed. Ek dink aan Jonathan, nie aan James nie.

Ek het Loony weggeneem uit die Bosveld en Grahamstad en Kuilsrivier en dronk nagte in tente onder Karoosterre en uit klein kroegies in Kaapstad en uit die kerke uit en ek het Loony deur die wêreldstede laat hardloop en sy't haar stompies soos 'n smoker's residue agtergelaat in hoofstede soos New York, Washington, nogmaals Washington en Havana en godverlate plekkies in Pennsylvania en strip clubs en kareoki bars en dieselfde lyf sit vandag op die bankie en wag om terug te vlieg na Suid-Afrika. Selfs sonder haar bekende konteks het Lea uitgedraai soos Lea.

## HOOFSTUK AGT

1

Ons het by die eerste stel groot verkeersligte teen die mond van die dorp gestop. Die vrou in die kar langs ons het 'n sigaret gerook. Ek het verlangend na die mooi ronding van haar mond om die lang wit steeltjie gekyk. Ek kon my die tekstuur van die sigaret op my vingerpunte verbeel. Die lig het groen oorgeslaan.

Dit was asof ons skielik in 'n vreemde plek aangekom het. Sy het gesê: "Nou ja my kind, hoe voel dit om terug te wees?"

Daar was lig op haar gesig. Vir eenkeer het die woorde my verlaat. Ek was terug in Kuilsrivier. Dit was soos om skielik 'n vae droom te onthou, die besonderhede onduidelik, maar die gevoel wat jou skielik tref, bekend, onverwags en duidelik. Die groot hoofstraat waarin al die winkels ingedruk is: 'n Kentucky, 'n Steers, twee groot Pep Stores-takke, verskeie apteke, 'n klomp videowinkels en 'n McDonalds waar die hoërskool uithang. Wat is daar te doen op klein dorpies?

*Make everyday a McDonalds day.* Ek het altyd gespot: Kuilsrivier is g'n so klein nie, ons het tog 'n McDonalds. Hulle was besig om 'n Ronald McDonald-speelgrond vir kinders aan te bou. Kindertjies het die petalje betrag, opgewonde oor die groen en rooi glywurms en klimtoue.

Onder die sagtheid van my maag se koepeltjie, was daar die bekende holte. *Soek ek 'n naam vir my sonde.*

Kinders is so ver verwyderd van als wat aan my bekend is. Ek het gedink aan die lakens vir gordyne en die enkelmatras in my dakkamer en die bierbottels en joints in 'n vuil kombuis en die stroewe gesigte van jong sakemanne op die moltrein in Washington D.C.

Langs die McDonalds was die enigste pub in Kuilsrivier. Ek was nie eers lus vir 'n drienk nie.

Ons het verby kinders op die rugbyveld van die Hoërskool De Kuilen gery waar daar atletiek aan die gang was. Die gesig van 'n meisie in 'n erekleurbaadjie met draadjies het voor my ingeskuif en ek het haar nie herken nie. Ook op die laerskoolgrond oorkant die pad was kinders: hulle hare wat wapper, die gejil. Op die hoek tussen die twee skole by die stopteken was die baksteenkerk. 'n Toring van 'n gebou: Die Kuilsrivier Herlewingsentrum, die AGS-gemeente op die rots.

"Pastoor het so 'n goeie preek gehad laas Sondag. Jy moet tog onthou om hulle te gaan groet, hulle vra gereeld na jou," het sy gesê. Sy het jonk en gelukkig gelyk.

2

Dalk sou dit dan die regte een wees, het ek soms in die nag gelê en dink. Die dag as ek die moed het om iemand voor te stel en in daardie huis in te bring waar Iemand leef. Dit sou iemand moet wees wat haar alomteenwoordige blou oë se deurdringende kyk en onskuldige vrae werd is. Jonathan.

Jonathan was alles wat ek ooit wou hê en voor gebid het, die man wat ek wou huis toe neem en tog was dit soos 'n kanker in my kop: die beeld van sy sterk skouers voor die venster wat sy wolk marijuana by die venster uitblaas. Ek wou Jonathan se faithful girlfriend wees en ek het op hom gecheat met 'n iemand sonder gesig of naam en hare soos slange oor my onderlyf. Ek wou teruggaan na Jonathan en ek kon nie, want Jonathan

was die enkele bewys dat alle geloof, hoop en liefde maar net 'n rookwolk is wat jy by die venster uitblaas die nag in.

Dalk moes ek teruggaan na James toe en sê: "I'm free now, baby, so free, take me."

En James sou lag en kontinente en oomblikke en ander hande oor die lyf sou skielik uitgewis word, soos 'n herbekering, onder sy hande. Wit, leë oomblikke wat James se lyf sou vul. Maar ek het James nie liefgehad nie.

Ek sou Jonathan huis toe wou vat en my ma sou sê: "Hy't 'n oop gesig." Maar ek sou aan sy stoned klein oë dink. Ek sou dink aan sy verslawing.

Jonathan het tot 'n ander kontinent en 'n ander tyd behoort.

3

In die skemermiddag sit ek op die bankie in die Kompanjiestuin. 'n Nuwe bruidjie en haar gevolg neem troufoto's. Die gevolg bestaan uit 'n horde kleiner "bruidjies", sommige in wit koepelrokke en ander in goudgeel, elke bruidjie met 'n bruidegom in 'n strikdas aan haar sy. Die goudgeel bruidjies dra parmantige skewe hoedjies en daai outydse soort Emma Thompson-rokke met kort lyfies en lang uitklokrompe. Die heel kleinste bruidegompie staan vir geen foto stil nie; hy hardloop agter eekhorings en seemeeue aan, en ek kan net dink hoe gaan daai klein strikdas en swart pakkie aan die ander kant uitkom.

Op die bankie langs my sit 'n Franssprekende paartjie uit Wes-Afrika. Hulle dogtertjie voer die seemeeue tjips. Die voëls drom om haar saam, die een meer gierig as die ander. Hulle duik op die dingetjie af en verskrik haar later heeltemal.

Die son loer oor die Berg, en ons almal het so 'n geel glans daar in die Kompanjiestuin teen die wit Kaap-Hollandse museum. Dis die mooiste herfs op 'n sonskyndag in Kaapstad. Ek hoor aksente uit die Vlakte, uit die Bo-Kaap, klapklanke, Frans en ek sit daar en dink in my moedertaal in my moederstad met my ma en pa langs my op die bankie.

'n Man met 'n moviese sak spookasem stap verby. "Candy-floss! Candy-floss!" roep hy. In Amerika noem hulle dit cotton candy.

Ek onthou skielik: Jonathan en ek, een aand by 'n county fair in die middel van nêrens in Virginia. Hy het gevra of ek cotton candy wou hê.

"What the hell is that?" het ek gevra.

Ons het op 'n roller-coaster gaan ry en styf langs mekaar gesit en hy het my hande vasgehou, en toe ons bo kom en skielik onderstebo tol en op ons koppe staan en vir die wêreld rondom ons kyk, het hy my gesoen. Sy mond was soet, soos spookasem. Ek het veilig gevoel. "In my country it's known as ghost's breath."

Die tandelose man kyk na ons, glimlag oopmond en vra: "Spoekasem? Spoekasem?" Iewers toring Rhodes uit bo die bome, en Smuts sit met 'n klomp duiwe op sy skouers en neus en hou wag oor die glansende reënboog-lot daar in die Kompanjiestuin.

"Hier is darem maar geskiedenis," sê my ma.

Twee boemelkinders stap verby die geel bruide in hulle lang rokke.

"Daai rokke is mos vannie eeue," lag die een. "Daai rokke kom yttie ou eeu."

Dis 'n nuwe eeu innie Kaap, dit kan 'n mens sien, sommer so met die eerste oogopslag.

'n Nuwe eeu in Suid-Afrika, en ook vir Lea.

4

Saterdagaand en ons ry ons met die N7 na die nuwe dobbelpaleis, Grand West, waar die Goodwood-skouterrein destyds was. Voor die ingang wag rye karre, tipiese rykmanskarre geparkeer langs kombitaxi's. Ons kom almal saamdobbel in die blinknuwe casino. Dis net blink ligte en uithangborde en jy stap in die casino in en jy weet, djy's in Suid-Afrika want jy hoor net Suid-Afrikaanse Engels en Afrikaans deurmekruis.

Op die nuwe ysskaatsbaan, die Ice Station, is 'n mengelmoes mense van alle kleure en klasse. Ek dink aan my klein ice rink in Washington D.C. waar ek sweef oor die ys en ek dink aan die ou Goodwood-baan en die stywe blou skoene en die bloederige blase op my voete en die rooi bloed in my panty. Ek het die panty gaan wegsteek, tussen my popklere in die kantsakkie van 'n ou vanity case. Ek het dit jare later ontdek: die wit panty met die geel, blou en pienk ballonne, liggies rooi gevlek. Ek het dit opgeknip en in die asdrom gaan gooi.

Ek het eers die volgende dag vir haar vertel. Haar blou oë was dalk hartseer, die kind het grootgeword. Onverwags. Daai aand het sy my vertel dat mans se lywe gemaak is om in vroue s'n in te pas. Ek onthou die reuke van daai dag op die ysskaatsbaan, die ys se skerp skoon reuk en die vreemde reuk van my liggaam. Soet en nuut.

Ek dink aan die outdoor rink in Washington in die verskriklike winter en ek jaag en jaag rondom die baan en alles is wit en koud en vars en ek sien die gestalte langs die kant van die baan, 'n donker vlek teen die wit ys. Hy glimlag.

"How long have you been here?" vra ek uitasem, my asem maak 'n wolkie in die donker nag.

"Long enough," sê Jonathan.

"I'm so happy you're here."

"I missed you."

"Jonathan, I'm sorry about bringing up the smoking. I didn't mean to make you feel like a loser. I don't think you're a loser."

"I don't want to talk about this," sê hy en ek sien die behoefte en die verweer in sy oë. "But you're right Lea, you don't deserve to be with me when I'm stoned all the time."

Ek wil sy skouers teen my vasdruk en die man troos en sy kop teen my bors druk. Maar ek bly staan roerloos, gebalanseerd op my lemme.

"Everything is going to be okay," wil ek sê, maar ek weet nie of ek daarin glo nie. Kan die verhouding werk as hy amper nooit homself is nie? Wat van eendag? Gaan hy my eendag blameer as hy wel ophou rook? Don't try to change me. Wat as hy nie verander nie? Die risiko is te net groot.

"You're a good skater."

"Something in my body comes to life on the ice rink."

"Let's go. My body needs to come alive," sê hy en knipoog. Ek het nie geweet my lyf sou mooi in Jonathan se lyf inpas nie.

My ma kom staan langs my en ons kyk na die mense van die nuwe Suid-Afrika wat op die baan rondskaats.

"Ek gaan die ysskaats mis," sê ek en dink aan Jonathan.

5

Dit was soos altyd. Sy het op die bed gesit en gesels met haar sagte deurdringende

oë. Ek was voor die rekenaar en ek kon die swembadwater deur die venster sien blink. Ek wou haar nooi om saam met my te kom swem. Ek was nie meer bang vir my lyf nie, daardie kruis het ek saam met 'n klomp kilogram afgeskud. Tog kon ek haar nie vra nie, ek was maar altyd skaam vir haar oë.

"Jy wil regtig 'n skrywer wees, nè?" het sy gevra, haar oë vol liggies. "Jou berigte uit Amerika was baie goed. Veral jou Kubastukke, 'n mens kon jou daarin inleef."

"Ek kon daai stukke voel toe ek hulle skryf," het ek gesê.

"Mis jy dit? Die lewe daar anderkant?" Haar oë skielik soos die horisonne wat ek al in ander oë gesien het: in die Hoof Sanger se oë as hy bo-oor sy gehoor kyk en in Che Guevara se blik op billboards in Kuba. Ook in Jonathan se oë as hy verby my kyk en vra: "Are you coming back to the States?" In haar blou oë, 'n soort verlange na wêrelde anderkant haar ervarings, dalk buite haar godsdiens, buite haar kleindorpse Suid-Afrika. Nog nooit tevore het ek dit in haar oë gesien nie.

"Ek mis sommige goed. Vriende, die nuwe ervarings." Ek het nie eintlik geweet wat om te antwoord nie. Soos onwerklike foto's waardeur jy vinnig blaai, sonder om name en plekke te onthou. Soms onthou jy net 'n gevoel, of 'n reuk. Die hele jaar het skielik deur my kop gehardloop.

Dis seker hoe 'n mens voel as jou lewe voor jou afspeel voor jy doodgaan, die flitse soos vinnige stoned sekondes wat deur jou kop race sonder dat jy kan vatkry aan die ervarings.

"Het jy iemand spesiaals ontmoet daar anderkant?" het sy gevra. Soos 'n ma seker maar alles weet. Ek dink sy het geweet hoe gereeld ek die e-pos check vir nuus van Jonathan.

Daar was wel een boodskap, 'n paar dae terug. 'n Onbenullige sinnetjie, sy min woorde: *I miss you and I love you very much.*

Ek het teruggeskryf. *You're the first person Lea truly loved.*

Ek wou nie vir haar lieg nie, vir eenkeer wou ek die waarheid vertel. Ek kon die waarheid vertel.

"Ja, ek het iemand ontmoet," het ek gesê, ongeërg. "Dit het nie uitgewerk nie."

"Jy moenie daaroor worry nie. Die regte een sal kom. En hy sal vir jou wag. As daai outjie nie wou wag nie, omdat jy beginsels het ..."

Ek kon nie vir haar kyk nie. Ek het haastig die rekenaar aan die internet verbind, en gedownload terwyl sy gesit en praat het oor die regte een en seks voor die huwelik. Ek wou vir haar sê: "Ek het altyd gedink ek gaan 'n maagd bly tot ek trou en 'n boek publiseer teen die tyd wat ek een-en-twintig is en wêreldberoemd wees soos prinses Diana omdat ek die wêreld net wou red. En toe maak ek 'n fout soos Castro, ek loop dwing my eie wrede ideale op myself af. Ek kon myself net teleurstel, my eie revolusie, my eie freedom struggle. Elke mens, elke issue was my revolusie, elke een soos 'n eerste een."

Ek het die e-pos gedownload en daar was 'n boodskap van Jonathan. My lyf het geruk toe ek sy naam sien.

*Subject: Really important.*

My oë het oor die lettertjies gehardloop, enkele woorde soos naalde in my vel, 'n soort brandmerk, 'n tatoeëermerk.

*Lea,*

*I have never found anybody that makes me as happy as you do. I truly love you. I will confront any issue and do whatever it takes for us to make this work. Please come back.*

Die sin soos spykers in my hande, in my voete, en deur my voorkop waar water skielik uit my oë begin stroom, water wat in bloed verander en uit my lyf uitloop. Ek was spierwit, want sy het gevra: "Liedjies, wat makeer my skat?"

Meer as 'n jaar terug by die byeenkoms vir ongetroude werkende jeug, het die jeugpastoortjie gesê, "Soek vir jou 'n ander helfte met 'n opregte hart." Ek sou Jonathan keer op keer kon vergewe. Maar sou ek met sy marijuana kon saamleef?

"Dis hy." Ek het probeer glimlag. "Hy sê hy mis my. Hy wil hê ek moet teruggaan."

"Oe, dalk wil hy hê jy moet teruggaan en met hom trou," het sy gesê, half opgewonde. "Sien, die wag was dalk die moeite werd, my kind."

6

Ons was in die digs in Observatory, ek en hy saam op die rusbank. Die TV het in die hoek gestaan en praat. Soos destyds. Ek kan selfs onthou waarna ons gekyk het: dit was my keuse vir die aand, 'n nuwe Kubaanse fliek. Ek het op my maag gelê, 'n kussing ingedruk onder my ribbes om my te stut.

"You've lost so much weight," het James gesê. "You've become too thin."

Op die TV'tjie was my Havana.

"Look," het ek gesê, "It's my favourite place in the world."

"You've become communist scum," het hy geterg.

Die straaltjies was sommer so skielik in die hoeke van my oë. Ek wou hulle nie afvee en hom laat sien dat ek huil nie. Hulle het hulle gang gegaan, glimmende nat spoortjies oor my wange.

Sy hand was skielik onder my klere. Hy het my hemp saggies opgetrek tot bo my middel en die haartjies het oral oor my lyf gerys. Op die TV was 'n Cubana met glimmende oë, haar lyf het stadige bewegings gemaak.

"What if this star becomes like the swastika?" het hy weer geterg, en met sy vingers die lyntjies van die tattoo op my rug nagemaak.

"Then at least I've believed in something," het ek gesê. 'With conviction and with good intentions."

My idealisme en my onkunde. Steeds my sonde, soos my voorvaders s'n. Ek het geklink asof ek retoriek opdis. Hoop, ideale, soos 'n ware kommunis. Die trane was skielik oral oor my gesig. Ek het my lyf voel ruk toe sy tong oor die tattoo lek. Saggies en versigtig het hy die ster op my laerrug nagetrek.

Die moegheid het in my lyf gelê. Ek het hom gekeer toe sy hand in my klere wegraak.

"James, we can't," het ek myself hoor sê. Dalk, as ek Lea van Grahamstad was, sou maande kon oplos en ek sou kon wegraak in die enkele oomblik en ook dit indrink, soos Loony die lewe indrink. Maar die jaar in die VSA kon ek op my tong proe. Ek kon die sneeu en die reën en humiditeit van die VSA en die warm son in Kuba voel, die tekstuur van al die hande en monde, soms dwingend, soms lomp, soms versigtig, soms met

iets soos liefde in hulle vingerpunte. En skielik was James se tong oor my Kubaanse ster nie genoeg nie.

Eers die terg: "Common Loony, we both know how much you've wanted this."

"I don't want it now. I don't want it anymore," het ek iemand hoor sê.

Die stilte op sy gesig en die hardheid wat in sy oë intrek.

"I'm going back to the States, James."

Die besluit so vinnig, en tog 'n besluit wat ek eintlik lankal geneem het. Om terug te kom Suid-Afrika toe, was in elk geval om weer weg te hardloop van net nog 'n verwarrende plek. En alle plekke, alle kulture en mense is verwarrend, ek moes tog lankal geleer het die lewe is nooit swart op wit nie. Dis ook nie so eenvoudig soos 'n keuse tussen sonde of die goeie "rein" lewe nie. My Jonathan kon juis nie meer kies wanneer hy sou stoned raak of nie, 'n verslawing is 'n siekte waarin jy nie kan besluite neem en keuses maak nie.

Maar ek kon kies. En elke keuse wat ek maak, elke risiko ek neem, was 'n giant leap of faith. Dit was dan waaroor geloof gaan.

"I knew capitalism would suck you in," het hy gelag, en bo-op my rug gaan lê. Ek kon hom teen my voel aandruk.

"One last time. Remember before you left for the States, how special that was?"

Ek het net die Langstraat-backpackers en die vrees onthou.

"James. I don't want this."

Dalk was dit ook die eerste keer wat Lea besluit het wat sy nie wil hê nie.

7

PW het my in die Rolling Stone in Obs ontmoet. Die bar was nog net soos altyd, selfs die tunes en barmen se gesigte het nie verander nie. Die crowd het dieselfde laid-back air om hulle gehad en retro-klere gedra en buite op die balkon kon jy soms 'n whiff of twee daggarook ruik.

PW het by die bar gesit met twee tot glasies en twee glase met 'n kleurlose drienk.

"Wodka lime en trane vir Loony," het hy gesê toe ek hom heel dramaties om die hals val.

"Goed om jou te sien, jou dramakas. Hier's vir jou 'n Rhodes Springbok, jy't seker al vergeet hoe die goed proe."

"Amarula en Kahlua. Die lewe lyk goed."

Ek wou wegtrek en begin praat en hom vertel van die mense en plekke en drienks en atmospheres en die lemmetjiegroen van Washington D.C. se bome in die lente en die soel nag op die Malecon se muur, maar die stories was so baie en die tyd so min. Toe hy vra: "So, bly jy of gaan jy terug?" het ek geweet ek sou miskien nooit weer Loony kon wees wat saam met PW op road trips gaan of coke saam met James snort nie.

"Ek gaan terug," het ek gesê.

Maar ek sou ook nie weer die girl wees wat in die bars en klubs van Washington D.C. rondlê saam met Kristina en elke nag saam met 'n ander ou huis toe gaan nie.

"Dis in elk geval jou besluit." Ek kon die kwaad in PW sien. Ek die eerste nag onthou toe ons na daardie obskure band gaan luister het tydens die Grahamstadse Kunstefees - ek het PW vir 'n date gevra en die heeltyd met die Hoof Sanger gechat. Ek het hom onthou op die barstoeltjie, twee jaar terug met trane in sy oë oor ons beste buddie

homself vergas het. PW en Georgie was my lewe-en-dood-buddies, ons sou enigiets vir mekaar doen. En toe is Georgie dood. Van toe af is daar net soveel hartseer tussen ons. Ook vanaand. By gebrek aan woorde drink ons, soos altyd.

"Ek gaan my besluit nie verdedig nie, PW."

PW se oë het donkerblou geword en ek het gesien hoe hy in slow-motion sy drienk neersit en ek kon die kwaad rooi sien opstyg in sy nek.

"Ek het jou ook nie gevra om jou besluit te verdedig nie," het hy gesê. "Jy doen in elk geval nog altyd net wat jy wil. Dit weet ek en Georgie altwee."

My Musketiers. Ek sou hulle ook verloën het vir James, my godsdiens.

"Ek moet terug. Ek wil nie nog iemand seermaak nie," het ek saggies gesê en ek het aan Jonathan gedink en hom voor die venster gesien soos altyd, aan die suig aan sy daggapyp. En ek het Rob se "wassup girl" gemis en ook my skelm sigarette saam met Laurie en selfs Pastoor Nolte se gebede wat deur die huis weerklink. Ek het my donker dakkamertjie en my enkelmatras gemis en Jonathan se sterk lyf in sy wit T-hemp onder my hande het ver gevoel. Maar tog was dit werkliker as die bar conversations rondom my oor die nuwe jobs en die Cape Town scenes en die trendy crowds en celebs en bands en musiekfeeste in die Bosveld.

"Ek voel of ek agtergebly het, en julle het almal vir julleself lewens ge-establish hier. Myne is daar."

"So jy gaan deel wees van die ekspat Suid-Afrikaners. Die breindrain," het PW gesê. "Waar dink jy sou Georgie Lever vandag wou bly, hier of daar?"

Georgie Lever sou in Suid-Afrika wou bly vir ewig en altyd, hy sou van musiekfees na musiekfees on the road wou wees en homself tot causes verbind. Georgie, lewend of dood, sou wees soos Peter Pan. Geen verandering vir hom nie, hy sou nie oud word nie, hy sou nooit vir PW sê: "I think I feel left behind nie." Georgie sou in Suid-Afrika bly en 'n verskil probeer maak.

Ek en PW het toasts gedrink op post-varsity-vriendskappe wat vir ewig sou bly staan en op toekomstige ideale en op ontwykende drome en grootmenskrisisse.

Liewe PW. Wat altyd Loony se trane kon afdroog en my James-stories uitluister en saam met my liters vodka drink, PW wat moan as ek sigarette rook, PW met sy oë wat klein trek as hy lekker lag, PW wat nooit sou dagga rook of coke snort nie.

Die pad VSA toe het ek gekies om alleen te loop, ek sou hom ook verder loop.

8

Ons het die N2 lughawe toe gevat, verby die plakkerskampe wat aangegroei het tot teenaan die pad, sodat die owerhede 'n heining moes bou om koeie en honde en kaalvoetkinders van die snelweg af te hou.

"Hoe mooi Kaapstad is, hang af van watter perspektief af jy die stad sien," het my pa opgemerk. "Hier van die Vlaktes af lyk dinge maar goor."

"Dis darem maar hartseer," het my ma gesê. "Ek wens 'n mens kon iets doen aan die verskriklike armte."

Dit sou so maklik kon wees om in Suid-Afrika te bly. Als was so bekend. Ek het die manier van lewe geken soos 'n mens die huis ken waarin jy grootword, jy kan in die donker rondstap sonder om teen goeters te bots. Ek kon die see se buie lees en die weersveranderinge het my nooit onkant gevang nie. Ek het geweet watter paaie om te

vermy en waar om nie vrou-alleen rond te loop nie. Ek het geweet in watter bars om uit te hang en ek het die underground music scenes geken. Ek het geweet die mode is om retro aan te trek sodat jy lyk asof jy 'n liberale en polities korrekte ideologie het. Soort soek soort, en ek wou altyd deel wees van daai half lefty, liberal arts Capetonian crowd wat by musiekfeeste uithang en Springbok Nude Girls en Sons of Trout luister en uithang saam met die Hoof Sanger met 'n bottel Tas in die hand terwyl die son op jou neerbrand by die Breederivier of by Oppikoppi of iewers op die vlaktes in die middel van nêrens. Ek het ook ons chips op die skouers geken, dit het my 'n ongemaklike soort identiteit gegee: Afrikaner girl, party girl deluxe en rock spider.

Ek en PW en Georgie het ons het ons eie soort Afrika geskep met - so het ons geglo - 'n baie African, derdewêreldse perspektief op dinge. Natuurlik het ons ook die luukshede van die Eerste Wêreld geken soos ons die smaak van McDonalds milkshakes ken. Ons het met minagting gepraat van die apartheidsregime en globalisasie en die Amerikaanse kultuur wat op alle lande in die ontwikkelende wêreld afgedwing word. Maar ons Afrika het bittermin te doen gehad met die werkloosheid en die duisende krotjies sonder water of elektrisiteit wat voor my karvenster verbygeskuif het.

"Jong, wat gaan ou Jonathan dink as jy hom huis toe bring en hy land hier op DF en hy sien net plakkerskampe?"

Al was haar oë hartseer en deurskynend blou, het sy vrolik probeer grappies maak.

"Wag 'n bietjie, Ma...Ons sal maar sien of Jonathan goed genoeg is om huis toe te bring," het ek teruggespot.

"Lea, my kind. Ek moes jou eerder Ragel genoem het. Jy sal nie met tweedebeste tevrede wees nie."

Sy het gelag. "Sou jy van die naam Ragel gehou het? Die 'g' klank was darem net 'n bietjie te hard op die hoor."

"In Amerika sou hulle my Rachel noem."

As ek in Suid-Afrika sou agterbly, sou ek miskien weer by James betrokke kon raak. Of ek en PW sou dalk kon vergeet van Georgie Lever, en wie weet, dalk sou ons eendag 'n couple kon wees.

Om weer op die vliegtuig te klim sou wees om dit alles agter te laat vir 'n land met 'n snaakse onpenetreerbare kultuur wat ek nie seker is of dit die moeite werd is nie. Om alles agter te laat vir 'n man met 'n dwelmverslawing.

Toe ek op die vliegtuig sit en huil oor die figuurtjies wat klein word en Afrika onder my, het ek gedink aan die prent in ouer Afrikaners se huise, ook teen die muur van my ouma se huis. Die prent van die Breede Weg en die Smalle Weg. Die maklike keuse is om op die breë pad te loop en nie te glo nie, en die smaller weg, die weg waarop Lea nog haar hele lewe is, is 'n pad vol verleidings.

Juis daarom moes ek teruggaan Amerika toe. Lea is mos grootgemaak om die smalle weg te kies.